

**Die rol van pastorale berading in die bring van heil en  
heilservaring aan die geloofsvervreemde**

Lutricia Elzette Maree  
(M.Soc.Sci. Clinical)

Proefskrif voorgelê vir die graad  
**Philosophiae Doctor in Pastoraal**  
(Fakulteit Teologie)  
aan die  
**Noordwes–Universiteit**

Promotor: Prof. dr. W. C. Coetzer  
Mei 2010  
Potchefstroomkampus

**“I have come home at last! This is the real country!**

**I belong here. This is the land**

**I have been looking for all my life, though I never**

**knew it till now!”**

**C.S.Lewis**

*Ter nagedagtenis aan*

*my ouers en grootouers*

*vir hul inspirerende en*

*heilsbemiddelende voorbeeld*

## DANKBETUIGINGS

Eer en lof aan God vir die uitsonderlike reis waارlangs Hy my onder die inspirasie van Sy Gees begelei het om deur die Lig van Sy Woord die waarheid en die lig te kon ontdek wat helend en genesend is vir talle ander wat emosioneel en geestelik verwond geraak het. Gelei deur die roeping wat Hy op my gelê het is dit dan ook my begeerte om sodanige verwonde persone te begelei na 'n uiteindelike tuiste by God.

Innige dank en waardering aan my studieleier, prof. dr. W.C.Coetzer, vir sy mentorskap en besondere pastorale voorbeeld in Christus, sy inspirasie asook sy bekwame leiding ten opsigte van kennis en insigte betreffende die vakgebied van trauma en pastoraat.

Opregte dank aan die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek, en in besonder ook diegene betrokke by die Teologiese Biblioteek, vir die professionele diens en buitengewone hulpvaardigheid.

Dank aan die Noordwes–Universiteit vir finansiële bystand.

Dank word betoon teenoor LouiseMarié Combrink vir die taalversorging.

Innige waardering teenoor André Snell, vir finale redigering, formatering en tegniese versorging.

Opregte dank aan my man, André, en kinders Amaris en Christoph, vir voorbidding, ondersteuning, begrip en meelewende belangstelling.

Dank en lof aan my ouers en grootouers vir hul voorbeeld en onderrig in die weë van God Drie-Enig.

Innige dank teenoor ds Danie en mev Nicola Murray, ds Chris April, dr Dippenaar, ds Jan Mostert en dr Johan Marais vir hul geestelike mentorskap.

## **OPSOMMING**

Hierdie studie ondersoek die vraag of die geloofsvervreemde vanuit verwonding en Godsvervreemding weens die sondeval asook verdere verwonding op aarde na aanleiding van traumatische gebeure, deur berading en gebed begelei kan word tot heil en heilservaring.

Vanuit die basisteoretiese afdeling het geblyk dat 'n Bybels-pastorale antropologie die grondslag vorm vir Bybelse pastoraat. Die mens se toestand van geloofsvervreemding en verwonding as gevolg van die sondeval en die daaropvolgende lyding en ontrugtering op aarde by wyse van sekondêre verwonding, voorsien die pastoraat van 'n besonderse geleentheid tot begeleiding en fasilitering van 'n geestelike en emosionele genesingsproses. Hierdie pastorale ingrype hanteer beide primêre en sekondêre verwonding by die geloofsvervreemde. Die werking van die Heilige Gees, gebed, skuldbelydenis, vergifnis en geloof vorm deel van die pastorale heilsbemiddelende ontmoetingsgebeure met die verwonde geloofsvervreemde ter genesing en herstelde gemeenskap met God.

Vanuit die metateoretiese afdeling het geblyk dat trauma die mens nie slegs fisies, psigies en kognitief skade berokken nie maar ook geestelik verwond. 'n Sterk korrelasie is gevind tussen die genesing van die liggaam en genesing van die gees – in hierdie opsig vervul vergifnis van die oortreder, die self en van God (wat eintlik maar impliseer belydenis van eie opstandigheid) 'n sentrale rol. Verder het geblyk dat terapeutiese sukses met die verwonde nou saamhang met die daarstel van 'n veilige milieu, gesonde verhoudingstrukture met die beradene asook hoopverlening aan die verwonde.

Vanuit die empiriese afdeling het veral geblyk uiters belangrik te wees die besondere rol van die berader in die demonstrering van die liefdesnabyheid en meelewing van God in Christus teenoor die beradene. Die beradene vervul 'n aktiewe rol in hierdie proses van genesing wat dan ook impliseer die aanvaarding van toekomstige eienaarskap vir sy lewenskeuses en rasionele besluitnemings.

Perspektiewe vanuit die basisteoretiese afdeling asook die metateorie het uiteindelik geleid tot die formulering van 'n toepaslike praktykteoretiese model genaamd Theophos-promissioterapie. Hierdie model demonstreer hoedanigheid daar heilsbemiddelend met die geloofsvervreemde in gesprek getree kan word ter heilsaanvaarding en verlossing in Jesus Christus. Verder ontsluit hierdie model ook 'n besondere eskatologiese perspektief op die einddoel van die mens se bestaan wat die lewe hier en nou te middel van lewenskrisse en trauma reeds sinvol maak, gegee die ewige hoop op die hiernamaals by God as vaste anker.

## SUMMARY

This study examines the question of whether the faith-estranged could be guided from their natural state of estrangement from God and resultant woundedness since the Fall as well as subsequent wounds inflicted on earth due to traumatic events, by way of counseling and prayer into experiencing God's salvation in Christ.

The section on basis theory has shown that a Biblical-pastoral anthropology is the foundation of Biblical pastorate. Man's estranged and wounded condition since the Fall and the resultant secondary wounding and suffering at the hand of fellow man on earth,presents the pastorate with a unique opportunity regarding the facilitation of and guiding towards both a spiritual and emotional healing process. This pastoral intervention addresses both primary and secondary woundedness within the faith-estranged. The work of the Holy Spirit, confession of sin and guilt, prayer, forgiveness and faith, form part of the pastoral counseling process pointing towards salvation, healing and restored intimate communion with God.

The meta-theoretical section brought to light the fact that the traumatized person is dealt not only a physical, cognitive and/or emotional wound but in fact also a spiritual wound by these events. A strong correlation was discovered between the healing of the body and the healing of the mind or spirit – in this regard forgiveness of the abuser, the self and of God (by implication a confession of personal rebellion) seemed to play a central role. It was also confirmed that an important link exists between, on the one hand, success in the therapeutic process with the wounded person, and on the other hand, the creation of a secure therapeutic environment, healthy relational structures as well as evoking hope in the heart of the counselee.

The empirical section has proved to be of extreme importance regarding the distinctive role of the counselor in demonstrating God's closeness in Christ and His sharing in the pain of the counselee. The counselee does have an active role in this process of healing by accepting ownership of his future life choices and rational decisions.

Perspectives derived from the sections of both basis theory and meta-theory has ultimately led to the formulation of a suitable practice theoretical model called Theo-phosphromissiotherapy. This model demonstrates the path along which there can be a pastoral engagement with the faith-estranged towards accepting God's redemption through Christ's finished work on the Cross. Furthermore, this model opens up a distinctive eschatological perspective on the final purpose of man's life on earth as it gives meaning to life here and now amidst seemingly unending life-crises and trauma, given the eternal hope it promises in God as the only secure anchor.

## INHOUDSOPGawe

DANKBETUIGINGS .....	ii
OPSOMMING .....	iii
SUMMARY .....	v
HOOFSTUK 1 .....	1
INLEIDING .....	1
1.1    VERDUIDELIKING VAN TERME EN FRASES .....	1
1.1.1    Pastorale berading .....	1
1.1.2    Geloofsvervreemde .....	1
1.1.3    Heil en heilservaring .....	2
1.2    PROBLEEMSTELLING .....	2
1.2.1    Agtergrond .....	2
1.2.2    Stand van navorsing .....	3
1.2.3    Spesifieke leemtes in huidige kennis rakende die onderwerp .....	4
1.2.4    Onlangse navorsing, onbeantwoorde vrae en nisse vir kreatiewe ontwikkeling .....	5
1.3    DIE NAVORSINGSVRAAG .....	6
1.4    NADERE UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG .....	6
1.5    DOELSTELLING .....	6
1.6    DOELWITTE .....	6
1.7    SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT .....	7
1.8    METODOLOGIE .....	7

1.8.1	Basisteoretiese perspektiewe .....	7
1.8.2	Metateoretiese perspektiewe .....	7
1.8.3	Praktykteoretiese perspektiewe .....	8
1.8.4	Ander tegniese aspekte .....	8
1.9	HOOFSTUK INDELING .....	9
<b>AFDELING A: BASISTEORIE .....</b>		<b>10</b>
<b>BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE Persoon TOT HEILSERVARING .....</b>		<b>10</b>
<b>HOOFSTUK 2 .....</b>		<b>10</b>
<b>BASIESE VERTREKPUNTE EN EKSEGESE VAN 'N AANTAL TERSAAKLIKE SKRIFGEDEELTES .....</b>		<b>10</b>
2.1	INLEIDING .....	10
2.2	DIE HANDELINGSWETENSKAPLIKE MODEL VAN ZERFASS .....	11
FIGUUR 1: Zerfass se model .....		12
2.2.1	Zerfass se model in die praktyk .....	12
2.3	TEOLOGIESE VERTREKPUNTE .....	14
2.3.1	Definiëring van belangrike terme .....	14
2.3.1.1	Basisteorie .....	14
2.3.1.2	Teologie .....	14
2.3.1.3	Praktiese Teologie .....	15
2.3.2	Praktiese teologie as teologiese wetenskap .....	16
2.3.3	Die plek van die Skrif in Praktiese Teologie .....	17
2.4	DIE SKRIF AS KENBRON VAN BASISTEORIE .....	17

2.4.1	Die Skrif as Woord van God .....	19
2.4.2	Die gesag van die Skrif .....	19
2.4.3	Die waarde van die Skrif in die pastorale begeleidingsproses .....	19
2.5	<b>ENKELE VERHELDERENDE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN PASTORALE BERADING .....</b>	<b>20</b>
2.5.1	Bipolariteit binne die pastoraat .....	20
2.5.2	Pastoraat as heilsbemiddeling .....	21
2.5.3	Pastoraat in eskatologiese perspektief .....	22
2.6	<b>DIE PARAKLESE METAFOOR IN PASTORALE BERADING .....</b>	<b>23</b>
2.6.1	Definiëring van paraklese .....	23
2.6.2	Die pastorale paraklese .....	24
2.6.3	Die pastorale paraklese en die geloofsvervreemde .....	25
2.7	<b>DIE PNEUMATOLOGIE SE ROL BINNE DIE PASTORAAT .....</b>	<b>26</b>
2.8	<b>BELANGRIKE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEWE .....</b>	<b>27</b>
2.8.1	Die konstruksie van 'n Skrifgefundeerde mensbeeld .....	27
2.8.2	Die mens as geskape wese .....	28
2.8.3	Die mens as liggaamlike wese .....	30
2.8.4	Die mens as godsdiestige wese .....	31
2.8.5	Die mens as psigologiese wese .....	32
2.8.6	Die mens as eenheidswese .....	33
2.9	<b>BYBELSE BESKOUING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE .....</b>	<b>33</b>
2.10	<b>BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT TRAUMA .....</b>	<b>35</b>
2.11	<b>BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT REG EN GEREQTIGHEID TEENOOR SLAGOFFERS VAN TRAUMA .....</b>	<b>38</b>
2.11.1	Geregtigheid in die Ou Testament .....	38

2.11.2	Geregtigheid in die Nuwe Testament .....	39
2.12	BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT VERGIFNIS .....	40
2.12.1	Vergifnis in die Ou Testament .....	40
2.12.2	Vergifnis in die Nuwe Testament .....	41
2.13	BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT VERLOSSING/HEIL .....	42
2.13.1	Heil in die Ou Testament .....	42
2.13.2	Heil in die Nuwe Testament .....	43
2.14	BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT HELING .....	44
2.14.1	Heling in die Ou Testament .....	44
2.14.2	Heling in die Nuwe Testament .....	45
2.15	EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE .....	46
2.15.1	Basisteoretiese Vertrekpunte .....	46
2.15.2	Doelstellings .....	47
2.15.3	Eksegese .....	48
2.15.3.1	Daniël 4:28-37 .....	48
2.15.3.2	2 Konings 5:1, 10-15 .....	54
2.15.3.3	Johannes 4:7-18, 23-26 .....	59
2.16	SAMEVATTING .....	64
<b>HOOFSTUK 3</b>	.....	<b>67</b>
<b>‘N PASTORAAL-TEOLOGIESE BENADERING</b>	.....	<b>67</b>
3.1	INLEIDING .....	67
3.2	DOELSTELLINGS .....	67

3.3	DIE ROL VAN PASTORALE HULP BETREFFENDE DIE AARD EN WESE VAN DIE VERWONDE MENS .....	68
3.3.1	Die Bybelse antropologie van die mens .....	68
3.3.1.1	Voor die sondeval .....	68
3.3.1.2	Na die sondeval .....	69
3.4	GELOOFSVERVREEMDING .....	70
3.5	SONDE, DIE BOSE EN VERWONDING .....	71
3.5.1	Sonde .....	71
3.5.2	Sonde, onreg en God .....	71
3.6	VERWONDING (TRAUMA) .....	72
3.6.1	'n Definisie .....	72
3.6.1.1	Primêre/ oorspronklike verwonding .....	72
3.6.1.2	Sekondêre verwonding .....	73
3.6.2	Verwonding by die gelowige .....	74
3.6.2.1	Gevolge verwant aan primêre en sekondêre verwonding .....	75
3.7	GOD SE DOEL MET LYDING .....	75
3.8	WOEDE .....	78
3.8.1	Definisie .....	78
3.8.2	Tipes woede .....	78
3.9	REG EN GEREKTIGHEID .....	79
3.9.1	Inleiding .....	79
3.9.2	Kenmerke van die boosheid .....	79
3.9.3	Ou-Testamentiese perspektief .....	80
3.9.3.1	God se liefde en genade oorspan alles .....	80

3.9.3.2	Die slagoffer, vergelding/vergoeding, en Goddelike geregtigheid .....	80
3.9.4	Nuwe-Testamentiese perspektief .....	80
3.9.4.1	Tipes geregtigheid .....	80
3.9.4.2	Die slagoffer, vergelding/vergoeding, en Goddelike geregtigheid .....	81
3.10	<b>SKULDBELYDENIS</b> .....	81
3.11	<b>VERGIFNIS</b> .....	82
3.11.1	Definisie .....	82
3.11.2	Die essensie en doel van vergifnis .....	83
3.11.3	Voorwaardelike vergifnis teenoor radikale vergifnis .....	83
3.11.4	Onvolkome en volkome vergifnis .....	83
3.11.4.1	Die fases van vergifnis .....	84
3.12	<b>HEIL OF VERLOSSING</b> .....	85
3.12.1	Definisie .....	85
3.13	<b>GENESING</b> .....	85
3.13.1	Definisie .....	85
3.13.2	Struikelblokke op weg na genesing .....	86
3.13.3	Perspektiewe op lyding ter genesing en transformasie .....	86
3.13.4	Stappe in die genesingsproses .....	87
3.13.5	Die vrug van genesing/verlossing .....	87
3.14	<b>HEILIGMAKING</b> .....	88
3.15	<b>DIE PASTORALE BEGELEIDINGSPROSES</b> .....	89
3.16	<b>PASTORALE BERADING</b> .....	90
3.16.1	Benaderings in pastorale berading .....	90
3.16.2	Gebedsterapie .....	91

3.16.2.1	Inleiding .....	91
3.16.2.2	Verskillende modelle .....	92
3.16.3	Gebruik van die Skrif in die Pastoraat .....	94
3.16.4	Die rol van die Heilige Gees en gebed .....	95
3.16.5	Opstel van die gebedslys .....	95
3.17	<b>DIE BERADER</b> .....	95
3.17.1	Die essensie van die berader .....	95
3.17.2	Die berader se rol as begrensing van sigself asook die beradene.....	97
3.18	<b>DIE PROSES VAN PASTORALE BERADING</b> .....	97
3.18.1	Agtergrondsfaktore tot berading .....	97
3.18.2	Stappe in die proses .....	98
3.19	<b>GEVOLGTREKKINGE</b> .....	100
	<b>AFDELING B: METATEORIE</b> .....	102
	<b>METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETrekking tot die BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE Persoon tot HEILSERVARING</b> .....	102
	<b>HOOFSTUK 4</b> .....	102
	<b>'N EVALUERING VAN DIE BYDRAE DEUR DIE GRENSWETENSKAPPE</b>	102
4.1	<b>METATEORETIESE VERTREKPNTE</b> .....	102
4.1.1	Metateoretiese fokus van hierdie studie .....	102
4.2	<b>DOELSTELLING</b> .....	103
4.3	<b>TRAUMA/VERWONDING</b> .....	103
4.3.1	Akute stressindroom .....	103

4.3.2	Klassieke Post-Traumatische Stresversteuring (PTSV) en kenmerkende assessoringsaspekte van die sindroom .....	104
4.3.2.1	Predisposisionele faktore (kwesbaarheidsaspekte) .....	104
4.3.2.2	Diagnostiese faktore en kliniese presentering van PTSV .....	105
4.3.2.3	Medevoorkoms van PTSV en ander psigiatriese versteurings .....	107
4.3.2.4	Prognostiese faktore .....	107
4.3.3	Gekompliseerde trauma (komplekse PTSV) .....	108
4.3.3.1	Die onderskeid tussen PTSV en komplekse PTSV .....	108
4.3.3.2	Kenmerkende eienskappe van komplekse PTSV .....	108
4.4	DIE IMPAK VAN TRAUMA OP DIE BREIN .....	110
4.5	TRAUMA EN LIGGAAMLIKE SIEKTETOESTANDE .....	112
4.6	DIE VERWONDE EN GENESING .....	113
4.6.1	Wat is genesing? .....	113
4.6.2	Genesing van die verwonde .....	114
4.6.2.1	Vertrekpunte in trauma behandeling .....	114
4.6.2.2	Doelwitte in traumabehandeling .....	115
4.6.2.3	Doelwitbeginsels in traumabehandeling .....	115
4.6.2.4	Die proses van genesing .....	116
4.7	BEHANDELINGSMODELLE VIR TRAUMA .....	119
4.7.1	Trauma-ontlonting .....	119
4.7.2	Kognitiewe gedragsterapie .....	120
4.7.3	Oogbeweging-desensitisering en herprosesseringsterapie (EMDR) .....	122
4.7.3.1	'n Oorsig van EMDR .....	122

4.7.3.2	Die agt fases van EMDR .....	123
4.7.3.3	Evaluering van die EMDR-model .....	125
4.7.4	Psigodinamiese psigoterapie .....	125
4.7.5	Farmakologiese terapie .....	126
4.8	<b>DIE GETRAUMATISEERDE EN VERGIFNIS .....</b>	126
4.8.1	'n Definisie van vergifnis .....	127
4.8.2	Aspekte uitgesluit deur vergifnis .....	127
4.8.3	Die proses van vergifnis .....	128
4.8.3.1	'n Definisie .....	128
4.8.3.2	Die proses van vergifnis .....	128
4.8.4	Die terapeutiese waarde van vergifnis in terapie .....	131
4.8.4.1	Inleiding .....	131
4.8.4.2	Riglyne vir die gebruik van vergifnis in terapie .....	131
4.8.4.3	Die toepassing van vergifnis as terapeutiese hulpmiddel met die getraumatiseerde .....	132
4.8.5	Selfvergifnis .....	133
4.8.5.1	Inleiding .....	133
4.8.5.2	'n Definisie van selfvergifnis .....	133
4.8.5.3	Die terapeutiese waarde van selfvergifnis in genesing van die verwonde .....	133
4.9	<b>DIE ROL VAN GEREKTIGHEID IN DIE GENESINGSPROSES .....</b>	134
4.9.1	Vergeldende gerektigheid: Leemtes .....	134
4.9.2	Herstellende gerektigheid: Doelwitte .....	134
4.9.3	Die terapeutiese waarde van herstellende gerektigheid .....	135
4.10	<b>DIE MOONTLIKE VERBAND TUSSEN VERVREEMDING VAN GOD EN EMOSIONELE GENESING VAN DIE VERWONDE .....</b>	135
4.11	<b>GEVOLGTREKKINGE .....</b>	137

<b>HOOFSTUK 5 .....</b>	<b>139</b>
<b>'N EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK .....</b>	<b>139</b>
5.1    METATEORETIESE VERTREKPUNTE .....	139
5.1.1    Metateoretiese fokus van hierdie studie .....	139
5.2    DOELSTELLING .....	139
5.3    METODOLOGIESE VERANTWOORDING .....	140
5.4    KWALITATIEWE NAVORSING .....	140
5.4.1    Kwalitatiewe navorsingsmetodes .....	141
5.5    ONDERSKEID TUSSEN KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING .....	142
5.6    DIE NAVORSINGSTUDIE EN –BEGRENСING .....	143
5.6.1    Fokus van die navorsing .....	143
5.6.2    Navorsingsveronderstellings .....	143
5.6.3    Keuse van 'n navorsingsmetode .....	144
5.6.4    Die gevallestudiemetode .....	144
5.6.4.1    'n Definisie .....	144
5.6.4.2    Doel van die gevallestudie .....	144
5.6.4.3    Keuse van gevalle vir hierdie studie .....	144
5.6.4.4    Etiese riglyne .....	146
5.7    DIE GEVALLESTUDIES BINNE DIE EMPIRIESE PROSES .....	146
5.7.1    Respondent 1 .....	146
5.7.1.1    Pastoraal-klinies-biologiese assessering .....	146
5.7.1.2    Pastoraal-dynamiese formulering en evaluering .....	150
5.7.1.3    Beplanning en fokus/ proses van pastoraat .....	151

5.7.1.4	Resultate .....	153
5.7.2	Respondent 2 .....	154
5.7.2.1	Pastoraal-klinies-biologiese assessering .....	154
5.7.2.2	Pastoraal-dinamiese formulering en evaluering .....	157
5.7.2.3	Beplanning en fokus/proses van pastoraat .....	158
5.7.2.4	Resultate .....	159
5.7.3	Respondent 3 .....	160
5.7.3.1	Pastoraal-klinies-biologiese assessering .....	160
5.7.3.2	Pastoraal-dinamiese formulering en evaluering .....	163
5.7.3.3	Beplanning en fokus/proses van pastoraat .....	164
5.7.3.4	Resultate .....	165
5.7.4	Respondent 4 .....	166
5.7.4.1	Pastoraal-klinies-biologiese assessering .....	166
5.7.4.2	Pastoraal-psigo-dinamiese formulering en evaluering .....	168
5.7.4.3	Beplanning en fokus/proses van pastoraat .....	168
5.7.4.4	Resultate .....	169
5.8	GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE NAVORSING .....	170
<b>AFDELING C: PRAKTYKTEORIE</b>	.....	<b>173</b>
<b>PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE Persoon TOT HEILSERVARING</b>	.....	<b>173</b>
<b>HOOFSTUK 6</b>	.....	<b>173</b>
<b>DIE FORMULERING VAN ‘N PASTORALE MODEL</b>	.....	<b>173</b>
6.1	INLEIDING .....	173

6.1.1	Die doelstelling van die studie .....	173
6.1.2	Die doelwitte van die studie .....	173
6.1.3	Die onderskeie perspektiewe van die studie .....	174
6.1.4	Die doelstellings van hoofstuk 6 .....	175
6.1.4.1	Inleiding .....	175
6.1.4.2	Die struktuur van hoofstuk 6 .....	175
6.2	<b>SKRIFGEBASEERDE VERTREKPUNTE VIR PASTORALE BERADING MET DIE GELOOFSVERVREEMDE .....</b>	176
6.2.1	God Drie-enig staan sentraal in die pastorale berading aan die geloofsvervreemde persoon .....	176
6.2.2	God en Sy Koninkryk is deur geloof die funksiebestemming van die mens .....	177
6.2.3	Die Heilige Gees bemiddel die heil in Jesus Christus in die pastoraat .....	177
6.2.4	Die Skrif het 'n sentrale posisie in die heilsbemiddelingsproses binne die pastoraat .....	178
6.2.5	Samevatting .....	179
6.3	<b>'N BYBELSE ANTROPOLOGIE VIR DIE PASTORAAT .....</b>	180
6.3.1	Inleiding .....	180
6.3.2	Kernaspekte van 'n Skriftuurlike mensbeskouing ter bemiddeling van die heil en heilservaring teenoor die geloofsvervreemde persoon in pastorale berading .....	180
6.3.3	Samevatting .....	182
6.4	<b>TERME EN BETEKENISINHOODE TOEPASLIK VIR 'N PRAKTYKGERIGTE MODEL IN DIE KOMMUNIKASIE VAN HEIL EN HEILSERVARING AAN DIE GELOOFSVERVREEMDE.....</b>	183
6.4.1	Inleiding .....	183
6.4.2	Toepaslike terme betreffende die bemiddeling van heil aan die geloofsvervreemde .....	184

6.4.2.1	Pastorale berading .....	184
6.4.2.2	Geloofsvervreemde .....	184
6.4.2.3	Trauma (verwonding) .....	185
6.4.2.4	Reg en geregtigheid teenoor die verwonde .....	185
6.4.2.5	Heil .....	186
6.5	'N PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR DIE BRING VAN HEIL EN HEILS- ERVARING AAN DIE GELOOFSVERVREEMDE .....	186
6.5.1	Inleiding .....	186
6.5.2	Fase 1: Geestelike assessering .....	187
6.5.2.1	Motivering vir die geestelike assessering as invalshoek .....	188
6.5.2.2	Stap 1: Die berader evalueer die toepaslikheid van hierdie fase as eerste stap in die pastorale proses .....	189
6.5.2.3	Stap 2: Assesseer optimale geloofsfunksionering .....	189
6.5.2.4	Stap 3: Neem 'n volledige geestelike geskiedenis (bylaag 2 en 3) .....	191
6.5.3	Fase 2: Aktiewe toewyding tot die genesingsproses .....	193
6.5.3.1	Interpretasie van hierdie toewydingsfase aan die beradene .....	193
6.5.3.2	Persoonlike verbintenis aan die genesingsproses (par 3.13.4) .....	194
6.5.4	Fase 3: Assessering en behandeling van aanmeldingsprobleem: akute stressindroom of post-traumatische stresversteuring (tipe 1 trauma) .....	196
6.5.5	Fase 4: Assessering en genesing van tipe 2 trauma of gekompliseerde trauma .....	198
6.6	SAMEVATTING .....	203

<b>AFDELING D: SAMEVATTING .....</b>	<b>205</b>
<b>HOOFSTUK 7 .....</b>	<b>205</b>
<b>FINALE SAMEVATTING EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING .....</b>	<b>205</b>
7.1      AFDELING A: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE .....	205
7.1.1    Prakties-Teologiese vertrekpunte .....	205
7.1.2    Eksegetiese insigte .....	206
7.1.3    Teologies-pastoraal relevante beradingsvertrekpunte vir heilsbemiddeling .....	207
7.2      AFDELING B: META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE .....	208
7.2.1    Insigte vanuit die grenswetenskappe .....	208
7.2.2    Insigte vanuit die empiriese studie .....	209
7.2.2.1    Aktiewe betrokkenes in die sessie .....	209
7.2.2.2    Die hantering van oordrag en teenoordrag .....	209
7.3      AFDELING C:PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE .....	211
7.4      FINALE KONKLUSIE .....	212
7.5      VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING .....	213

BIBLIOGRAFIE .....	215
BYLAAG 1: HUIDIGE GEESTELIKE FUNKSIONERING .....	241
BYLAAG 2: GEESTELIKE AGTERGRONDSGESKIEDENIS/ TRAUMA GESKIEDENIS .....	243
BYLAAG 3: GEESTELIKE VORMINGSGESKIEDENIS .....	245
BYLAAG 4: PASTORAAL-PSIGO-SOSIO-BIOLOGIESE ASSESSERING.....	247
BYLAAG 5: MY WARE IDENTITEIT: WIE IS EK IN CHRISTUS .....	249

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

Betreffende die tema van die rol van pastorale berading in die bring van heil en heilservaring aan die geloofsvervreemde is daar inleidend enkele belangrike terme en frases wat eerstens verduideliking en definiëring vereis.

#### 1.1 VERDUIDELIKING VAN TERME EN FRASES

##### 1.1.1 Pastorale berading

Heitink (1984:15) beskryf pastorale berading as die praktiese demonstrasie van hoe die Koninkryk van God, deur sy onferming in Christus, in die bediening van die versoening tot openbaring kom in die uitreiking na die mens om hom te red.

Patton (1990:849) verduidelik pastorale berading as 'n gespesialiseerde vorm van pastorale sorg aan diegene in nood – dit is veral effektief ten opsigte van diegene wat by magte is om hul pyn te artikuleer en gemotiveerd is om pastorale hulp te vind ten einde hul pyn te hanteer.

Louw (1993:45) verwoord die konsep pastoraat as 'lewensbediening vanuit die dimensie van die opstandingsoorwinning' na aanleiding van die 'eskatologiese perspektief'. Volgens hom wil pastoraat 'mense deur die geloof in die hoop sodanig laat lewe dat die oorwinning van die heil deurbreek in elke dag se lewe, ook in lyding'.

##### 1.1.2 Geloofsvervreemde

Garlington (1993:103) verduidelik die verskynsel van die geloofsvervreemding vanuit Romeine 3:23 soos volg: Die mensdom in Adam is per definisie afgodsdiens - al Adam se nakomelinge is sy beelddraers omdat almal in 'n toestand van vervreemding van geloof in God gebore is, met die ingeboude geneigdheid om die skepping eerder as die Skepper te dien. Binne die konteks van hierdie studie sal die begrip 'geloofsvervreemde' toegepas word op diegene wat kerklos, kerkvervreemd of totaal ongelowig is.

### **1.1.3 Heil en heilservaring**

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (Odendaal & Gouws, 2005:381) bied die volgende verklarings vir die woord *heil*: welsyn, welvaart, nut, redding, veiligheid, geluksaligheid, verlossing deur God, bron van redding en verlosser. Hieruit blyk dat die woorde *heil*, *redding* en *verlossing* grootliks as sinonieme kan funksioneer en binne hierdie studie sal hierdie woorde dan ook afwisselend gebruik word.

Louw en Nida (1993:241-242) verwys na die woord *heil* as die geredde toestand wat voorafgegaan is deur sondeberou en skuldbelydenis teenoor God (2 Kor 7:10), asook na die redding van die siel vanuit lewensgevaar tot geloofsversterking (1 Pet 1:9).

Die heil wat in Jesus Christus alleen te vind is, is die vertrekpunt van alle heilservaring (Ford & Higton, 2002:33). Volgens Baker *et al.* (1988:288) is heling op die basis van verlossing van sonde deur die versoenende dood van Christus 'n vereiste vir die volkome herstel van menslike welstand. Die heil is dus die verlossing in Jesus Christus (vgl Macleod, 1998:73). In hierdie opsig stel Stott (1993:294) dat Jesus die unieke, die absolute en die finale basis van die verlossing is (vergelyk ook Grudem, 2004:248). Gelowiges ervaar dié heil, maar nie uit hulself nie, soos Lotter (2005:502) dit stel:

"Die Heilige Gees is huis die Een wat die regte ervaring van God in die gelowiges inisieer sodat dit nie net 'n subjektiewe mensgebaseerde ervaring is nie, maar 'n diep deur God-geïnisieerde omvattende belewenis is van die lewende God en sy kragtige werking."

Vir die geloofsvervreemde is dit 'n besondere verskuwing indien hy of sy nog nooit die heil ervaar het of daaraan blootgestel was nie.

### **1.2 PROBLEEMSTELLING**

#### **1.2.1 Agtergrond**

Praktiese Teologie se vinnige ontwikkeling sedert die 1960s tot 'n aparte vertakking binne die teologiese ensiklopedie het geleid tot 'n verskuwing in die identiteit van

hierdie veld, vanaf die praktiese interpretasie van teologie in die praktyk, tot 'n theologiese teorie van aksie met 'n metodologie wat noue aansluiting vind by die sosiale wetenskappe (Heitink, 1999:1).

Praktiese Teologie word binne die konteks van die veranderende samelewing genoop om dinamies voortdurend relevansie te behou met betrekking tot die mens in konteks, sy vraagstukke en eksistensiële krisisse, ten einde pastoraal daarby aansluiting te vind.

Terwyl vroeë publikasies op verskeie prakties-teologiese subdissiplines gefokus het, is daar in meer onlangse navorsing gepoog om 'n allesomvattende teorie of benadering te ontwikkel wat holisties van aard en interdissiplinêr is (McMinn, 1996 61-266; Crabb, 1987:77-189; Adams, 1980: 41-59; Collins, 1988:75-587; Heyns & Pieterse, 1994:66-75; Louw, 1993:243-374).

Volgens Venter (2004:2) word die postmoderne tydperk waarin die mens tans leef gekenmerk deur 'n herwaardering van die mens as spirituele wese, alhoewel binne die konteks van 'n baie kritiese bevraagtekening van alles (ook die God van die Skrif), bloot omdat relativisme hierdie tydperk kenmerk.

Binne die eiesoortige Suid-Afrikaanse polities-maatskaplike samelewingsmilieu het pastorale teologie dus 'n bepaalde rol om die beradingsfunksie relevant en toepaslik te vertolk sodat versoening met God en heiligmaking as finale doelwit tot eer van God kan geskied.

### **1.2.2 Stand van navorsing**

Onlangse navorsing dui daarop dat godsdiestige praktyke in die algemeen 'n integrale deel van die benadering tot spanningsvolle situasies vorm, maar dat traumatische gebeure 'n negatiewe impak het op godsdiestige persepsies en praktyke (Falsetti et al., 2003:392). Donahue (1985:400-419) is van mening dat godsdiestige belewenisse deur 'n traumatische incident beïnvloed word, wat daartoe kan lei dat die impak van die gebeure as gevolg van verlies van die godsdiestige verwysingsraamwerk mag intensifieer en meer skade berokken. Volgens Herman (2001:51-52) ondermyн sodanige gebeure die geloofsistema van die slagoffer. Vervreemding van mens en God sypel elke verhouding binne. Krisissituasies waardeur geloofsvervreemdes gaan word oor die algemeen nie afsonderlik hanteer in die

navorsing nie. Sekere studies handhaaf selfs die veronderstelling dat die simptome van post-traumatische stressindroom in sekere gevalle die gevolg mag wees van botsende geloofsistema (Decker, 1993:15-32), en dat post-traumatische stressindroom dan in 'n sekere sin as 'n geestelike wond benader moet word (Klevberg, 2005:1). In hierdie opsig is die *geloofsvervreemde* uiteraard baie kwesbaar aangesien daar oor die algemeen 'n gebrek aan geestelike ankers en verder ook aan 'n geestelike ondersteuningstruktuur bestaan. Dit is dan juis op hierdie area waarop hierdie studie sal fokus.

### **1.2.3 Spesifieke leemtes in huidige kennis rakende die onderwerp**

Die verkennig van eksistensiële konflikte by persoonlike geloofsworstelinge en die hantering daarvan binne die pastorale berading is 'n definitiewe leemte in die literatuur ; in hierdie verband stel Sigmund (2003:221) voor dat sulke persone besmoontlik kan baat by geestelike assessering en ingrype binne die holistiese raamwerk van hulpverlening.

Herman (2001:238-241) meld ook dat 'n omvattende hulpbenadering noodsaaklik is ten opsigte van 'n persoon wat deur ernstige krisisse gaan. Sy fokus egter slegs op die biologiese, sielkundige en sosiale aspekte *tot uitsluiting van die geestelike dimensie* - 'n aspek wat baie sterk beklemtoon word deur verskeie outeurs (Adams , 1980:15-19; Collins, 1988:15; Crabb & Allender, 1996:66-67; Louw, 1993:9; McArthur et al., 1994:5; McMinn, 1996:8-9). Herman (2001:118) erken verder dat verkeerde afleidings weens onvoldoende kennis dikwels lei tot gebrekkige hantering van die onderliggende manifestasies van hierdie persone en daarom bied haar model nie 'n volledige ingreep met die oog op die hantering van die krisis self nie (2001:95). Matsakis (1996:141-242) se benadering fokus weer hoofsaaklik op psigiese genesing, met uitsluiting van die geestelike.

Sekere navorsers het vrae begin opper rakende die faktore wat bydra tot die tipe godsdiestige hanteringsmeganismes wat in spanningsituasies in werking tree (Falsetti et al., 2003:396). In hierdie verband kan 'n bydrae gelewer word indien 'n toepaslike geestelike assessering gedoen kan word en die rol van heilservaring na behore nagevors word.

In geen van die bogenoemde navorsing is verwys na die heilservaring van die *geloofsvervreemde* nie, en derhalwe is die fokus van hierdie studie op daardie faset.

Beste (2005:108) bepleit die teenwoordigheid van 'n 'pastorale advokaat' as mediasie van God se genade omdat dit die teenwoordigheid van God se onwrikbare liefde en aanvaarding sou kon demonstreer. 'n Ontwikkeling soos hierdie sou uiteraard 'n geweldige positiewe invloed kon uitoefen met betrekking tot die uiteindelike bemiddeling van die konsepte van heil en verlossing aan die *geloofsvervreemde*.

#### **1.2.4 Onlangse navorsing, onbeantwoorde vrae en nisse vir kreatiewe ontwikkeling**

In die VSA het opnames gedurende die negentigerjare getoon dat godsdiens en die geestelike aspek vir mense groter waarde verkry tydens krisisse en verlies, en is daar tot die besef gekom dat die persoon binne sy bepaalde geloofsbeskouing benader moet word (Sigmund, 2003:222). Gevolglik het navorsingstudies toenemend gefokus op die rol en invloed van die godsdiestige en geestelike dimensies by mense wat gekwel is, en in besonder by *geloofsvervreemdes*.

In teenstelling met artikels deur teoretici en akademici gedurende die negentigerjare waarin daar nie juis veel gefokus is op die geloofsaspek nie, is hierdie kwessie sedertdien al meer aan die orde gestel deur professionele persone betrokke by begeleiding, en is ook in die literatuur toenemend meer vrae gevra met betrekking tot die verband tussen die waarde van godsdiens en die uiteindelike herstelproses van mense wat deur moeilike tye gaan. Die afleiding word tereg dan ook gemaak dat beraders en terapeute oor die algemeen meer tot die besef begin kom het dat probleme ook *geestelik* verwerk moet word (Weaver *et al.*; 2003:223-224). MacArthur (1991:50), Moore (1992:xii) en Seamands (2004:10) beklemtoon almal in hierdie verband die sleutelbelang van die geestelike fokus in hulp aan gekweldes in die breë. Die *geloofsvervreemde* het oor die algemeen 'n besondere behoefté aan hierdie tipe ondersteuning.

'n Langtermynstudie deur McIntosh *et al.* (1993:812-821) het byvoorbeeld aan die lig gebring dat daar wel 'n verband bestaan tussen groter godsdiestige deelname, emosionele en geestelike ondersteuning, en ontdekte betekenisinhoude met betrekking tot die dood van 'n kind by ouers. Spesifieke verbande is ook gevind tussen godsdiestige aktiwiteite en voordele wat dit inhoud vir mishandelde vroue in 'n vergelykende studie, teenoor die mate van herstel by vroue wat by gewone

gemeenskapsaktiwiteite ingeskakel het (Asten *et al.*, 1993:17-28). Heilservaring het derhalwe 'n positiewe ervaring op gekweldes, waaronder ook *geloofsvervremdes*.

### **1.3 DIE NAVORSINGSVRAAG**

Hoe kan die geloofsvervremde persoon deur pastorale begeleiding gebring word tot heil (verlossing) asook heilservaring met betrekking tot emocionele, geestelike en fisiese welsyn?

### **1.4 NADERE UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG**

Watter perspektiewe bied die Skrif ten opsigte van die pastorale begeleiding van die geloofsvervremde met betrekking tot heil en heilservaring?

Watter perspektiewe bied die verwante dissiplines op die begeleiding van die geloofsvervremde met betrekking tot heil en heilservaring?

Watter insigte betreffende heil en heilservaring van die geloofsvervremde kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom?

Watter praktykteoretiese riglyne kan geformuleer word vir die daarstelling van 'n model vir pastorale berading met betrekking tot heil en heilservaring van die geloofsvervremde?

### **1.5 DOELSTELLING**

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om aan te toon dat die geloofsvervremde pastoraal begelei kan word tot heil en heilservaring, en om 'n model met die oog daarop te ontwikkel.

### **1.6 DOELWITTE**

- Om vas te stel watter perspektiewe die Skrif gee vir die pastorale begeleiding van die geloofsvervremde op weg na heil en heilservaring.
- Om te bepaal watter perspektiewe verwante dissiplines bied op die begeleiding van die geloofsvervremde met die oog op heil en heilservaring.

- Om na te vors watter vernuwende insigte rakende die begeleiding van die geloofsvervremde tot heil en heilservaring deur 'n empiriese studie na vore kom.
- Om 'n praktykteoretiese model voor te stel met betrekking tot die pastorale berading van die geloofsvervremde op weg na heil en heilservaring.

## **1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT**

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die geloofsvervremde deur pastorale berading begelei kan word tot heil en heilservaring, en dat 'n model met die oog daarop ontwikkel kan word.

## **1.8 METODOLOGIE**

In die metodologie van hierdie studie sal aansluiting gevind word by die handelingswetenskaplike model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Zerfass se fokus op basisteoretiese, metateoretiese en uiteindelik praktykteoretiese perspektiewe dien as effektiewe navorsingsmetode vir hierdie studie.

### **1.8.1 Basisteoretiese perspektiewe**

'n Basisteorie sal gevorm word deur die eksegese van relevante Skrifgedeeltes wat kan bydra tot vernuwende insigte aangaande die pastorale begeleiding van die geloofsvervremde persoon op weg na heil en heilservaring. Skrifgedeeltes wat geëksegetiseer sal word, is die volgende: Dan. 4:28-37, 2 Kon. 5:1, 10-15, en Joh. 4:7-18, 23-26. Hierdie gedeeltes handel telkens oor die geloofsvervremde wat deur moeilike omstandighede tot geloof gekom het.

Eksegese sal gedoen word volgens die grammatis-historiese benadering (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3; Coetzee, 1990:15–30). As deel van die basisteoretiese afdeling sal daar ook aandag gegee word aan 'n aantal belangrike pastoraal-teologiese vertrekpunte met betrekking tot die pastorale begeleiding van die geloofsvervremde persoon.

### **1.8.2 Metateoretiese perspektiewe**

Aandag sal geskenk word aan die resultate van die navorsing deur ander grenswetenskappe (byvoorbeeld psigologie, sosiologie, psigiatrie, opvoedkunde en die mediese wetenskap). Daar sal gefokus word op raakvlakke met die tema van hierdie

studie, en relevante stof sal geïdentifiseer word. Die nodige inligting sal deur middel van 'n literatuurstudie ingesamel word.

Daar sal verder ook gepoog word om vas te stel of enige vernuwende insigte aangaande hierdie tema deur 'n empiriese ondersoek na vore kom. Hierdie inligting sal deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek by wyse van vier gevallenstudies bekom word. Strydom (1999:74) beklemtoon die feit dat die fokus baie pertinent op *waardes* is by kwalitatiewe navorsing en daarom word slegs enkele gevallen of proefpersone bestudeer. De Vos *et al.* (2006:294) fokus ook op kleiner groepe en gebruik die kriteria van *sufficiency* en *saturation* as aanduidend van 'n voldoende aantal deelnemers.

### **1.8.3 Praktykteoretiese perspektiewe**

Deur middel van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basis- en metateorie sal gepoog word om 'n model daar te stel vir die pastorale begeleiding van die geloofsvervreemde persoon op weg na heil en heilservaring.

### **1.8.4 Ander tegniese aspekte**

- Die afkorting van Bybelboekname in die studie geskied volgens die nuwe vertaling van *Die Bybel*.
- Die term *berader* in die studie dui die persoon aan wat berading of terapie aanbied.
- Die terme *beradene*, *kliënt*, *pasiënt*, *verwonde* en *verontregte* word in die studie afwisselend gebruik vir die persoon wat berading ontvang.
- Die terme *hy/sy* in die studie verteenwoordig ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar*.
- Die terme *verwonding* en *trauma/getraumatiseerde* word afwisselend in die studie gebruik as aanduiding van die toestand van die beradene.
- Die terme *verwonder* en *oortreder* word afwisselend in die studie gebruik om na die persoon wat die trauma meegebring het, te verwys.
- Met hierdie navorsing word aan die etiese vereistes voldoen soos neergelê deur die Noordwes-Universiteit.

## **1.9 HOOFSTUK INDELING**

Hoofstuk 1: Inleiding

### **AFDELING A: BASISTEORIE**

Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die begeleiding van die geloofsvervreemde persoon tot heil en heilservaring

Hoofstuk 2: Basiese vertrekpunte en eksegese van 'n aantal tersaaklike Skrifgedeeltes

Hoofstuk 3: 'n Pastoraal-teologiese benadering

### **AFDELING B: METATEORIE**

Metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die begeleiding van die geloofsvervreemde persoon tot heil en heilservaring

Hoofstuk 4: 'n Evaluering van die bydrae deur die grenswetenskappe

Hoofstuk 5: 'n Evaluering van die resultate van 'n empiriese ondersoek

### **AFDELING C: PRAKTYKTEORIE**

Praktykteoretiese perspektiewe met betrekking tot die begeleiding van die geloofsvervreemde persoon tot heil en heilservaring.

Hoofstuk 6: Die formulering van 'n pastorale model

### **AFDELING D: SAMEVATTING**

Hoofstuk 7: Finale samevatting en voorgestelde areas vir verdere navorsing

## **AFDELING A: BASISTEORIE**

### **BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE PERSOON TOT HEILSERVARING**

#### **HOOFSTUK 2**

##### **BASIESE VERTREKPUNTE EN EKSEGESE VAN ‘N AANTAL TERSAAKLIKE SKRIFGEDEELTES**

###### **2.1 INLEIDING**

Hierdie hoofstuk bestaan uit twee gedeeltes. In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk word daar gefokus op ‘n aantal basiese pastoraal-teologiese vertrekpunte vir die begeleiding van die geloofsvervreemde persoon. Die tweede gedeelte fokus op die formulering van basisteoretiese perspektiewe betreffende heilsbemiddeling aan die verwonde geloofsvervreemde aan die hand van drie Skrifgedeeltes wat eksegeties hanteer sal word.

Soos in hoofstuk 1 reeds aangedui is, is die model waarvolgens hierdie studie aangepak word grootliks dié van Zerfass (1974), en daar sal aanvanklik ook ‘n relatief diepgaande uiteensetting hiervan gegee word. Vervolgens sal in die eerste gedeelte van die hoofstuk ook aandag gegee word aan die definisieering en uiteensetting van sekere terme wat van belang is vir die pastoraal-teologiese implikasies van die tema van hierdie studie. Verder sal Praktiese Teologie as teologiese wetenskap kortliks aan die orde gestel word terwyl daar ook gefokus sal word op die rol van die Skrif binne Praktiese Teologie. Verdere aanverwante aspekte wat in die res van die eerste deel van hierdie hoofstuk aan die orde gestel sal word, sluit die volgende in:

Enkele verhelderende perspektiewe met betrekking tot pastorale berading.

- Die paraklese metafoor in pastorale berading.
- Die pneumatologie se rol binne die pastoraat.
- Belangrike antropologiese perspektiewe.
- Bybelse beskouing van die geloofsvervreemde.

- Belangrike teologiese perspektiewe met betrekking tot trauma.
- Belangrike teologiese perspektiewe met betrekking tot reg en geregtigheid teenoor slagoffers van trauma.
- Belangrike teologiese perspektiewe met betrekking tot vergifnis.
- Belangrike teologiese perspektiewe met betrekking tot verlossing/heil.
- Belangrike teologiese perspektiewe met betrekking tot heling.


Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk fokus op die daarstel van 'n basisteorie vir 'n pastorale model. Volgens Schoeman (2005:14) omvat 'n basisteorie vir 'n pastorale model die interpretasie van Bybelse waardes en norme, asook kenmerkende eienskappe van menslike gedrag betreffende 'n gegewe studieveld, binne die raamwerk van pastorale berading. Volgens Venter (1996:25) word daar vanuit die Skrifopenbaring 'n basisteorie gevorm. Tesame met belangrike pastoraal-teologiese vertrekpunte vanuit die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk, sal met die eksege van spesifieke Skrifgedeeltes wat handel oor geloofsvervreemdes wat onder beproeing tot heil gekom het, gepoog word om basisteoretiese perspektiewe te formuleer met betrekking tot die pastorale begeleiding van die verwonde geloofsvervreemde tot volle heil op weg na volkome genesing.

## **2.2 DIE HANDELINGSWETENSKAPLIKE MODEL VAN ZERFASS**

Die funksionele doel van 'n model is geleë daarin om teorie te konkretiseer of as eerste abstraksievlek van die praksis te dien. Binne die prakties-teologiese teorie word die teorie op weg na kerklike praksis op hierdie wyse verstaanbaar aangebied. As metodologiese model het Zerfass (1974:167) se handelingswetenskaplike model ten doel om die verkeer tussen teorie en praksis te vergemaklik, vanaf 'n bepaalde praksis tot nuwe teorievorming en uiteindelik na 'n nuwe praksis (Heyns & Pieterse, 1998:36-40). Soos reeds aangedui, word hierdie studie gerig deur die riglyne van Zerfass se model.

Venter (1996:25) onderskei twee refleksiedomeine binne die praktiese teologie, naamlik die kommunikatiewe handelinge in die Skrifopenbaring (basisteorie) en die kommunikatiewe handelinge in die konkrete bediening daarvan binne kerkverband (empiriese navorsing en metateorie), wat in 'n hermeneutiese wisselwerking met

mekaar gestel word om tot prakties-teoretiese teorievorming te kom. Die model van Zerfass bied 'n treffende illustrasie van die wisselwerking tussen hierdie twee refleksiedomeine. Binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese paradigma fokus hierdie model inderdaad daarop om vanaf 'n bepaalde praksis tot nuwe prakties-teoretiese teorievorming te beweeg, wat weer tot 'n nuwe praksis aanleiding kan gee sonder dat die theologiese dimensie verlore gaan. Deur meer lig te werp op die teorie soos gefundeer op die model van Zerfass, sal daar vervolgens aan die hand van fig. 1 hieronder aangetoon word hoe praktykteorie uiteindelik tot stand kom.



**FIGUUR 1: Zerfass se model**

### 2.2.1 Zerfass se model in die praktyk

Die verhouding tussen teorie en praktyk kan beskryf word as 'n bipolêre spanningsverhouding (Heitink, 1984:170; Louw, 1999a:17). Indien daar binne die praktyk 'n krisis ontstaan wat resultaatgerigte, probleemplossende ingrype ten opsigte van menslike funksionering noodsaak, het basisteorie 'n belangrike rol om te vervul. 'n

Basisteorie word gevvolglik ontwerp ten einde op 'n wetenskaplike wyse 'n praktykteorie te ontwikkel (Venter, 1996:25).

Teen die agtergrond van Zerfass (1974:167-177) se model toon Heyns en Pieterse (1998:36) aan dat die ontwikkeling van 'n basisteorie die beweging vanuit 'n bepaalde praksis as vertrekpunt impliseer – dit lei dan tot 'n nuwe teorievorming wat weer op sy beurt tot 'n nuwe praksis kan lei. Binne hierdie wetenskaplike proses lei metateoretiese bevindinge dus tot nuwe praktykteorievorming. Die nuwe praktykteorie moet gevvolglik aan die gegewe situasie en aan die oorlewering getoets word. Die theologiese teorie en die nuwe praksis mag, as gevolg van die toetsing, gewysig word totdat die gewenste resultate sigbaar word (Heyns & Pieterse, 1998:40).

Aangesien hermeneutiek op beide teks en konteks fokus (Pieterse, 1993:25-27), en Praktiese Teologie die geloofsbelewenisse van mense binne 'n gegewe sosio-polities-kulturele konteks en tydsraamwerk holisties in ag neem, vind noodsaaklike medewerking - interdissiplinêr gesproke - geredelik plaas. Die sosiaal-wetenskaplike insigte soos verkry vanuit die sielkunde, opvoedkunde, antropologie, psigiatrie en maatskaplike werk word die materiaal waarop die Praktiese Teologie teologies reflekter. Op hierdie wyse voltooi die Praktiese Teologie op 'n intradissiplinêre wyse prakties-teologiese ondersoeke rakende die onderwerp *per se*.

Die praktiese funksionering van Zerfass se model (sien skematische voorstelling van Zerfass se model in fig. 1 hierbo - vgl. Zerfass, 1974:167) met betrekking tot die tema van die onderhawige studie kan soos volg verduidelik word:

- **1.** Binne praktykverband ontstaan die besef dat sekere kennisinhoude ontbreek aangaande hulpverlening aan die geloofsvervreemde.
- **2 en 4.** Daar word vervolgens besin oor vorige wyses van hantering van die betrokke probleem – tradisies vanuit die verlede is hier van toepassing.
- **3 en 6.** Die ondersoek mag daar toe lei dat die pastorale berader ontdek dat 'n meer kontekstueel-toepaslike benadering gevvolg behoort te word. Deur middel van empiriese navorsing kan hierdie ondersoek 'n meer praktyk-toepaslike model tot stand bring. Die moontlik gewysigde realiteit moet deurentyd teen die agtergrond van die tradisionele beskou word omdat daar 'n gedurige wisselwerking tussen die twee bestaan**7 en 8**.

Gegee die bipolariteit tussen die tradisionele siening en die veranderde realiteit, ontstaan daar 'n onafwendbare spanningsveld.

- 9. Die oogmerk van die prakties-teologiese teorievorming is die nuwe praktyk.
- 10. Die nuwe realiteit sou kon heenwys na 'n holistiese benadering in die pastoraal-terapeutiese ingrype met die geloofsvervreemde.
- 11. Die stappe van die model verseker dat tradisionele praktyke nie bloot metodologies verbloem word nie maar dat, indien nodig, daar voortbeweeg word na 'n nuwe praktyk.
- 12 en 13. Die nuutgeformuleerde riglyne word vervolgens getoets totdat dit binne die praktyk funksioneel is.

## 2.3 TEOLOGIESE VERTREKPUNTE

### 2.3.1 Definiëring van belangrike terme

#### 2.3.1.1 Basisteorie

Venter (1993:247) definieer basisteorie as "... die ontginding van theologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif". Volgens Venter (1996:25) is die vorming van 'n basisteorie noodsaaklik vir die opstel van riglyne vir 'n bepaalde benadering tot 'n spesifieke brandpunt. Vanuit die basisteorie word dus 'n praktykteorie ontwikkel wat aansluiting vind by die inligting wat metateoreties bekom is vanuit ander hulpwetenskappe (Heitink, 1999:1).

#### 2.3.1.2 Teologie

Die woord *teologie* is 'n samestelling van twee Griekse woorde: θεος (theos), wat God beteken, en λογος (logos), wat woord beteken. Die teologie is dus 'n woord oor God. Heyns & Pieterse (1998:4) verduidelik dat God self nie geobjektiveer kan word nie. Mense se woorde oor God en geloof in God kan hoogstens die fokus van wetenskaplike studie wees. Van der Ven (1993:29) stel dat:

“... the direct object of empirical theology is not God but rather human experience of God, our communication with Him and about Him”.

Kuyper (1909:468) verwoord die fokus van die teologie binne die Gereformeerde tradisie as die openbaring van God in Jesus Christus. Jonker (1981:41) sluit hierby aan wanneer hy konstateer dat dit in die teologie gaan om God se openbaring in Jesus Christus asook deur die Heilige Gees:

“.. soos dit in die Heilige Skrif betuig word en deur die Woord en Gees van God in die lewens van mense verstaan word en betekenis kry”.

Empiries wil die teologie dus nie uitsprake aangaande God maak nie, maar slegs mense se ervaring van God wetenskaplik ondersoek (Firet, 1975:380).

### **2.3.1.3 Praktiese Teologie**

Volgens Heyns & Pieterse (1998:7-8) fokus Praktiese Teologie op die geloofshandelinge van mense in diens van die evangelie, “... handelinge wat die komst van God in hierdie wêreld dien”. Pieterse (1993:5) stel dat Praktiese Teologie as kommunikatiewe handeling slegs verstaan kan word vanuit die werklikheid en die praksis van God. God neem alle inisiatief in die openbaring van Homself as die genadige en liefdevolle God. Die sprekende God kan slegs verstaan word deur die werking van die Heilige Gees in die lewens van geroepenes. Hierdie geloofshandelinge vind plaas by diegene wat graag andere wil help om ‘n ontmoeting met God te hê, en dan in gemeenskap met God en medemens saam te bestaan.

Poling en Miller (1985:62) definieer Praktiese Teologie as die beskrywing en analise van lewensgebeurtenisse en tendense ter vasstelling van hul verwantskap tot die Christelike geloof, sodat nuwe riglyne en vaardighede vir Christelike aksie binne die kerk en samelewing ontwikkel kan word.

Praktiese Teologie word verder beskou as die empiries-georiënteerde theologiese teorie van die mediasie van die Christelike geloof (praksis 1) binne die praktyk van die moderne samelewing (praksis 2). In hierdie proses gaan Praktiese Teologie

wetenskaplik om met die praksis van geloof. Ten opsigte van die noue verwantskap en onderlinge afhanklikheid tussen praksis 1 en praksis 2 mag daar egter 'n onderliggende spanning bestaan omdat die praksis van die samelewing vir eue deur die Christelike tradisie beïnvloed is. Aangesien die Christelike tradisie tegelykertyd ook onderwerp is aan uiteenlopende veranderinge binne die samelewing, is die beoefening van die Praktiese Teologie uiteraard gerig op die samelewing (Heitink, 1999:6-18, 167-170; Cottingham, 2003:2).

### **2.3.2 Praktiese teologie as theologiese wetenskap**

Heyns & Pieterse (1998:06-12) stel dat Praktiese Teologie as theologiese wetenskap die bestudering van die geloofshandelinge van mense en menslike uitsprake oor God is. Praktiese Teologie verleen 'n bepaalde perspektief op teologie in die geheel, formuleer prakties-teologiese teorieë toepaslik vir die praktyk, evaluateer hierdie teorieë en ontwikkel as kritiese teorie van die praksis nuwe teorieë vir die praktyk deur middel van wetenskaplike metodes, indien dit nodig sou word. As theologiese wetenskap fokus die Praktiese Teologie op die tussenganger se rol om mense die evangelie te laat aanhoor, begryp en hul eie te maak, totdat dit in hul lewens gestalte kry. Teologie is dus nie net die wetenskap van die kennis van God nie, maar ook 'n aanduiding van die proses van die leer ken van God (Firet, 1977:14).

Praktiese Teologie as 'n praktyk-georiënteerde wetenskap (Mette, 1978:9) se teorie-kritiek en teorie-ontwikkeling kan slegs geskied deur die gebruik van toepaslike wetenskaplike ondersoekmetodes (Heyns & Pieterse, 1998:21). Teen die agtergrond van die handelswetenskaplike benadering, studieveld en taak van Praktiese Teologie is die empiriese metode die mees toepaslike navorsingsmetode om hierdie taak tot uitvoering te bring (Dreyer, 1991:234-236). Die empiriese metodologie binne Praktiese Teologie het 'n drieledige waarde: dit help om verskynsels akkuraat te definieer; dit het 'n verkennende, beskrywende en verklarende waarde; en derdens help dit om teorieë nouer by die praksis te betrek (Heyns & Pieterse, 1998: 73-74).

Nel (1991:25) verduidelik die verhouding teorie/praksis in die Praktiese Teologie as 'n kreatiewe bipolêre spanningsverhouding waarbinne die theologiese teorie en die huidige praksis met dieselfde erns bejeëri word, ter bevestiging of wysiging van die bestaande teorie, asook ter bestendiging of verandering van die praksis.

### **2.3.3 Die plek van die Skrif in Praktiese Teologie**

Burger (1991:59) identifiseer drie moontlike benaderings in Praktiese Teologie wat aansluit by Skrifopenbaring, naamlik 'n diakonologiese of konfessionele benadering, 'n korrelatiewe of handelingswetenskaplike benadering, en 'n kontekstuele benadering. Die Skrif funksioneer normatief en regulatief ten opsigte van die verbond tussen God en mens in die konfessionele benadering. In die handelingswetenskaplike of korrelatiewe benadering word die Skrif erken as enigste kenbron, selfs al funksioneer dit op 'n meer indirekte wyse. In die kontekstuele benadering is die fokus op die sosio-politiese en kulturele transformasie van die samelewing. In die lig van die taak van die Praktiese Teologie word daar vir hierdie studie besluit op die handelingswetenskaplike benadering tot die vakgebied omdat Skrifopenbaring in hierdie benadering in verband gebring word met empiriese insigte vanuit die sosiale wetenskappe (Heitink, 1999:113; Pieterse, 1993: 48, 104-120).

Volgens Louw (1999a:44-45) is die klem in teologie in wese op die teleologie, bedoelende die "prosesmatige wat fokus op 'n spesifieke doel", en in pastorale teologie spesifiek "... om elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus te bring" (Kol 1:28). Die feit dat Christus se opstanding dié sinsdimensie aan die lewe verskaf (1 Kor 15:20) plaas die Skrif dus in 'n ononderhandelbare sleutelposisie met betrekking tot die fokus van 'n prakties-teologiese praktykmodel vir navorsing.

Venter (1988:32) se gevolg trekking in hierdie verband is dat indien die versoeningswerk van Christus die sentrale moment en fundering van pastorale gesprekvoering is, die Woord van God daarom die sentrale plek binne die proses moet beklee.

### **2.4 DIE SKRIF AS KENBRON VAN BASISTEORIE**

Volgens Venter (1993:249-251) is die bron van kommunikasie in die ontginning van basisteoretiese perspektiewe die Skrif self. Daar bestaan 'n noue verband tussen hierdie gevolg trekking en die uitspraak in 2 Tim 3:16 dat:

"Die hele Skrif deur God geïnspireer (is) en groot waarde (het)  
om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede  
reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."

Die goddelike inspirasie, gesag en foutloosheid van die Bybel word egter toenemend bevraagteken vanuit sekere teologiese geleidere. In hierdie verband konstateer Spangenberg (1996:3) byvoorbeeld dat dele van die Skrif gebaseer is op mites en dat die kerk mense toestemming behoort te gee om lewenssin in ander godsdiensste ook te soek.

Mack (1998:72) wys egter op die gevare van menslike maatstawwe en kennissoektogte wat die Skrif uitsluit, omdat menslike insigte subjektief is. Die mensdom is sedert Adam (Gen 1:26-28) van God afhanklik vir kennis aangaande God en ook vir wysheid rakende goed en kwaad. Geen gedeelte van menslike funksionering het ontkom aan die gevolge van die sondeval (Gen 3) nie (Matt 15:19; Rom 1:18, 22, 25, 28; Kol 1:21). Die Skrif alleen is volmaak, seker, korrek, gesaghebbend, rein, meer aanloklik as goud, vol waarskuwings, beskermend teen versoeking, en vol van insigte rakende God en mens (Ps 19:7-11; Jes 8:19-20; Ps 12:6-7; Ps 18:30-31; 2 Tim 3:14).

Volgens Lindsell (1976:19-20) is die oorwoë Skrifbeskouing deur die eeu heen op die absolute foutloosheid, goddelike oorsprong en gesag van die Woord gebou, en is aanvaar dat foute slegs deur byvoorbeeld transkribering kon insluip. Volgens Packer (1979:7) was die Kerkhervormers ook oortuig dat God Sy Woord deur middel van menslike geskrifte bekendgemaak het. 'n Deurlopende karaktertrek van die Ou en Nuwe Testamente hou verband met die feit dat dit genoegsame bewyse bied as inderdaad die gesaghebbende Woord van God. So het die geskrifte van die profete hul oorsprong in die woorde van die Heilige Gees wat direk aan hulle oorgedra is (Carson & Woodbridge, 1983:35-39).

De Klerk en Van Rensburg (2005:3) beskryf die Skrif as die "amptelike stem" van God, sodat deur die krag van die Bybel mense beraad kan word en tot getuienis gebring kan word van God se groot dade. Die Heilige Gees bied hierin die leiding en verligting. In hierdie studie word daar ten nouste aansluiting gevind by die standpunt dat die Bybel gesag het en betroubaar, genoegsaam en duidelik is (vgl. Nederlandse Geloofsbelofte Art 2-7). Die Woord het gesag omdat dit deur God geïnspireer is (vgl. 2 Tim 3:16).

#### **2.4.1 Die Skrif as Woord van God**

Die woord *Skrif*, (γραφη), wys in die Nuwe Testament baie pertinent heen na die Ou-Testamentiese geskreve Woord. Paulus se verwysing in 2 Tim 3 na die *heilige geskrifte* (ἱερὰ γράμματα) het dieselfde betekenis as die vyftig verwysings na *graphē* (γραφη) in die Nuwe Testament (Guthrie, 1983:162; Mounce, 2000:565). In ten minste twee gevalle, 1 Tim 5:18 en 2 Pet 3:16, sluit *graphē* ook van die Nuwe Testamentiese geskrifte in (Grudem, 1983:39).

Volgens Mounce (2000:565-570) wil God deur die Skrif as versameling geskrifte Homself aan mense bekend maak. Op hierdie wyse wil Hy ook Sy wil uitspel vir mense se verhoudinge met Homself, met hulself en met mekaar onderling. Die waarde van die Skrif as geopenbaarde Woord van God gerig op die mens is dus daarin geleë dat dit in die waarheid wil onderrig, dwaling bestry, verkeerdhede regstel, en 'n regte lewenswyse wil kweek (2 Tim 3:16).

#### **2.4.2 Die gesag van die Skrif**

Die Griekse woord vir *inspirasie*, θεόπνευστος, wat net eenmalig in die Nuwe Testament voorkom, beteken letterlik binne die konteks "God-geadem." (Louw & Nida, 1993:418). Die metaforiese betekenis hiervan is dat daar gespreek is. God is die Een wat gespreek het, en die Ou-Testamentiese geskrifte is God se woorde in geskreve vorm (Grudem, 1988:3:39). Die gesag van die Skrif is dus daarin geleë dat God self by die opstel daarvan betrokke was deurdat Hy die Woord 'ingegee' het aan die skrywers daarvan.

#### **2.4.3 Die waarde van die Skrif in die pastorale begeleidingsproses**

Volgens Paulus (in Rom 1:16) het die Skrif groot waarde as instrument in die pastorale begeleidingsproses: "Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo ..."

*Evangelie* (ευαγγέλιον) verwys na die goeie nuus soos aangekondig in die Nuwe Testament met spesifieke verwysing na Jesus Christus (Louw & Nida, 1993:413). Die skakel tussen die evangelie as 'n *krag* (δύναμις) van God tot *redding* (σωτηρία) van elkeen wat *glo* (πιστύω) is daarin geleë dat hierdie krag se intrinsieke kenmerk en wese die geregtigheid van God is. "... redding van elkeen wat glo ..." omvat vergifnis van sonde asook restourasie of heelwording van alles wat deur sonde geskend is. Die Evangelie bied dus ten diepste 'n kwaliteit wat nêrens anders te vind is (Harrison,

1980:19). Die geloof is dus "... die weg wat God vir Homself deur Sy Woord baan in die hart van die mens in..." (Jonker, 1983:31).

## **2.5 ENKELE VERHELDERENDE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN PASTORALE BERADING**

Volgens Firet (1987:31) fokus Praktiese Teologie op die mediasie van die Christelike geloof deur God se komste na die wêreld in die gestalte van Christus. Die Seun se ervaring van Godverlatenheid deur die Vader tydens die kruisgebeure demonstreer die pastoraat as die ontmoetingsgestalte van die evangelie, as God se onvoorwaardelike liefdesaksie en -uitreiking na die mens. Pastorale berading vergestalt op hierdie wyse God se verbondstrou soos vervat in die heilsgebeure (Louw, 1999a:54; Heitink, 1999:9; Murray, 1979:78).

### **2.5.1 Bipolariteit binne die pastoraat**

Met Heitink (1984:75) se definisie van die pastoraat as hulpverlening stel hy die dimensie van bipolariteit aan die orde. Volgens Heitink moet die pastoraat sy eie identiteit binne die spanningsverhouding met grenswetenskappe soos die sielkunde, sosiologie, psigiatrie en maatskaplike werk definiéer. By implikasie maak die pastoraat gebruik van geloofs-*apriori*'s wat nie empiries verantwoordbaar is nie. Dit beklemtoon die spanning tussen teologie en empirie; pastoraat en sielkunde; openbaring en ervaring; geloof en godsdiens; sielsorg en psigoterapie.

Hierdie spanning toon die verskil aan tussen twee verskillende werklikhede, naamlik die openbaringswerklikheid wat die geloofsaspek omsluit, teenoor die fenomenologiese werklikheid wat op die ervaringsdimensie fokus; 'n teologie van geloofsontwikkeling teenoor 'n sielkunde van selfbeeldontwikkeling; geloofsontsluiting teenoor potensiaalontsluiting. Onties gesproke is beide werklik, maar nie gelyksoortig nie. Die integrasiepunt tussen openbaring en eksistensie is kennelik gesetel in die ontmoetingsgestalte van die evangelieboodskap spesifiek en die inwonende werklikheid van die Heilige Gees. Hierin word die belang van 'n theologiese antropologie verwerklik, naamlik dat die Gees deur die skepping en die skepsel werk. Maar, in die finale analise

"... bepaal die openbaring kwalitatief gesproke die aard en bestemmingsfunksie van die mens, die geskiedenis en die ganse kosmos" (Louw, 1999a:15).

Rebel (1988:387) is daarvan oortuig dat die Evangelie menslike vlees deurboor en in die menslike siel geanker word, wat op 'n dialogiese teologie neerkom. Louw (1999a:19-20) vul hierdie bipolêre model verder aan met 'n eskatologiese perspektief ten einde wederkerigheid te beklemtoon, asook ter aanduiding van die eiesoortige struktuur van die teologie, naamlik dié van belofte-in-vervulling. Dit sluit die wisselwerking van 'alreeds en nog nie' in. Dit bewerkstellig ook skakeling met Louw se konvergensiemodel wat dui op God se funksiebestemming met die mens na aanleiding van Sy heilshandelinge met die mens. Dit is dan ook hierdie sinhorisonne waartoe die geloofsvervremde persoon pastoraal begelei moet word, wat tereg sy klimaks bereik in die ontdekking en toeëiening van die inhoud van die eskatologiese perspektief, soos vergestalt in die heilservaring.

Die wesentlike verskil tussen psigoterapie en pastorale begeleiding is vir Veltkamp (1988:229) geleë in die onderskeid wat getref word in die teologiese hermeneutiek van die pastoraat. Terwyl die psigoterapie hermeneuties luister na menseverhale, werk die pastoraat bykomend tot die menslike verhaal ook met God se verhaal in die Evangelie van Christus. In die lig hiervan is beide Allender (2005:50-54) en Louw (1999a:133) van mening dat die pastoraat ten diepste betrokke is by die tegniek van verhaalanalise, dat dit die identiteit van die pastoraat direk raak en dat dit saamhang met die pastoraat as hermeneutiese proses. Die klem word in hierdie proses geplaas op die soek na die betekenis van die mens se lewensverhaal in die lig van God se verhaal. Die inherente verskil tussen die twee terapeutiese benaderings is dus in wese die pastoraat se vertolking van die heil van God in Christus.

### **2.5.2      Pastoraat as heilsbemiddeling**

Die pastoraat as heilsbemiddeling van die Evangelieboodskap is 'n gespreksmatige gebeurlikheid. Dit hou 'n bepaalde pastorale belofte van hoop in vir die geloofsvervremde persoon in nood, op wie daar in besonder in hierdie proefskrif gefokus word. Konfrontasie met trauma skep 'n unieke geleentheid vir die geloofsvervremde om deur die bemiddeling van heil tot heilservaring ter volle genesing te kom. In hierdie verband is dit ook so dat die pastorale ontmoeting enersyds God se onvoorwaardelike genade vergestalt, en andersyds die mens oproep tot verantwoordelikheid en gehoorsaamheid. Die pastorale ontmoeting besit hierdie unieke element van hoop binne die konteks van die heilsgebeure en dit bewerk dan ook verandering - as God en die mens ontmoet, laat die heil 'n gebeurlikheid plaasvind.

Tacke (1975:139) verwys treffend na die pastoraat se vertolking van die heil as heilsaanvaarding in Christus. Volgens Louw (1999a:58) omvat die proses van heilsbemiddeling spesifieke aspekte. Dit sluit die belofte vanuit die Skrif in rakende toesegging en aanspraak via die pastorale ontmoeting, troos wat die mens laat deel in die heil, en God se sorg en *agape*-liefde wat vergestalt word deur empatiese ondersteuning en doelgerigte begeleiding. Konfrontasie met die gegewe van die mens se sondige toestand geskied ter ontwikkeling van geloofsvolwassenheid in Christus.

In teenstelling met Pattison (1988:132) se waarskuwing teen die oormatige gebruik van die Skrif as absolute gesag, is die essensie van die pastorale ontmoeting volgens Stone (1988:55,76) tweeledig: eerstens, die kommunikering van die Woord van God aan die mens, en tweedens die begeleiding van hierdie persoon tot die vestiging van 'n verhouding met God. In wese is die pastoraat as heilsbemiddeling dus God se uitreik na die mens ten einde die toekoms vir hierdie persoon te ontsluit.

### **2.5.3 Pastoraat in eskatologiese perspektief**

Die pastorale begeleiding tot geloofsvolwassenheid sluit vir Collins (1988:16) bekering in, sodat die beradene ander ook tot dissipelskap kan begelei as deel van die uitbreiding van God se koninkryk op aarde. Eenheid met Christus en progressiewe heiligmaking kenmerk die vrug van pastorale berading (Powlison, 1994:58; Murray, 1979:170).

Binne die raamwerk van sy konvergensiemodel bied Louw (1984:11-26) vanuit 'n eskatologiese perspektief 'n normatiewe benadering tot pastoraat. Daarvolgens is oorwinning oor krisisse, sonde en die dood moontlik. Die konvergensiemodel plaas die klem op die heil wat ontologies, dogmaties en deduktief is; in hierdie narratief het God die laaste seggenskap.

Louw (1999a:86) beskou die eskatologie as 'n 'kritiese, normatiewe faktor' in die pastorale teologie wat impliseer dat die pastoraat bewustelik gerig word op die toekomstige Koninkryk van God. Deur middel van 'n spesifieke analyse en diagnose wil die pastoraat by wyse van die hermeneutiese (verklarende) metode die heilsaard binne die God-mens verhouding vertolk. In aansluiting hierby wil die pastorale diagnose die kwaliteit van geloofsvolwassenheid bepaal met die oog op 'n toepaslike pastorale ontdekking van lewenssin. Die eskatologiese perspektief laat die heil vir Louw

(1999a:87-132) gevvolglik promissiologies realiseer binne die promissioterapie, waarvolgens God se beloftes aan mense bedien moet word.

## 2.6 DIE PARAKLESE METAFOOR IN PASTORALE BERADING

Binne die raamwerk van die pastorale teologie is die aanwending van 'n toepaslike Bybelse metaforiese beeld effektief in die konkretisering van die onbekende (openbaring) vanuit die bekende (die skepping) ter wille van singewig aan die persoon in nood (Louw, 1999a:23).

Die eiesoortigheid van 'n pastorale hermeneutiek is geleë daarin dat die ontmoetingsgestalte van die heil verstaan en vertolk word in terme van dienskneg-, wysheid-, herder- en paraklesemetafore vanuit die Christelike oogpunt van hulpverlening, sorg en troos (Louw, 1999a:132). Binne die konteks van hierdie studie vind die paraklesemetafoor aansluiting by die hulpverlening aan die geloofsvervreemde.

### 2.6.1 Definiëring van paraklese

Παράκλητος (parakletos), die Griekse benaming vir die Heilige Gees, duï op hulp deur vertroosting, aanmoediging of bemiddeling namens die boodskapper (Louw & Nida, 1993:142). Louw (1999a:30) wys op die belang daarvan dat *parakletos* in die Skrif enersyds die soteriologiese aspek van Jesus se soendood aandui (1 Joh 2:1), en andersyds die werk van die Heilige Gees wat Jesus se werk op aarde voortsit en verwerklik. Die werkwoord *parakaleo* (παρακαλεω) in Grieks bevat egter beide die elemente van vertroosting en vermaning. In Joh 14:26 word verwys na die Heilige Gees as die Voorspraak (Helper, Intersessor, Advokaat, Ondersteuner), en Joh 14:17 verwys na die Gees van die waarheid. Joh 16:13 verwys daarna dat die Gees die mens in die volle waarheid sal lei en die wêreld as skuldig sal bewys, van reg sal oortuig, asook van die feit dat die oordeel kom (Joh 16:8). Paraklese (παρακλησις) duï volgens Heitink (1984:294-299) ook op die aspek van bystand te midde van lyding.

Rom 15:4 verbind die parakletiese funksie van bemoediging aan die Skrif se belofte van heilgewing in Christus ten einde hoop te bewerkstellig. Hierdie parakletiese werksaamheid geskied vanuit God se genade in ooreenstemming met die bedoeling van die Skrifte (Louw, 1999a:30). God wil deur middel van die Skrif tydens die pastorale ontmoeting in die mens se totale lewe inkom. In die 'paraklese' kom neem

God deur die Heilige Gees besit van die lewe van die lydende om in hom woning te maak (Firet, 1974:91-101; Gilbert & Brock, 1985:24-29).

Volgens Louw (1999a:132) vertolk die pastorale paraklese ook die troos in Christus. God se sorg open 'n sin-horison wat tot hoop aanleiding gee vir die persoon in nood. Hierdie hoop-benadering stel die persoon in nood daartoe in staat om tot geloofsvolwassenheid te ontwikkel. Die troos wat voortspruit vanuit God se nabheid en empatie met die mens se nood vorm die dinamika binne die pastoraat ten einde die verbondsmatige ontmoeting tussen God en die mens te verstaan (Mounce, 1995:184-193).

Volgens Firet (1977:55) bring die dinamiek van die komst van die koninkryk van God deur middel van die pastoraat 'n geloofsbeslissing in mense se lewens teweeg. God bewerk enige beproeing ter verwesenliking van Sy plan vir die mens se lewe, sodat niemande die gelowige kan skei van Gods liefde in Christus nie (cf. Rom 8:18-39; Van Rensburg, 1993:1742).

### **2.6.2 Die pastorale paraklese**

2 Kor 1:3-4 en 1 Tess 5:14 beskryf die parakletiese funksie van die pastoraat. Παράκλησις (paraklesis) dui op God se Evangelieboodskap wat ter opbou en bemoediging gekommunikeer word aan die nooddende en moedeloze persoon (Louw & Nida, 1993,306). Die gelowige kan mense in beproeing bemoedig (paraklese) met dieselfde bemoediging (paraklese) waarmee God die gelowige bemoedig (paraklese). Die paraklesemetafoor omsluit die mens se bewuswording van God se barmhartigheid en liefdevolle uitreik, asook Sy oproep tot geloofsverantwoordelikheid.

Louw (1997:215) beskou die pastorale paraklese as 'n dinamiese, dialogiese ontmoeting waardeur die heilsboodskap van die Skrif op die mens in sy maatskaplike konteks toegespits, gekonkretiseer en gerealiseer word. Op grond van die heilswerk van Christus en langs die weg van die bemiddeling deur die Heilige Gees word die mens onherroeplik wederbaar om as nuwe skepsel in Christus verantwoordelikheid te aanvaar ter groei in geloofsvolwassenheid, ter voorbereiding vir die wederkoms van Christus en gerig op die toekomstige Ryk van God.

### 2.6.3 Die pastorale paraklese en die geloofsvervreemde

Die pastorale paraklese skep vir die verwonde geloofsvervreemde persoon die geleentheid vir nuwe geloofshorisonne tydens 'n tydperk van intense worsteling met die essensie van sy bestaan en weerloosheid as mens. Binne hierdie situasie word nuwe horisonne geopen deur die pastorale begeledingsproses van troos, singewing en versoening met God in Christus (De Klerk, 1978:12-14).

In aansluiting by Karl Barth wat weg beweeg het van die liberale sogenaamde "teologie in krisis," en ten einde die weg te baan vir 'n nuwe theologiese paradigma (Bosch, 1991:350), ontstaan die dialektiese teologie waarbinne Thurneysen (1963) sy poimenetiese model vorm. Die gevolge van die dialektiese teologie vind vervolgens in die pastoraat gestalte in die kerugmatiese benadering. Volgens hierdie benadering is God die Heilige en Almagtige, terwyl die sondaarmens in dié verhouding in 'n ondergesikte posisie staan (Jonker, 1968:20-22). Volgens Thurneysen (1963:179-199) is God die enigste handelende Persoon in pastoraat. Binne hierdie benadering is gebed en die werking van die Heilige Gees die drakrag van die pastoraat. Hierdeur word in die pastorale ontmoeting erken dat hulp slegs van God se genade afhanklik is.

Trinitaries het die pastorale paraklese vir Louw (1999a:30-38) te make met die drieledige karakter van die Drie-enige God, naamlik die Vaderlike ontferming, die Middelaarsversoening en die Pneumatologiese bystand.

Die Griekse term *oikirmos* (οίκτιρμος) of ontferming, omsluit medelye en genadebetoon soos vergestalt deur God se innige meegevoel met die mens in sonde en ellende - geleef in vvreemding van God se aangesig - soos geopenbaar in Christus. Die pastoraat as heilsbemiddeling dra God se Vaderlike ontferming soos uitgedruk in Christus se lyding oor as identifisering met die mens in krisis.

Christus se plaasvervangende werk vir die mens in Sy kruisiging, sterwe en opstanding vorm die kern van die Middelaarsversoening. Die rol van die Parakleet, die Heilige Gees, die Trooster, kan ook met die juridiese funksie van 'n advokaat geïnterpreter word as trooshulp vir die gelowige. In lewe en in sterwe het die gelowige die sekerheid dat daar hulp, troos en oorwinning is in die versoenende Middelaarswerk van Jesus Christus.

## 2.7 DIE PNEUMATOLOGIE SE ROL BINNE DIE PASTORAAT

Die pneumatologie sluit die Persoon en die werking van die Heilige Gees in. Die pneumatologie plaas die klem op geloofsgroei deur die werking van die Heilige Gees wat tot die persoon in nood spreek en nuwe insigte bewerk. Sy werk is soewerein omdat Hy wederbaar en heilig is (Adams, 1980:196).

Die pneumatologiese bystand deur die Heilige Gees vorm die kern van pastorale bemiddeling. Aangesien die pneumatologie eintlik die spanningsveld aandui waarbinne die Skrif funksioneer en gevestig staan, is God self binne die pastoraat daarop gerig om die mens te vind (Firet, 1974:154-176). In die uitstorting van die Heilige Gees betrek God die mens in die voortgang van Sy handelinge (Heitink, 1984:126-134). Hierdie koinonia en omgee vergestalt, volgens Louw (1999a:35), die konkrete werklikheid van God se liefdesgenade, heil en genesing.

Pneumatologie is onontbeerlik vir die theologiese ontsluitingsproses. Dit is slegs vanuit die pneumatologie dat die getraumatiserde geloofsvervreemde persoon sy herstelde menswees deur die versoening met God op grond van die voltooide werk van Christus aan die Kruis terugvind, en voor God se aangesig kan lewe. Die pastorale proses bied die raamwerk waarbinne menslike samewerking gekoppel word aan die aktiewe betrokkenheid van die Heilige Gees, gevvolg deur verlossing, bevryding, die vermoë tot vergifnis en genesing (Rebel, 1981:208, 224-225).

Louw (1999a:18-19) beklemtoon die belang van die pneumatologiese perspektief ten einde te voorkom dat daar 'n onhoudbare komplementariteit ontstaan wat onversoenbaar is met bipolariteit in die pastoraat. Hierdie beginsel van bipolariteit bevat 'n korrelasiemoment wat binne die geloofsaspek in die verhouding tussen God en mens relasioneel en dialogies verstaan moet word. 'n Dinamiese theologiese metode van omskrywing onderlê dié spanning. In wese is die oorwig aan die Goddelike pool gesetel: saamsmee (samehang) en uitmekaarhou (verskil en eiesoortigheid). In beginsel is God en mens, onties gesproke, verskillend. 'n Pneumatologiese inwoning volg op die relasiestigting tussen God en die mens deurdat God deur Sy inwonende Gees die menslike liggaam Sy inwonende tempel maak.

## **2.8 BELANGRIKE ANTROPOLOGIESE PERSPEKTIEWE**

### **2.8.1 Die konstruksie van ‘n Skrifgefundeerde mensbeeld**

Die pastorale vakgebied se beplanning, benadering, metode en oogmerk omvat ‘n spesifieke strategie wat ten nouste verbind is aan die teologiese karakter van die dissipline. In noue aansluiting by die grondliggende basisteorie betreffende kennis van God, speel die bepaalde mensbeskouing ‘n kardinale rol.

Binne die praktiese teologie staan die ontwerp van ‘n teologiese antropologie sentraal, daar dit op die hermeneutiese gerig is wat betrekking het op geloof in God asook op die mens se soeke na sin in sy lewensbestaan op aarde. Hierdie gedeelte fokus vervolgens dus op die konstruksie van ‘n Skrifgefundeerde mensbeeld vanuit die Sistematiese en Praktiese Teologie.

McMinn (1996:35) en MacArthur & Mack (1994:102, 363) beklemtoon dat die bediening aan die mens slegs binne die Bybels-antropologiese gegewe sy doelwit dien. Godsbegrip plaas die mens se selfgerigtheid en die krisis van sy sondige toestand in perspektief. Volgens Meier en Clements (2005:27) kulmineer hierdie nuutgevonde Godsbegrip in ‘n omruiling van die proses van eksternalisering ter bevestiging van menswees vir erkenning, tot ‘n internalisering van wie die mens is vanuit sy identiteit in Christus. Crabb (2003: 92-98) beskryf hierdie proses as die vervanging van selfbeheptheid met ‘n gerigtheid op God.

In sy bespreking van ‘n teologiese antropologie teen die agtergrond van ‘n praktiese-teologiese besinning, fokus Venter (1996:16) spesifiek op twee aspekte wat prominensie hieraan verleen. Hierdie aspekte sluit die religieuse grondmotief en die mens se hart as kern van religieuse funksionering in. Eerstens is hierdie voorwetenskaplike religieuse grondmotief daarin gefundear dat die Skrif die openbaring van ‘n integrale skepping, ‘n radikale val en ‘n radikale verlossing in Jesus Christus is. Die vermelde grondmotief rig enige besinning oor ‘n pastorale antropologie op primêre wyse. Tweedens rig die mens sy totale lewensbestaan - sy hart - óf op God óf op ‘n afgod. Die hart verwys hier na die mens se sentrum van lewe, en sluit sy denke, wil, insig, emosies en gedrag in (Den Heyer & Schelling, 2001:176-182).

Louw (1999a:157) omskryf die pastorale antropologie as :

“... ‘n verstaan van die mens, met die oog op die normatiewe gerigtheid van sy bestaan en toekomsdimensie, ... die ontplooiing van die mens se geloofsvolwassenheid ”.

‘n Teologiese antropologie is dus gerig op die verband tussen God en mens vanuit ‘n geloofsperspektief.

Louw (1999a:174) beklemtoon drie kernaspekte in ‘n Bybelse beoordeling van die mens as skepping van God, naamlik die wesenlike aard van die mens as skepsel van God; die kwaliteite wat die mens se menswaardigheid bepaal; en die doel, rigting, sin en bestemming van die mens se bestaan.

Heitink (1992:82) onderskei tussen die lig wat die Skrif op die mens werp en ‘n psigologiese verstaan van die mens. In Heitink (1992:108) se ‘eerste’ antropologiese konsensus plaas hy die fokus op die hele mens: liggaam, siel, gees in bewustelike of onbewustelike verbondenheid met sy waarde-georiënteerde leefwêreld, gewikkeld in ‘n ontwikkelingsproses op weg na selfverwesenliking.

Heitink (1992:109) se ‘tweede’ antropologiese konsensus sluit aan by resultate gemik op die verstaan van die mens vanuit studieresultate binne die gedragswetenskaplike raamwerk. Hiermee poog Heitink om die teologie en grenswetenskappe se antropologieë te integreer tot een antropologiese verstaan van, en hulpverlening aan die mens. Tog wys Heitink (1992:111) daarop dat die gegewens vanuit die Skrif aangaande die mens nie as ‘n wetenskapsleer oor die mens beskou moet word nie. Volgens Heitink is die Christelike antropologie ‘n samesmelting van die Skrifbeskouinge op die mens, insigte vanuit die wysbegeerte en ander wetenskaplike insigte rakende die mens.

‘n Skriftuurlike mensbeskouing fokus veral op die volgende vyf aspekte: geskape wese, liggaamlike wese, religieuse wese, psigologiese wese en eenheidswese. Vervolgens word daar kortliks gefokus op elk van hierdie vyf aspekte.

### **2.8.2 Die mens as geskape wese**

Verskeie Skrifgedeeltes beskryf die geskapanheid van die mens. Ten eerste, Gen 1:26:

"Toe het God gesê: Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

Ten tweede, Gen 2:7:

"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."

Volgens Van Gemeren (1997:810) is daar twee betekenisse vir die Hebreeuse term *tselem* (צֶלֶם) wat "beeld" beteken. Ps 39:6 beskryf die mens as 'n *skaduwee* of *skim*, "... a mere phantom ..." (cf. NIV Study Bible, 1985:825). Gen 1:26 gee egter die klassieke vertaling van die betekenis van *tselem* weer as *beeld van God*.

Die geskapanheid na die *gelykenis* (תְּמִימָה, of *demuth*) van God dui in die Hebreeus nie liggaamlike of geestelike gelykenis aan nie, behalwe dat die mens in die gelykenis van God heers oor die skepping. Die hoofsaaklike doel van die twee begrippe *beeld* en *gelykenis* is die verwoording van die mens se heerskappy oor Gods skepping (Van Gemeren, 1997:967-969).

McMinn en Campbell (2007:26-33) benadruk die funksionele, strukturele en relasionele perspektiewe van hierdie geskapanheid na die beeld en gelykenis van God as refleksie op die Godheid se wese. Die funksionele aspek het betrekking op die versorging van die skepping asook die ontginning van die aarde se potensiaal. Die strukturele aspek omvat die majestieuse van die Godheid gereflekteer in die mens se sin vir geregtigheid, genadebetoon teenoor ander, en 'n behoefte aan verhoudinge met sy medemens. Die relasionele aspek van die mens reflekteer die relasionele karakter en aard van God. God verbeeld tydens die Skepping 'n verhouding met die drie Persone van die Godheid as Hy sê: "Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis..." (Gen 1:27). Die skepsel is ook geskape in verbondenheid as man en vrou. Die relasionele aspek omvat dus in wese die verhouding met mekaar en die verhouding met God.

Van der Walt (1990:3) beskryf die mens as God se meesterstuk, en Van Pelt (1999:193, 227) beskou die mens as die hoogtepunt van die skepping. Die mens is egter nie die middelpunt van die skepping nie; dit is “God om Wie en door Wie alle dinge bestaan (Heb 2:10, Op 4:11).”

Die skepsel word tydens die skepping in ‘n verbondsverhouding asook ‘n harmonieuse eenheid met God geplaas (Byl & Visker, 1999:53-62). Hierdie unieke verbondenheid impliseer ‘n afhanklikheid van God asook ‘n lewensdoelmatige bestaan as beeld van God voor sy aangesig (Louw, 1999b:46-47; Van Pelt, 1999:200; Van Wyk, 2001:55).

Rom 1:23 verduidelik dat die mens in wese geskep is deur God om Hom te eer en te verheerlik. Volgens Van Pelt (1999:226-227) plaas die Godgeskapenheid van die mens hom nie slegs in ‘n bepaalde verhouding tot God nie, maar onderskei dit die skepsel ook van alle ander geskape wesens op aarde weens sy uniekheid. Anderson *et al.* (2000:85) stel dat die Godgeskapenheid van die mens meebring dat hy medeverantwoordelik is om sy lewe in te rig volgens God se wil. In die mens se geskapenheid na die beeld en gelykenis van God en sy lewe op aarde is sy uiteindelike bestaansbestemming dus slegs te interpreteer vanuit sy verhouding tot God (Vosloo, 1993:10).

CJH Venter (soos aangehaal deur Minnie, 2003:37) kom tot die slotsom dat die mens (liggaam, siel en gees) na Gods beeld geskape is, met die implikasie dat die mens in ‘n volmaakte verhouding met God en medemens kon leef. Voor die sondeval vertoon die mens gevvolglik op ‘n volmaakte wyse ‘trekke’ van God. As geskapene na die beeld van God kon die mens ook vir God sowel as medemens op ‘n volmaakte wyse dien (Gen 2:15).

### **2.8.3 Die mens as liggaamlike wese**

Geskapenheid het betrekking op die fisiese en liggaamlike dimensies. Die liggaamlike impliseer die sintuiglike van die mens, naamlik die gehoor, reuk, smaak, sig en tas (Joubert, 2004:20). Die liggaamlike herinner die mens aan sy aardverbondenheid en gepaardgaande hardearbeid, pyn, genietinge, beperkinge, sy stoflike aard en sy sterflikheid.

Louw (1997:200) verduidelik die liggaamlike van die mens op die volgende wyse:

Liggaamliekheid is dan 'n aanduiding van die feit dat die menslike persoon in sy daaglike lewensoriëntasie sy motiewe en doelstellings via sy liggaamlike bestaan tot uitdrukking bring en daar mee homself binne verhoudinge kenbaar maak.

As liggaamlike wese gee die getraumatiseerde geloofsvervreemde mens binne verhoudinge uitdrukking aan sy soeke na heil, en by hierdie aspek moet pastoraal aansluiting gevind word.

Volgens Heyns (1981:121) is die Skrif se openbaring oor menswees in wese *lewendwees-in-liggaamliekheid*. Hierdie menswees in 'n lewende liggaam is 'n gawe van God. Drie aspekte van die geskopenheid van die mens word ondersteekp. Eerstens behoort die liggaam aan die Here (1 Kor 6:13) en is daar vir die Here wat ook oor die liggaam Here is. Tweedens woon die Heilige Gees in die liggaam (1 Kor 6:19) wat 'n tempel van die Heilige Gees is. Derdens sterf die liggaam eenmaal en daarna word die natuurlike liggaam gesaai en as 'n geestelike liggaam opgewek (1 Kor 15:42-49).

Die ervaring van fisiese pyn is sinoniem met die mens as liggaamlike wese en word deur Meier en Clements (2005: 26) as Godgegewe funksionaliteit geïllustreer, dikwels ter geestelike groei en in belang van toenemende volwassewording in Christus.

#### **2.8.4 Die mens as godsdienstige wese**

As Godgeskapene is die mens in 'n unieke verbondsverhouding met God geplaas (Byl & Visker, 1999: 52-62). Die mens is as godsdienstige wese in staat tot 'n geestelike lewe in verbondenheid met God (König, 1991:21). Hierdie aspek omvat geloof in God, vrees vir God, gehoorsaamheid aan God, dank teenoor God, vryheid voor God en verantwoordelikheid teenoor God (Van Wyk, 2001:56).

Die gees van die mens omsluit die mens se geestelike lewe. Dit is die woonplek van die Heilige Gees. As geestelike wese beskik die mens oor 'n *gewete*, wat die mens in staat stel om tussen reg en verkeerd te onderskei. Hierdie wesenskenmerk stel die mens ook in staat tot *geestesgemeenskap*, in die aanbidding van God (Joubert, 2004:20).

Hierdie religieuse karaktertrek is allesomvattend en beslissend vir menswees. Louw (1997:181) noem dit die *coram Deo*, die werklikheid van leef voor Gods aangesig. Berkouwer (1957:213) stel dat:

“... het kenmerk van het Bijbelse mensbeeld, dat hierin de mens in al de creatuurlijke verbanden in zijn verhouding tot God aan de dag treedt...”

Van Pelt (1999:227) onderskei tussen die mens se oorspronklike geskapanheid na die beeld van God voor die sondeval, die wanbeeld van God na die sondeval, die herstelde beeld van God deur die heil in Christus, asook verheerlike beeld van God na die wederkoms van Jesus Christus. Van pastorale belang is Van Pelt (1999:230) se stelling:

“Het beeld van God is nie alleen statich gegeven wat ieder mens betreft, het is tegelyk ook een doel en een opdragt, namelijk om te funktioneren als beeld van God”.

#### **2.8.5 Die mens as psigologiese wese**

Volgens Joubert (2004:20) is die siel die natuurlike lewe van die mens en omsluit dit die denke, gevoel en wil. Die mens maak op hierdie terreine keuses. Die psige en liggaamlike is verweef volgens Heitink (1992:85) en het ‘n wedersydse inwerking op mekaar - soos psigosomatiese siektetoestande tereg aantoon.

By die skepping het die mens oor Godgegewe eienskappe beskik wat inherent deel was van sy persoonlikheid. Die sondeval het die mens se intieme gemeenskap met God sodanig geskaad dat die mens se krisis dié van bedreigde lewenssin geword het. Die psigiese kwaliteite van die mens het na die sondeval in behoeftes verander. Die mens se gedragsmotivering het veroorsaak dat hy weg van God lewenssin begin soek: in mag en plesier, wat geweld en immoraliteit tot gevolg het (Crabb, 1977:61-73).

Die gedragshandelinge van die mens weerspieël sy psigiese aard. Gedragshandelinge omvat innerlike belewenisse, keuses en wilsbesluite. Die mens se gedrag is gebaseer op kennis (kognitiewe), emosie (die affektiewe), begeertes (die konatiewe) en onwillekeurige reaksies (Plug et al., 1993:8, 112).

Volgens Louw (1997:297) beskik die mens ook oor 'n morele aspek as psigiese wese, gegewe die normatiewe komponent vanuit die pneumatologiese perspektief. Waardes dien as integrasiefaktore van sedelike gedrag en verskaf aan die mens die etiese dimensie.

#### **2.8.6 Die mens as eenheidswese**

Volgens Gen 2:6 is die mens 'n lewende siel, geskape uit die stof van die aarde. Die mens het ook 'n stoflike liggaam. Derhalwe bestaan die mens uit 'n Godgeskape liggaam en siel, en is geneig om te sondig, beide na liggaam en siel. Volgens Fil 3:19 word die liggaam sowel as die siel deur Jesus Christus verlos "... om soos Sy verheerlike liggaam te word" (1983-Verwysingsbybel).

In Luk 10:29 word die mens se "hele hart", "hele siel", "hele krag" en "hele verstand" beklemtoon, na aanleiding van Deut 6:5 (Die Bybel, 1957-vertaling). Die wet van die Here beskryf die mens as eenheid, gegewe al sy fasette en eienskappe van menswees.

Welch (1991:20-21) beskou die verplasing van blaam ten opsigte van menslike gedrag deur die mediese model as die grootste bedreiging vir pastorale werk binne die konteks van die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid en skuldbelydenis. Dit blyk veral relevant te wees in die lig van die feit dat vergifnis van die mens se sonde deur God nie 'n emosie is nie (Adams, 1994:11).

#### **2.9 BYBELSE BESKOUING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE**

McMinn en Campbell (2007:31) wys daarop dat die mens se geskapanheid na die beeld en gelykenis van God by die sondeval in Gen 3 drastiese gevolge vir die *imago Dei* ingehou het. Die gevolg is dat die enigste weerkaatsing van God sedertdien in Christus te sien is.

Volgens Calvijn (1984:8-11) is die mens se karakterienskap as godsdiestige wese die *semen religionis*, wat impliseer dat 'n mens 'n inherente aanvoeling vir God het. Na die sondeval is hierdie beeld verdof en kan hierdie gerigtheid op God by geleentheid selfs tot uitdrukking kom in die hunkering na 'n god. Alhoewel Gen 9:6 tog na die mens na die sondeval verwys as 'beeld van God', is dit duidelik dat daar na die sondeval 'n vervreemding teenoor God intree. Die mens soek kennelik afstand van God en nie

andersom nie. Volgens Garlington (1993:102-103) is Adam se nageslagte, na aanleiding van Rom 3:23, in 'n toestand van vervreemding van geloof in God gebore en is hulle dus geloofsvervreemde afgodedieners.

Heyns (1974:128) stel dat die mens in gevangenskap verkeer waar hy deur die sonde beheers word (Rom 5:21; 6:14). Sondaarwees en geloofsvervreemding dui dus op dade wat deur die mens verrig word (1 Joh 3:8; Rom 5:15). Geloofsvervreemding dui gevvolglik nie op 'n passiewe aangebore toestand nie, maar op 'n aktiewe daad waardeur die erkenning van God as Almagtige Wese genegeer word deur die eie ek se soeke na suksesvolle selfbevrediging.

Die geloofsvervreemde se keuse tot sondige bestaan word deur die Skrif in die Hebreeus met die woord ἀσθμα (asham) vertaal, wat daarop dui *om te mis, teen God op te tree, krimineel op te tree* (Luc, 1997:87). Bybels gesproke kom dit daarop neer dat die mens God uittart en misken (1 Sam 19:4; 26:21). In die Grieks dui die woord ἀνήμερος (anēmeros) waarmee die geloofsvervreemde in 2 Tim 3:2-3 beskryf word, op ongetemdhed, 'n gebrek aan selfbeheersing en om die goeie te haat. Aansluitend hierby kan ook gewys word op die uitgebreide betekenis van die woord ἄγριος (ágrios) in Jud 13 wat dui op woeste stormagtigheid: "... woeste golwe van die see wat hul eie skandes laat opskuim ..." Dit word gebruik met verwysing na mense wat soos wilde branders van die see daar uitsien (Louw & Nida, 1993:229). Van Pelt (1999:238) haal Berkouwer in hierdie verband aan:

"De totale verdorwenheid van die menslike natuur wijst op discontinuïteit tussen de mens als beeld van God ... na de zondeval."

Die vernietigende uitwerking van die sondeval het meegebring dat die mens se geskapanheid as beeld van God nie meer volmaak tot uitdrukking kon kom nie. McMinn en Campbell (2007:39) haal Augustinus se frase *non posse non peccare* aan wat beklemtoon dat die mens weens sy toestand van sonde nie daartoe in staat is om *nie* te sondig nie, aangesien 'n verwrone of geskende beeld van God na die sondeval vergestalt word in die menslike wese.

Samevattend, ten opsigte van 'n Bybelse beskouing van die geloofsvervreemde persoon, kan gevvolglik gekonstateer word dat die mens se sonde, skuïdgevoelens en

ongehoorsaamheid teenoor God lei tot vrees vir verwerping en ook tot die onafwendbare straf deur God. Die mens wat eens die kroon van God se skepping was, word na die sondeval die geloofsvervreemde weens sy arrogante ongeloof en afsydigheid jeens God. Sy enigste hoop om God weer nuut te leer ken en ontsondig te word is geleë daarin dat God in Sy genade die verhouding met die mens herstel deur Sy reddingshandeling in Christus en op hierdie wyse uit soewereine genade 'n heilservaring inisieer (Crabb, 1977:60-62; Louw, 1997:161).

## **2.10 BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT TRAUMA**

Die woord 'trauma' is afgelei van 'n Griekse woord *trauma* wat 'wond' beteken. Volgens Louw en Nida (1993:231) dui 'n aanverwante Griekse woord ἀδικέω (adikeō) op seermaak of benadeel: onregverdiglik en sonder medelye. Trauma is 'n emosionele toestand van spanning en ongemak wat verband hou met 'n buitengewone, katastrofiese belewenis of incident. Onbewustelike vorige veronderstellings by die betrokke persoon dat hy trauma sal vryspring, word deur hierdie gebeure algeheel genegeer (Hicks, 1993:15; Coetzer, 2006:24). Dit is gevvolglik dikwels moeilik vir slagoffers van trauma om God opnuut te vertrou nadat hul basiese veronderstelling van die wêreld as veilige, voorspelbare en goeie leefruimte vernietig is (Allender, 1999:38).

Wanneer die mens se lewensritme deur 'n krisis of tragedie onderbreek word, besef die persoon dikwels by hernuwing die werklikheid van die geestelike dimensie van sy lewe. Hierdeur besef die mens opnuut sy Godgeskappenheid wat gees, siel en liggaam as eenheid omvat, en dat die lewe meer as die sigbare dinge behels. Die persoon moet noodgedwonge erken dat hy nie so in beheer is van sy lewe soos wat hy graag sou wou glo nie (Lampman & Shattuck, 1999:3).

Dit is duidelik vanuit die Skrif dat lyding as 'n inbreuk op die geskape orde beskou word. Die skepping was goed (Gen 1:31). Met die intrede van sonde het swaarkry, pyn, verwonding, konflik, korruptsie, haat en die dood egter gevvolg (Gen 3:15-19). Die Skrif skets die eerste traumatische gebeure in die lewe van die mens asook die nagevolge daarvan oor nageslagte heen as verwant aan ongehoorsaamheid jeens God. Volgens Gen 3 het die sondeval van Adam en Eva op al hul nageslagte 'n letsel gelaat en ook 'n verlies meegebring waarmee die mensdom eeu later, selfs tot op hede, nog worstel. Die nagevolge daarvan was eerstens te sien in die lewens van

Kain en Abel in Gen 4:8, toe die eerste moord gepleeg is (Wright, 2003:192). Hierdie moord word beskou as die eerste vorm van geweldpleging en verontregting op aarde (Schwartz, 1997: 3-4).

Volgens Hopkins *et al.* (1996:1136) sal pyn en swaarkry in die nuwe, herstelde orde van die nuwe hemel en aarde finaal vernietig wees (Op 21:4; Jes 65:17-25). Die werk van Christus aan die kruis is bedoel om die mens te verlos van sonde (Matt 1:21), lyding, korruptie en die dood (Rom 8:21; 1 Kor 15:26). Alhoewel Satan beskou word as by magte om die mens te laat ly (2 Kor 12:7; Job 1:12; 2:6), vind die swaarkry plaas terwyl die mens homself binne-in die Hand van God bevind; God oefen beheer daaroor uit en Hy laat die swaarkry toe (Am 3:6; Jes 45:7; Matt 26:39; Hand 2:23).

In die Skrif is daar talle verwysings na die volk Israel se traumatiese ervaringe en swaarkry in ballingskap (Gen 47:9; 2 Sam 14:14). Lyding is geïnterpreteer as God se bemoeienis en teenwoordigheid (Ps 39:9), sodat die dilemma ontstaan het dat die mens moes besluit in welke mate hy in die geloof leef, of andersyds rasionele verklarings vir gebeure sou naspeur (Ps 73). Waar individue se persoonlike verantwoordelikheid voor God ter sprake gekom het, was die aspek van lyding 'n groter vraagstuk (Jes 31:29; Eseg 18:2-4). Lyding leer sonde haat - soos gesien in Dawid se vloekpsalms; bevorder volharding (Jak 1:2-4); identifiseer die mens met Christus se lyding (2 Tim 3:12; Gal 6:17; Fil 3:10); bevestig kindskap (Heb 12:5-8) en kan ander gelowiges bemoedig (Fil 1:14). Ten opsigte van die ongelowige kan lyding en die aanskoue daarvan tot verlossing lei vir uitverkorenes (Hand 16: 24-34; MacArthur, 1991:201-203).

Geloofsgehoorsaamheid is duidelik geen waarborg teen onheil nie, soos tekenend van Job (Job 1:13-19), Dawid (Ps 11:1; 22:4-5) en Paulus (2 Kor 11:23-28). Die Hebreeus בְּגַם־אָצַל מִרְתָּה (in die vallei van doodskaduwee) in Ps 23 druk Dawid se geborgenheid in die nabijheid van God te midde van doodsbenuoudheid uit (Day, 1996:53). Volgens Plumer (1978:313) dui *vallei van doodskaduwee* binne hierdie konteks veral op vervolging, swaarkry, hartseer en bedruktheid.

Hopkins *et al.* (1996:1136) dui aan dat ware geloof te midde van die las van pyn en wroeging geen onmiddellike verduideliking van God vereis nie - dit kan in die duisternis wag (Hab 2:1-4). God se genadige teenwoordigheid word die deurslaggewende faktor in tye van beproeing en swaarkry. Lyding kan egter ook deel van sonde-oes wees (Hos 8:7; Luk 13:1-5; Ef 6:8) vir die enkeling, gemeenskap of 'n nasie, en die doel van

die lyding en swaarkry mag soms straf of beproewing inhou (Rig 2:22-3:6; Pred 3:12). Dit kan daarom uiteindelik ook gerig wees op reiniging en suiwering van die geloof (Ps 66:10; Job 5:17-18; 23:10; 1 Pet 1:7; Rom 5:3). Volgens Alden (1993:79) vind geloofsuiwering plaas as Job erken dat God hom omsluit en lig gee (Job 3:23). Lyding kan ook dieper afhanklikheid van God en intiemer gemeenskap met God as oogmerk hê (Ps 119:67; Rom 8:35-37). Beproewing kan dus ten goede geskied (Rom 8:28) of die teenoorgestelde resultate oplewer (Matt 13:21).

In die Ou-Testamentiese bedeling word dit vir die profete duidelik dat God nuwe betekenis gee aan lyding deurdat Hy daarmee medelye betoon deur daarin te deel, hul daaruit te verlos en na hul om te sien (Jes 63:8-9; Hos 1-3; Jer 9:7-18). Die volle openbaring van God se verlossende wil soos vergestalt in die Lydende Kneg is nie die gevolg van trou aan God nie (Jes 53), maar wel ter vervulling van die profesie van redding. 'n Nuwe betekenis kom hierin na vore: van unieke lyding deur Een as plaasvervanger vir almal. Vir lede van die liggaam van Christus het lyding die betekenis van deel in die lyde en troos in Christus (2 Kor 1:5-7; Rom 8:17). Hierdie swaarkry mag 'n lewensroeping word omdat die lede van die liggaam moet konformeer aan die Hoof (Fil 1:29; 1 Pet 4:1-2). 'n Kruisopneem-ingesteldheid is gevolglik die weg tot opstanding, heerlikheid en die ewige bestaan met God (Rom 8:18; Heb 12:1-22; 2 Kor 4:17). Hierdie deel in Christus se volmaakte, volkome, verlossende lyde geskied uit genade, en nie uit noodsaaklikheid nie (Hopkins *et al.*, 1996:1136; Murray, 1979: 51).

Louw (1981:179) beklemtoon twee verdere belangrike dimensies van lyding, naamlik die liefdevolle betrokkenheid van God asook Sy versoenende genade. God laat lyding en swaarkry toe sodat die mens Sy genade kan ontdek. Hy gee Homself in Christus (Joh 3:16).

Allender (1999:52) som hierdie aangeleentheid treffend soos volg op:

: ... in one sense evil serves as the dark backdrop on the stage where God's redemption shines with even greater brilliance and pronounced drama. What evil uses to destroy, God uses to expose, excise, and then heal."

## **2.11 BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT REG EN GEREQTIGHEID TEENOOR SLAGOFFERS VAN TRAUMA**

### **2.11.1 Geregtigheid in die Ou Testament**

Die Hebreeuse gebruik van die woord ‘geregtigheid’ (*mišpāt*), gewoonlik binne die konteks van oordeel, kom eenhonderd-en-vyftien keer in die Ou Testament voor. Die woord *sedeq* of *sdāqâ* wat veral dui op ‘regverdigheid’ word heel dikwels binne dieselfde konteks as ‘n frase gebruik wat vertaal word met ‘geregtigheid en regverdigheid’ (2 Sam 8:15; Gen 18:19). ‘Geregtigheid’ moet as sinoniem vir ‘regverdigheid’ beskou word, en selde as sinoniem vir ‘geregtelike beregtiging’ soos in die juridiese sin van die woord. *Sdāqâ* dui op konformiteit aan ‘n standaard van waardes (Gen 30:33; Lev 19:36; Deut 25:15; 16:18-20). *Sdāqâ* beskryf veral God se behoud vir lewe (Ps 36:6) of beklemtoon Sy standaard vir menslike gedragskeuses (Jes 45:19; 26:7; Gen 6:9; Conzelmann et al., 1996:634-635; Marshall, 2001:46-50).

Die Ou-Testamentiese begrip van geregtigheid fokus veral op die Regter en Sy verbondslojaliteit. Verbondsgeregtigheid is ingestel met die oog op die herstel van *shalom* (vrede en eenheid met *Himself*), selfs al vorm lyding deel van die proses (Deut 25:1-5; MacGuire, 1993:130; Marshall, 2001:46). Ware geregtigheid teenoor die slagoffer van trauma omsluit gevvolglik in die Bybelse sin allesomvattende welstand, heelheid en vrede (Reventlow, 1992:164-165, 171).

Quell et al. (1996: 636) beklemtoon dat God Regter is oor die hele aarde (Gen 18:25) en dat Hy die mens se morele gedrag en standarde oordeel volgens Sy Wet. Regverdigheid en geregtigheid is in die Ou-Testamentiese orde dus dus konformering aan Sy Wet (Ps 7:11, 17; Jes 5:16; 10:22). Geregtigheid soos beoefen deur alle mense - insluitend konings, prinse, regters, alle gelowiges - (Jer 22:15; Spr 8:15; Pred 5:8; Spr 1:3; Jes 59:14) begin, Bybels gesproke, met heiligeheid (Pred 7:20; Miga 6:8) en met Christus as die personifikasie daarvan (Jes 9:7; Sag 9:9). In God is die mens deur genade dus geregverdig (Jes 45:21-25) deur die toegerekende verdienste in Christus (Fil 3:9; Conzelmann et al., 1996: 636). Volgens Billheimer (1975:84-86) is heilige geregtigheid en die angsvolle lydingsbeker in die donker gevangenis van Christus se lydensweg en Sy kruisdood sinoniem (Ps 88; Jes 53:11-12). Volbragte reg het geïmpliseer dat God se volle toorn op die sonde van die mensdom uitgestort word sonder enige terughouding van Sy Seun Jesus Christus. Genade vorm die grondslag vir heilige oordeel (Marshall, 2001:31). Na Christus word tereg deur Henry (1999:65)

as die ‘onskuldige krimineel’ verwys, en haal hy Lindbeck aan wat Christus as beide ‘slagoffer’ en ‘oorwinnaar’ beskryf - albei noodsaaklike fasette van die leer van die verlossing sowel as die leer van die versoening.

Die Ou Testament beklemtoon deurlopend God se liefde en aandrang op reg en geregtigheid (Jes 61:8; Ps 37:28; 103:6; 140:12). Goddelike liefde onderlê die reg. Hy haat die ongeregtighede van die sondige, gevalle wêreld. Hy roep die mens op tot die uitvoering van dit wat reg is, en beloof dat ongeregtigheid deur Homself geoordeel sal word. Moses stel die uitoefening van reg as voorwaarde vir God se seën op die volk (Deut 16:20; Am 5:21-24). Die pleidooi om geregtigheid is veral gefokus op die gewondes en die slagoffers in die antieke Israel wat ly weens hul sosiale status: die weduwees, die wesies, die vreemdelinge en die armes. Hul lyding word in direkte verwantskap gestel aan die liefdeloosheid van ‘n sondige samelewning. Die kontoere van geregtigheid is dus deur God self uitgebytel met die mandaat om Sy vrede aan ‘n wêreld in nood te bring deur Christus se uitreiking na die noodlydendes om reg teenoor hul te herstel (Luk 4:18-19). Volgens Piper (1998:247) vind God in Sy liefde die grootste vreugde daarin dat die mens in Sy teenwoordigheid leef en Hom in alle omstandighede aanroep en verheerlik. Hierdeur kom die liefde soos in die Ou Testament bepleit in die Nuwe Testament tot sy reg: om te wag op die nuwe bestel wat Gods heiligheid reflekter, eerder as om deur die futiele oefening te gaan om die ou bestel (die huidige werklikheid en samelewing) wat getuig van onreg, te probeer transformeer (Wolterstorff, 1999:108-128).

### **2.11.2 Geregtigheid in die Nuwe Testament**

In die Nuwe Testament word reg en geregtigheid gelykgestel aan God se oordeel. Luk 18:3 se versoek tot regpleging teenoor die verontregte word in die Grieks as ‘ekdikeō’ uitgedruk. In Matt 12:20 word na die triomfering van die geregtigheid verwys as ‘krisis’ binne die konteks van die seëvier van geregtigheid teenoor almal volgens hul dade. In beide 2 Tess 1:5 en Joh 5:30 verwys ‘krisis’ ook na die regverdigde oordeel van God (Louw & Nida, 1993: 555-557).

Die boek Romeine in die Nuwe Testament met die sentrale tema van Goddelike geregtigheid verwys drie-en-sestig keer na die konsep van geregtigheid en reg, en drie-en-dertig keer na regverdigheid. Vier aspekte val op in hierdie verband: Paulus se doelbewuste gebruik van regstaal in sy verduideliking van God se verlossingswerk in Christus; sy begrip van geestelike geregtigheid as ‘n verlossende, herstellende

geregtigheid eerder as 'n wraakgierige, vergeldende beregtiging; sy teologie van regverdigmaking op grond van geloof in Christus; en sy begrip van die kruis van Christus as geleentheid tot bevryding en nie tot plaasvervangende straf nie. Dít maak die boek Romeine 'n verhandeling van die geregtigheid van God (Gunton, 1989:102).

Marshall (2001:37) haal Duncan Forrester aan met betrekking tot die stelling dat binne die konteks van hierdie sondige, gebroke, tydelike wêreld daar slegs relatiewe geregtigheid tot beskikking van 'n slagoffer van trauma bestaan. Dit staan egter in skrille kontras met die ewige regverdiging en liefde wat daar in Christus is deur Sy regverdigmaking van die mens.

Volgens Williamson (1957: 125) was Christus se enigste reg op aarde om vernedering en lyding te verduur, om in angs as plaasvervangende sondaar Sy plek aan die kruis in te neem en 'n godverlate kruisdood te sterf. Dit moes geskied sodat die mens in geen lewensomstandighede en tot in ewigheid nooit deur God verlaat sal word nie. Ware geregtigheid teenoor die slagoffer van trauma omsluit in die finale analyse, binne die Bybelse sin, allesomvattende welstand, heelheid en vrede (Reventlow, 1992:164-165, 171). In wese is hierdie welstand te vind in die volkome geregtigheid en liefde betoon deur God in Christus deur Sy voltooide werk aan die kruis (Murray, 1979:40- 41).

## **2.12        BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT VERGIFNIS**

### **2.12.1      Vergifnis in die Ou Testament**

Volgens Taylor *et al* (1996:381) word die begrip 'vergifnis' hoofsaaklik oorgedra deur drie werkwoorde in die Hebreeus. Die eerste een, naamlik die werkwoord *kpr*, is sinoniem met versoening wat gedoen is en word binne die konteks van boetedoening deur offergawes gebruik. Die tweede werkwoord naamlik *nš'*, (naw-saw') dui op 'oplig' of 'dra', wat impliseer dat die sonde opgelig en weggedra word van die sondaar. Die werkwoord *nš'* word ook gebruik met verwysing na die strafgevolge vir sonde (Num 14:33). God is binne hierdie woordkeuse 'n genadige God wat die middele vir die dra van sonde ingestel het. Die offers het hul ontstaan gehad deurdat Hy die bloed voorsien het ter versoening (Lev 17:11). Sy genade beteken egter nie dat onboetvaardigheid ongestraf bly nie (Eks 34:6 -9). Sy vergifnis is wel volkome (Ps 103:12; Jes 38:17; 43:25; Jer 31:34; Miga 7:19). Die derde werkwoord, naamlik *slh*, dui op die aksie van om te vergewe. Die werkwoorde *kpr* en *slh* word slegs met

verwysing na God se vergifnis gebruik, terwyl die werkwoord *nš'* ook ten opsigte van menslike vergifnis aangewend word.

Jones (1999:163) beklemtoon dat, binne die konteks van Num 14:33, die karakter van God in die Ou Testament dié is van 'n genadige God wat vergewe ten spyte van herhaalde verraad (Eks 33:34; Ps 51; Hos 11), wat bewustelike en onbewustelike sonde vergeef wanneer restitusie gedoен word deur offergawes. Marshall (2001:260) haal Birch aan ter bevestiging dat God se karakter en aktiwiteit die model vir menslike vergifnis is.

### 2.12.2 Vergifnis in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament is daar veral twee werkwoorde waardeur die gedagte van vergifnis in meeste gevalle tot uitdrukking kom, naamlik χάριζομαι (charizomai) wat dui op die 'sagte hantering van', en ἀφίημι (aphiēmi) wat beteken 'wegstuur', 'loslaat'. Twee ander woorde wat soms ook binne hierdie selfde verband gebruik word, is ἀπολύω (apoluō), wat beteken 'om vry te laat' (Luk 6:37), en πάρεσις (paresis), wat op God se verdraagsaamheid teenoor sonde dui (cf. byvoorbeeld Rom 3:25; Taylor *et al*, 1996:382).

Χάριζομαι verwys na skuldvergifnis, die verwydering van skuld weens verkeerde dade asook die vrystelling van die gevolge van wandade (Mat 6:12; 26:28; Luk 6:37). Die klem is hier op die skuld van die daadpleger, nie op die wandaad self nie. Die incident word nie genegeer nie, maar die skuld verwant aan die incident word vergewe, verdra, en kwytskelding word verleen. Vergifnis dui dus wesentlik op verwydering van die skuld wat verbind word met die verkeerde daad. Χάριζομαι dui verder ook op vergifnis van mekaar (2 Kor 12:13). Χάριζομαι en ἀφίημι verwys ook na die kansellasie van skuld (Matt 18:27, 32) wat nie deur die persoon self vereffen kan word nie (Luk 7:42). 1 Joh 2:2 gebruik die Griekse woord ἰλασμός (hilasmos) wat letterlik genadesitplek beteken, om die middel tot vergifnis ter versoening van die mens se sonde te beskryf: "En Hy (Christus) is 'n versoening vir ons sondes, ...". Heb 9:5 verwys ook na die plek waar sonde vergewe word deur die selfstandige naamwoord afgelei van ἰλασμός te gebruik, naamlik ἰλαστήριον (hilasterion) (Louw & Nida, 1993:503-504, 582).

Die Nuwe Testament beklemtoon deurgaans sekere belangrike aspekte rakende vergifnis. Eerstens verwag God dat die vrygekoopte, verlost sondaar ander sal vergewe omdat dit dui op volkome berou oor eie sondedade, en dat hierdie vergifnis

Christus se vrysspraak teenoor die mens sal reflekteer (Kol 3:13). Vergifnis word verbind aan Christus self (Ef 4:32) - danksy Christus het die mens vir God aanvaarbaar geword. Vergifnis berus dus op die versoenende werk van Christus aan die kruis - dit is gekoppel aan geloof (Hand 10:43). Verder moet geloof en belydenis van sonde nie beskou word as meriete ter verdienste van vergifnis nie; dit is slegs die middele waardeur ons toegang verkry tot God se genade (Denney *et al*, 1996:103; Taylor *et al*, 1996:382).

Tweedens vind hierdie vergifnis en versoening plaas op God se aandrang. Die mens kan sonde vergeet en begrawe, maar die skans tussen God en die mens is daar omdat God aandring op heiligeheid. God bewerkstellig vervolgens versoening deur vyandskap te verwyder: deur konfrontasie van die mens met sy oortredinge asook die bou van 'n brug tussen die vervreemde partye. Van die mens verwag Hy om dit te erken, te bely, te laat staan, en God se versoening (Rom 5:11) te aanvaar wat daar in Christus Jesus is (Garland, 1999 :293; Morris, 1996:1002).

Ten derde is dit duidelik dat daar geen vergifnis is vir sonde teenoor die Heilige Gees nie (Matt 12:3; Mark 3:28; Luk 12:10; 1 Joh 5:16). Volgens Taylor *et al* (1996:382) verwys dié sonde na volgehoue verwerping van God se genaderoepe tot die mens.

## **2.13        BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT VERLOSSING/HEIL**

### **2.13.1     Heil in die Ou Testament**

Een van die Hebreeuse terme wat met 'verlossing' vertaal word en wat baie algemeen binne die Ou Testament figureer is יְשָׁא (yēšā). Dit het die metaforese betekenis van vryheid sonder beperking. Die term kan dui op genesing van siekte (Jes 38:20), redding uit benoudheid en gevaar (Jer 30:7) of verlossing van vyande (2 Sam 3:18). Die subjek van hierdie werkwoord is gewoonlik God wat beskryf word as die oueur van heil: Hy alleen red Sy kudde (Eseg 34:22) en Sy volk (Hos 1:7; 2 Sam 22:3). Volgens die profeet Jesaja is Hy die enigste Redder (Jes 43:11). Sy heilsdade sluit in die redding van die vaders uit Egipte (Ps 106:7), hul seuns uit Babilon (Jer 30:10), asook die noodlydende mens (Job 5:15). Die begrip 'heil' het sy ontstaan tydens die openbaring van God se magtige verlossingsdade in die geskiedenis met die eksodus van die volk Israel uit Egipte en later ook weer uit ballingskap. Binne die konteks van

hierdie geskiedenis het 'God' en 'Verlosser' sinoniem geword (Eks 14:13; Hos 13:4; Foerster et al., 1996: 1046-1047).

Hierdie kernwaarheid dat God die Verlosser is, vorm die grondslag vir 'n verdere wesensbelangrike bydrae tot die gedagte van heil vanuit die Ou Testament, naamlik die eskatologiese dimensie daarvan. Israel se ervaring van God as Verlosser in die verlede het haar geloof projekteer na Sy finale, voltooide regverdigmaking in die toekoms wanneer Hy die finale oorwinning sal behaal oor Sy vyande en Sy uitverkorenes sal verlos om Sy heiligheid te demonstreer (Jes 43:10-21; Eseg 36:22-24). Na hierdie hoop op die nuwe hemel word verwys as die *transendentale eskatologie* wat impliseer dat God Sy volk verlos deur die Verlosser-Messias (Lev 25:26; Jes 49:1-6). Verlossing vanuit die mens se sondige toestand kan alleen verkry word op grond van Christus se soenverdienste en die soewereine genade van God (Louw, 1999a:61). Volgens Lotter (1993:75) weerspieël hierdie versoening die heerlikheid van Jesus Christus.

### 2.13.2 Heil in die Nuwe Testament

Die Nuwe-Testamentiese woord *sōtēria* (σωτηρία) word vertaal met 'verlossing'. Hierdie woord verwys na *redding voltooid* in die geestelike sin, die toestand van verlossing (2 Kor 7:10; 1 Pet 1:9). Σωτηρία (*sōtēria*) in Hand 13:26 verwys egter na die proses van *heil*. In Mark 6:56 genees Christus diegene wat aan Sy kleed raak en word dieselfde stamwoord vir verlossing gebruik, naamlik σώζω (sozo). Die Grieks dui hier op 'heelmaking' of 'genesing'. Wanneer dieselfde woord (σώζω, of sozo) in 1 Kor 1:21 en 1 Kor 9:22 gebruik word, dui die betekenis op 'Goddelike redding' en 'verlossing' (Louw & Nida, 1993: 241, 269).

Foerster et al. (1996:1050) beklemtoon dat verlossing moreel en geestelik is – dit hou verband met bevryding van sonde en die gevolge daarvan, insluitend skuld (Heb 10:22), die vloek van die wet (Gal 3:13), die dood (1 Kor 15:51-58), die oordeel (Rom 5:9), vrees (Heb 2:15) en inperking (Gal 5:1-4). Hierdie tipe verlossing dui nie op wêreldse welvaart en sukses of fisiese welstand nie (2 Kor 6:10). Alhoewel wonders en genesings kan geskied as gawes van die Gees, is 'fisiese genesing' nie sonder uitsondering 'n gegewe nie en dus nie 'n reg waarop die gereddene moet aandring nie (2 Kor 12:7-9). Verlossing sluit nie noodwendig bevryding van fisiese swaarkry of gevaar in nie (2 Kor 11:23-28), ook nie vryskelding van oënskynlik tragiese gebeure nie (Matt 5:44). Heil is ook geen vrypas teen sosiale onreg nie (1 Pet 2:18-21).

Verlossing het verder ook 'n sterk eskatologiese dimensie en volgens Marshall (2001: 257) bevat die aanbreek van die Koninkryk van God 'n sterk element van eskatologiese geregtigheid. In Op 12:10 word heil en die Koninkryk van God feitlik gelykgestel: "... nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword ...". Verlossing omsluit die volledige heilsboodskap, naamlik vryskelding van sonde en al die gevolge daarvan, die toerekening van alle geestelike seëninge in Christus (Ef 1:13), die gawe van die Gees, asook die lewe van geestelike rykdom en volheid in die toekomstige bestel (Rom 13:11; Heb 3:20; 9:28; 1 Pet 1:5,9). Alles wat nou bekendgemaak is rakende dié heil is slegs 'n voorsmaak van wat wag by die volheid van die Koninkryk met die kom van Christus (Piper, 1998:162-169; Foerster et al., 1996: 1050; Morris et al., 1996:1003).

## **2.14        BELANGRIKE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT HELING**

### **2.14.1     Heling in die Ou Testament**

Die Hebreeuse woord rapha' word hoofsaaklik gebruik om heling in die Ou Testament te beskryf. Dit verwys by geleentheid ook na die geneser, soos dit die geval is in Gen 50:2. Ander Hebreeuse terme wat soms ook gebruik word om verskillende aspekte van genesing te beskryf sluit in hāyā, wat op 'herstu' dui en šúb, wat na 'herstel' verwys. Heling verwys na herstel of restourasie van liggaam en gees en dit sluit herstel na mediese behandeling sowel as spontane genesing in. Dit dui verder ook op 'n veranderde perspektief op die persoon se toestand (Barkley et al., 1996: 449, 452).

Genesing is ook 'n heenwysing na God se soewereiniteit as die outeur van genesing (Ps 103:3). Dit dui daarop dat Hy alleen sonde kan vergewe, en fisiese of geestelike genesing kan bied (Eks 8:22; 9:14). Koning Hiskia se genesing met die vyekoek in Jes 38:4-5, 21 kon nie geskied sonder dat dit van God gekom het nie (Carson et al., 1994:381). Koning Asa se benadering tot sy siekte word verafsku in 2 Kron 16:12-13. Hy nader mediese hulp en sterf dan omdat hy nie sy God aangeroep het nie. Dit wil hieruit voorkom dat die Skrif 'n afkeer daaraan het as daar nie tot God geroep word wanneer fisiese heling vereis word nie. Dit word soveel te meer beklemtoon vanweë die feit dat hierdie genesers duidelik afgodedienelaars was. Die waarskuwing word dus duidelik gerig om God nie uit te sluit uit die helingsproses nie (Cheung, 2003:47). Die

belang van gebed in genesing van siekte word ook duidelik beklemtoon in 2 Kon 8:8 (Freedman *et al.*, 2000: 631).

Genesings deur wonderwerke is algemeen in die Ou Testament. Selfs in die teenwoordigheid van mediese hulp word Moses se genesing aan God se ingrype gekoppel (Eks 4:24-26). Miriam se genesing van melaatsheid (Num 12:1-25), Hiskia se herstel (2 Kon 20:1-11) asook Naäman se heling deur Elisa (2 Kon 5:8-14) dui op wonderwerke.

Die Heilige Gees ken in die Ou Testament buitengewone gawes aan mense toe ter demonstrasie van die mag van God, dikwels tot geestelike genesing en verlossing van die toeskouer. Josef kon drome verklaar (Gen 41:38-39). Simson kon deur die krag van die Gees 'n leeu kaalhand uitmekaarskeur, die toue om sy arms afruk, en 'n duisend Filistyne met 'n eselskakebeen dood (Rig 14:19; 15:14-15). Verlossing en geestelike genesing is tereg sinoniem in die Ou Testament (Heron, 1983:12).

#### **2.14.2 Heling in die Nuwe Testament**

Verskeie Griekse woorde verwys na heling. Die Griekse woord, *ἰαομαι* (*iaomai*) beteken om na 'n vorige, korrekte of toepaslike toestand te verander of hernu (Matt 13:15). *Καθαρίζω* (*katharizo*) duï op die genesing van 'n siektetoestand ter reiniging en aanvaarding vir rituele redes (Matt 8:2). *Θεραπεύω* (*therapeuō*) duï op die genesing van siekes (Matt 10:1). Beide *σώζω* (*sozo*) en *διασώζω* (*diasozo*) verwys ook na fisiese en geestelike genesing (Mark 6:56; Louw & Nida, 1993: 157,269; Barkley *et al.*, 1996: 449).

In die Nuwe Testament vind heling hoofsaaklik deur gebed plaas. Petrus bid vir Tabita in Hand 9:40. Paulus bid vir die heling van die vader van Públius in Hand 28:8. Jakobus versoek dat die ouderlinge geroep word om in geval van siekte in die Naam van die Here die gebed van geloof te bid wat die sieke sal genees (Jak 5:15). Jesus self beveel by verskillende geleenthede dat heling van siektes moet geskied (*cf.* Mark 14:29). Wanneer Jesus bid vir heling is dit ter wille van die skare (Joh 11:41-43). By die bediening van die Woord manifesteer God ook Sy helende mag (Hand 8:4-8; 14:8-10; 20:9-12). God laat heling plaasvind volgens Sy wil en tot Sy verheerliking. Indien God heling wil laat geskied kan niemand Hom verhinder nie, en wanneer Hy heling wil laat uitbly, kan geen mens Hom anders beweeg nie (Deut 29:29; 2 Kor 12:7-10).

Die gawe van genesing is 'n geskenk van die Heilige Gees en is onder beheer van die Gees (1 Kor 12:11; Heb 2:4). God vereis 'n suiwer dogma van die leiers in die kerk wat onderrig en vir siekes bid (Jak 5:14). Jesus benadruk dit dat Hy die mag tot geestelike genesing besit en mense van sonde red en genees.

Wonderwerke en Jesus is sinoniem in die Nuwe Testament. Die mees prominente feit omtrent Jesus in die Evangelies is dat Hy as geneesheer fisiese en psigiese siektes genees (Mark 1:32-34; 3:10-11; Luk 4:40; 22:50-51). In Johannes demonstreer die tekens en wonders van die genesings deur Jesus nie slegs die tydelike, fisiese, individuele of eietydse belang daarvan nie (Joh 4:46-54; 5:1-16; 10:21), maar in hoofsaak demonstreer dit die geestelike en ewige aard van die heling wat Christus bied. Van die man wat blind gebore is, word in Joh 9:1-14 tereg gesê dat daar in sy geval tussen individuele siekte en individuele sonde nie 'n verband bestaan nie (Barkley et al., 1996:454).

In die finale analyse bereik die diepte-betekenis van lyding en genesing volgens die Nuwe-Testamentiese skrywers 'n klimaks met die wederkoms van Christus wanneer volkome genesing sal plaasvind. Rom 8:18 verwys na "... die lyding van die teenwoordige tyd (wat) nie opweeg teen die ewige heerlikheid wat geopenbaar sal word nie." Op 21:4 vermeld dat "... God sal al die tranen ... afvee, ... want die eerste dinge het verbygegaan."

## **2.15 EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE**

### **2.15.1 Basisteoretiese Vertrekpunte**

Hierdie afdeling fokus op die daarstel van 'n basisteorie vir 'n pastorale model. Volgens Schoeman (2005:14) omvat 'n basisteorie vir 'n pastorale model die interpretasie van Bybelse waardes en norme, asook kenmerkende eienskappe van menslike gedrag betreffende 'n gegewe studieveld, binne die raamwerk van pastorale berading. Volgens Venter (1996:25) word daar vanuit die Skrifopenbaring 'n basisteorie gevorm. Teen die agtergrond van die handelswetenskaplike model van Zerfass (1974:164-177) word daar in hierdie hoofstuk basisteoretiese perspektiewe geformuleer, sodat daar in Hoofstuk 6 praktykteoretiese perspektiewe gevorm kan word in noue wisselwerking met metateoretiese perspektiewe wat ontwikkel is in Hoofstukke 4 en 5.

## **2.15.2      Doelstellings**

Die doel van hierdie basisteoretiese studie is om vanuit die Woord van God vas te stel hoedat die verwonde geloofsvervreemde pastoraal begelei kan word tot volle heil en heilservaring.

Hierdie gedeelte van hoofstuk 2 fokus vanuit die Skrif - aan die hand van drie verhale in die Ou en Nuwe Testamente - op die volgende aspekte:

- Die verwonde geloofsvervreemde, sonde en vergifnis.
- God se betrokkenheid wanneer daar lyding en verwonding is.
- Die bediening van die heil en heilsbemiddeling in pastoraat aan die verwonde geloofsvervreemde.
- Die genesing word deur God self bewerk in Christus.

Basisteoretiese perspektiewe sal gevorm word met behulp van die grammatis-historiese eksegese van toepaslike Skrifgedeeltes, onder andere Daniël 4:28-37, 2 Konings 5:1,10-15, asook Johannes 4: 7-18, 23-26 (vgl. De Klerk & Van Rensburg, 2005:77-92). Daar is op hierdie Skrifgedeeltes besluit omdat almal handel oor die geloofsvervreemde wat deur moeilike omstandighede tot geloof gekom het. In die fokus op hierdie Skrifgedeeltes word aanvaar dat, alhoewel die Woord van God deur mense geskryf is, die Heilige Gees die Woord geïnspireer het, en dat die Heilige Gees die verligting gee ter verstaan en toepassing van die Skrifgedeeltes (Schoeman, 2005:15).

Vanuit die basisteoretiese gevolgtrekkinge waartoe in hierdie onderafdeling van die hoofstuk gekom sal word, sal dan tesame met die theologiese vertrekpunte in die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk, die insigte van pastorale outeurs soos vervat in hoofstuk 3, asook die metateoretiese perspektiewe vanuit hoofstukke 4 en 5, gepoog word om in hoofstuk 6 'n praktykteoretiese model te ontwikkel met betrekking tot die pastorale begeleiding van die verwonde geloofsvervreemde tot die ervaring van volle heil in Christus.

## **2.15.3 Eksegese**

### **2.15.3.1 Daniël 4:28-37**

- Die keuse van Daniël 4:28-37 vir eksegese en basis-teoretiese afleidings**

Die perikoop beskryf hoedat Nebukadneser deur lyding en beproeing tot geloof gekom het, en hoedat hy nederig geword en homself as ondergeskik aan God gestel het, deurdat hy sy nietigheid as mens teenoor die almag van God as Koning besef het.

- Die teks en die tekstuele konteks van Daniël 4:28-37**

Dan 4:28-37 reflektere die selfvoldaanheid van die geloofsvervreemde wat op homself roem en homself verhef tot iemand met onbeperkte mag, soos weerspieël in koning Nebukadneser se selfroem in die stad Babel as sy groot bouwerk (Helberg, 1994:57).

Hoofstukke 3, 4 en 5 van die boek Daniël is volgens Lucas (2002:104) nou verwant, want die vorige verhaal (Dan 3:28-30) laat Nebukadneser half-bekeer. Hy erken wel die mag van Daniël se vriende maar reken steeds dat hy kan voorskryf watter god die mense moet aanbid. In hoofstuk 4 word sy bekering voltooi wanneer hy God se mag erken. Hierdie verhaal vorm die agtergrond waarteen Belsasar in 'n swak lig gestel sal word teenoor Nebukadneser, sodat aangetoon word dat Belsasar sy lot (om te sterf) verdien weens sy volgehoue verwaandheid, selfverheerliking en volhardende geloofsvervreemding (Dan 5:1-30).

Die profeet Daniël se pleitroep teenoor die koning tot bekering om God se straf te ontkom (Dan 4:27), val op dowe ore (Anderson, 1984:47). Weens die daaropvolgende pynlike beproeing van die ontheffing van alle mag (v 31), kom hierdie geloofsvervreemde koning tot bekering en bely God as Enigste Magshebber (Helberg, 1994:58).

- Die genre van Daniël 4:28-37, en van die boek Daniël**

Die boek Daniël se inhoud beslaan twee afdelings: die historiese verhale van Israelitiese bannelinge werksaam in die hof van heidense konings in die sesde eeu vC (Dan 1-6), en die profetiese beskrywings van visioene soos ervaar deur een van die Israelitiese bannelinge, naamlik Daniël (Dan 7-12) (Calvyn, 1858: 49; Lucas, 2002: 22-23). Volgens Deist (1992:357-359) vorm hofverhale as onderdeel van onderwysende

verhale, deel van didaktiese literatuur. Konflik- en wedyweringsverhale vorm deel van hofverhale.

Die boek Daniël word deur sommiges beskou as theologiese narratiewe of stories, weens sy klem op vertroue in die Ewige God alleen. Dan 4 se genre word egter as 'n brief onderskei van die res van die eerste afdeling se vyf hoofstukke weens sy struktuur (Lucas, 2002:31, 26-27; Pawson, 2007:644; Bybel in praktyk, 2007:1221-1222).

Die boek Daniël word ook as apokaliptiese literatuur gereken wat 'n onderdeel van die eskatologiese literatuur vorm. As apokaliptiese literatuur is dit gerig op uitsiglose mense wat glo dat slegs die Here hul kan uitred en nuwe hoop gee deur radikale ingrype. Die boek Daniël handel oor mense wat verskillend optree aangaande geloof in God en Sy Woord se eise (Helberg, 1994:11; Anderson, 1984:xiv).

- **Bepaling van die kernvers van Daniël 4**

Die kernvers van Dan 4 is te vind in beide verse 34 en 35. Hierdie verse vorm die klimaks in die verhaal van Nebukadneser se arrogansie en gevolglike straf deur God, wanneer hy tot sondebesef en bekering kom (Anderson, 1984:39; Helberg, 1994:58; Bybel in praktyk, 2007:1222).

- **Die sosio-historiese konteks van Daniël 4**

Die boek Daniël fokus op die tydperk toe Israel, die verbondsvolk, in die mag van drie wêreldryke was: die Babiloriese ryk, die Medes-Persiese ryk en die tyd van die Seleukidiese dinastie van Sirië. Die boek dek die periode vanaf bykans 605 vC (toe Nebukadneser Jode vanaf Juda weggevoer het na Babilon) in Dan 1:1, tot 537 vC, twee jaar nadat Sirius van Persië vir Babilon verslaan het (10:1). Die boek Daniël is 'n troosboek vir gelowiges met desperate geloofsvrae betreffende 'waar is God?', tydens hul beproeing en blootstelling aan vervolging en verleiding in Babilonië, en later vir die teruggekeerde ballinge tydens hul swaarkry onder die Griekse bewind. (Bybel in praktyk, 2007:1221; Helberg, 1994:10).

Daniël se weiering om uit vrees vir straf of die dood toe te gee aan dreigemente om afgodediens te beoefen, dien as bemoediging dat geloofsverharding deur God beloon word; in Daniël se geval met wysheid om enige gesig of droom uit te lê. (Bybel in praktyk, 2007:1225, 1221).

- **Skrif-met-Skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van Daniël 4**

In Dan 4 verklaar die profeet nog 'n droom aan Nebukadneser, waarna die koning versteurd raak en vir sewe jaar soos 'n wilde dier van gras leef, voordat hy tot bekering kom (Verwysingsbybel, 1998:1089-1090 ; Bybel in praktyk, 2007:1221). Eggo's van die oordeel oor Adam (Gen 3:18) wys heen na die bedreiging van menslike waardigheid weens sonde (Lucas, 2002: 116). Ten tyde van bekering word sy geskapenheid na die beeld van God (Gen 1:26-27) herstel, asook sy geboortereg (Anderson, 1984:49-50). Volgens Heb 2:5-11 kan die mens slegs uit Gods genade deur Jesus se Kruisdood sy ware bestemming bereik en is die kruis die ware Boom van die Lewe. Hierdie genade bewerkstellig ook deur swaarkry discipline, gehoorsaamheid en heil by die mens (Lucas, 2002:116-117).

Alhoewel die volk in ballingskap volgens Jes 40:17 in Babilon gedink het dat die gode van die Babiloniërs magtiger is as die God van Israel, beklemtoon Dan 4 egter dat die Skeppergod ook die Een is wat die gang van alles bepaal, en wat die heersers en magtiges van hierdie wêreld tot niks maak. In Dan 4 word aan die moedelose gelowiges die boodskap deurgegee dat terwyl die sterre vir die Babiloniërs gode is wat aanbid word, die sterre vir God die maaksels van Sy hande is (Verwysingsbybel, 1998:1089-1091 ;Bybel in praktyk, 2007:1018).

Die hooftema van die wysheidsliteratuur in die Bybel (Prediker, Spreuke en Job) is dat God die bron van alle wysheid is. Sy mag om hoogmoediges soos die koning in Dan 4 te verneder kom gereeld in die Skrif voor (vgl. Job 28:28; Spr 16:18; Ps 18:27; Jer 49:16) (Bybel in praktyk, 2007:734-735; Verwysingsbybel, 1998:1089-1090; Helberg, 1994:57-59). In beide Josef (Gen 41:38) en Daniël (Dan 4:9) se sages besef die onderskeie konings dat die jong mans se insigte slegs verklaar kan word binne die konteks van die Gees van God wat in hul is.

Die koning se beskrywing dat hy floreer in sy paleis (Dan 4:1) stem ooreen met Deut 12:2 "... elke groen boom...", en Jer 11 :16 "...n Groen olyfboom met mooi gevormde vrugte..." se metaforiese heenwysing na menslike welvaart, waarteen Daniël en sy vriende dit in hoofstuk 3 het weens die Israeliete se deelname aan afgodsrituele. Dit sluit aan by die sentrale motief van die droom oor die groot boom in hoofstuk 4 wat in die middelpunt van die aarde gepositioneer is as simbolies van God wat versorg (Dan 4:9). Dit mag ook heenwys na die Boom van die Lewe in die Tuin van Eden (Gen. 2:9). Die boodskappe wat die profeet Esegiël ontvang het, toon ooreenkoms met die

drome wat Daniel vir die koning moes verklaar. Hoofstuk 31 verwys na die Farao as die seder van Libanon, 'n sterk boom, tekenend van Egipte wat as magtige nasie skaduwee en beskerming aan vele nasies verleen het. God het egter hierdie seder se arm gebreek (Eseg 31:10-12) weens sy hooghartigheid en magsmisbruik, in beeldende ooreenstemming met die agtergrond tot Nebukadneser se droom. In Eseg 17 word die dinastie van Dawid verteenwoordig deur 'n seder van Libanon waarvan die boonste takkie afgepluk en herplant word. Eseg 17:22-24, in verwysing na die herstel van Juda na ballingskap, toon spesifieke ooreenkoms met Dan 4, want in die koning se droom word die boom afgekap maar herstel nadat God as Opperheer bely is. So ook met Jerusalem in Eseg 19:10-14 wat uitgebeeld word as 'n ryk wingerd wat moes verdroog ter straf vir sy gevolglike hooghartigheid en eie trots (Verwysingsbybel, 1998:1089-1090; Bybel in praktyk, 2007:1230, 1085, 1175, 1179; Lucas, 2002:109-111).

Met betrekking tot die openbaringshistoriese plek van Daniël 4 beantwoord dit die vraag rakende God se teenwoordigheid en betrokkenheid as die mens swaarkry binne die raamwerk van die wêrelgeskiedenis. Volgens hierdie Ou Testamentiese boek sorg God vir diegene wat aan Hom gehoorsaam bly, in die hede en in die lewe hierna. Die skryf van die boek Daniël met inhoud ryk aan hoop vir die gelowiges is belangrik omdat die inter-testamentele tydperk wat hierop volg 'n stilte deur God kenmerk, voordat gelowiges in die Nuwe Testamentiese periode weer direk van God hoor. Die Verlosser se koms en die Ewige Ryk sowel die opstanding is aan Daniël belowe in Dan 10 om gelowiges te bemoedig dat God se teenwoordigheid en sorg tot die hiernamaals strek (Verwysingsbybel, 1998:1089-1091; Bybel in praktyk, 2007:1221).

- **Die openbaring oor God in Daniël 4**

In Dan 4 gee God aan gelowiges verskeie versekerings: dat Hy 'n regverdige God is wat sonde straf, dat Hy hul sal beskerm teen die magsmisbruik van wêrel dregeerde rs, dat Hy hul die krag sal gee in tye van vervolging weens hul geloof op aarde, en dat Hy in beheer is van die teenswoordige en toekomstige geskiedenis van die wêrel d (Verwysingsbybel, 1998:1089-1091; Bybel in praktyk, 2007:1221).

In Dan 4:3 word gestipuleer dat die verbondsvolk se heerskappy verby is, dat alleen God oor volle heerskappy beskik, en dat Hy met die koms van die koninkryk van God iets nuuts tot stand gaan bring, deur die ware Mens, die Verlosser en Saligmaker, Jesus. Dit gaan Hy uitvoer ter vervulling van Sy bedoeling met die verbondsvolk, soos aangedui in Eks 4:22; 19:6. Hierdie koninkryk eis reg en geregtigheid en genade

teenoor die noodlydendes, anders as dié van die onmenslike, tiranniese wêreldryke. Gelowiges hoef dus nie pessimisties te wees nie; God is in beheer en handhaaf daagliks 'n persoonlike verhouding met gelowiges (Dan 4:37). God sê in Dan 4 dat Hy tog nie die sondige wêreld afgeskryf het nie; dit is sigbaar deurdat Hy selfs goddelose konings gebruik om Sy wil uit te voer, en deurdat daar nog geleentheid is vir bekering (Helberg, 1994:132-134).

- **Die verlossingsfeite in Daniël 4 en die oproepe op grond daarvan**

Die perikoop beskryf God se Almag en Sy straf van dwaasheid, selfverheerliking, selfverheffing en die misbruik van mag, omdat Hy regverdig is. Daniël 4:36-37 toon aan dat God in die gelowige wysheid en nederigheid bewerk deur Sy Gees om in afhanklikheid van God sy lewe te leef, gehoorsaam aan God. Dit is God wat die wil tot bekering bewerk, die oorgawe aan Homself. God straf maghebbers en beskerm die gelowiges wat gehoorsaam aan Hom bly deur beproeing, soos met Daniël wat nie geswig het voor die versoekings of eise om deel te neem aan die sondige praktyke van die Babiloniërs nie, selfs nie toe sy lewe daardeur bedreig is nie (Lucas, 2002:115; Verwysingsbybel, 1998:1089-1091; Bybel in Praktyk, 2007: 1221-1223).

Eksplisiete oproepe deur God in die perikoop is dat die geloofsvervreemde wat trauma ervaar, hom moet bekeer sodat God in Sy situasie kan genesing en herstel bewerk. Aan die gelowige in nood word die implisiete oproep tot volharding in die geloof gedoen, en om te bly hoop omdat God op Sy bestemde tyd die uitkoms sal gee.

- **Die kommunikasiedoel van Daniël 4**

Die kommunikasiedoel van Daniël 4 sluit verskeie algemene doelwitte in: om te onderrig in die onderskeid tussen wysheid en dwaasheid, om te getuig van God se geregtigheid deurdat Hy sonde straf, om God se genade, liefde en vergifnis van sondaars te verkondig, om gelowiges wat ly terwille van hul geloof te bemoedig, om die hoorders te vermaan oor die gevolge van die volharding in sonde en ongehoorsaamheid aan God, om gelowiges wat uitsigloos en skepties staan te troos, en om gelowiges te herinner aan God se Almag en Sy Ewige Ryk wat Hy op aarde gaan vestig waar geregtigheid vir ewig sal seëvier.

- **Kernkarakter van die boek Daniël**

Die boek Daniël beklemtoon dat God se heerskappy die basis van die uitverkore volk se Babiloniese ballingskap en alle omringende dinge se bestaan is. Vanuit 'n nuwe,

skynbaar hopeloze situasie vir die volk bring Dan 4:3 die heenwysing na 'n hoopvolle toekoms, die komste van die koninkryk van God, na vore. Volharding in nood beklemtoon die stryd om die geloof in die Here God (Dan 4:25). Dan 4:27 se verwysing na God se geregtigheid, wys ook op God se plan om deur 'n mens vanuit die hemel 'n Koningskap op aarde onder Sy heerskappy te bewerk. Deur hierdie Persoon sal die ware verhouding tussen God en Sy volk uiteindelik tot uitdrukking kan kom. Dan 4 wys ook op God se genade deurdat die mens die keuse het tot bekering (Helberg, 1994:132-135).

As kernkarakter in Dan 4 dien Nebukadneser se narratief as voorbeeld van hoe om enige konfrontasie met God (hetsy weens sukses of mag), te omskep in nederige gehoorsaamheid aan Hom. Die sage dien verder as 'n belofte dat aardse ryke in die hand van God en onder Sy beheer is, nie slegs vir hul regverdigde oordeel nie, maar veral ter wille van Sy glorie en heerlikheid. Dan 4 as Ou-Testamentiese ekwivalent van Rom 13 en 1 Pet 2:13-14 is 'n bevestiging dat aardse magte as God se gesant of plaasvervanger kan dien tot voordeel van die mensdom (Lucas, 2002:118).

- **Eie tersaaklike sosio-historiese konteks: 'n Eietydse toepassing van Dan 4**

In S.A. het die potensiaal vir 'n magdom keuses tot en oorgawe aan afgodediens in vele vorme die afgelope dekade drasties toegeneem. Die verwondes van 'n gewese bedeling van ontmensliking gegrond op ras, blyk die vatbaarste vir hierdie verleiding deur die Bose te wees, weens gebrek aan talle ankers, hul ontnugtering, geloofsbevraagtekening en godsvervreemding. Die gelowige word egter nuut gekonfronteer met die eis van volharding in die geloof ten spyte daarvan dat hy gebombardeer word met vrylik beskikbare seksueel-prikkelende materiaal, onderworpenheid aan die gesag van landsgesagte te midde van magsbeheptheid, nepotisme en 'n regstelsel wat skynbaar die misdadiger (wat die gelowige en sy familie se bestaan bedreig) se regte beskerm. Die gelowige se pleitroep "Waar is God?" is in hierdie konteks desperaat en rou maar eg, net soos met die gelowige bannelinge in Babilonië die geval was in Daniël se tyd.

In Dan 4:3 word vanuit 'n situasie waar die verbondsvolk hul heerskappy verloor het van God se koninkryk gepraat, asook van die belofte dat God iets nuut en sinvol gaan voortbring uit hul swaarkry. Volgens Dan 4:27 eis Hy geregtigheid teenoor die mens in beproeing en lyding. Die gelowiges vandag word herinner daaraan dat God in

beweging is om Sy volkome plan vir die land en die wêreld tot stand te laat kom, te midde van pyn en stryd en ontelbare beproeing, en dat geen bose ryk Sy plan kan laat sneuwel nie. Die mens moet egter sy sondigheid besef deur sy huidige lyding en die heil aanvaar in Christus, dat hy die lyding kan voltooï tot die einde, by die Wederkoms waar Sy finale Ryk gevestig sal word. Ook word beloof dat Hy deur Sy finale reg 'n einde sal maak aan onreg. Dit is die finale beloning vir die getroues.

#### **2.15.3.2 2 Konings 5:1, 10-15**

- **Die keuse van 2 Konings 5:1, 10-15 vir eksegese en basisteoretiese afleidings**

Hierdie perikoop vorm 'n eenheid en dit vertel 'n narratief wat heenwys na die proses van heling soos uit die beskouing van die gevalle, geloofsvervreemde verwonde tesame met die kontras daarvan met genesing vanuit die oogpunt van God. Die verhaal belig die verskille tussen hierdie beskouings.

- **Die teks en die kontekstuele konteks van 2 Konings 5:1, 10-15**

Die boek 2 Konings vorm deel van die Ou Testamentiese boeke in die Bybel. Die vertelling van die storie van Naäman vind plaas as deel van 'n breë vertelling van wonderwerke deur die profeet Elisa. Die verhaal van Naäman speel af teen die agtergrond van die Aramese bedreiging van Israel. Die boek 2 Konings as narratief duï op die twee koninkryke van Israel en Juda wat in die maalstrom van die tydsgees dreig om verswieg te word deur vreemde volke en vreemde godsdienste. Teen hierdie agtergrond toon die boek 2 Konings God se teenwoordigheid en beskerming aan indien gehoorsame leiers, profete en burgers bereid is om teen die stroom van godsdienstige verval in God se boodskap te verkondig en dit in hul lewe te demonstreer (Verwysingsbybel, 1998: 428-429; Bybel in praktyk, 2007:518).

Die teks van 2 Kon 5:1, 10-15 is bepaal deur die identifisering van Naäman as hoof van die leër van die koning van Aram, en ook dat hy melaats geword het. 2 Kon 5:10-15 beskryf sy siening van en verwagting ten opsigte van sy genesing deur die profeet Elisa. Die perikoop beskryf ook sy bekering en oorgawe aan die God van Israel as die enigste God na afloop van sy genesing.

- **Die genre van 2 Konings 5:1, 10-15, en van die boek 2 Konings**

Volgens Sweeney (2) (2007:1-3) en Provan (1999:1-15) is die boeke van Konings 'n narratiewe genre, en wel 'n narratiewe geskiedenis van die koninkryke van Israel en Juda wat strek vanaf die einde van die heerskappy van Dawid en die koningskap van sy seun, Salomo in 960 vC, tot die vrylating van koning Johagin vanuit die gevangenis tydens die Babiloniese ballingskap in 560 vC. Die doel en betekenis van die historiese vertelling van die verlede is soos gewoonlik om te leer daaruit vir die hede en toekomstige behoefté aan wysheid en kennis betreffende sinvolle optrede. Die intrige van die verhaal is gemoeid met Israel se poging om as volk van God in die Beloofde Land te leef, en hoedat God met hul handel in hul suksesse en mislukkings. Verder is die boek historiese literatuur met 'n historiografiese doel, daar dit 'n realistiese historiese element bevat. Dit is 'n boek wat vertel van die nie-fiktiewe wêreld geskep en bewoon deur God. Alhoewel historiografiese beginsels in 'n sekere mate inherent subjektief is, word daar van die leser van historiologiese perspektiewe verwag om die blik op die verlede in lesse vir die toekoms te interpreteer en konstrueer. Die boek is ook didaktiese literatuur. Die inhoud van die boek wil die leser inlig aangaande Israel se verlede sodat daar lesse daaruit geleer kan word.

- **Bepaling van die kernvers van 2 Konings**

2 Kon 5:14-15 is die kernverse in die perikoop en staan sentraal as die hooftema, naamlik dat nederige gehoorsaamheid aan God lei tot genesing en ware lewe. Die profeet Elisa gee aan Naäman die opdrag om, in teenstelling met die volkspraktyke se rituele om die siekte te besweer, homself in die Jordaanrivier te gaan was. Nadat sy amptenare hom oortuig daartoe, word die magtige aanvoerder van die leër teen Israel genees en bely hy dat God die ware lewende God is. In die hoofman se geval wek die genesing geloof, en is geloof vooraf nie 'n vereiste vir genesing nie (Verwysingsbybel, 1998: 428-429; Bybel in praktyk, 2007:525-527).

- **Die sosio-historiese konteks van 2 Konings**

Die sosio-historiese konteks van 2 Kon dui op 'n historiologiese oorsig van die ballingskap van Israel en Juda, en is ontwerp om die antwoorde te ontrafel vir die oorsaaklike faktore wat daartoe aanleiding gegee het. Dit kom aan die lig dat die volke van Israel en Juda, veral die monarge, straf en verwoesting oor hulself gebring het omdat hul nie die Wet van Moses onderhou het nie en in ongehoorsaamheid teenoor God volhard het in sonde en afgodediens. Die boeke van Konings berei deur hierdie

narratief van die werklike verval en straf van ongehoorsame konings die weg vir die herstel van die volk soos gebaseer op die wet van die Here (Sweeney (2), 2007:3-6).

Die eerste lesers in 2 Konings sluit dus heidene en verbondsgelowiges in. Die Israelitiese slavin verteenwoordig die gelowige wat in lyding volhard in die geloof. Naäman verpersoonlik die heiden wat vinnige, dramatiese herstel voorsien, met geloofsgebrek in die kragtige werking van God ter genesing. Sy geloofsagterstande is duidelik uit sy woedende reaksie op Elisa se verrassende opdrag. Die profeet Elisa se lae profiel lei tot Naäman se positiewe geloofsreaksie as hy na sy genesing tot bekering kom. In 2 Konings roep God die gelowige daartoe op om te volhard in die geloof te midde van omringende afgodsdiens in ballingskap (Verwysingsbybel, 1998: 428-429; Bybel in praktyk, 2007:516-520).

- **Skrif-met-Skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van 2 Konings**

Die kernvers wanneer Naäman die Naam van God bely is Israel se klassieke belydenis in Deut 6:4. Dit is hierdie belydenis van God as Enigste Here wat hul later verloën het gedurende die koningstyd deurdat hul afgode aangehang het. Naäman se belydenis is dus ook 'n oordeel oor Israel wat gode begin aanbid het wat nie kan genees. Jesus vergelyk tereg ook dan later die Jode van Nasaret se miskenning van Hom as God in Luk 4:23-30 met diegene van die noordelike ryk van Israel se tydperk van dwaling en groot afvalligheid in 2 Kon, toe die heil na die nie-Jode (die heidene) uitgegaan en hul tot inkeer en oorgawe aan God gekom het.

Terwyl Naäman 'n heiden was, het God hom genees (2 Kon 5:14). Geloof is duidelik nie as voorwaarde gestel vir sy genesing nie, in teenstelling met die genesing van die blinde man in Joh 9:1-41. 2 Kon 5 dui aan dat geloof nie noodwendig as voorvereiste vir genesing dien nie (Verwysingsbybel, 1998: 428-429; Bybel in praktyk, 2007:1609).

Die perikoop staan in die Ou Testamentiese tyd met die opbou tot die openbaring van God in Christus. Die openbaringshistoriese plek van 2 Kon vorm die klimaks in die narratiewe uitbeelding van die katastrofale gevolge van rebellie teenoor God (weens die verbondsvolk en aangestelde konings se dwalinge en afgodediens), soos gekontrasteer met die toekoms van beide die verwonde geloofsvervreemde wat God se heil aangryp en die gehoorsame volhardende gelowige wat God as Ewige Koning verheerlik in lyding. Die koningskap van Dawid as gedeeltelike vervulling van die

patriargale verbondsbelofte van God met Abraham is volgens Kaiser (1979: 289, 298-299) tekenend van die komste van God se Koninkryk wat oor elke koninkryk op aarde sal seëvier. God se ewigdurende plan met die mens word as hoogtepunt openbaar. 1 Kon 2:1-4, 1 Kon 18:21ff en 2 Kon 5:15, 2 Kon 18:5 en 2 Kon 19:15 kommunikeer dat God alleen die reg het op heelhartige trou teenoor Homself en Sy wet in die teologie van die boek van Konings. Sy regering wat gebaseer is op gerechtigheid en moraliteit beheer die bestemming van die mens en alle nasies (1 Kon 11:9, 14, 23; 21:17ff ; 2 Kon 23:25ff) en strek tot by beide Israel en die heidene (1 Kon 17:8-24; 2 Kon 5:1-9; 6:21-23).

- **Die openbaring oor God in 2 Konings**

In 2 Kon openbaar God Sy mag tot genesing en herstel vir die mens wat swaarkry, deur die genesing van Naäman. Hy kommunikeer ook daardeur Sy genade en liefde teenoor die geloofsvervreemde en heiden. Wanneer Hy aan die koning van Aram (ook 'n heiden, en die vyand van Israel) die oorwinning gee (2 Kon 5:1), toon God dat Hy selfs deur die heidense vyand Sy wil volbring. God openbaar in hierdie perikoop ook dat Hy genesing wil skenk aan die heidene, sodat hul daardeur tot geloof kan kom. God openbaar Homself ook as die Persoon wat deur Sy Gees die verwonde gelowige (die ontvoerde Israelitiese slavinnetjie) in staat stel tot vergifnis van en heilsbemiddeling teenoor haar oortreder. God openbaar ook Sy soewereiniteit, toelatende wil en beheer wanneer bose magte saamsweer teen Sy gelowige geliefdes (die slavin), en dat Hy selfs pynlike omstandighede vir die gelowige laat meewerk tot Sy Eer. Hy is die Een wat goed vanuit kwaad kan laat voortspruit, almal ten goede.

- **Die verlossingsfeite in 2 Konings en die oproepe op grond daarvan**

In 2 Konings openbaar God dat Sy verlossing van die mens tydens beproewende omstandighede geskied ten spye van ongeloof en vertwyfeling. Verder voltooi Hy Sy verlossingswerk deur die inwerking van Sy Gees in die hart van die mens om hom te oortuig van sonde en arrogansie jeens God, en bewerk Hyself deur Sy Gees hartgrondige berou, skuldbelydenis en 'n erkenning van wie God is. God toon aan dat Hy in staat is om rewolusionêre en permanente veranderinge te bewerk in verharde harte wat in afgodediens en eie belang verstregel was en God gehaat het. In die gelowige verwonde bewerk God deur Sy Gees vergifnis van, en dissipelskap teenoor die onregpleger ter bekering, soos met die Israelitiese slavinnetjie en die hoofman Naäman.

- **Die kommunikasiedoel van 2 Konings**

2 Konings is gemik op die leser wat vele vrae het aangaande God se beloftes met betrekking tot sorg en nabyheid, nadat die volk hul land kwyt is en weggevoer is in ballingskap. 'n Generasie sou nie weer na hul tuiste kon terugkeer nie. Hul was opnuut slawe, met hul tempel vernietig, en daar het noodgedwonge vrae ontstaan rakende hul verhouding met God.

Die boek van Konings verskaf die antwoorde deur te verduidelik dat God Sy beloftes gehou het. Hy het immers beloof dat indien die volk Hom versaak en Sy gebooie verontagsaam, Hy hul uit hul tuiste sal verdryf. Die boek dien ook as waarskuwing dat as daar op Sy woorde nie ag geslaan word nie, die onaangename nagevolge geslagte lank kan duur. 2 Kon se doelwit is verder om te onderrig en te vermaan betreffende gehoorsaamheid teenoor God, te vertroos in moeilike omstandighede rakende Sy Almag en Teenwoordigheid, en veral om te herinner aan Sy Ewige verbond met die volhardende gelowige deur die koninklike lyn deur Dawid en dat hul straf en ballingskap tydelik is (Pawson: 2007: 303-304). God motiveer dus in 2 Konings die gelowige om te volhard onder beproewende omstandighede en in die onsierlike te glo, en om vas te hou aan God se beloftes in Christus en die vestiging van Sy Ewige Ryk op aarde.

- **Raadpleging van eksegetiese bronne**

Deur die genesing en bekering van Naäman in 2 Kon 5, illustreer God dat Sy liefde verder strek as die uitverkore volk, en dat Sy Vaderskap die hele mensdom omsluit (Farrar, 1981:53). Verder merk Provan (1999:191-192) op dat God die boodskap in hierdie verhaal oordra dat Hy verlang om as die Enigste God bely te word deur alle nasies. Die inleiding van die perikoop wys reeds daarop (v 1) dat God as Soewereine Mag alleen die suksesse in die lewe aan beide gelowiges en heidene skenk, as Hy aan Naäman die oorwinning gee tydens 'n geveg. Na die hoofman se genesing is hy oortuig dat God die enigste ware God is (v 15). Deur die direktheid van God se handeling, weg van Elisa se teenwoordigheid, kan geen verdere twyfel bestaan oor God se unieke krag, naamlik om te verwond en te genees, te dood en lewe te herstel nie (cf. Deut 32:39). Die krag van God is gans anders as dit wat die heidene se afgode ooit kon vermag. Die soldate van Naäman illustreer dat die belangrikste aspek om mee rekening te hou in die soek na genesing, die bron van die opdrag is, nie die aard van die handeling nie. Naäman word daarop gewys dat sy oog nie op die metode van

heling gerig moet wees nie maar op die Bron van alle genesing, God self (Sweeney (2), 2007:300).

- **Eie tersaaklike sosio-historiese konteks: ‘n Eietydse toepassing van 2 Konings**

Binne ‘n samelewing in ‘n krisistyd en in transformasie waar lewens en ‘n toekoms skynbaar bedreig word, word die identiteit en wese van God deesdae (nes deur die Israeliete) bevraagteken en wonder die gelowige of Hy wel die Persoon is wat skuiling bied in gevaar en wat getrou bly aan Sy beloftes in die Skrif. Die verwonde se ontnugterde besef dat die vyand nie God se vyand is nie aangesien God se genade ook beskikbaar is aan die vyand, verg verdere verskuiwings van bestaande paradigmas en skep groter trauma, angs en onsekerheid. Deur die perikoop word dit duidelik dat Hy Sy Plan vir die mensdom selfs deur heidense konings laat geskied, en dat niemand Sy Wil kan saboteer nie. Hy verwond en Hy bring genesing aan wie Hy wil. Die noodydende gelowige moet dus vandag ook gewoon rus in Hom en weet dat Hy in volle beheer is. Finale geregtigheid sal plaasvind by die wederkoms.

Die storie van Naäman is ‘n storie van heling en verlossing, ook vir hedendaagse lezers. Naäman reken dat hy iets groot moet doen om sy genesing te verdien (2 Kon 5:13). Ook vandag glo die geloofsvervreemde dat hy sy heil en verlossing met goeie dade moet verdien, terwyl God verseker dat dit slegs in genade en na skuldbelydenis aanvaar kan word. Die perikoop konfronteer die leser vandag ook met die vraag na sy eie identiteit en nood. Dit wil elke mens vandag ook daarop wys dat almal melaats is en die heil in Christus nodig het om genesing te vind.

#### **2.15.3.3 Johannes 4:7-18, 23-26**

- **Die keuse van Johannes 4:7-18, 23-26 vir eksegese en basisteoretiese afleidings**

In Joh 4:7-18 en 23-26 stel Jesus Homself aan die Samaritaanse vrou bekend as die Lewende Water wat vir ewig die mens se geestelike dors sal les. Hierdeur erken Hy dat Hy die Messias is wat die wêreld sal verlos vanuit sonde, ter genesing van die verwonde, en tot heil van die geloofsvervreemde, en veral dat by God die ewige lewe is (Verwysingsbybel, 1998:1315-1316; Bybel in Praktyk, 2007:1594).

- **Die teks en die kontekstuele konteks van Johannes 4:7-18, 23-26**

Die Evangelie volgens Johannes vorm deel van die vier evangelies in die Nuwe Testament. Die Evangelies word gekenmerk deur die bekendstelling van Jesus se teologie deur Sy preke. Die Evangelies vertel ook in die derde persoon verhale van die passie van en wonderwerke deur Jesus tydens Sy wandel op aarde (Fortna, 2004:2). Die Samaritaanse volk het hulself as afstammelinge van die oorspronklike inwoners van die Noordelike Ryk as deel van die verbondsvolk beskou, die wet van Moses onderhou, en die God van die verbond aanbid. Die Jode het besware gehad teen hul roem op status as deel van die huweliksverbond met die God van Israel, omdat die Samaritane afgodediens beoefen het tydens hul aankoms in Samaria (Mullins, 2003:151-152).

In Joh 4 is die Samaritaanse vrou in die perikoop naamloos omdat sy die Samaritaanse volk se godsdiensvraagstukke in hul geskiedenis verteenwoordig, naamlik dié van behoort en aanbidding. Hul het gewonder of hul deel vorm van die verbond en of hul aanbidding op die berg van Gerizim eg en legitiem was. Hul het op 'n profeet soos Moses gewag om lig te werp op hierdie vrae (Mullins, 2003:150).

- **Die genre van Johannes 4:7-18, 23-26, en van die boek Johannes**

Die genre van Joh 4 as evangeliese literatuur word as narratief beskou, met die uitbeelding van 'n tipiese Bybelse tafereel: die put, dors verbygangers en verfrissende water (Mullins, 2003:151), die storieplot, die karakters in die verhaal, en die ontknoping en klimaks (Botha, 1991:37). Die studie van die Evangelie volgens Johannes as narratief is betekenisvol veral ten opsigte van die fokus op hoe die verhaal vertel word (as konkreet en aards), die totale effek daarvan en verder ook hoe die verskillende dele van die verhaal met mekaar in interaksie tree. Hiermee is die klem op die dokument as geheel en nie soseer op die oorsprong, bronne, lae/strata en historiese vrae nie (Botha, 1991:36-38, 57, 94; Fortna, 2004:3).

- **Bepaling van die kernvers van Johannes 4**

Die kernvers van Joh 4 is vers 14. Die wondertekens verrig deur Jesus soos beskryf in die Evangelie volgens Johannes en in Joh 4 was daarop gerig dat mense kon glo dat Hy die Seun van God is, en die ewige lewe by God deur bekering kan aangryp (Joh 20:30-31). Die dissipel Johannes het dié Evangelie boek eerstens aan gelowiges gerig wat Jesus as Messias bely het om hul in die geloof te versterk. Tweedens is dit gerig aan Jode en nie-Jode. Joh 4:14 vorm die klimaks van die narratief omdat Jesus in dié

vers verbaliseer wie Hy is, en hoekom Hy die wondertekens doen op aarde. Hierdeur spreek Hy gelowiges, heidene, twyfelaars en diegene wat op die Messias se komst wag, direk aan en bevestig dat die tyd van die Ewige Ryk aangebreek het (Verwysingsbybel, 1998:1315-1316; Bybel in praktyk, 2007:1581).

- **Die sosio-historiese konteks van Johannes 4**

Die Evangelie volgens Johannes is geskryf ongeveer 90 nC, na die verwoesting van Jerusalem in 70 nC. Johannes se eerste lesers het 'n Griekse kulturele agtergrond gehad. Daarvolgens is 'n aantal mitologiese gode in die Griekse kultuur aanbid, waarvan die bonatuurlike eienskappe vir die Grieke net so belangrik was soos die geslagsregister vir die Jode. In Johannes se vertelling van Jesus se herkoms skets hy die Seun van God nie net as anders as hierdie mitologiese gode nie, maar dui ook aan dat Hy anders verstaan moet word. Deur middel van taalgebruik en beelde sluit die skrywer aan by die Griekse denke en perspektief op die werklikheid (Verwysingsbybel, 1998:1315-1316; Bybel in praktyk, 2007:1582-1584).

- **Skrif-met-Skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van Johannes 4**

Die toneel van die vrou by die put en 'n dors Jesus bevat duidelik die bruilofsimboliek van ander verhale in die Skrif: Jesus was tevore uitgebeeld in die rol van die bruidegom van Israel, die een wat die wyn voorsien het by die bruilof van Kanaän, en is deur Johannes die Doper as die bruidegom beskryf. Die Samaritaanse vrou word geteken in dieselfde rol as die toekomstige bruid in die Bybelverhale van Rebekka, Ragel en Sippora (Gen 24:15 ff; 29:9ff; Eks 2:15ff) (Verwysingsbybel, 1998:1315-1316; Bybel in praktyk, 2007:50). Alhoewel daar bespiegel kan word dat die vrou naamloos bly weens haar reputasie, soos in geval van die vrou in Luk 7:36-50, is die dieper geestelike betekenis dat sy die vervreemde bruid (die mense van Samaria, die voormalige Noordelike Ryk) van die God van die Verbond verteenwoordig. Hierdie vrou se huweliksgeskiedenis (vele tydelike verbintenisse) word 'n metafoor vir die Samaritane se godsdiensgeskiedenis van omgang met talle mitologiese afgode (Mullins, 2003:150-151).

Die boek Hosea (Hos 2:7, 14-17) verwys ook na die verbond tussen God en die mense as 'n huweliksbond, en dat God se trou standhoudend is in hierdie verbond selfs al raak die bruid by afgodediens betrokke. Hosea is byvoorbeeld geskryf in die Noordelike Ryk voordat Samaria deurtrek is deur die afgode van die Assiriese

koloniste. God wag hier ook geduldig op die bruid se terugkeer en die herontdekking van haar eerste liefde. Hy laat dié dwaling toe sodat die godsvervremde die onmag van die afgode kan besef en vrywilliglik terugkeer na Hom. In die volk Israel se geval gee hul grootste ramp, die ballingskap, aanleiding tot 'n nuwe verhouding met God. In geval van die Samaritaanse vrou kulmineer dit in 'n progressiewe besef en geloof dat dit Jesus is, 'n besef wat lei tot die aanvaarding van Jesus deur die Samaritane in Joh 4:39-42 (Verwysingsbybel, 1998:1315-1316; Bybel in praktyk, 2007:1249; Schneiders, 1999:190; Fortna, 2004:303).

Die openbaringshistoriese plek van Johannes 4 is in die Nuwe Testament en spesifiek tydens Christus se bediening op aarde. In Joh 4 blyk die simboliek in die tradisionele hofmakingstoneel te wees dat Jesus uitgebeeld word as die Een wat die verlore bruid van Samaria se hart probeer terugwen. In Joh 4:35 stel Hy dat die lande ryp is vir die oes. Sy woorde wys simbolies heen na Johannes se visioen van die laaste oes in Op 14:14-20 wanneer die finale oordeel voltrek sal word op die hele skepping, waarna geen verdere geleentheid vir terugkeer na die God van die Verbond sal wees nie (Verwysingsbybel, 1998:1315-1316; Bybel in praktyk, 2007:1594, 2013; Schneiders, 1999:191).

- **Die openbaring oor God in Johannes 4**

In Joh 4:10, 14 openbaar God Homself deur Jesus as die Gewer van ewig-dorslessende water, die ewige lewe. In Joh 4:22 openbaar Jesus dat Hy as die Verlosser van die wêreld vanuit die Joodse volk sal kom, wanneer Hy die vrou meedeel dat "... ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jude." Jesus maak hierdie meedeling omdat die vrou die voorspellings vanuit die Ou Testament (vgl Deut 18:15-19) geken het en die Messias verwag het. Wanneer Jesus in Joh 4:26 aan haar vertel: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat", openbaar Hy Sy Godheid, nadat Hy in Joh 4:24 aan haar verduidelik het dat God Gees is en dat aanbidders Hom deur die Gees en in waarheid moet aanbid. Hiermee wys Hy haar daarop dat 'n geloofskeuse vir Jesus daarop neerkom dat die persoon se aanroep van God deur die Gees moet geskied. God Drie-Enig word duidelik in hierdie perikoop openbaar (Bybel in praktyk, 2007:1593-1594; Verwysingsbybel, 1998:1315-1316).

- **Die verlossingsfeite in Joh 4 en die oproepe op grond daarvan**

Jesus maak in Joh 4:10 die feit van God se verlossing van die mens uit sonde bekend. Verder maak Hy in Joh 4:26 Homself as Messias bekend, en verder ook dat Hy die

openbaring van God se verlossing en genade teenoor die mens is. In Joh 4:23-24 word dit duidelik gemaak dat die gelowige God deur die Heilige Gees moet aanbid omdat God Gees is, en dat die Gees die gelowige leer om die woorde van Jesus te begryp. Joh 4 doen 'n beroep op die Samaritane om God in Christus te aanvaar as die enigste God sodat hul die ewige lewe by God as erfenis kan ontvang en so in Sy Verbond ingesluit kan word. Praktiese oproepe hier toe word aangedui in Joh 4:23-24 wanneer Jesus vertel dat die ware aanbidders God deur die Gees moet aanbid, in plaas van op 'n gegewe plek. Die belofte hieraan gekoppel is dat die Verlosser aan die gelowiges alles omtrek God sal bekendmaak (Verwysingsbybel, 1998:1315-1316; Bybel in praktyk, 2007:1593-1594).

- **Die kommunikasiedoel van Joh 4**

Die oorhoofse kommunikasiedoel van Joh 4 is om te getuig dat Jesus die Messias en die Seun van God is, en dat almal wat in Hom glo die ewige lewe kan hê. Johannes verkondig Jesus se wonderdade, maak Sy heerlikheid en identiteit as Godheid bekend en vra dat hoorders daarop reageer deur Hom te bely as Heer en andere ook van Hom te vertel, sodat ander kan glo en deel word van God se ewige verbond.

- **Raadpleging van eksegetiese bronne**

Volgens Mullins (2003:154) en Wallace (2004:66-71) staan die dialoog tussen Jesus en die Samaritaanse vrou sentraal tot die perikoop, aangesien die vrou beskou word as 'n outentieke theologiese dialogiese gespreksgenoot wat die self-openbaring van Jesus ervaar terwyl sy haarself aan Hom openbaar. Sy gaan verkondig Hom daarna as die Messias aan andere.

Simbolies van die ou lewe wat sy agterlaat, laat sy haar kruik agter - deel van haar identiteit tot voor haar bevryding van sonde. Jesus stel geen vooraf eis tot skuldbelydenis nie. Hy sien haar hartsversugting daartoe en begelei haar langs die weg van skuldaflegging en skenk haar vergifnis en bevryding (Fortina, 2004:301-302). Met Jesus se begeleiding van die Samaritaanse vrou vanuit 'n posisie van mindere geloof na 'n toereikende posisie as gelowige word aangedui hoedat groter theologiese begrip en toetrede tot intimiteit met God tot groter geloofsvolwassenheid as gelowige kan lei. Verlossing skenk geboorte aan 'n omvattende en suiwer theologiese geloofsleer (Fortina, 2004:259).

- **Eie tersaaklike sosio-historiese konteks: ‘n Eietydse toepassing van Joh 4**

Johannes die Doper se oproep tot sondebesef, skuldbelydenis en die doop as berou oor sonde eggo in vandag se samelewing van oorgang omdat geloofsvervreemding steeds bestaan te midde van vrae oor waar God is. Gegewe die juk van seerkry, ontnugtering en ontbering vandag, staan die antwoord hierop soos van ouds steeds vas: daar is ‘n goddelike doel met elke mens se lewe, en gelowiges ontdek dit slegs vanuit Sy Woord en in hul intieme wandel met God. Beproewing is dikwels God se snoeiproses ter dieper gewortelde geloof. Johannes het slegs die Ou-Testamentiese geskrifte as riglyn gehad, en het ten spyte van bespotting en verwonding volhard in sy geloofswandel, getrou aan en gehoorsaam in sy roeping. Geloofsvervreemding baar groter smart, terwyl die aanvaarding van heil tot groter geloofsrypheid lei en ook tot volharding te midde van die onsienlike. Aanvaarding van die heil in Christus rus die voorheen verwonde gelowige toe om as bevryde mens onverskrokke die oes ryp op die lande te help insamel, wagtend op die wederkoms van die Seun van God, in die wete dat finale geregtigheid slegs by Hom is tydens die finale oordeel.

## **2.16      SAMEVATTING**

Die praktiese teologie is gerig op die openbaring van God in Christus deur die werking van die Heilige Gees aan die geloofsvervreemde, deur geroepenes in Sy diens. As teologiese wetenskap fokus Praktiese Teologie op die ontwikkeling van ‘n praktykteorie ter bemiddeling van die Evangelieboodskap aan die mens op soek na heil en heilservaring.

Die Skrifwoord van God beklee die sleutelposisie in die pastorale hulpverlening aan die geloofsvervreemde omdat dit gesag het, en betroubaar en genoegsaam is ten einde elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus te bring.

Pastorale berading verbeeld verder ook God se uitreik na die mens ter heilsbemiddeling. Lyding mag vervolgens pastoraal die intreevlak word vir die begeleiding van die geloofsvervreemde tot singewing aan en aanvaarding van die heilsgebeure in Christus, deur geloofsoorgawe en toewyding teenoor God.

Die paraklesemetafoor dui op God se persoonlike teenwoordigheid en betrokkenheid by die pastorale proses. Sorg en troos is sinoniem met die paraklesemetafoor en God se identifisering met lyding, die versoeningsaspek van die kruis en die

triomfkomponent van die opstanding van Christus. Troos aan die getraumatiseerde geloofsvervreemde is dan ook ten diepste pastoraal heilsbemiddelend.

Bybelse pastoraat kan slegs beoefen word indien daar vanuit 'n Bybels-pastorale antropologie uitgegaan word. Die benadering tot die mens wat soekend is na heil moet dus vanuit die Skriftuurlike agtergrond van die mens as geskape, liggaaamlike, psigiese en eenheidswese geskied.

Geloofsvervreemding en die belewenis van trauma is direk verwant aan die gevolge van die sondeval. Sonde het vervreemding tussen God en die mens meegebring. Tydens trauma is dit natuurlik dat die sondige mens met sy eie broosheid, en ook met die dikwels oënskynlike afwesigheid van God in sy lewe gekonfronteer staan. Beproewing het egter genadebetoon van en oorgawe aan God ten doel.

Die geregtigheid van God word in die Ou Testament gelykgestel aan regverdigheid, wat straf en genadebetoon omvat. Geregtigheid omsluit geestelike welstand asook wandeling met God in Christus in, ten spyte van fisiese wonder of gebreke as uitvloeisel van trauma. Dit geskied sodat die sielsoortuiging by die mens kan deurbreek dat alle aardse gebeure deel vorm van God se vorming van menswees, ter verlossing van sondes, ten einde vlekkeloos en vredesvol voor Hom gevind mag word by die wederkoms van Sy Seun, Jesus Christus.

Verlossing, bevryding en versoening geskied deur berouvolle skuldbelyderis teenoor en vergifnis van 'n genadige God - hieruit vloeい voort die vergifnis van andere. God se vryskelding van sonde omsluit ook die toerekening van alle geestelike seëninge, met die ewige lewe by God as die finale hoogtepunt.

Heling dui op die herstel van liggaaam en gees, en verder op 'n veranderde perspektief ten opsigte van die mens se eie toestand terwyl gebed 'n belangrike plek beklee in hierdie hele proses.

Die slotsom waartoe daar vanuit die Skrif rakende die aspekte van fisiese heling - gekontrasteer met en ter aansluiting by geestelike heling - gekom word, is die volgende: In die helingsproses moet met die mens as geheel gewerk word. Geloof speel 'n belangrike rol by volkome heling (vergelyk die Samaritaanse vrou). Geloof is egter nie vir God 'n vereiste voordat Hy genees nie (soos by Naäman). Aanvaarding van die heil van God in Christus kan na afloop van genesing plaasvind. Die Heilige

Gees bewerk die berou van sonde, en lei die mens tot skuldbelydenis teenoor God (Nebukadneser) asook vergifnis van ander wat verwonding veroorsaak het (die Samaritaanse vrou). Volharding in die geloof te midde van verwonding hou groot beloning deur God in: stukrag, vergifnis van die onregpleger en vrede nou in die hede, en in die ewige lewe hierna.

## HOOFTUK 3

### ‘N PASTORAAL-TEOLOGIESE BENADERING

#### **3.1 INLEIDING**

Hierdie hoofstuk fokus op insigte wat vanuit die Skrif ontwikkel is deur pastorale teoloë, Christen-sielkundiges en psigiaters, asook ander pastorale skrywers rakende die tema van heil aan die geloofsvervremde.

#### **3.2 DOELSTELLINGS**

Die doel van hierdie hoofstuk is om teen die agtergrond van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164) belangrike pastorale perspektiewe betreffende die bring van heil en heilservaring aan die verwonde geloofsvervremde te ondersoek. Volgens Pieterse (1993:48) is die pastorale berader se ondersoek gerig op

“... die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie wat in spanning tussen ideaal en werklikheid geskied, en wat as mediale handelinge ten doel het om geloof deur te gee asook kommunikatiewe geloofshandelinge te bevorder.”

Teen die agtergrond hiervan sal ‘n skrifgefundeerde basisteorie formuleer word (tesame met perspektiewe vanuit die eksegesehoofstuk), sodat in hermeneutiese samehang met metateoretiese perspektiewe vanuit hoofstuk 4, ‘n sinvolle praktykteorie saamgestel kan word waarvolgens die verwonde geloofsvervremde tot heil en heilservaring begelei kan word.

Ten einde aan hierdie doelwit te voldoen, word hierdie hoofstuk in twee dele hanteer. Die eerste gedeelte fokus op die rol van pastorale hulp aan die verwonde geloofsvervremde, en ondersoek teen hierdie agtergrond die Bybelse antropologie van die mens voor en na die Sondeval. Daar word ook gefokus op die moontlike verband tussen geloofsvervremding, oorspronklike sonde, die werke van die Bose en emosionele verwonding. ‘n Duidelike onderskeid word getref tussen oorspronklike en sekondêre verwonding terwyl daar ook aandag gegee word aan God se doel met lyding. Pastorale perspektiewe op sekondêre verwonding is hierna aan die orde, asook die aard van pastorale begeleiding ten opsigte van verwante aspekte soos

onder andere woede, geregtigheid, skuldbelydenis, vergifnis, verlossing, genesing en heiligmaking. Ten slotte kom die pastorale gerigtheid op heilsbemiddeling aan die beradene aan die orde.

Daarna word in hierdie hoofstuk gefokus op verskeie benaderings binne die pastoraat met die oog op die begeleiding van die emosioneel verwonde persoon. Onder ander word gefokus op sekere agtergronds faktore tot berading asook die onderskeie stappe in die proses self. Die gebruik van die Skrif, die Heilige Gees se rol, die plek van gebed asook die samestelling van 'n gebedslys kom voorts aan die orde. Laastens word die essensie en rol van die berader as begrenser van beide die self en die beradene ondersoek in die proses van die bring van heil en heilservaring aan die verwonde geloofsvervreemde.

### **3.3 DIE ROL VAN PASTORALE HULP BETREFFENDE DIE AARD EN WESE VAN DIE VERWONDE MENS**

#### **3.3.1 Die Bybelse antropologie van die mens**

##### **3.3.1.1 Voor die sondeval**

Die mens is deur God geskape as 'n vry, verantwoordelike wese, met die opdrag om die aarde te regeer (Gen 1:26-27). Ook is die mens geskape as die refleksie van die Drie-Eenheid van God (Gen 2:7). Hierdie Drie-Eenheid is funksioneel in verhouding met mekaar deurdat die Vader, Seun en Gees aanvullend tot mekaar funksioneer (Crabb, 2003:215). Die siel van die mens is geskep om uit vrye wil instruksies te aanvaar van die Gees, Hom intiem te ken en te volg (vgl. Job 32:8). Die geskape menslike wese reflektereer hierdie identiteit deur die vermoë tot intimiteit met God, 'n gerigtheid op verhoudinge asook deur 'n harmonieuze interaksie met sy medemens (Prinsloo, 2004:23; Eldredge & Curtis, 2007:90, 97; Lewis, 2002:163).

Die huweliksverbond is deur God bestem as die mees intieme ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag (Mat 18:19). God se geestelike seën was ook op verhoudinge wat geleef word in liefdevolle eenheid en onder Goddelike gesag (Ef 5:21). Onderdanigheid aan mekaar, binne liefdevolle verhoudinge, was die basis van God se wil vir menslike interaksie op aarde (Cross, 2006:29).

God was die mens se eerste liefde, voorop in sy gedagtes – ‘n spontane verhouding sonder inspanning. In hierdie sin was die mens waarlik kind van God, die prototipe van Christus, wie se totale oorgegewe gehoorsaamheid aan God Hom tot by die kruisiging geneem het (Lewis, 1940:62).

### 3.3.1.2 Na die sondeval

Met die mens se rebellie teenoor God tydens vrywillige gehoorsaamheid en onderworpenheid aan die Bose in Gen 3 gee hy sy harmonieuze bestaan en selfstandigheid prys. Volgens Prinsloo (2004:23) is pyn en lyding teenwoordig sedert intieme gemeenskap met God verbreek is (Rom 6:16), en word die mensdom volgens Eldredge en Curtis (2007:92) gereduseer tot “glorious ruins”, verwond in identiteit en wese, gebukkend onder geestelike geheueverlies, afgesny van die diepste, suiwerste verlange na ‘n ononderbroke liefdesverhouding met God (Giglio, 2005:103-105).

Tydens die val verwerp die mens God se vaderlike voorsiening. God onderwerp die mens daarna aan selfvoorsiening (Piper, 2007:145).

Hierdie gevalle toestand word strategies deur die Bose uitgebuit sodat die gevalle mens glo dat God nie werklik omgee of beskerming verleen nie. Die gevalle mens definieer sy identiteit en verhoudinge met ander in hierdie persepsies (Eldredge & Curtis, 2007:106-108, 113).

Sedert die sondeval leef die mens in verwronge verhoudinge, dikwels buite die grense van geestelike veiligheid. Angs weens die voortspruitende verwonding manifesteer as ‘n onsienlike geestelike gebondenheid wat gedagtes en gedrag bepaal (Cross, 2006:27-30).

Die gevolge van die val kom volgens Anderson (2004:17) na vore in drie verreikende verliese:

- Eerstens is die mens se gees daardeur verdonker, sodat suiwer begrip van wie hul Skepper is, verlore is - só ook kennis van geestelike dinge (1 Kor 2:14, Ef 4:18).
- Tweedens is sinvolle emosies aangetas, en het dit geleid tot vrees as gevolg van die broosheid en kwesbaarheid (Gen 3:10). ‘n Gebrek aan

verantwoordelikheid vir die eie lewe word deur projeksies van skuldgevoelens verdoesel, in die vorm van blaam teenoor ander.

- Derdens is die mens se wil aangetas, wat die mens in 'n permanente intrapsigiese gekonflikteerde toestand van besluitneming rakende teenstrydige morele besluite laat.

Die gevalle mens leef met 'n vals identiteit van homself waar, "minimum decency passes for heroic virtue and utter corruption for pardonable imperfection" (Lewis, 1940:50). Die menslike daad wat die eie ek dien, en in wese 'n algehele valsheid ten opsigte van die geskape posisie verbeeld, is die werklike sonde wat die val kenmerk. Die sondeval kenmerk dus die tragiek van die mens se verlies van sy oorspronklik spesifieke natuur. Dit word in wese 'n verlies aan status as 'n spesie (Lewis, 1940:64-66).

### 3.4 GELOOFSVERVREEMDING

Skeiding van die teenwoordigheid van God wys heen na die val vanaf Godsbewussyn na die hel van selfbewussyn. Hierdie vervreemding van God kenmerk die mens se toestand sedert die sondeval in Gen 3. In wese is dit 'n mens in sy leefwêreld wat geskei is van Gods aangesig, in 'n staat van diepe eensaamheid, ten diepste vervreemd van God. In die afwesigheid van 'n identiteit in God kom liefde tot uiting op 'n selfsugtige wyse deur óf 'n behoefte aan dominansie, manipulasie en toe-eiening binne verhoudinge, óf 'n keuse om gedomineer te word in 'n futiele poging om vervulling vir liefdesbehoeftes te vind (Payne, 2005:52-64).

Die mens soos vervreem van sy eie hart is nie in staat om sy sielsverlange te identifiseer as 'n soeke na lewensin nie. Hy besef nie dat sy tuiste te vinde is in innige gemeenskap met God in Christus nie. Die mens het sedert die val 'n aangebore wesensingesteldheid om volgens sy eie terme te leef, oortuig daarvan dat hy oor die insig beskik om suksesvolle lewenskeuses te maak. Hierdie wese leef ten diepste in selfvervreemding en ook in 'n toestand van Godsvervreemding (Eldredge & Curtis, 2007:61).

### **3.5 SONDE, DIE BOSE EN VERWONDING**

#### **3.5.1 Sonde**

Sonde is die vrug van misleiding van die wil en oorgawe aan 'n bose mag. Oorspronklike sonde in Gen 3 is tekenend as eerste voorbeeld hiervan. Daarom is kennis van sonde impotent in die teenwoordigheid van sonde. Die geografie van sonde word gekenmerk aan verskuildheid. Die aanklag teen die self word hierna deur die ideologie van sonde gestil, in die vorm van vermyding en selfmisleiding, ontkenning of minimalisering (Volf;1999: 28).

Sonde vorm die grondslag van alle boosheid. Die Bose se soek na glorie vorm die kern vir die oorsprong van sonde. By die mens ontbloot sonde homself in selfliefde, arrogansie en die verwagting dat hy op regte en voorregte geregtig is wat almal se samewerking hiertoe insluit, ook dié van God (Giglio, 2005:81, 127-134).

Volgens Rom 3:10-12 is niemand regverdig nie, en is daar geeneen wat God vanself soek nie. Die sondaar gee egter voor dat hy 'n goeie mens is, en leef in die valse self, gemaskeer as die ware self. Sonde is geneig om verwagting, visie en geloofsperspektief te vernietig, en die mens integreer dan die wanhoop in sy interne dialoog en leef vanuit hierdie sondige lewensraamwerk (Arterburn, 2005:191-193; Eldredge & Curtis, 2007:152, 147).

Die mens wat kies om in 'n sondige lewe te volhard, funksioneer in gespletenheid met die ware self, en in 'n sekere sin langs die ware self, as ongeïntegreerde wese. In wese is hierdie mens 'n illusie wat ten diepste 'n illusie leef in 'n distorsie van die ware realiteit. 'n Sondige lewe kenmerk 'n bestaan vervreem van die sentrum van alle lewe, buite die teenwoordigheid van God. Selfgesentreerdheid, vervreemd van begrip of wysheid, met verdraaide insigte en waninterpretasie van die realiteit en menswees, tipeer hierdie bestaan. Oormatige introspeksie en die intellektualisering van die werklikheid vorm deel van hierdie gespletenheid tussen verstand en gees (Payne, 2005: 83-85, 183-190).

#### **3.5.2 Sonde, onreg en God**

Henry (1999: 64) beskou onregpleging en sonde teenoor andere as aanstootlik teenoor God as Skepper van lewe. Selfs al beskou die oortreder sy daad as aanvaarbaar weens distorsies in sy verantwoordelikheidsin teenoor die samelewing en God, bly dit

'n oortreding van God se eer en voortreflike Goddelike geregtigheid, en ook 'n uitdaging van God se geopenbaarde wil.

Gegewe die kriminele hantering van Christus en Sy kruisiging as die onskuldige en sondelose 'oortreder' teken die Skrif Christus nie as 'n slagoffer nie. Hy gee Sy lewe vrywilliglik as offer om sonde se mag te breek (Joh 10:18). Volgens Henry (1999:66) word Christus as gekruisigde uiteindelik die prototipe van persoonlike en sosiale geregtigheid.

### **3.6 VERWONDING (TRAUMA)**

#### **3.6.1 'n Definisie**

Daar kan duidelik onderskei word tussen die oorspronklike of *primère verwonding* van die mens tydens die sondeval en *sekondêre verwonding* as gevolg van katastrofale incidentele of langdurige emosionele en/of fisiese trauma verwant aan gebeure buite die normale ervaring van menslike bestaan op aarde.

##### **3.6.1.1 Primère/ oorspronklike verwonding**

Oorspronklike verwonding is wesenlik 'n verwydering van God sedert konsepsie. Die grondslag van die mens se werklike verwonding is geleë in sy rusteloze soeke na die diepste, blywende bevrediging van 'n onnoembare sielsbehoefte. Hierdie verwonding se traumatiese verlies aan die essensie van menswees manifesteer in sy gedagtes, besluitneming, dade en verhoudinge. Die vrug daarvan is vatbaarheid vir die Bose se manipulasie om te glo dat die lewe die sienlike en tasbare omvat, en dat daar 'n direkte verband tussen oorlewing en manipulasie van mense en omstandighede bestaan (Eldredge & Curtis, 2007:29-30, 108).

Crabb (2003:178) stel dat die mens as gevolg van primère verwonding op sy eie sondige insigte staatmaak om sin te maak uit gebeure in sy bestaan, veral wat emosionele pyn betref. Dit gebeur gevvolglik dat die mens sy bestaan dikwels as óf 'n tragedie, óf 'n komedie, óf 'n romanse, óf 'n ironie interpreer. Dit word dan 'n bepalende en veralgemenende benadering tot gebeure in die persoon se lewe omdat sy verwysingsraamwerk daardeur gedefinieer word.

Primère verwonding word beskou as die gebrek aan heelheid in Christus. Dit kom na vore in die praktisering van die teenwoordigheid van 'n ander god wat tydelike

vervulling bied. Selfverheerliking en selfbeheptheid as deel van die vals self word dan 'n meganisme ter selfbeskerming teen pyn (Payne, 2005: 73). Volgens Giglio (2005: 103-10) het hierdie mens vergeet dat angs daaraan gekoppel is om te leef buite die teenwoordigheid van God.

### **3.6.1.2 Sekondêre verwonding**

Sekondêre trauma blyk gekoppel te wees aan 'n gebeurlikheid wat normale daaglikse geroetineerde funksionering onderbreek, en fisiese en/of psigiese verliese meebring. Dit mag die skielike terminale diagnose of die dood van 'n geliefde wees. Die angs gekoppel aan die primêre verwonding by die sondeval lei tydens sekondêre verwonding tot 'n tipiese reaksie van ongemak met bejammering omdat die persoon dan nie as wenner geteken staan nie (Wright, 2006:8, 13-15).

Sekondêre trauma mag langdurig plaasvind en die psige met onberekenbare lewenslange skade laat. Veral onderdrukte pyn en ontkenning van die werklike impak op die self skep distorsies ten opsigte van menswees. Een vorm van hierdie soort trauma is tekenend in die miskenning van menswees deur die primêre versorger (Jantz, 2004:106-108; Wright, 2004:186-188; Wright, 2006:9; Coetzer, 2009:41).

Volgens Cross (2006:68-75) mag hierdie trauma selfs voortduur na die dood van die onregpleger en die slagoffer met die juk daarvan laat worstel. Langs die weg van geestelike duisternis wat daargestel word deur onrein fantasieë en/of verhoudinge kan die magte van die duisternis sy houvas op die langslewende party behou. God het deur middel van geestelike wette grense neergelê vir menslike verhoudinge ter beskerming en seën van Sy skepsel (Ef 5:1, 1 Kon 11:1-2, 1 Kor 6:16, Ps 115:8, 1 Kor 6:17, Mat 5:28, Luk 8:32, Rom 1:25, Lev 19:31). Indien sodanige wette oortree word is die gevolg gewoonlik sekondêre verwonding.

Brown en Yoder (1995:54) stem saam dat indien grense deur 'n onrein verbintenis oortree word, trauma die langtermyngevolg is. Volgens Cross (2006: 29) word hierdie skadelike geestesbande die onsienlike juk wat sy impak toon op individuele funksionering en ook op onderlinge verhoudinge tot in die laaste lewensfase van die mens.

### 3.6.2 Verwonding by die gelowige

In geval van die gelowige word hierdie dilemma voortspruitend uit **primêre verwonding**, uitgedruk in 'n soeke na die antwoord op die vraag hoe om in 'n liefdesverhouding met God te leef te midde van sekondêre verwonding weens pyn, lyding en verliese in die lewe op aarde. Te midde hiervan bestaan daar twyfel of dit enigsins moontlik is. Wantroue teenoor God en medemens is dikwels die uitvloeisel van onverklaarbare lyding waar dit ook nie voorkom asof God wil ingryp nie. Hierdie wantroue is tekenend van **sekondêre verwonding** by die gelowige. Die onvoorspelbaarheid en misterie van God bring vrees teweeg. Die vraag na die wese van God se hart is aan die orde (Eldredge & Curtis, 2007:70-78).

Wright (2006:35) haal Ogilvie aan ter verduideliking daarvan dat rigiditeit en 'n behoefte aan beheer dikwels die gelowige se geesteslewe kenmerk. Geestelike rituele is veilig, terwyl vertroue in God en oorgegewenheid aan Hom angswekkend is. Dit kom na vore in die scenario waar die mens as suksesvolle ster sentraal figureer. Juis daarom is dit uiters traumatis wanneer gebeure buite die betrokke persoon se verwysingsraamwerk sy lewensraam se grense betree. Die besef dat sy lewe nie voorspelbaar is of beheer en beveilig kan word nie, bring groter bestaansangs mee.

Die Christen leef as gevolg van primêre, aangebore verwonding weens die sondeval nie vanuit sy werklike kern nie. Primêre verwonding is 'n toestand van gebrek aan heelheid in Christus, 'n leef in die teenwoordigheid van 'n ander god. Sou sekondêre verwonding plaasvind, volg vervreemding teenoor God weens vrees as natuurlike uitvloeisel (Payne, 2005:81-82; Cross, 2006:43).

Daar is volgens Lampman en Shattuck (1999:10-13) drie **tipiese geestelike reaksies op sekondêre verwonding** by die Christen:

Geloof wat genees. Persone wat hul eie geestelike nood aanspreek vind dat dit terapeuties is met betrekking tot die genesingsproses na trauma.

Geloof wat bevraagteken. Vyf vrae figureer in so 'n geval: Waar is God? Hoor Hy my noodkreet? Gee Hy om? Hoekom het Hy dit aan my gedoen? Waar is geregtigheid hierin?

Geloof wat 'n geestelike soektog/reis noop via sluimerende geestelike vrae.

### **3.6.2.1 Gevolge verwant aan primêre en sekondêre verwonding**

Primêre verwonding skep blindheid en ook 'n vals perspektief. Die **primêr verwonde gelowige** wat reeds emosionele of fisiese trauma tydens sy bestaan op aarde ervaar het, ontwikkel dikwels 'n vorm van godsdiensbeoefening waardeur hy hom probeer vrywaar van verdere sodanige verwonding deur emosioneel en geestelik vervreem van die self, familie, vriende en God as Vader te funksioneer. Isolasie word die arena waarbinne die Bose vrees, wantroue en sinisme teenoor God en ander versterk. Die Bose se strategiese plan is immers om die mens te isoleer en af te mat deur hom bevrees of obsessief te laat funksioneer, afhangende van die mens se spesifieke **sekondêre wonde** - wat dikwels vanuit die kinderjare dateer. Eindeloze siklusse van selfgesentreerde passie uitgeleef deur 'n obsessie met orde, vreesbevange gedrag en wantroue, kompetisie met ander, oorgawe aan dwelms en/of seks en dies meer kan volg in futiele pogings om die geestelike dors tydelik les. Dit laat egter die persoon by hernuwing leeg, en mag selfs verdere verwonding tot gevolg hê. Paulus waarsku in Ef 1:18-19 teen dwase, sondige keuses wat lyding meebring (Eldredge & Curtis, 2007:114, 119, 132-137, 144; Jantz, 2004:51).

Die teenwoordigheid van vreugde te midde van pyn by die ware Christen word deur Weatherhead (1943:148) ondersteep as teenpool van ongeloof. Lofsang is blywend ten spyte van lyding omdat geloof in God onwrikbaar bly staan en nie in simbiose met voorspoed leef nie. Exley (*in* Wright, 2006:137) beweer dat die mens se reaksie op swaarkry direk verband hou met sy teologie asook sy geloofsformule en aanbidding van God: dit staan altyd óf in diens van die ego, óf in diens van God ten spyte van die self.

Afgodediens kenmerk beide primêre en sekondêre verwonding as gevolg van sondige keuses. Alhoewel die mens voor die sondeval geskape is om as een in gees met die Gees van God te leef (1 Kor 6:17), is hierdie posisie gekompromitteer na geestelike binding met enigiets gestel in die plek van God, dikwels onbewustelik (Cross, 2006:16, 58).

## **3.7 GOD SE DOEL MET LYDING**

Lewis (1940: 65, 74) beskou pyn en lyding as **noodsaaklike**, onomkeerbare bestanddele van die sondeval in Gen 3. Weens die verlies aan status as spesie met 'n Goddelike natuur, en die vervanging van die mens se aard met 'n menslike natuur, word swaarkry en agteruitgang onvermydelik.

Te midde van emosionele en/of fisiese swaarkry weens chroniese sekondêre verwonding soek die mens sin in sy bestaan, ten einde met hoop te kan bly voortleef. In die lewe van **die ongelowige** konfronteer dit hom met die **bestaan van 'n Godheid** om op te hoop vir redding en uitkoms. Te midde van 'n stropingsproses wat slagofferwees tipeer, word die potensiaal ontsluit tot groei, met nuutgevonde hoop as verrassingsvrug. Wanneer lewensin in lyding ontdek word, vind wysiging van die ingesteldheid daarteenoor plaas. Deur die inlatende wil van God kom Christus naby aan die mens se nood, deur Sy kruisdood (Louw *in* Frankl, 2007:59-65, 79, 145).

Volgens Eldredge en Curtis (2007:60-61, 119-120, 178) bestaan daar nie altyd 'n verband tussen lyding en sondige keuses van die self of ander nie:

Eerstens het lyding soms ten doel dat **God se** wonderwerke en **almag vertoon** kan word tot heil van ander. Die man in Joh 9:1-7 se swaarkry as blinde was ter demonstrasie van Gods genesende krag tot heling, sodat ander tot geloof kon kom (Wright, 2006:9). Tweedens verwyder God deur lyding op aarde die struikelblokke tussen Hom en die mens, en **herstel so afhanklikheid van Hom**. Lyding, genesing en herstelde vertroue in God se liefde en oorgawe aan Sy algenoegsaamheid word sinoniem.

Vir Lewis (2002:204-205) hou die lyding van die Christen geen verrassing in nie. Swaarkry is God se stropingsproses van die eie ek, sodat **heiligmaking** en volmaaktheid gestalte kan kry, ten einde die mens sy ware self in die spieël te laat sien: God in Christus gereflekteer in 'n helder weerkaatsing:

"You thought you were going to be made into a decent little cottage: but He is building a palace. He intends to come and live in it Himself" (Lewis, 2002:205),

Dit alles is moontlik omdat, "God became man to turn creatures (back) into sons" (Lewis, 2002:216).

God wil dat die mens die laagtepunt van vertwyfeling bereik, sodat wanhoop en vertwyfeling kan volg - omdat die mens immers dan gekonfronteer word met die onregplegers (fisies of psigies) wat altyd in die onderbewussyn sy grootste vrees was, groter as 'n vrees vir God. Hierdie **perron** van wanhoop skep die geleentheid vir God

**tot genabetoning** en redding - 'n redding van die skepping van self-ontwerpte afgode waaraan groter verknogtheid bestaan as aan God:

"It is through Gods mercy that when evil strikes, He uses the experience to destroy the idols man unwittingly serve" (Allender, 1999:57).

Die vraag na die versoening van menslike lyding met die bestaan van 'n liefdevolle God kan nie opgelos word indien die mens sentraal staan nie. God bestaan immers nie ter wille van die mens nie. Aangesien Sy wese liefde is, volg dit dat Hy die mens skaaf deur lyding ten einde die mens meer aanvaarbaar voor Sy aangesig te maak. Jer 18 verbeeld God as die pottebakker in verhouding tot die mens as die klei. Job 23:10 vergelyk hierdie weerloosmaking deur God as 'n louteringsmoment om goud in menswees toenemend vergestalt te sien, tot eer van God (Lewis, 1940:34, 39, 74).

Volgens Weatherhead (1943:31) openbaar God se natuur twee skynbare beperkinge op Sy Almag: eerstens in die arena waar die mens se vrye wil opereer, en tweedens waar menslike dwaasheid, ligsinningheid of sonde Sy plan vertraag. Niks kan egter gebeur wat verby God se wil en plan strek ter redding van die mens se siel nie:

"The measure of suffering must be the measure of our faith, since it is the measure of God's all-beholding purpose. On no stage set otherwise could God reach the final act of the destiny of man. The possibility of all suffering was an essential in the working out of the human drama" (Weatherhead, 1943: 95)

Dit sluit **lyding van** die oregte **gelowiges** in, **omdat hulle die gewig van die sonde en pyn in die wêreld dra**. Die aanvaarding van verlossende lyding vir mekaar blyk die grootste voorreg te wees vir die menslike siel.

Met betrekking tot lyding kom Lewis (1940: 76) tot die slotsom dat alhoewel die mens selfs genot mag ignoreer terwyl hy daarin opgaan, **pyn** hom **noodsaak** om daaraan **aandag** te gee:

"God whispers to us in our pleasures, speaks in our conscience, but shouts in our pain: it is His megaphone to rouse a deaf world".

Alhoewel pyn tot permanente rebellie en vyandskap teenoor God kan lei, is dit egter die enigste roete tot 'n soeke na die waarheid: dat die mens kan ontdek dat voorspoed en geluk 'n vlietende illusie is en dat geen besittings enige sekuriteit bied nie. Heb 2:10 herinner immers dat volmaaktheid slegs gestalte kry deur lyding.

### **3.8 WOEDE**

#### **3.8.1 Definisie**

Woede as emosie ontstaan as gevolg van verwonding. As sodanig is woede ondergeskik aan die primêre emosies van vrees en seerkry. Dit dui nie noodwendig op haat, aggressie of vyandigesindheid nie. Woede is as sodanig nie sonde nie. Die ervaring van woede bevat 'n konstruktiewe funksie. Dit is 'n Godegewe ervaring wat as waarskuwing behoort te dien dat die mens se emosionele of fisiese veiligheidsraamwerk bedreig word. Ef 4:26 waarsku egter daarteen om te sondig wanneer woede ervaar word: "Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie" (Meier & Wise, 2003:212-14).

Louw (2006: 25) is van mening dat aggressie deel vorm van singewing daar lyding die menswaardigheid aantas. Wraak hang saam hiermee as gevolg van emosies van onregpleging.

As primêre emosie oorspan woede 'n spektrum van gedragshandelinge, beide verbaal en nie-verbaal. Woede kan manifesteer via 'n koue stilte, effense ongeduld, of buitebeheer raserny en toorn. Woede bemagtig die verwonde en is as sodanig funksioneel ter beskerming teen verdere onreg. In die afwesigheid van woede ontstaan magteloosheid, hulpeloosheid en weerloosheid, wat geïnterpreteer mag word as nie-verbale toestemming tot verdere onregpleging (Stoop, 2005:95).

#### **3.8.2 Tipes woede**

Stoop (2005:94-96) stel dit dat woede as emosie 'n integrale deel van die proses van vergifnis vorm. Daar is produktiewe vorme van woede wat van minder produktiewe vorme van woede onderskei kan word. Gesonde vorme van woede het nie sonde as

uitvloeisel nie, terwyl destruktiewe vorme daarvan in sonde geskied (Ef 4:26; Spr 14:17, 29).

Produktiewe vorme van woede het vir Stoop (2005:96-98) betrekking op reg en geregtigheid, en is gedissiplineerd as handeling. Dit vorm 'n kernaspek van die proses van vergifnis - in die afwesigheid van woede word slegs gepoog om die persoon te verskoon. Nadelige vorme van woede sluit selfgerigte woede as uitdrukking van gebrek aan self-liefde, en woede as uitvloeisel van selfgesentreerde aspekte in - woede wat nie die ander persoon se welstand in gedagte het nie.

### **3.9 REG EN GEREGTIGHEID**

#### **3.9.1 Inleiding**

Onregpleging skep 'n krisis sowel as 'n slagoffer in die lewe van enige betrokke mens. Hierdie persoon het behoeftes - onder andere fisiese, emosionele, sosiale, finansiële maar ook geestelike behoeftes voortspruitend uit die verwonding. Vir die slagoffer se genesing en herstel moet sy geestelike behoeftes erken en aangespreek word (Earl, 1999:237).

Binne die konteks van die gelowige gemeenskap is die tipiese reaksie teenoor 'n slagoffer dikwels herviktimisasie deurdat geïnsinueer word dat God verborge oortredinge straf, of dat gebrekkige voorsorg teen verwonding getref was binne die gesinsnetwerk (eenmalige of langdurige emosionele/fisiese/psigiese onreg) of fisiese milieu (veiligheidsbewustheid). Hierdie reaksie is gewoonlik verwant aan die eie bestaanskrisis wat by gelowiges ontketen word aangaande sekuriteit op aarde en die wese en aard van God (Lampman & Shattuck, 1999:3).

#### **3.9.2 Kenmerke van die boosheid**

Volgens Allender (1999:41) reguleer die gewete menslike gedrag en grense met andere. Drie aspekte kenmerk boosheid: geen gewete, geen vermoë tot empatie, en genot in skadeberokkering teenoor andere, beide fisies en/of emosioneel van aard. Die enigste regulerende aspek vir boosheid is magsuitoefening. In kontras met die gewone sondaar wat vrees ervaar indien hy grense oorskry het en verleenheid beleef as 'n sondige daad ontbloot word, het die bose mens geen vermoë om tot nederigheid en skuldgevoelens beweeg te word weens skaamte nie. Daar is geen wet wat boosheid kan bind of die persoon verantwoordbaar maak teenoor andere nie.

### **3.9.3 Ou-Testamentiese perspektief**

#### **3.9.3.1 God se liefde en genade oorspan alles**

Lampman en Shattuck (1999:32, 58) is dit eens dat God se liefde vir reg en geregtigheid aktief is, dat Hy regverdig *is*, en dat Hy regverdig *handel*. Die fondament vir God se geregtigheid is geleë in Sy liefde (Ps 146:7-9), Sy fokus op die welstand van die mens (Ps 85), en dat Hy onder alle omstandighede ten gunste van regverdigheid is. Ook veroordeel God onregpleging. God se geregtigheid sluit egter nie Sy genade uit nie. Sy prioriteit is om daders van onreg die gewig van hul dade te laat besef. God se geregtigheid is ‘n onvervreembare dimensie van Sy genade. God se liefde en vergifnis oorspan die gaping tussen geregtigheid en genade. Sy regverdige oordeel impliseer dat die misdadiger se herstel afhanklik is van sy oorgawe aan en liefde teenoor God (Gen 4:6-15; vgl. 1 Joh 3:11-17). Apatie teenoor slagoffers van trauma vertraag die genesingsproses (2 Sam 13:20).

#### **3.9.3.2 Die slagoffer, vergelding/vergoeding, en Goddelike geregtigheid**

Op die vraag of slagoffers menslike vergelding behoort te ontvang op weg na genesing, word dit volgens Achtemeier (1999:102) vanuit die Psalms duidelik dat die grootste beloning vir noodydendes geleë is in algehele oorgawe en innige gemeenskap met God tydens die krisis (Ps 12:5-8; 33:20; 59:16-17; 94:19), asook in die toekoms (Ps 73; 37:11). God se beskerming, versterking, voorsiening en vertroosting bring lofsang en vrede wat enige moontlike kortstondige euforiiese gevoeleris van oorwirning danksy vergelding by verre oortref.

Vir Achtemeier (1999:103-105) is die Skrif duidelik omtrent die opdrag dat slagoffers vergoed moet word weens lyding en onreg. Hierdie vertrekpunt is gebaseer op drie aspekte, naamlik die kosbaarheid van menslike lewe, die Skeppingsopdrag aan die mens (Ps 8:5-8; Mat 6:25-30; Ps 139:1-4), en ook ter herstel van die gemeenskap as geheel (wat die onregpleger insluit) deur skuldbekentenis en terugbetaling (Ex 22: 1,5-7,9,14, 16-17, 33-36; Deut 19:14; Ex 21:18-19).

### **3.9.4 Nuwe-Testamentiese perspektief**

#### **3.9.4.1 Tipes geregtigheid**

Volgens ‘n uitgebreide Nuwe-Testamentiese studie rakende geregtigheid en straf deur Marshall (2001:2) bestaan daar twee uitgangspunte ten opsigte van geregtigheid,

naamlik "vergelding" en "herstel". "**Vergeldende geregtigheid**" fokus op die aspekte rakende wetsoortreding, skuld en straf, terwyl "**herstellende geregtigheid**" konsentreer op verhoudings, versoening en die herstel van wat skade berokken is. Vanuit Marshall (2001:199) se ondersoek blyk dit duidelik dat God se geregtigheid gekenmerk word deur herstel en genesing. Hierdie heelmaking is God se finale woord in die geskiedenis deur Jesus as die beliggaming van God se geregtigheid.

### **3.9.4.2 Die slagoffer, vergelding/vergoeding, en Goddelike geregtigheid**

Die toepaslike plek vir genesing van die onregmatige verwonde is die kruis van Jesus Christus, die toppunt van alle onregpleging. Nêrens anders was daar meer onregverdigheid gepleeg nie. Met die kruis demonstreer God Sy volkome identifisering met die mens se onregmatige lyding en ook met regverdige straf (2 Kor 5:19). Aan die kruis het God in Christus alle menslike swaarkry absorbeer in Sy liefde (Seamands, 2004:97).

Die God van die Nuwe-Testamentiese bedeling eggo Ou-Testamentiese beroepdoening op herstel van die gemeenskap deurdat mense na mekaar omsien in nood, met die liefdesopdrag in Gal 6:2 om mekaar se laste te dra, en die verontregte te vertroos en by te staan. Die oortreder moet skuldbelydenis doen, wat vergoeding van die slagoffer insluit (Achtemeier, 1999:106).

Gegewe die futiliteit om die huidige samelewing binne 'n bose wêreld te hervorm, doen Wolterstorff (1999:120) 'n beroep op die gelowige om gerig op die komst van die nuwe Jerusalem te leef, waar ware Goddelike geregtigheid sal woon. Fundamenteel leef die gelowige wagtend, hoopvol, geduldig, aanvaardend van lyding, gedurig biddend, omdat vir hierdie nuwe Jerusalem nie gearbei word nie. Op hierdie nuwe Jerusalem word slegs gewag omdat God alleen dit teweeg bring (Rom 8:19-25; Mat 5:6-10).

## **3.10 SKULDBELYDENIS**

Vir Packer (1994:193) sentraliseer skuldbelydenis genade en ook die onthouding van wraak en bitterheid vir die verontregte. Slegs navolgers van Christus kan Sy vergifnis vir sondaars reflekter teenoor onregplegers, en verder ook die hoop dat God sy eie oortredinge nie teen hom sal hou nie, sonder valsheid uitleef. Terwyl vergifnis deur geloof in Christus alleen geskied en nie deur werke nie, is skuldbelydenis die vrug van geloof. Daar is daarom nie 'n groter werklikheid in die belydenis van geloof as wat daar

is in die realiteit van skuldbelydenis wat daardeur vergesel word nie. Hieroor het Christus die finale woord (Mat 6:14ff; 18:35).

Die essensie van die belydenis van sonde is om die vals self af te lê, afgode af te sterf en aan God Sy regmatige plek te gee in die sentrum van die mens se lewe. Skuldbelydenis erken sonde, hardnekkige ongehoorsaamheid aan en verwerping van God as Heer. Skuldbelydenis omvat verder 'n terugkeer na die skeppingsdoel van ononderbroke liefdesgemeenskap met God Drie-Enig in afhanklikheid van Hom vir die mens se totale bestaan (Eldredge & Curtis, 2007:163, 167).

### **3.11 VERGIFNIS**

#### **3.11.1 Definisie**

Paulus se uitsprake is duidelik dat slegs deur Christus se soendood aan die kruis die skuld weens die mens se sonde betaal kon word (Rom 6:23). Slegs hierdie versoeningsdaad bring die mens onder die genadeverbond in omdat vryspreek van die sondeskuld 'n ewige lewe by God waarborg. Volgens Mat 6:14-15 is daar vergifnis by die Vader vir 'n persoon se sonde indien hy ander hul sonde teenoor hom vergewe. Indien die persoon weier om te vergewe, sal God nie die persoon se sondes vergewe nie. Vergifnis beïnvloed beide vertikale en horizontale verhoudinge. Volgens Mat 18:35 is daar geen voorbehoud op vergifnis teenoor ander nie, omdat elkeen vergifnis ontvang het vir sondeskuld wat hul nooit sou kon vereffen nie (Stoop, 2005:8,42-45).

Vergifnis is 'n proses wat tyd verg. Groter eiewaarde vind gestalte by die slagoffer wanneer vergifnis plaasvind. Daardeur word daar afstand gedoen van negatiewe gevoelens vanuit die verlede. Vergifnis dui egter nie op goedkeuring van die onreg, of wysiging van die reëls ten opsigte van aanvaarbare gedrag nie (Meier & Wise, 2003:225-227).

Vergifnis ontken nie sondige gedrag nie maar stel die lydende party vry van die houvas van die verwondende verhouding. God se opdrag tot vergifnis (Mark 11:25) bewerk krag in die lewe van die persoon wat vergewe. Vergifnis is die grondbeginsel in God se Koninkryk met betrekking tot onderlinge verhoudinge, en vorm die grondslag van God se verhouding met die mens (Cross, 2006:46).

Vergifnis van andere en vergifnis deur God lei tot die ontdekking (volgens Ef 3:16-17) van die mens se ware kern waar God woon, en dit spreek hierdie mens aan en bekratig hom om te volhard in die geloof (Payne, 2005:82). Vir Allender (1999:209-216) reflektere vergifnis die misterie van God se karakter. Die energie van die mens se vergifnis is dus direk gekoppel aan sy bewussyn van hoe ver God se sondevergifnis strek (Luk 7:47). Die verontregte wat vergewe, is gerig op vernietiging van sonde (Rom 12:20-21).

Worthington (2005:124) toon aan dat daar twee variasies op vergifnis bestaan. Eerstens is daar **besluitnemende vergifnis**, 'n bewustelike besluit omdat God dit vereis. Dit onderdruk die emosionele komponent van verontregting. Tweedens kom **emosionele vergifnis** voor, en dit is gekoppel aan simpatie en *agape*-liefde. Hierdie tipe vergifnis kan mettertyd verander.

### **3.11.2 Die essensie en doel van vergifnis**

Vergifnis herstel die harmonie tussen die hart en die intellek. Ongeag of die ander betrokke die vergifnis aanvaar en of die verhouding herstel word, vind genesing van wonde plaas. Die sleutel tot vergifnis is Geesvervuldheid en ononderbroke intieme gemeenskap met God (Payne, 2005:37-38). Volgens Meier en Wise (2003:219) het vergifnis 'n tweeledige doel: om die slagoffer te reinig van die skade wat berokken is, en om emosionele sekuriteit te herstel ten einde die toekoms effektief te benader.

### **3.11.3 Voorwaardelike vergifnis teenoor radikale vergifnis**

Voorwaardelike vergifnis is gekoppel aan die eie ek as bevoordeelde deur die poging tot vergifnis. Radikale vergifnis deur die verwonde dui op vergifnis in die afwesigheid van skuldbelydenis deur die oortreder (Luk 23:34). Volgens Paulus in Rom 5 is dit onvoorwaardelik omdat God se vergifnis en vryskelding van sonde deur die soendood van Christus sonder voorbehoud was. Radikale vergifnis is 'n gawe uit genade (Stoop, 2005:65-68).

### **3.11.4 Onvolkome en volkome vergifnis**

**Onvolkome vergifnis** manifesteer deur ontkenning dat verwonding plaasgevind het, in 'n vorm van selfblaam wat tot isolasie en depressie lei. 'n Tweede vorm van onvolkome vergifnis lei tot bitterheid. Beheptheid met en gedagtes van wraak weens gebeure, gekoppel aan emosies van vernedering, vorm deel hiervan (Stoop, 2005:75-

90). Die Skrif waarsku teen bitterheid (Heb 12:14-15). Bitterheid word vergesel deur ontwyding en skending (Brown & Yoder, 1995:121).

Die weg van **volkome vergifnis** bevat volgens Stoop (2005:91) die onderskeie aspekte van voorafgegaande rou weens verliese gely as gevolg van verwonding, vergifnis en oorweging van versoening en herstelde vertroue in ander. Packer (1994:193) stel dat vergifnis by God in Christus gekwalifieer word deur skuldbelydenis. Niemand is sondeloos nie. Vergifnis self is dus ook genade, en opsigself nie sinvol as blote menslike pogings nie. Die vergifnis van ander se oortredinge reflekteer God se vergifnis van die slagoffer van onreg se sonde. Die mees toepaslike gebed word:

“Forgive our sins as we forgive, You taught us, Lord, to pray; but  
You alone can grant us grace, to live the words we say” (Packer,  
1994:193)

### 3.11.4.1 Die fases van vergifnis

Die fases van vergifnis omsluit volgens Meier en Wise (2003:227-231) die volgende:

- Erken **eerstens** wie verantwoordelik is vir die verwonding.
- Distansieer die self **tweedens** daarvan. Herhaalde verwonding verlaag eiewaarde en lei tot selfbeeldproblematiek.
- Identifiseer **derdens** enige ontkenning. Trauma word dikwels onderdruk weens intense pyn, en die bestaan daarvan word ontken. Erkenning ‘ontgif’ die siel.
- Herontdek **vierdens** die verlossingswaarde van onverdiende lyding.
- Reik **vyfdens** uit na herstel en versoening.

## **3.12 HEIL OF VERLOSSING**

### **3.12.1 Definisie**

Deur die genade bewys deur Christus se soendood vind die siel deur bekering en oorgawe aan God die eenheid met sy Skepper waarvoor hy ontwerp is. 'n Nuwe self met 'n nuwe natuur, gerig op God met 'n onverdeelde hart, word tydens verlossing gebore. Die mens se oorspronklike glorie word tydens verlossing herstel. Hierdie nuwe self is die werklike self, in staat daartoe om te leef tot in die volheid van sy wese binne die raamwerk van sy identiteit in Christus en in ononderbroke gemeenskap met God. Die staat van geloofsvervreemding wat geleef is as die vals self behoort tot die verlede. Genesing en heelwording vind tydens verlossing plaas (Payne, 2005:54-56; Eldredge, 2004:50-51).

Die verlossing van die mens deur die kruisdood van Christus bevry die mens van 'n lewe van selfverheerliking weens tragiese selfgesentreerdheid. Dié verlossing verbeeld 'n glorierijke sterf aan die self ter wille van die groot Godsverhaal waarin God Sy almag en werke vertoon deur die mens wat in liefdesoorgawe sy Vader roekeloos vertrou. Die verlostes mens roem in sy onbeduidendheid en onbelangrikheid in die lig van God se algenoegsaamheid (Giglio, 2005:79; Lawrence, 1982:59).

Die gang van die lewe is versigtig deur God as Outeur daarvan georkestreer ten einde die mens se verlossing mee te bring en eenheid met God in Christus te bewerk. Dit is 'n liefdesdemonstrasie vanuit genade wat slegs maar beantwoord kan word (Eldredge & Curtis, 2007:65, 78; Payne, 2005:89).

## **3.13 GENESING**

### **3.13.1 Definisie**

Pastorale auteurs is dit eens dat genesing slegs binne 'n herstelde kontak met God, die self, en andere moontlik is. Genesing is ten diepste 'n terugkeer na die mens se skeppingsdoel en 'n erkenning van God as die enigste God. Herstelde, ononderbroke gemeenskap met God as Outeur in die skepsel se geringe lewensverhaal vind plaas binne die konteks van die glorierijke Godsverhaal. Genesing omvat die mens se aanvaarding van sy onbeduidendheid, en plaas die almag en grootheid van God in sinvolle perspektief. Die verwonde, beangste toestand maak dan plek vir 'n sekerheid

van die mens se rol, doel en sin van sy lewensreis. In 1 Kor 15:31 beskryf Paulus dit as 'n daaglikse sterf aan die self (Giglio, 2005:12-13, 127-128).

Volgens Eldredge (2004:95, 125, 147) en Payne (2005:37, 70-71) kom genesing by die mens ten diepste neer op 'n erkenning van sy naaktheid, en hereniging met die enigste Ware Liefde in sy lewe: God self. Slegs hierdie liefdesverhouding bied uiteindelik rus vir die siel. Dit onderlê genesing in verhoudinge op aarde. Dit is egter slegs moontlik as afgode in die vorm van mense en patronen in die plek van God gestel, geïdentifiseer en afgesweer word.

Ware genesing by die mens begin by herstelde gemeenskap in sy verhouding met God. Geloofsoorgawe aan God in Christus genees die Skepper-skepsel verhouding; Crabb (2003:22-30) sowel as Payne (2005:187) stem saam dat genesing ten diepste die beëindiging van selfbeheptheid en oormatige introspeksie is. Hierdie selfobsessie moet plek maak vir 'n gesonde tipe obsessie met en 'n fokus op God wat 'n mens se denke, dade en lewe rig.

### **3.13.2 Struikelblokke op weg na genesing**

Payne (2005:82,185) identifiseer drie struikelblokke op weg na genesing en hereniging met die ware self:

- Weiering om andere hul sonde teenoor jou te vergewe.
- Onvermoë om God se vergifnis te aanvaar.
- Weiering om die self te vergewe. Dit word verbind aan 'n innerlike visie van self en die onvermoë om die self te aanvaar. Volgehoue introspeksie en eiewaan is die belangrikste struikelblokke in hierdie verband. Hierdie derde struikelblok bestaan volgens Eldredge en Curtis (2007:117) omdat die Bose die mens laat glo dat hy nie sonder die beskerming van die vals self aanvaar kan word deur ander nie. Tydens pastorale begeleiding moet hierdie aspek in gedagte gehou word.

### **3.13.3 Perspektiewe op lyding ter genesing en transformasie**

Volgens Meier en Wise (2003: 245-249) asook Eldredge en Curtis (2007:140-147) is daar drie insigte ten grondslag hiervan:

Jesus deel in die mens se lyding (Jes 43:2). God vrywaar die mens nie van enige vuurproef nie maar waarborg Sy teenwoordigheid ten tyde daarvan.

Geen smart is sinloos nie. Die Skrifverhale van Dawid, Josef, Gideon, Jeremia, Jesus en Johannes is sprekende voorbeelde van God se toelatende wil tydens swaarkry, as vormingsproses vir 'n hoër roeping en taak in God se bestel.

Tyd bevestig dat die doel van die lydensbeker met transformasie en herstel saamhang. Met verloop van tyd lig die sluier op God se tydelik versteekte horisone wat verlossing van andere inhoud. God se genesende mag verander lyding en verliese in oorwinnings.

### **3.13.4 Stappe in die genesingsproses**

Arterburn (2005:10) identifiseer tien keuses wat die verwonde geloofsvervreemde in die pastorale helingsproses moet maak:

- Omskep isolasie in kontak met mense.
- Ervaar jou lewe in sy diepste wese, ook die minder aangename.
- Ondersoek jou lewe op soek na waarheid.
- Besluit om jou toekoms te genees.
- Vind lewenshulp.
- Neem eienaarskap vir jou lewe, insluitend die chaos.
- Kies aktief vir vergifnis.
- Wees bereid om te waag en besluit teen selfbeskerming.
- Dien anderdeur na hul in nood uit te reik.
- Kies om te volhard, deur te erken dat hoop wel bestaan.

### **3.13.5 Die vrug van genesing/verlossing**

Die oogmerk van genesing is nie om bloot verligting en bevryding van pyn te ervar nie. Die reis mag selfs meer pyn en loutering inhoud. Die einddoel is egter die transformasie na die gelykenis van die Een wat die heling gebring het. Genesing bevat daarom die totale transformasie na heelheid in en deur Christus (Richardson, 2005:33).

Meier en Wise (2003:235-241) beskryf geestelike volharding te midde van swaarkry as 'n gawe van God. Ten grondslag daarvan is die liefde wat **bevryding** bring (1 Joh 4:18-19). Lyding vind betekenis as dit 'n groter saak dien (Joh 3:30).

Die vrug van genesing deur die inwonende Gees van God stem ooreen met die opdrag van Jesus om **andere** te aanvaar, hulle **hoër as die self te ag**, hulle na waarde te skat, en in vryheid met almal te leef deur vergifnis teenoor diegene wat jou laat ly. Manipulasie binne verhoudinge verander dan in bevryde verhoudinge, gerig op **diensbaarheid** teenoor mekaar en **lofprysing van God** (Cross, 2006:53).

Die Teenwoordigheid van God in die mens deur Sy inwonende Gees word dan nou ook die sentrum van die mens se lewe (Payne, 2005:82- 86). Gesonde grense kan gestel word, omdat bevryding van die juk van sonde en genesing van verwonding, verhoudinge herdefinieer. Verwrone afhanklikheid van mense vir vervulling word vervang met '**n gerigtheid op God**'. Respek vir en aanvaarding van die grense daargestel deur God word 'n natuurlike aspek van hierdie mens se verhouding met God (Cloud & Townsend, 1992:231, 240). Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding is die natuurlike vrug van verlossing, wat as seëninge op andere uitgestort en aan die nageslagte oorgedra word binne families (Trent & Smalley, 2004:30).

### 3.14 HEILIGMAKING

Heiligmaking, lofprysing aan die Here en genesing van menslike begeertes (byvoorbeeld kunsmatige sekuriteit op aarde) is vir Eldredge (2007:177) sinoniem. Slegs deurdat die mens sy vreugde in die Here soek en daagliks bewustelik voluit leef kan hy die begeertes van sy hart ontdek en geniet sonder dat dit afgode word (Ps 37:4).

Volgens Packer (1994:84, 193) is heiligmaking die wil, die opdrag en die standaard van God (1 Thes 4:3). God self vernuwe die mens se gees en binneste tydens bekering en ook gedurende die proses van heiligmaking, tot by die wederkoms van Christus. God verafsku diensbaarheid teenoor valse gode wat voortspruit uit selfgerigtheid (Hos 1-3), en verlang dat die mens voor, tydens en na bekering sy sondigheid konfrontere en deur die Gees arbei om met die werke van die vlees af te reken totdat die gelowige herstel word tot sy oorspronklike glorie deur 'n verheerlike, volmaakte liggaam en gees

aan die einde van die geskiedenis van hierdie bedeling (Rom 8:13; Eseg 36:26; Fil 3:21;1 Joh 3:2).

Heiligmaking impliseer 'n daaglikse oorgawe aan die timmerwerk van God, gedryf deur die begeerte om getransformeer te wil word na die beeld van Christus. Die romanse van 'n intieme wandel met God, ter vervulling van die mens se skeppingsdoel, kulmineer in die Groot Banket by die wederkoms en die verheerliking van God alleen tot in alle ewigheid (Eldredge, 2007:229). Hierdie 'intieme dans' van die Drie-Eenheid rig die uitnodiging aan die mens, "... join the dance..." ter vervulling van die volle potensiaal, die lewe by God in Christus vir ewig (Crabb, 2003:236).

Arterburn en Stoop (1998:185) noem sewe sleutels tot geestelike verdieping in die proses van heiligmaking. Dit is gesetel in 'n daaglikse oorgegwenheid aan God in liefde, en omvat liefde vir God met die hele hart, siel, verstand, en krag, asook liefde tot die medemens soos homself. Op elk van hierdie terreine omvat dit die soeke en oorgawe aan God, die erkenning van die waarheid, die neem van verantwoordelikheid, die rou, vergifnis en vrylating van pyn en verliese, transformasie van jou lewe, en beskerming van geestelike welslae.

### **3.15 DIE PASTORALE BEGELEIDINGSPROSES**

Vervolgens word die pastorale begeleidingsproses aan die hand van toepaslike onderliggende komponente ondersoek. Aspekte waarop veral gefokus sal word in hierdie verband is die volgende:

- Pastorale berading
- Benaderings in pastorale berading
- Drie pastorale modelle
- Die gebruik van die Skrif en die rol van gebed
- Die rol van die Heilige Gees en gebed
- Die opstel van die gebedslys
- Die berader
- Die essensie van die berader

- Rol as begrenser van self en beradene
- Die proses van pastorale berading
- Agergronds faktore tot berading
- Stappe in die proses
- Gevolgtrekkinge

### **3.16 PASTORALE BERADING**

#### **3.16.1 Benaderings in pastorale berading**

Volgens Collins (1988:17) bestaan daar drie benaderings tot Christelike lewenshulp, naamlik pastorale sorg, pastorale berading en pastorale psigoterapie:

- Pastorale sorg omvat prediking, genesing, leiding, herstel en onderlinge rekonsiliasie aan beide individu en gesinne. Die kerkgemeenskap sowel as die leraar is betrokke hierby en fokus op veranderinge in harte en lewensnood. Binne die hedendaagse pluralistiese samelewings skep relativisme en die bevordering van normatiewe waardes groot uitdagings aan die kerk. Deur klinies-pastorale sorgopleiding word toerusting verskaf om hierdie doelwitte te bereik (Gerkin, 1997:26, 145; Patton, 1993:95).
- Pastorale berading is Skrifgefundeerde berading aan individue, egsare en families om lewenskrisisse die hoof te bied. Meer gespesialiseerd is dit gemik op geestelike groei en die genesing van pyn (Collins, 1988:17).
- Pastorale psigoterapie het die Bybelse antropologie van die mens as vertrekpunt, asook God se redding uit sonde deur Christus se soendood. Toepaslike sielkundige bevindinge word geïnkorporeer in hierdie spesialisterapie ter genesing van ernstige psigiese problematiek wat individuele, gesins- en huweliksfunksionering aantast (vgl. ook McMinn & Campbell, 2007:51).

Toepaslik tot die fokus van hierdie studie, naamlik die bring van heil en heilservaring aan die verwonde geloofsvervreemde, word 'n heilsbemiddelende benadering binne

die Pastoraat vervolgens kortliks aan die orde gestel (sien 2.5.2 vir 'n meer uitgebreide bespreking hiervan):

- **Pastorale promissioterapie ter heilsbemiddeling** is gerig op 'n ontmoeting tussen God en mens, en ook tussen mens en mens. Dit vorm deel van 'n proses van beïnvloeding en verandering en omvat meer as 'n kommunikasie kategorie binne die gedragswetenskappe. Hulpverlening en versorging (nie tegniek nie) is die wagwoord. Met die Gees as "inwonende beginsel" van God in die nuwe bestel beïnvloed die heil die mens, eskatologies gesproke. Die pastorale samekoms vergestalt in wese die nabheid en troos as verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens. Binne hierdie pastorale ontmoeting kom heilskonkretisering na vore as sorg en geloofsontwikkeling tot geestelike volwassenheid (Louw, 1999a:53).

### 3.16.2 Gebedsterapie

#### 3.16.2.1 Inleiding

Verskeie pastorale outeurs stel die kwessie rondom gebedsterapie aan die orde en stem saam dat 'n groot mate van heling en genesing deur gebed moontlik is (Anderson, 2004:71-136; Brown & Yoder, 1995:41-46, 58, 77; Seamands, 2004:20). Anderson (2004:65, 94) beklemtoon dat die ingravering van negatiewe gedagtepatrone in die brein as gevolg van onverwerkte trauma asook sosialisering, slegs deur gebedsterapie uitgekanselleer kan word. Anderson (2000:384) bied in hierdie verband 'n aantal "stappe tot vryheid in Christus" as hulpmiddel in gebedsgenesing. Brown & Yoder (1995: 23-25) duif op die belang van 'n gebed om bevryding indien dit aan die lig sou kom dat daar ongehoorsaamheid teenoor God was, wat aanleiding sou kon gee tot 'n geopende deur vir bose aanvalle wat tot verwonding kon lei (Jos 7:10-12).

Vervolgens word drie outeurs se benaderings rondom die kwessie van gebedsterapie aan die orde gestel.

### 3.16.2.2 Verskillende modelle

- **Leanne Payne**

Payne (2005:60-63, 73-74, 82) gebruik die frase, 'luisterende gebedsgenesing' ten einde die proses van gebedsbegeleiding te beskryf waarvolgens 'n emosioneel verwonde beradene begelei kan word. Dit omsluit die volgende drie stappe:

**Eerstens** word in gebed gevra dat die eie wil omgebuig word na God se wil.

**Ten tweede** word die leuen of delusie waaraan die persoon homself definieer in die lig van die verwonding, geïdentifiseer en verslaak (losmaking geskied). Die herstelde regop posisie na God se aangesig word hervestig deur 'n aktiewe gehoorsame luister na God en aanvaarding van die self. Die ware self, geïntegreerd en funksionerend in Christus, word gebore.

**Derdens** word gebid om genesing van enige distorsies in persoonlike of seksuele identiteit (in geval van seksuele trauma), en 'n nuwe soliede identiteit in Christus word gebore. Integrasie van die persoonlikheid word vervolgens bevestig in onderworpenheid aan God se wil.

- **David Seamands**

Die Heilige Gees is die Berader wat die mens begelei en bystaan as Parakleet op die pad van genesing. Volgens Seamands (2004:20) het die mens egter tydens hierdie proses sekere verantwoordelikhede:

- Erken, bely en konfronteer die verwonding (Jak 5:16).
- Aanvaar verantwoordelikheid vir eie optrede.
- Vra die self af of genesing werklik verlang word (Joh 5:6).
- Vergewe alle partye betrokke by die probleem.
- Vergewe jouself, soos God jou vergeef het.
- Vra die Heilige Gees se leiding met betrekking tot die probleem, en vra ook leiding oor hoe om te bid (Rom 8:26).
- Bid onder begeleiding van die Gees dat genesing kan volg in Christus.

- **Ed Smith**

Smith (2007:7) toon aan in 'n opname met pastorale beraders in 2006 (rakende die genesing van pynlike trauma van die verlede wat steeds as uitermatig ontoepaslike psigiese ongemak figureer), dat **Theophostiese** gebedsgenesing (TPN) in 96% van gevalle besonder effektiewe uitkomste gelewer het. Die geheue sou behoue bly, maar sonder terugkeer van die pynjare wat opnuut funksionering weer negatief kon impakteer.

Die **basiese veronderstellings** van Theophostiese gebedsgenesing is die volgende:

- Emosies is verwant aan geloofsoortuigings. Die huidige situasie is nie die primêre oorsaak van huidige pyn nie.
- Vernuwing van denke (Rom 12:2) is die sleuteloplossing. Geheue en herinneringe is die werklikheid en kan nie vernietig word nie.
- Transformasie van die perspektief op lyding bring blywende verandering.
- Die mens is daartoe in staat om in sy geheue twee teenstrydige geloofsoortuiginge te koester/stoor.
- Gevoelens is 'n aanduiding van ware geloofsienings.
- Vrede volg op waarheid, en nie noodwendig op memorisering van die Skrif nie.
- Die mens is in emosionele gebondenheid weens twee basiese faktore, naamlik geloofsiening en keuse. Daar is 'n verskil tussen begeerte en wil.
- Sonde is die mens se struikelblok. Die diagnose is dikwels die oplossing.
- Data kan data verander, maar ondervinding verander ondervinding.
- Die Skrif is die standaard waarop alles gebaseer word.
- Die vernuwing van denke is 'n lewenslange proses.

### **3.16.3 Gebruik van die Skrif in die Pastoraat**

Kennis van die self, God en die Skrif is vervleg. Teoloë noem dit die hermeneutiese sirkel. Die mens begryp sy nood en God se redding slegs vanuit die Skrif (Calvin, 1957:35; Schaeffer, 1982:202).

Vir De Klerk en Van Rensburg (2005:3) kan die mens vanuit die Skrif beraad word daar dit oor die krag daartoe beskik as Woord van God. Straub (2007:2) stem hiermee saam deur te beklemtoon dat dit in die pastorale situasie die beloftes vanuit Gods Woord is wat die noodlydende vertroos.

Adams (1980:51) is van mening dat die Skrif die motivering sowel as die wesenlike inhoud van die Pastoraat konstitueer (2 Tim 3:16, Kol 1:28 en 1 Tim 1:5) maar plaas 'n groot klem op die direktiewe rol van die berader. Volgens Payne (2005:43-44) en Cloud (1992:32-42) word binne die pastorale ontmoeting op God gewag om in Sy teenwoordigheid deur Hom aangespreek te word, en te midde van pyn self die tydsraamwerk vir geestesgroei daar te stel (Luk 4). Verskillende Skriftuurplase onderlê wel hierdie ontmoeting (vgl. byvoorbeeld Heb 10:24 en Gal 6:1-2).

Die toepaslikheid van Skrifgebruik behoort geëvalueer te word in ooreenstemming met die proses asook die gereedheid van die beradene daarvoor. Die aksie van te luister is soms meer effektief in verhoudingsbou as aanhaling van Skrifgedeeltes. Demonstrasie van geloofsoortuiging temidde van lyding in die praktyk sowel as die inwerking van die Skrif op die berader se lewe is dikwels meer effektief binne die pastorale ontmoeting. Die aanhaling van die Skrif kan ook nie die ontdekking van intieme gemeenskap met die Drie-Eenheid vervang nie. Die kwaliteit van die terapeutiese verhouding kan uiteindelik die vitaliteit van die Skrif direk beïnvloed. Die genade van God word dikwels op hierdie wyse deur die verhouding met die verwonde beradene gekommunikeer en gedemonstreer. Skrifgebruik onderlê derhalwe evaluasies, beplanning en behandelingsmetodes sowel as die basiese benadering tot die noodlydende, en kan direk of indirek in sessies aangehaal word, indien toepaslik, terapeuties gesproke (McMinn, 1996:99, 115, 119; Crabb, 2003:233-236).

Beide Vought (2000:253) en Wismer (2000:249) wys op die positiewe effek van die gebruik van direkte gebede en meditasie vanuit die Skrif in ontmoetings met emosioneel, fisies en seksueel verwondes, asook diegene wat besittings of geliefdes

verloor het. Daardeur vlek die Gees self leuens in die geheue oop, tesame met die spesifieke emosionele pyn waarvan die beradene self onbewus mag wees.

#### **3.16.4 Die rol van die Heilige Gees en gebed**

Die hoofoogmerk van gebed as sleutelaspek in die genesingsproses is kontak met God. Gebed vir die Gees se teenwoordigheid en oorgawe aan die Gees is verkieslik bo gerigtheid op 'n rigiede model van ingrype met die beradene. Gebed in die geloof dat God sal intree in die lewe van die persoon in ooreenstemming met 'n pas waarmee die beradene gemaklik is, is die primêre funksie van die gebedsrol van die pastorale berader. Deur gebed laat die berader die bekwaamheid van God vry om genesing te bring op Sy eie tyd en wyse (Payne, 2005:43-44, 50-51).

Die Heilige Gees as inwonende begeleier ten opsigte van die waarheid vervul hierdie wesenlike funksie tydens gebed met die beradene, naamlik as Gids betreffende die verwonding, nood en spesifieke genesing. Heilservaring, wedergeboorte en ware geestelike groei is die soewereine werk van die Gees (Joh 3:8; 17:17). Die berader wat nie begryp dat alleen die Gees fundamentele veranderinge bewerk in die mensehart nie (Rom 8:26), sal altyd gefrustreerd en ontoereikend voel in die pastorale ontmoeting. Sonder die werking van die Gees is enige verandering oppervlakkig en kortstondig. Die berader se taak is om die beradene op Christus te fokus (Joh 15:26), want introspeksie as sodanig met betrekking tot trauma bring geen werklike antwoorde of rus vir die siel nie (McArthur & Mack, 1994:133-140; Seamands, 2004:134-136).

#### **3.16.5 Opstel van die gebedslys**

Dit geskied in samewerking met die beradene, en het ten doel om die negatiewe herinneringe en onregpleging te erken en te stipuleer sodat gefokusde gebed kan plaasvind. In die teenwoordigheid van ontkenning is genesing nie moontlik nie. Slegs die waarheid bring bevryding, sodat gebed die angel uit die verwonding se nagedagtenis neem (Richardson, 2005:149-154, Payne, 2006:158).

### **3.17 DIE BERADER**

#### **3.17.1 Die essensie van die berader**

Die krag en werking van die Heilige Gees onderlê die pastorale hulpproses volkome. Daar is geen druk op die berader om bekwaamheid te toon met konkrete insigte en resultaatgerigte ingrype as veranderingsagent nie. Opleiding, tegnieke, modelle van

ingrype en eie insigte is sekondêr teenoor die primêre geloof in die **wonderwerkende krag van die teenwoordigheid van die Drie-Eenheid om die pastorale proses te lei**. Rom 7:6 beklemtoon hierdie belangrike dimensie in die benadering van die berader (Payne, 2005 :24):

“Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wets-voorskrifte nie.”

Volgens Cross (2006:99) besit die berader **otoriteit in opdrag van Christus om vir diegene wat genesing weens verwonding verlang, in Sy Naam te bid** om Sy lig en lewe sonder 'n swaar juk deelagtig te word. Die otoriteit om vir genesing te bid word moontlik gemaak deur God se teenwoordigheid, want Sy teenwoordigheid en genesende mag is op 'n misterieuze wyse een (Ef 1:19-20) (Payne, 2005:35).

Effektiewe pastoraat doen 'n beroep op die berader of terapeut om die wonderwerkende krag van God te ken asook die kragtige essensie van Skrifgebruik in die lewensveranderende proses van geestelike transformasie. **Geen tegniek vervang die berader se persoonlike wandel met God** soos gereflekteer in kennis van en liefde vir God, gebruik van en liefde vir die Skrif, sowel as die innerlike lewe en transformasie van karakter deur die Skrif nie. Deur die berader se lewe geleef in die teenwoordigheid van God en deurweek van Skrifinhoude word die pastorale ontmoeting getransformeer en hermuwe deur God se eie teenwoordigheid (McMinn, 1996:117).

Die berader se totale lewensperspektief moet dié van God bevatten (Rom 8:28-29). Ook moet die berader oor '**'n goed-ontwikkelde teologie en begrip van lyding beskik** ter aansluiting by die pyn van die verwonde geloofsvervremde. Opleiding binne die sielkunde-dissipline rus slegs die berader toe in tegniek en begrip van die delikate proses wat betree word. Opsigself is dit egter onvoldoende, omdat slegs die Gees die wonde kan aanraak wat die beradene self onbewus van mag wees. Ook is dit belangrik dat die berader 'n geloofspad met die Here loop, gerig op daaglikse oorgawe, nederige kindskap, toenemende heiligmaking en 'n sterk ontwikkelde identiteit in Christus. Slegs dan kan die berader, geleei deur die Gees, by die verwonde se nood

aansluit binne die paraklesemetafoor (Straub, 2007:3; McArthur & Mack, 1994:152, 146).

### **3.17.2 Die berader se rol as begrenser van sigself asook die beradene**

Die berader se rol as begrenser omvat volgens Anderson *et al.* (2000: 116-113,165,171) die volgende aspekte:

- Erken teenoor die self en beradene dat God Drie-Enig sentraal staan in die ontmoeting, met die Vader bekend met die persoon (Heb 4:13), die Seun bekend met lyding (Heb 2:18), en die Gees as Berader en Begeleier in alle waarheid (1 Joh 4:4).
- Assesseer en bely teenoor die beradene eie areas vir oorwinning oor sonde, en groei in genade van God; bely dat die self in 'n proses van transformasie is na die beeltenis van God: "... forgiven but not yet perfect..." (Rom 3:23; 2 Tim 2:21).
- Stipuleer die verantwoordelikhede van die beradene, byvoorbeeld gebed, volgens Jak 5:13-16, en vergifnis van die onregpleger, omdat die slagoffer se reaksie op sonde en onreg onder die oordeel van God berus (Richardson, 2005:155).
- Neem outoriteit onder leiding van die Gees deur die waarheid in liefde te spreek wanneer nodig (Joh 16:13).
- Vermy argumente met die beradene (2 Tim 2:24-26).
- Wees sag en nie-veroordelend sodat vertroue kan ontwikkel (Hos 6:6).
- Handel lerend en pas Skrifwaarhede toe (1 Kor 3:1-3, 1 Joh 1:8).
- Wees geduldig. Die verwonde kan onnadenkend optree weens intense pyn.

## **3.18 DIE PROSES VAN PASTORALE BERADING**

### **3.18.1 Agtergrondsfaktore tot berading**

Verskeie agtergrondsaspekte bepaal die inhoudelike fokus van pastorale berading:

- Eerstens, die toestand van die mens voor die sondeval, sowel as die invloed van die val op menslike denke, emosies, motivering en gedrag.
- Ten tweede, die agtergrond en geskiedenis van die persoon se totale lewe.
- Derdens, die spesifieke aard van die problematiek en verwonding waarmee by aanmelding presenteer word (McArthur & Mack, 1994:132).

### **3.18.2 Stappe in die proses**

Mack (*in* McArthur & Mack, 1994:173-284) dui die stappe in die pastorale proses soos volg aan:

- Ontwikkel 'n helpende verhouding deur oregtheid, omgee en respek.
- Bring hoop met die oog op toenemende geestelike groei (Heb 7:19; 1 Pet 1:3).
- Samel data in deur vraelyste en met kategorieë soos die volgende in gedagte:
  - fisies (slaap, dieet, siektes, medikasie); bronne (geestelik, intellektueel, opvoekundig, sosiaal);
  - emosies en effek op lewe;
  - gedrag (verantwoordelik of riskant); konsepte (Heb 4:12) van voorkeure, oortuigings, verwagtinge, waardes;
  - historiese data rakende eksterne omstandighede in die verlede en hede (verliese en suksesse, onregpleging teenoor die persoon vantevore, versoekinge, seëninge, ens.); nie-verbale data soos lyftaal en versweë data.
- Interpreteer die ingesamelde data binne die volgende kategorieë: geloofsekerheid al dan nie; geestelik volwasse of onvolwasse (Heb 5:11-14); rebels (Spr 26:4)/ ontmoedig/arm van gees (1 Tes 5:14, Mat 6:24).
- Definieer die probleem uit 'n Bybelse perspektief (bv. angs, paranoia, ens).

- Ontwikkel Bybelse insigte vir oorsake vir die probleem, bv. veroordeling, ens.
- Ondersoek wat die data impliseer rakende verbande tussen probleemareas.
- Evalueer hindernisse met betrekking tot geestelike verandering in die beradene se lewe.
- Ondersoek verwagtinge van die pastorale proses.
- Evalueer motiewe vir verwagtinge vir verandering.
- Speur indikasies na vir die moontlike rol van fisiologiese faktore.
- Toets die presentering van die problematiek teen die agtergrond van vorige ervaringe.
- Formuleer 'n werkbare interpretasie en toets dit.
- Gee Bybelse instruksies en begelei ook deur gebed: prakties, toepaslik, omvattend, geloofwaardig, Bybels akkuraat en onder leiding van die Gees.
- Pastoraat en die inleiding tot verandering as 'n God-gesentreerde benadering.
- Implementeer Skrifwaarhede via die ontwikkeling van en volharding van 'n geestelike roetine met die oog op geestelike groei. Dit sluit 'n noue wandeling met God en bestudering van Sy Woord, betrokkenheid binne die kerk en diensbaarheid teenoor ander in.

Die insameling en interpretasie van data binne hierdie model stem grotendeels ooreen met die assesseringsfokuspunte van Anderson *et al.* (2000:172-188, 338, 253). Die grondverskuiwende eerste tree is gegee in die internasionale psigiatriese klassifikasiestelsel (DSM-IV-R, 2000:742) om erkenning te verleen aan die geestelike komponent van menswees binne die helpende model. Dit dra by tot 'n potensieel meer omvattende klinies-pastorale assessering asook toepaslike beplanning rakende holistiese ingrype ten opsigte van die beradene se nood (Anderson *et al.*, 2000:172-173). Met assessering as kern tot sinvolle hulpgewing en insig-ontwikkeling by die beradene, begelei Anderson *et al.* se model die beradene tot ondubbelzinnige

konfrontasie met die self as verwonde sondaar. Wêrelde, vleeslike en bose invloede word gëevalueer om leuens in die gedagtewêreld, manipulasie van ander en blootstelling aan sondige praktyke te ontbloot. Voorts fokus hierdie bron sterk op die 'Stappe tot vryheid in Christus'-gebedsgenesingsmodel asook dié van die Theophostiese gebedsgenesing (Ed Smith). Daar is dan ook die getuienis van blywende resultate en gemete geestelike groei wat daarna plaasgevind het (Anderson et al., 2000:338-340; Smith, 2007:7).

### 3.19 GEVOLGTREKKINGE

- Pastorale beradingsperspektiewe ten opsigte van die bring van heil en heilservaring aan die verwonde geloofsvervreemde moet rekening hou met spesifieke vertrekpunte.
- Geloofsvervreemding en primêre verwonding het tydens die sondeval geskied.
- Die ervaring van trauma en ontnugtering op aarde is geleë op sekondêre vlak, binne 'n gees wat reeds verwond gelaat is by die sondeval, en sedert geboorte (soms onbewustelik) ten diepste met bestaansangs as emosioneel-blootgestelde wese sonder ankers en sekerhede worstel.
- Sekondêre verwonding dien bloot as sneller vir onderliggende angs in die wêrelde. Dit bring twyfel aangaande God se sorg rou na die oppervlak.
- Pastoraat met die verwonde geloofsvervreemde kan slegs slaag indien die benadering beide primêre en sekondêre verwonding erken en hanteer.
- Lyding, genesing en herstelde vertroue in God se liefde en oorgawe aan Sy algenoegsaamheid verwesenlik God se genade en uitreiking na die sondaar.
- Ten einde heil en heilservaring aan die verwonde geloofsvervreemde te bedien, moet sonde, woede, vergifnis en skuldbelydenis binne die konteks van gebedsgenesing hanteer word ter vryspreek en verlossing, sodat nuwe geloofshorisonne kan verskyn vir die beradene.
- Die werk van die Heilige Gees, tesame met die toepassing van Skrifwaarhede, vorm die kern van gebedsgenesing. Die misterie van God

word in hierdie proses vergestalt in die transformasie van die verwonde beradene wanneer Sy teenwoordigheid die mens aanraak en vernuwe. Dit lei daartoe dat hierdie persoon dan weer vir ander 'n seën kan wees, ter ere aan God nou, en na die wederkoms.

## **AFDELING B: METATEORIE**

### **METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE PERSOON TOT HEILSERVARING**

#### **HOOFSTUK 4**

##### **'N EVALUERING VAN DIE BYDRAE DEUR DIE GRENSWETENSKAPPE**

###### **4.1 METATEORETIESE VERTREKPUNTE**

Volgens Zerfass het praktiese teologie, "die taak om te lei in die proses van vernuwing op 'n verantwoordelike wyse vanuit die perspektief van beide die teologie en die sosiale wetenskappe" (Heitink 1999:113). Zerfass onderskei tussen basisteorie, metateorie en die praktykteorie.

Metateorie verskaf die wetenskaplike vertrekpunte wat raakvlakte deel met ander vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek (Venter, 1996:89). Pieterse (1993:133) stel dat die basisteorie gevoed word deur interdissiplinêre gesprekke met ander theologiese dissiplines en met insigte vanuit die grenswetenskappe, en ook met insigte vanuit empiriese ondersoeke in die praktiese teologie. Metateorie verhelder en belig dan die basisteorie vanuit grenswetenskappe. Die integrasie van metateoretiese insigte vervul dus 'n belangrike rol ten einde 'n praktykteorie te ontwerp (Heystek, 2000:56).

###### **4.1.1 Metateoretiese fokus van hierdie studie**

Hierdie hoofstuk poog om insigte vanuit die grenswetenskappe na te speur ten opsigte van die genesing van die verwonde geloofsvervreemde persoon. Uiteindelik sal die resultate van hierdie ondersoek, tesame met dié van die basisteoretiese afdeling geïntegreer word in die formulering van praktykteoretiese riglyne.

Die volgende dien as basiese vertrekpunte van hierdie hoofstuk:

- Alle genesing en heelmaking, ongeag die benadering, is uiteindelik die handewerk van God.
- Alle waarhede en soeke na die werklike waarheid lei na God. Daarom kan die wetenskaplike benadering tot die soeke na die werklike waarheid nie geïgnoreer word nie, maar behoort dit geïntegreer te word in die soek tog na waarheid en genesing (Weatherhead, 1952:446).

## **4.2 DOELSTELLING**

Metateoretiese insigte met betrekking tot die volgende verwante aspekte word belig:

- Tipering van trauma/verwonding.
- Die impak van trauma op breinfunksionering en menslike gedrag.
- Die terapeutiese proses en die getraumatiserde.
- Metateoretiese beskouinge van genesing.
- Die rol van vergifnis en selfvergifnis by die genesing van die verwonde.
- Positiewe korrelasies tussen verwonding en geloofsvervreemding.
- Die moontlike verband tussen die aanneming van die geloof in God en die emosionele genesing van die verwonde.

## **4.3 TRAUMA/VERWONDING**

Die term “trauma” is afgelei van die Griekse term *trauma* wat op “verwonding” dui (Matsakis, 1996:17). Die literatuur verwys deurgaans na verwonding as trauma. In hierdie hoofstuk sal dié terme afwisselend gebruik word. ‘n Duidelike onderskeid word in die literatuur getref tussen akute trauma, klassieke Post-Traumatiese Stresversteuring (hierna na verwys as PTSV), en gekompliseerde PTSV.

### **4.3.1 Akute stressindroom**

Akute trauma word by persone van enige ouderdom geïdentifiseer as die eerste identifiseerbare onmiddellike reaksie op ‘n eenmalige traumatische gebeurlikheid. Dit verdwyn gewoonlik binne twee dae tot vier weke na die gebeure. Die DSM-IV-TR (2007:469) klassifiseer hierdie reaksie as Akute Stressindroom.

Coetzer (2006:12-22) beskryf psigiese of akute trauma as die emosionele toestand van ongemak wat voorkom weens herinneringe aan 'n buitengewone, oorweldigende en katastrofale ervaring. Volgens Hicks (1993:15) het hierdie belewenis die individu se vorige veronderstellings van 'n veilige bestaan, sonder leed of pyn, finaal vernietig.

Herman (2001:119) beskou akute trauma as gewone trauma wat 'n normale en kortstondige stresreaksie is op ongewone gebeure in die mens se daaglikse lewe. Dit is nie 'n sindroom nie, en verdwyn mettertyd vanself. Volgens Williams en Sommer (2002:33) en ook Wright (2003: 222) is die tydperk vir herstel van trauma verwant aan die mate van begrip en ondersteuning deur ander.

#### **4.3.2 Klassieke Post-Traumatische Stresversteuring (PTSV) en kenmerkende assessoringsaspekte van die sindroom**

##### **4.3.2.1 Predispositionele faktore (kwesbaarheidsaspekte)**

Predispositionele vatbaarheidsfaktore vir PTSD in kinders en volwassenes sluit volgens Sweeney (1) (2007:2) die volgende in:

- Die graad van die traumatische gebeure.
- Die ontwikkelingsvlak van die verwonde persoon.
- Kinders is meer kwesbaar vir skadeberokkening.
- Die verwonde se genetiese predisposisie (veerkrag oftewel "resilience").
- Die fenomenologiese ervaring (persepsie).
- Elke persoon se belewenis is uniek.
- Pre-morbiede funksionering (traumageskiedenis).
- Die kwaliteit van die gesirifunksionering.
- Die versorgerrespons word hierby ingesluit.
- Verbondenheidsgeskiedenis.
- Toereikende vroeë koesterung verminder die trauma se impak.
- Aanvang van intervensie.

- Vroeë ingrype voorkom versterking van verdedigings- en hanteringstrategieë.

#### **4.3.2.2 Diagnostiese faktore en kliniese presentering van PTSV**

Die American Psychiatric Association (2007:463-464) asook Kaplan & Kaplan (2007: 613-621) se benaderings en uiteensettings word oor die algemeen beskou as die gestandardiseerde internasionale psigiatriese klassifikasiestelsel (kliniese handleiding) vir psigiatriese toestande. Beide hierdie outeursgroepe se werke bevat dieselfde diagnostiese kriteria vir die assessering en behandeling van PTSV, en belangrike aspekte in hierdie verband word vervolgens aan die orde gestel..

- **Aanvang van simptome**

Die waarskynlikheid vir die ontwikkeling van PTSV neem toe in die mate waartoe die intensiteit en fisiese nabyheid van die stressor toeneem in die ekstreme situasie. Die essensiële kenmerk van PTSV is die ontwikkeling van kenmerkende simptome na afloop van die blootstelling aan 'n traumatische stressor, vyf weke tot drie maande na die ekstreme, lewensbedreigende incident of ramp. Hierdie blootstelling aan trauma kan geskied in drie vorme:

- Deur die selfbelewenis daarvan.
- Deur te hoor daarvan.
- Deur blootstelling aan die getraumatiseerde se vertelling van die ervaarde trauma .

- **Kliniese presentering van simptome**

Die aanvanklike diagnose van Akute Stressindroom word verander in 'n PTSV-diagnose indien simptome na vier weke voortduur, en die simptome steeds op die gesinslewe en funksionering by die werk negatief impakteer. Die voorkoms van simptome soos die herhaalde herleef van die gebeure, verhoogde spanningsvlakke en sosiale vermyding mag varieer gedurende hierdie tydperk (Kaplan & Kaplan, 2007:615-616).

Volgens Williams en Sommer (2002:105-107) word ongekompliseerde, klassieke trauma gekenmerk deur 'n triade van hiperbedagtheid (gereedheid om te veg of vlug), emosionele stimulasie (oorreaksies tydens gewone gesprekke of gebeure) en

in the brain, compromising the functional capacities mediated by these systems ... Matching the correct therapeutic activities to the specific developmental stage and physiological needs of a maltreated or traumatized (client) is the key to success."

Blootstelling aan komplekse trauma vind by tale persone reeds op 'n jong ouerdom plaas en is dikwels langdurig van aard. Die ontwikkelende impak en skade daarvan is gevvolglik meer deurdringend. Van der Kolk (2005:403) asook Schore (2003:141) maak beide die observasie dat die belangrikste nagevolg van vroeë verhoudingstrauma op die breinfunksionering van verwonde kinders, spesifiek hul opsigtelike latere onvermoë is om emosies, insluitende vrees en woede, asook seksuele impulse te reguleer. Perry (2006:32) stel dit dat die breinbaseerde spanningsresponsstelsels van kinders wat blootgestel was aan langdurige verhoudingstrauma, wel permanente wysigings ondergaan. Sodanige kinders verkeer as't ware selfs in die afwesigheid van gevaar in 'n permanente staat van "alarm" (hiperbedagtheid), met abnormaal hoë fisiese en psigiese gereedsheidsvlakte. Hulle fokus uitsluitlik op selfbeskerming en oorlewing, tot uitsluiting van skeppende aktiwiteite wat psigies gesonde kinders stimulerend en aanloklik vind.

#### **4.5 TRAUMA EN LIGGAAMLIKE SIEKTETOESTANDE**

In dieselfde mate dat trauma die brein en menslike gedrag impakteer en behandelingsmoontlikhede beïnvloed (par 4.4), het navorsers bevind dat die ontkenning en onderdrukking van emosionele pyn weens eenmalige en/of langdurige trauma tot somatisasie of liggaamlike simptome kan lei (Retief, 2004:31; Seamands, 2004:13).

Volgens Arterburn (2005:37) word onderdrukte gevoelens egter slegs lewend begrawe. Hierdie emosies sterf nie, word vanuit die omgewing gevoed, en die effek daarvan is gewoonlik later duidelik waarneembaar. Seamands (1995:39) is van mening dat hierdie onderdrukte emosies wat vermom word noodgedwonge op die oppervlak manifesteer, met vernietigende gevolge vir beide die liggaam en gees.

Gegee hierdie intra-psigiese spanning by die getraumatiseerde, mag aangeleerde gedrag via hanteringstyle (ingespan om funksionerend te probeer oorleef) nadelig inwerk op die betrokkene se immuniteit, seruweestelsel, die afskeiding van hormone

vermydende simptome (aspekte van die gebeure wat deur die slagoffer ontken en vermy wil word weens die onaangename aard daarvan). Dit kenmerk een of meer geïsoleerde episodes. Tipe 1-trauma word onderskei deur die afwesigheid van hallusinasies, en matige dissosiatiewe ervaringe, en ook deur 'n relatiewe ligte slagoffermitologie. Slegs in rare gevalle is dissosiatiewe regressie 'n probleem. Tipe 1-trauma mag onder sekere omstandighede na twee jaar tot 'n tipe 2-trauma ontwikkel (par 4.3.3).

Algemene tekens van 'n traumatische reaksie is te bespeur in vier kategorieë, te wete fisies, kognitief, emosioneel en gedragsverwant. Professionele hulp is dikwels nodig om deur hierdie aspekte van die manifestasie van die skokreaksie begelei te word ter genesing van die wond. Snellers vir hierdie trauma word terapeuties genormaliseer en geherfraseer met die oog op meer buigsame hantering van toekomstige spanningsreaksies (Wright, 2003:223-228; Matsakis, 1996:120139).

Volgens Herman (2001:51) word die verwonde se geestelike funksionering ook aangetas deur trauma, aangesien die waardestelsel en godsdiestige beschouinge waarmee grootgeword is, bevraagteken word. Hierdie beskadigde self vind dat weens die vernietiging van basiese vertroue in die wêreld en in mense, dit uiters moeilik is om sy lewe te herbou. Terapie behoort die verskuiwings van paradigmas by die verwonde in ag te neem met die oog op algehele herstelde funksionering op die lang termyn.

- **Epidemiologie (voorkoms)**

As sindroom toon PTSV 'n direkte verband met spesifieke rampspoedige gebeure soos 'n natuurramp, oorlog, ontvoering, ensovoorts. Dit presenteert op enige ouderdom, insluitend die kinderjare. Sommige slagoffers presenteert met simptome wat die herhaalde, onwillekeurige herleef van die angs en hulpeloosheid insluit, gewoonlik deur nagmerries of terugflitse, vermyding van stimuli wat aan die trauma mag herinner, oordrewe waaksaamheid, gebreklike konsentrasie vermoëns en 'n oordrewe skokreaksie. Familiale patronen is kenmerkend met hierdie sindroom, veral eerste graadse biologies-verwante persone. Die lewenslange voorkoms van die versturing is hoër by vroue. By beide mans en vroue is die voorkoms hoofsaaklik onder enkelopendes, geskeides, weduwees, anti-sosiale persone en diegene met 'n lae sosio-ekonomiese lewensstandaard (Kaplan & Kaplan, 2007:616).

#### **4.3.2.3 Medevoorkoms van PTSV en ander psigiatriese versteurings**

Navorsing het bevind dat twee derdes van pasiënte met PTSV ten minste twee ander steurnisse het. Dit sluit bipolêre steurnisse, substans-verwante steurnisse en depressiewe en angssteurnisse in. Hierdie steurnisse verhoog die pasiënt se risiko om PTSV te ontwikkel (Kaplan & Kaplan, 2007:616-617; Kessler *et al.*, 1995:1050-1058; Roth *et al.*).

#### **4.3.2.4 Prognostiese faktore**

Volgens Kaplan en Kaplan (2007:619-621) het die predispositionele faktore (sien par 4.3.2.1: ) 'n direkte impak op die prognostiese posisie en is hierdie faktore bepalend ten opsigte van die herstel van die verwonde. Dit dien ook as beskermende faktore in trauma. Die moontlike diagnose van gekompliseerde tipe 2-trauma mag na twee jaar volg, gegewe ongenoegsame beskermende faktore in die getraumatiseerde se geskiedenis en gevolglike onvolkome herstel tydens die aanvanklike terapeutiese hulp. In sodanige geval kan daar, gegee die in-diepte assessering, aanvanklik reeds 'n swak *prognose* gemaak word, as deel van die aanvanklike assessering. Beskermende faktore in die verwonde se hede wat die prognose mag verbeter, kom hoofsaaklik neer op die realiteit van 'n stabiele ondersteuningstelsel. Hierdie stelsel word dikwels gekenmerk deur 'n stabiele huwelik en gebalanseerde, funksioneel gesonde gesinsisteem.

Statistieke in die VSA toon aan dat indien onbehandeld, daar in dertig persent van sodanige gevalle volkome herstel binne drie maande plaasvind.. Hierteenoor behou veertig persent ligte simptome, twintig persent behou matige simptome, terwyl tien persent onveranderd bly of vererger. Na een jaar herstel vyftig persent volkome. Die simptome kan vir langer as twaalf maande na hul eerste verskyning steeds voorkom, afhangende van die intensiteit van die verwonde reaksie op die blootstelling aan die trauma. Reaktivering van simptome geskied dikwels in hierdie tydsbestek in reaksie op herinneringe aan die oorspronklike trauma, ander stressore of nuwe traumatische gebeure. Die intensiteit en langdurigheid van simptome van PTSV toon 'n direkte verband met 'n stressor van 'n menslike aard, soos byvoorbeeld verkragting of marteling. Dissosiatiewe toestande mag simptomaties hiertydens voorkom (Kaplan & Kaplan, 2007:617-621).

**'n Goeie prognose** is verwant aan die skielike verskyning van simptome, die kort duur van simptome (minder as ses maande), goeie pre-morbiede funksionering, goeie

sosiale steun en die afwesigheid van psigiatriese, mediese of substans-verwante steurnisse of ander risiko faktore (sien Sweeney (1), 2007:2; Kaplan & Kaplan, 2007:619-621).

#### **4.3.3 Gekompliseerde trauma (komplekse PTSD)**

##### **4.3.3.1 Die onderskeid tussen PTSD en komplekse PTSD**

Indien simptome van klassieke PTSD voortduur na twee jaar, kom dit voor asof dit ontwikkel in gekompliseerde tipe 2 trauma. Afgesien van die simptome van PTSD (hiperbedagtheid, emosionele stimulasie en vermyding), sluit komplekse PTSD die volgende addisionele simptome in: dissosiasie, ontkenning, verhoudingsproblematiek, herviktimisasie, somatisering, affek disregulering en psigiese afstomping, asook onderbrekings ten opsigte van identiteit (Wilson *et al.*, 2001:205; Carlier *et al.*, 2000:26-32).

##### **4.3.3.2 Kenmerkende eienskappe van komplekse PTSD**

Herman (2001:119) omskryf gekompliseerde trauma as 'n ontwikkelende sindroom wat verbande toon met 'n wye aantal post-traumatische spanningsversteurings wat die nagevolg is van herhaalde intense, langdurige trauma. Hierdie vorm van trauma is baie meer kompleks as akute trauma en klassieke PTSD. Die farmakologiese behandeling ter verligting van simptome van sodanige presentering bring nie die mate van herstelde funksionering waarop hierdie pasiënte hoop nie.

Van der Kolk (2005:402) beskou gekompliseerde trauma as ontwikkelingstrauma of verhoudingstrauma en beskryf dit as

“...the experience of multiple, chronic and prolonged, developmentally adverse traumatic events, most often of an interpersonal nature ... and early life onset.”

Erge tipe 1-trauma soos betrokkenheid tydens oorlogsgevegte en verkragting toon 'n verband met dissosiatiewe PTSD. Verwondes met gekompliseerde PTSD het egter heel dikwels 'n geskiedenis van mishandeling as kinders. Hul tipe 2-trauma het gewoonlik dan ook aanleiding gegee tot deurdringende slagoffer mitologie. Hierdie trauma word onderskei van dissosiatiewe PTSD deur die afwesigheid van hallusinasies. Dissosiatiewe PTSD mag egter 'n subgroepering van komplekse trauma

vorm, aangesien albei groepe dissoziatiewe ervarings rapporteer. Dissoziatiewe tipe 2-trauma en die betrokkendheid van 'n sadistiese oortreder toon ook 'n duidelike korrelasie (Williams & Sommer, 2002:104-106).

#### **4.3.3.2.1 Die medevoorkoms van komplekse PTSD en ander versteurings**

Daar is 'n hoë voorkoms van talte versteurings verwant aan kompleks trauma, waarvan affek-disregulerig die hoofdisfunksie blyk te wees. Lindeque (2006:343-344) het dit as volg verwerk en getabuleer:

Emosionele versteurings	Bewussyns-versteurings	Selfbeeld-versteurings	Versteurings in beeld van oortreder	Verhoudings-versteurings	Versteurde sinsbelewing
Angs	Geheueverlies	Hulpeloosheid	Pre-okkupasie	Onderbreking/Opskorting	Geloofsverlies
Kroniese rusteloosheid	Dissosiasie	Skaamte	Onrealistiese gedrag	Isolasie/Onttrekking	Hopeloosheid
Depressie	Herbelewings-ervarings	Skuld/Selfblaam		Wantrouwe	Wanhoop
Selfmoord pre-okkupasie	Depersonalisasie	Stigma		Herhaalde mislukkings	
Selfbeserings	Derealisasie	Minimalisering			
Woede					
Ekstreme seksuele aktiwiteite					

Die diagnostiese kriteria vir PTSD tans in gebruik is slegs gesik vir die diagnose van tipe 1-trauma (Luxenberg *et al*, 2001:374; Lindeque, 2006:315). Aan die hand van Herman (2001:118-120) se werk met slagoffers van trauma, is dit vir Lindeque (2006:315) duidelik dat die diagnostiese kriteria vir PTSD tans in gebruik onvolledig is vir die diagnostering van gekompliseerde, kroniese trauma omdat dit hoofsaaklik geformuleer is na aanleiding van navorsing met slagoffers van spesifiek-gedefinieerde traumatische insidente.

Lindeque (2006:563) spesifiseer in die finale analyse van sy uitgebreide navorsing die volgende sewe diagnostiese kriteria as kronies-tiperend van gekompliseerde trauma: 'n geskiedenis van trauma, veral fisies en/of emosioneel en/of seksuele mishandeling en/of kroniese emosionele en fisiese verwaarloosning gepaardgaande met

- Veranderinge in emosie
- Veranderinge in selfbeelding
- Veranderinge in sinsbelewing
- Veranderinge in bewussynsvlakke
- Veranderinge in die siening van die oortreder (molesteerder)
- Veranderinge in verhoudings

#### **4.4 DIE IMPAK VAN TRAUMA OP DIE BREIN**

Breinskandering verskaf binne die veld van die mediese wetenskap en psigiatrie bewyse daarvoor dat breinpatrone en gedrag sterk korreleer. Hiermee is besef dat die brein die hardware van die siel is. Meer effektiewe besluite kan derhalwe rakende die behandeling van komplekse problematiek geneem word. Dit het in der waarheid tot 'n meer holistiese benadering in die behandeling van fisiese en psigiese toestande geleid. Dr Daniel Amen, 'n Amerikaanse psigiater en baanbreker op hierdie gebied, het tot die slotsom gekom dat sonder optimale breinfunksionering dit uiterst moeilik is om optimale sukses te behaal in enige aspek van die lewe, insluitend werk, studies, verhoudinge, en gevoelens omtrent die self, ander en ook God. Onbehandelde psigiatriese steurnisse maak die pasiënt gevölglik meer vatbaar vir die ontwikkeling van PTSV en komplekse PTSV (Coetzer, 2007:29-35).

Teen die agtergrond van hierdie groter bewussyn rondom die impak van die breinfunksionering op menslike gedrag, is daar in die veld van kliniese maatskaplike werk sedertdien groter welslae met oorlogsveterane met PSTV behaal deur onder andere Hatter (2007:1). Sy maak die volgende stelling in hierdie verband:

"The brain can be considered as an integrated collection of component subsystems that interact together in a patterned and changing way to create a highly complex quality of the system as a whole." (Hatter, 2007:4)

Volgens Kinniburgh *et al* (2005:430) is daar 'n definitiewe onderskeid te tref tussen die ervaring en effek van akute trauma, teenoor die ervaring en effek van gekompliseerde verhoudingsverwante trauma op die verwonde persoon se breinfunksionering.

Hatter (2007:3) verduidelik die effek van trauma op die liggaam en gees, asook die noue wisselwerking tussen die liggaam en gees, soos volg:

- Tydens erge stres word die verwonde gevoelloos en in sy denke verlam omdat die frontale lobbe wat vir besluitneming verantwoordelik is, buite werking tree.
- Hierdie toestand lei tot fisiese hulpeloosheid en onbetroubare limbiese (emosionele) respons.
- Terselfdertyd is daar 'n afname in die suurstofverbruik in die Broca-area, geleë in die linker-frontale korteks, wat woorde genereer om uitdrukking te gee aan interne gewaarwordinge. Dit lei tot die sogenaamde reaksie van "speechless terror". Emosies word hiertydens slegs deur disfunksie in die liggaam uitgedruk.
- Geheue is die impak van ervaringe op die brein. Hierdie ervaringe verander of herprogrammeer die toekomstige respons van die brein.
- Die autonomiese senuweestelsel komponente, naamlik die simpatiese en parasimpatiese senuweestelsels, ontsluit die liggaam-gees-interskakeling.
- Die liggaam kan nie onderskei tussen werklike bedreiginge vir oorlewing en gebeure wat slegs in die gedagtes afspeel nie.
- Emosies word biochemies vertaal deur die brein en liggaam as inklusief. Hul funksioneer nie eksklusief van mekaar nie.
- Wanneer die sentrale senuweestelsel in hoogste versnelling funksioneer en die spanningsreaksie nie ophou nie, is die essensiële momentele gebeure Post -traumatiese Spanningsversteuring.

Ten opsigte van die neurobiologie van trauma en die behandeling daarvan, haal Sweeney (1) (2007:1) vir Perry as volg aan:

"Simply stated, traumatic and neglectful experiences... cause abnormal organization and function of important neural systems

in the brain, compromising the functional capacities mediated by these systems ... Matching the correct therapeutic activities to the specific developmental stage and physiological needs of a maltreated or traumatized (client) is the key to success."

Blootstelling aan komplekse trauma vind by tale persone reeds op 'n jong ouerdom plaas en is dikwels langdurig van aard. Die ontwikkelende impak en skade daarvan is gevvolglik meer deurdringend. Van der Kolk (2005:403) asook Schore (2003:141) maak beide die observasie dat die belangrikste nagevolg van vroeë verhoudingstrauma op die breinfunksionering van verwonde kinders, spesifiek hul opsigtelike latere onvermoë is om emosies, insluitende vrees en woede, asook seksuele impulse te reguleer. Perry (2006:32) stel dit dat die breingebaseerde spanningsresponsstelsels van kinders wat blootgestel was aan langdurige verhoudingstrauma, wel permanente wysigings ondergaan. Sodanige kinders verkeer as't ware selfs in die afwesigheid van gevaar in 'n permanente staat van "alarm" (hiperbedagtheid), met abnormaal hoë fisiese en psigiese gereedsheidsvlakte. Hulle fokus uitsluitlik op selfbeskerming en oorlewing, tot uitsluiting van skeppende aktiwiteite wat psigies gesonde kinders stimulerend en aanloklik vind.

#### 4.5 TRAUMA EN LIGGAAMLIKE SIEKTETOESTANDE

In dieselfde mate dat trauma die brein en menslike gedrag impakteer en behandelingsmoontlikhede beïnvloed (par 4.4), het navorsers bevind dat die ontkenning en onderdrukking van emosionele pyn weens eenmalige en/of langdurig trauma tot somatisasie of liggaamlike simptome kan lei (Retief, 2004:31; Seaman, 2004:13).

Volgens Arterburn (2005:37) word onderdrukte gevoelens egter slegs lewend by. Hierdie emosies sterf nie, word vanuit die omgewing gevoed, en die effek dae gewoonlik later duidelik waarneembaar. Seamands (1995:39) is van mening dat hierdie onderdrukte emosies wat vermom word noodgedwonge op die liggaam manifesteer, met vernietigende gevolge vir beide die liggaam en gees.

Gegee hierdie intra-psigiese spanning by die getraumatiseerde, moet die gedrag via hanteringstyle (ingespan om funksionerend te probeer) inwerk op die betrokkene se immunitet, senuweestelsel, die afsluitende

As hierdie definieer, is

'n Proses om 'n geestesstaat te bereik waarbinne individue hulle volle potensiaal kan uitleef, die normale druk van die lewe te kan hanteer, en 'n vrugtevolle bydrae tot sy of haar breë gemeenskap te kan maak (navorser se definisie).

Foa et al. (2008:125) stel die volgende metafoor voor, wat 'n toepaslike omskrywing is van die doel van heling binne die konteks van die getraumatiserde:

"The traumatic experience is kept in your memory like a book. You are trying to keep this book closed and never read it. But, what is actually happening is that the book opens by itself, suddenly and unexpectedly, on different pages, and you find yourself 'reading' scary parts against your will. Our goal is to help you read this book from beginning to end several times until we manage to put some order into the pages. As a result, in the future, you will be able to open the book on whatever page you want, read it, browse through it, or just leave it closed, not out of fear but out of boredom."

#### **4.6.2 Genesing van die verwonde**

Volgens beide Herman (1997: 156) en Sweeney (1) (2007:1) hou die welslae van die genesingsproses direk verband met die ontwikkelingsfase waartydens die trauma ervaar is.

##### **4.6.2.1 Vertrekpunte in trauma behandeling**

Sweeney (2007:1) bied sekere vertrekpunte ten opsigte van die aanvang van die behandelingsproses:

- Trauma verander die persoon vir altyd.
- Trauma verander die persoon se hanteringsvermoëns tot 'n groot mate.
- Trauma beperk (arresteer) en inhibeer ontwikkeling.

deur die brein, waarde-oordele, interpersoonlike verhoudinge en geestelike perspektief op die werklikheid (Coetzer, 2007:74).

Backus (1996:64) kom tot die gevolgtrekking dat die mens se liggaam 'n breingesentreerde kommunikasie stelsel bevat wat deur die gees en liggaam beheer word, dat die liggaam dus die uiterlike manifestasie van die gees en denke is, en dat gesondheid asook genesing kan verbeter of verswak gegewe die persoon se denkprosesse op 'n gegewe tydstip. Beide mediese, sielkundige en geestelike genesing is dus nou verwant aan die verwonde se denke (sien par 4.8.4.3 en par 4.10 vir 'n uitgebreide, bevestigende bespreking van hierdie aspek).

## **4.6 DIE VERWONDE EN GENESING**

### **4.6.1 Wat is genesing?**

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) definieer geestesgesondheid as volg:

"Mental health is not just the absence of mental disorder. It is defined as a state of well-being in which every individual realizes his or her own potential, can cope with the normal stresses of life, can work productively and fruitfully, and is able to make a contribution to her or his community." (World Health Organisation, 2007:1)

Die Suid Afrikaanse Federasie vir geestesgesondheid (S.A. Federation for Mental Health, 2006:1) beskryf drie eienskappe van mense wat geestesgesond is:

- Hulle is op hul gemak met hulself.
- Hulle kan gemaklik en konstruktief deel met hul emosies.
- Hulle is op hul gemak met ander mense.

As hierdie definisies benut word om "heling" binne 'n geestesgesondheidskonteks te definieer, kan dit omskryf word as:

#### **4.6.2.2    Doelwitte in traumabehandeling**

Volgens Sweeney (1) (2007:1) is die volgende doelwitte van toepassing tydens trauma behandeling:

- Dit verleen hoop aan die verwonde.
- Dit voorsien die verwonde van 'n veilige en herstellende ervaring, sodat ontwikkeling asook potensiaal gerealiseer mag word.

#### **4.6.2.3    Doelwitbeginsels in traumabehandeling**

Sweeney (1) (2007:1) het die volgende beginsels vir die behandeling van die verwonde ontwikkel. Hierdie beginsels bevat groot terapeutiese waarde:

- Trauma is buitensporig opdringerig aangesien dit grense oorskrei. Intervensie moet die herhaling hiervan voorkom deur die verwonde vryelik te laat ontdek, prosesseer en groei.
- Trauma as aktiwiteit is geforseer. Terapie moet dus fasiliterend in plaas van voorschriftelik wees.
- Aangesien trauma dikwels binne die gesinskonteks geskied, is gesinsterapie 'n wesenlike deel van terapie. Die sisteembenadering is die mees toepaslikste metode.
- Teen die agtergrond van die verhoudingsraamwerk baat die verwonde by die ervaring van die opbou van 'n veilige, toepaslike en bevestigende verhouding met 'n vertrouenswaardige helper.
- Die verwonde mag ontvanklik wees vir sekondêre trauma verwant aan die primêre trauma weens psigiese en fisiese volwassewording. Behandeling van hierdie spesifieke verwonde behoort georden en siklies oor tyd te geskied, ten einde hierdie kwesbaarheid tydens ontwikkeling op weg na volwassewording terapeuties te hanteer.
- Getraumatiseerde word dikwels gedreig en geforseer om hul mishandeling geheim te hou. Die terapeut moet in die lig hiervan bewustelik ingestel wees op die toelating en promosie van self-uitdrukking.

- Verwondes mag bizarre verdedigingsmeganismes inspan om die trauma te probeer hanteer. Alhoewel dit terapeuties hanteer moet word, behoort die verwonde nie totaal gestroop te word daarvan nie, maar in die proses eerder begelei word om mettertyd meer gesonde wyses van uitdrukking te ontwikkel.
- Behandeling moet 'n kontinuum van aspekte hanteer, insluitende die psigiese, kognitiewe, fisiese en geestelike dimensies. Trauma mag skade aan een of elk van hierdie areas aangerig het.
- Alle behoeftes van die verwonde mag nie ten volle deur die geïsoleerde terapeut beantwoord word nie. 'n Behandelingspan is dikwels nodig, wat mediese, wetsgeleerde en regeringspersone asook familie en sosiale steunnetwerke mag insluit.
- Deurlopende assessering is noodsaaklik weens die ontwikkelende proses in terapie en ontwikkelende veranderinge in die beradene.
- Veral seksueel verwondes toon bewyse van verwronge en beskadigde grense. Hulle mag baat by die aanleer van vaardighede om in moeilike en ook gewone daaglikse situasies hulself te kan handhaaf. Groepwerk en psigo-opvoedkundige werk word gewoonlik in sulke gevalle aanbeveel.
- Kliniese werk met die verwonde behels dikwels blootstelling aan skrikwekkende omstandighede. Die professionele en persoonlike impak hiervan op die terapeut moet geensins onderskat word nie.
- Trauma behandeling verg tyd. Dit is unrealisties, onredelik en waarskynlik oneties om te glo of die verwagtinge by die verwonde te skep dat 2-10 jaar se trauma, verwaarloosing, verlies, pyn, chaos en skade sal genees binne die raamwerk van 6-8 sessies van 45 minute elk se behandeling, een keer per week.

#### **4.6.2.4 Die proses van genesing**

Matsakis (1996: 143) som die proses van genesing van die verwonde persoon op by wyse van die volgende stadium:

- Die kognitiewe stadium - die onthou van die trauma en die geestelike rekonstruksie daarvan.

- Die emosionele stadium - die hernude ervaring van die gevoelens geassosieer met die trauma.
- Die bemagtigingsfase, waar die verwonde betekenis vind in sy trauma en 'n oorlewingsingesteldheid en identiteit geassosieer met oorwinning eerder as 'n slagoffermentaliteit ontwikkel.

Herman (1997:156) se benadering tot die helingsproses beklemtoon dat trauma verskillend benader moet word tydens die onderskeie fases van die helingsproses. In hierdie verband gee sy 'n breedvoerige opsomming van die helingsproses en terapeutiese benadering telkens gekoppel aan die tipe trauma. Sy tabuleer verskeie modelle:

**TABEL 4.1 : FASES VAN HERSTEL**

Tipe sindroom	Fase 1	Fase 2	Fase 3
Histerie	Stabilisering en simptoom-georiënteerde behandeling	Verkenning van trauma geheue	Persoonlikheids-herintegrasie en herstel
Gevegstrauma	Vertroue, stresbestuur, opvoeding	Trauma word herleef	Integrering van trauma-ondervinding
Gekompliseerde post-traumatische stressindroom	Stabilisering	Integrasie van geheue	Selfontwikkeling, integrasie
Meervoudige persoonlikheids-versteurings	Diagnose, stabilisering, kommunikasie, samewerking	Trauma-verwerking	Resolusie, integrering, ontwikkeling van post-resolusie hanteringsmeganismes
Traumatische versteurings	Veiligheid	Herinnering en rou	Herkonnektering

Volgens Williams en Sommer (2002:106-108) is korttermyn videogebaseerde traumaterapie uiters effektief met verwondes met klassieke tipe 1- en gekompliseerde tipe 2-trauma. Die stappe van hul kernbehandelingsmodule is soos volg:

- Trauma werk via sogenaamde rekursiewe anamnese of die herhalende ondersoek van die gevallegeskiedenis via 'n narratiewe benadering, gekombineer met kunsterapie.
- Toegang tot die traumaherinnering is kritiek, beide verbaal narratief en nie-verbaal via beelde en die teken daarvan. Die hele narratief word geprosesseer binne 'n enkele sessie van negentig minute. Indien van hipnose gebruikgemaak word, staan dit bekend as 'dissosiatiewe beeldherroepende anamnese' (*dissociative imagery amnesia*).
- 'n Bandopname word gemaak van die sessie, wat 'n paar dae later tydens hersienring ook weer op band geneem word in die teenwoordigheid van die terapeut. Uitbreidinge op die narratief word opgeneem. Hierdie band dien as huiswerk vir die verwonde, ten einde die narratief as persoonlike geskiedenis sy eie te maak.
- Tydens hierdie twee sessies word deurgaans geëksploréer of daar enige vorige trauma plaasgevind het. Die tweede sessie behoort binne 4-5 dae na die aanvang van die traumawerk plaas te vind. Indien meer tyd tussen die eerste en tweede sessie verloop, is die verwonde geneig om angs op te bou rakende die trauma. Die hersiening van die eerste sessie verskaf 'n behoudende omgewing vir moontlike angs.
- Videodialoog: Hierdie fase duur 2-4 sessies. Die oogmerk hiertydens is om te verseker dat enige traumatisiese gedissosieerde self-staat wel bevry is van die traumatisiese belewenis wat tevore vasgevries in tyd voorgekom het.
- Gefokusde videotterapie: Hierdie fase is gemik daarop om die slagoffermitologie op te los. Die taak is om 'n bandopname met 'n beskrywing van die traumagedreve aanname van die self as beskadig en die wêreld as gevaelik, te maak. Die verwonde se bestudering van hierdie opname as huiswerk los gewoonlik hierdie mitologie op.

Hierdie kernmodule word binne een week van 'n intensieve buitepasiënteprogram voltooi, met 4-6 daagliks geskeduleerde sessies.

In die geval van veelvuldige traumas word by pre-verbale traumas begin via kunsterapie en word daar tydens die proses op herroekte beelde gefokus. Nadat al die

traumawerk voltooï is, word dissosiasie en gespletenheid binne 6 sessies hanteer (in geval van komplekse PTSD) en opgelos via videodialoog.

**Opsommend** is die hoofstap in genesing van beide tipe 1- en tipe 2-trauma:

Die erkenning van die hopeloosheid en futiliteit van 'n leefwyse gebaseer op slagoffer mitologie. Hierop volg die ontmaskering van die "mitologie" deur herhaalde ontdekings dat hierdie leefwyse gedoem is tot mislukking. Hierdie ontmaskering van die slagoffermitologie vind huis plaas as die verwonde video-opnames van die behandelingssessies bestudeer. Tydens hierdie onafhanklike werk word 'n waarnemende ego asook 'n geleentheid vir objektiewe selfkonfrontasie bevorder. Slegs na die suksesvolle afloop van bovemelde proses kan 'n nuwe lewenswyse ontwikkel. In die afwesigheid van die videobande vereis hierdie ontmaskering langtermynpsigoterapie.

#### **4.7 BEHANDELINGSMODELLE VIR TRAUMA**

Modelle ontwerp vir die behandeling van traumaslagoffers fokus gewoonlik op die aard daarvan, die fase waartydens dit plaasgevind het asook die graad van die trauma. Daar sal vervolgens gefokus word op enkele van die belangrikste benaderings met betrekking tot die behandeling van trauma.

##### **4.7.1 Trauma-ontlonting**

Die doel van trauma-ontlonting is om die impak van die traumatiese gebeure te verminder deur die ondersteuning van die betrokkenes, en die verwerking van die gebeure binne groepsverband aan te moedig. Dit fasiliteer die rangskikking van traumatiese inligting terwyl die persoonlike ervaring van die gebeure genormaliseer word en die deelnemers in staat gestel word om 'n positiewe toekomsblik te ontwikkel. Dit poog om herstel te versnel voordat stresreaksies nadelig inwerk op die slagoffers se gesondheid, werkverrigting en familie (Black *et al.*, 1997:49).

Daar is egter ook vanuit sekere oorde kritiek teen ontlonting as terapeutiese benadering. Gist en Devilly (2002: 741) in kommentaar op die werk van Van Emmerik *et al.* (2002:766-771), som dié kritiek soos volg op:

- Ontlonting dra nie betekenisvol by tot die oplossing van die nagevolge van blootsteling aan trauma nie, en dit kan selfs in sommige gevalle herstel vertraag.

- Ontlonting toon 'n kleiner effek as die geen-ingrype kontrole, wat daarop kon dui dat die natuurlike neiging tot herstel meer potent is as hierdie benadering van ingrype.
- Ontlonting het minder effek as ander tipes ingrype waarmee dit vergelyk is, wat die moontlikheid meebring dat ander tipes ingrype meer effektief kan wees.

Lewis (2003: 329-343), Wilson *et al.* (2001:144) asook Stuhlmiller en Dunning (2002:305) weerspieël 'n soortgelyke sinisme jeens hierdie vorm van terapie.

#### **4.7.2 Kognitiewe gedragsterapie**

Die getraumatiseerde is tipies selfverwytend en het 'n lae selfbeeld; daar is in die algemeen 'n fiksering op die negatiewe. Kognitiewe ingrype behels gevvolglik die begeleide herevaluering van negatiewe persepsies en opvattinge oor die self, ander en die omgewing wat vanuit die trauma ontstaan het. Soos hierdie negatiewe aanames her-evalueer word, ontwikkel daar dikwels 'n meer positiewe model oor die self en ander, terwyl die getraumatiseerde 'n meer gedetailleerde en saamgestelde insig oor die traumatische gebeure verkry (Briere & Scott, 2006:109).

Volgens Monson en Friedman (2006:1-13) verteenwoordig kognitiewe gedragsterapie vir trauma 'n breë klas van terapieë wat almal die volgende doelwitte beklemtoon en gemeen het:

- Waarneembare uitkomste
- Simptoomverligting
- Doelgerigte ingrype
- Die verwagting dat die respondent 'n aktiewe rol sal speel in die helingsproses.

Kognitiewe gedragsterapie se oorsprong kan gevind word in die woorde van die filosoof Epictetus (soos aangehaal in Scott & Stradling, 2006:40) wat waargeneem het dat, "Men are not disturbed by events as much as by the views they take of them."

Uit 'n kognitiewe gedragsterapie-perspektief word menslike ervarings beskou as die produk van vier interaktiewe elemente naamlik die fisiologie, kognisie, gedrag en emosies (Scott & Stradling, 2006:40).

Daar bestaan verskeie uitgangspunte ten opsigte van die toepassing van kognitiewe gedragsterapie binne die konteks van trauma. Onder andere word die volgende benaderings gehuldig:

- Stres-inokuleringsopleiding: Hier word die getraumatiseerde toegerus met tegnieke om die negatiewe psigologiese effekte van trauma te kan hanteer. Hierdie tegnieke is aanvanklik voorgestel deur Meichenbaum (1977:143). Dit behels die aanleer van asemhalings- en spierontspanningstegnieke in 'n poging om te ontspan, en die ontwikkeling van 'narsenal van kognitiewe hanteringsmeganismes. Hierdie tegnieke word gebruik om die gedagtes van gevaar en katastrofe teë te werk in omstandighede wat sou kon aanleiding gee tot fobiese assosiasie met die trauma.
- Blootstellingsterapie: Dit is 'n behandelingsprotokol wat daarop gemik is om die getraumatiseerde te help om die traumaverwante situasies, herinneringe, gedagtes en gevoelens te oorbrug deur die *in vivo* en veronderstelde blootstelling.
- As blootstellingsterapie behels *in vivo*-blootstelling herhaalde, langdurige blootstelling aan objektiewe, veilige situasies wat vermy word weens traumaverwante angs. Vir 'n pasiënt wat *in vivo*-blootstelling voltooi het met byvoorbeeld besoeke aan die supermark wat sy vermy het weens die herinnering aan haar verkragting, is die implikasie dat sy met die suksesvolle afhandeling daarvan voorsien word van informasie dat die supermark nie gevaarlik is nie, en dat sy die angs kan hanteer wanneer sy in die toekoms weer op hierdie wyse aan die verkragting herinner sou word. PTSV-simptome soos vlug en vermyding word deur hierdie kognitiewe modifikasies verlaag, en pre-morbiede funksionering geleidelik maksimaal herstel. As kognitiewe strategie vind *in vivo*-blootstelling aan omgewingsfaktore geassosieer met byvoorbeeld verkragtingstrauma (soos byvoorbeeld reuke, klanke of lokaliteit) plaas, nadat die trauma emosioneel geprosesseer is (Foa & Rothbaum, 1998:144).

- Kognitiewe herstrukturering: Hier word die getraumatiseerde bygestaan om alternatiewe beskouings van die traumatische gebeurtenis te ontwikkel. Die individu word aangemoedig om te praat oor die herinneringe aan die gebeurtenis en hierdie gedagtes word bevraagteken en vervang met 'n meer gebalanseerde en rasionele beskouing van die trauma.

Carroll en Foy (1992:61) fokus hoofsaaklik op die gestruktureerde toepassing van kognitiewe herstrukturering van die verwonde se wêreldbeeld. Deur middel van die eksplisiële hersiening van die verwonde se basiese veronderstellings omtrent die lewe voor en na die trauma, word die persoon bemagtig deur die bevestiging van hierdie fundamentele aanname en wen hy veld met die keuse tot die moderering van ekstreme reaksies ten gunste van 'n meer gebalanseerde perspektief. Die terapeutiese rol is bloot die begeleiding van die verwonde tot die ontdekking van hierdie implisiële aanname, wat dit dan eksplisiet maak, terwyl dit die potensiaal tot wysigings daaraan inhoud.

#### **4.7.3 Oogbeweging-desensitisering en herprosesseringsterapie (EMDR)**

##### **4.7.3.1 'n Oorsig van EMDR**

Oogbeweging=desensitisering en herprosesseringsterapie (algemeen bekend in Engels as EMDR – *Eye movement desensitisation and reprocessing therapy*) is 'n meer onlangs-ontwikkelde, gewilde, maar skynbaar kontroversiële metode in die behandeling van trauma. Formele opleiding is nodig ten einde EMDR klinies te implementeer met die verwonde. Die kliniese gemeenskap gebruik dit algemeen sedert dit amptelik onderskryf is vanuit professionele kringe wêreldwyd. Die benadering is aanvanklik voorgestel deur Shapiro (1989:199-223).

Die terapie behels dat die getraumatiseerde sy oogledde ritmies beweeg terwyl die traumatische gebeure en beelde in herinnering geroep word. Die benadering poog om die negatiewe emosies, gedagtes en herinneringe wat verband hou met die traumatische incident te ontsluit en dan deur die brein te laat prosesseer. Verskillende EMDR protokolle geld, afhangende van die tipe patologie. Terapeutiese procedures word ook aangepas volgens die behoeftes van die spesifieke getraumatiseerde. Hierdie metode word met groot welslae met oorlogsveterane uit Irak aangewend (Hatter, 2007:2-5).

#### **4.7.3.2 Die agt fases van EMDR**

EMDR behels vir Hatter (2007: 5) agt fases binne die behandelingsproses. Dit sluit die volgende in:

- Kliëntgeskiedenis
- Voorbereiding
- Assessering
- Desensitisering
- Installasie
- Liggaamskandering
- Afsluiting
- Herevaluasie

Ter uitbreiding op die detail van hierdie benadering, verduidelik Hatter (2007:5-6) die kritieke fases in die behandeling as volg:

- **Desensitisering as stap in EMDR**

Die desensitiseringstap word gekenmerk deur 'n vermenging van bilaterale stimulus en verbale interaksie tussen die kliënt en terapeut, en fokus op die vermindering van enige steurnis. As byproduk van herprosessering, verlig of verwijder dit enige spanning en angs. Disfunksiionele materiaal geassosieer met die teiken van verandering word geherprosesseer. Hierdie materiaal mag emosies, gedagtes, beelde, herinneringe en liggaamsherinneringe insluit, beide implisiet en eksplisiet. Die liggaam reageer op die sensoriese inligting of trauma in die teenwoordige tyd. Gevolglik is visualisasie 'n sleutelkomponent van beide desensitisasie en installasie (Hatter, 2007:5).

- **Installasie (liggaamskandering)**

Wanneer desensitisering voltooi is, volg installasie as die afbakening van die positiewe denke met die teikenaspek nadat die spanning verminder of uitgewis is. Op hierdie kritieke stadium in die behandeling maak Christelike beraders van Skrif gebruik om

verwonde denke te vernuwe. Visualisasie en verbeelding help kliënte hierna om verskillende bestemmings in hul gees te sien, te voel en te ervaar. Visualisasie bevorder vinniger en dieper vlakke van ontspanning in kliënte en mediese pasiënte. Met betrekking tot die liggaamskandering korrespondeer liggaamlike sensasies en kognitiewe prosesse. Die kliënt hou die beeld en kognisie in die gees terwyl hy enige hangende spanning, stafheid en fisiese sensasie in die liggaam identifiseer. Die liggaam stoor dikwels spanningsgebeure waarvan die kognisie of emosies onbewus is. Hierdie fase is afgehandel wanneer die kliënt geen oorblywende spanning tydens die skandering van die liggaam identifiseer nie. Die skandering voltooi die herprosessering van die teiken en geassosieerde materiaal.

- **Afsluiting en herevaluasie**

Tydens afsluiting word realistiese verwagtinge uitgespel nadat 'n staat van ewewig bereik is. Tydens herevaluering word die kliënt se gereprosesseerde teikenresponse ondersoek, sowel as enige spanning by die persoon. Gedragsveranderinge en enige impak op verhoudinge word geëvalueer en hiervolgens word verdere ingrype beplan, indien toepaslik.

Suksesvolle behandeling met EMDR bring die volgende resultate:

- Affektiewe spanning is verlig en spanning geassosieer met die teiken aspek is afwesig of drasties verminder.
- Negatiewe sieninge is geherformuleer, terwyl positiewe perspektiewe en insigte versterk is.
- Fisiese hiperbedagtheid (veg, vlug of vries) is verlaag of afwesig.

Volgens Hatter (2007:5-6) hipotetiseer Shapiro dat EMDR die toegang tot die traumatische herinneringsnetwerk faciliteer. Hierdeur word informasieprosessering verhoog, met nuwe assosiasies wat gevorm word tussen die traumatische herinnering en meer aangepaste herinneringe of inligting. Traumatische informasie word dus geherrangskik en nuut gelasseeer. Daar word gereken dat hierdie nuwe assosiasies daartoe lei dat gebeure volledig verwerk word en dat emosionele spanning gëelimineer en nuwe kognitiewe insigte ontwikkel word.

#### **4.7.3.3      Evaluering van die EMDR-model**

Daar bestaan uiteenlopende opinies oor die waarde van hierdie benadering. Kaplan en Kaplan (2007:621) beveel die metode aan as effektief in die behandeling van akute sowel as kroniese PTSV. Navorsers soos Foa *et al.* (2000:298) en Chambless *et al.* (1998: 9) beveel EMDR aan as effektief in die behandeling van PTSV in sekere beperkte toepassings.

Ander waarsku egter teen die algemene aanvaarding van die effektiwiteit van die benadering (Wilson *et al.*, 2001:149). Robinson (2006:266) beveel aan dat empiries-gefundeerde kognitiewe gedragsterapiebenaderings bo hierdie metode gekies behoort te word vir slagoffers van fisiese trauma.

#### **4.7.4      Psigodinamiese psigoterapie**

Kaplan en Kaplan (2007:620-621) beskou die psigodinamiese benadering as effektief met PTSV-pasiënte indien die implementering daarvan geïndividualiseer word, aangesien die herleef van die traumatische gebeure sekere persone mag oorweldig. Die korttermyn-kognitiewe benadering in hierdie model voorkom die risiko vir afhanklikheid en langdurige terapie, hoewel aspekte wat agterdog, paranoia en vertroue insluit, negatief impakteer op samewerking. Psigoterapie na 'n traumatische gebeurlikheid volg die krisis-ingrypemodel, met die klem op ondersteuning, opvoeding en die ontwikkeling van hanteringsmeganismes en aanvaarding van die gebeure. Nadat PTSV ontwikkel het, word daar oor die algemeen twee benaderings gevolg: blootstellingsterapie wat sistematiese desensitisering behels, en streshanteringsvaardighede wat ontspanningstegnieke en kognitiewe benaderings tot die trauma impliseer. Blootstellingsterapie toon meer standhoudende resultate op die langtermyn, teenoor die korttermynvoordele wat die ontspanningstegnieke inhou. Die derde benadering hiertoe is EMDR (par 4.7.3).

Psigodinamiese psigoterapie fokus op die dinamika in die onderbewussyn en is van mening dat dit 'n rol speel by emosies en gedrag. Die gedagtes en konflik wat in die onderbewussyn ontstaan as gevolg van trauma word aangespreek in hierdie benadering. Hierdie gedagtes en gevoelens wat op gedrag inwerk word tydens terapie ontsluit en verwerk. Die basiese uitgangspunt van die benadering is dat bewustelike gedagtes, gevoelens en gedrag gevorm word deur prosesse in die onderbewussyn, byvoorbeeld impulse, fantasieë, konflikte en ondervindings uit die verlede. Om 'n

verandering in gedrag te bewerkstellig, moet daar deur hierdie gevoelens gewerk word (Matthews & Chu, 1997:317).

Daar is konflik by navorsers oor die effektiwiteit van hierdie benadering in terapie. Leichsenring *et al.* (2009:875–881) vergelyk die doeltreffendheid van die psigodinamiese benadering met dié van kognitiewe gedragsterapie soos van toepassing op algemene angssteurnis. Hulle kom tot die slotsom dat beide benaderings effektief is, en dat daar geen betekenisvolle verskille in die resultate was nie. Volgens Foa en Rothbaum (1998:40) is die effektiwiteit van die benadering nog nie wyd genoeg getoets in gekontroleerde studies nie, en studies wat wel gedoen is, was volgens hulle gebrekbaar ten opsigte van metodiek. Wethington *et al.* (2008:296) kom in 'n vergelykende oorsig tot die gevolgtrekking dat daar onvoldoende bewyse bestaan dat psigodinamiese terapie effektief is in die behandeling van PTSV by kinders en addolessente.

#### **4.7.5 Farmakologiese terapie**

Spesifieke voorskrifmedikasie word met effektiwiteit vir PTSV gebruik deur psigiaters. Serotien heropname-inhibeerders (SSRIs) soos byvoorbeeld Zoloft en Paxil word aanbeveel as voorste linie middels in die behandeling van die vermindering van die simptome van PTSV. SSRIs word aanbeveel hoofsaaklik weens hul doeltreffendheid, toleransie en veiligheid. Pasiënte wat positief reageer op die farmakologiese behandeling vind dat die beste resultate gekoppel is aan behandeling van ten minste 'n jaarlange duur. Sekere studies dui aan dat SSRIs simptome van depressie, angs en hiperbedagtheid met groot welslae behandel. Vermyding, ontkenning en emosionele gevoelloosheid reageer met 'n mindere mate van sukses op hierdie behandeling (Kaplan & Kaplan, 2007:621).

#### **4.8 DIE GETRAUMATISEERDE EN VERGIFNIS**

Die gebruik van vergifnis as 'n hulpmiddel in terapeutiese ingrype is 'n relatief nuwe area van navorsing. Alhoewel die konsep van vergifnis reeds eue lank bestaan, is daar in die afgelope twee dekades eers begin met empiriese ondersoeke na die nut van vergifnis in 'n terapeutiese konteks. Sodanige ondersoeke kom dikwels tot die slotsom dat vergifnis 'n betekenisvolle bydrae kan maak tot die herstel en heling van gebroke interpersoonlike verhoudinge. Al-Mabuk *et al.* (1995: 427-444) kom in hierdie verband tot die slotsom dat die verwonde se indieptebeskouing van die oortreder se menswees kan lei tot erbarming en empatie, wat die sleutels bied tot genesing. Daar is breë konsensus in die literatuur dat vergifnis 'n belangrike terapeutiese ingrype

behoort te wees ter nastrewing van die doelwit van heling van interpersoonlike verhoudinge na verwonding en verontregting (Ferch, 1998:261; Murray, 2002:188; Denton & Martin, 1998:281; Lynch, 1985:105).

#### **4.8.1 ‘n Definisie van vergifnis**

Daar bestaan geen algemene konsensus oor ‘n definisie van vergifnis in navorsingsliteratuur binne die gedragswetenskappe nie. Thompson *et al.* (2005:318) defineer vergifnis as :

“... the framing of a perceived transgression such that one’s responses to the transgressor, transgression, and sequelae of the transgression are transformed from negative to neutral or positive. The source of a transgression, and therefore the object of forgiveness, may be oneself, another person or persons, or a situation that one views as being beyond anyone’s control (e.g. an illness, ‘fate,’ or a natural disaster).”

#### **4.8.2 Aspekte uitgesluit deur vergifnis**

Volgens Borris (2003:10) sluit vergifnis die volgende aspekte uit:

- Begenadiging: Om te vergeef beteken nie noodwendig dat die straf vir die daad wat die verwonding veroorsaak het, verslaak word nie. Vergifnis is ‘n interne emosionele losmakende en bevrydende proses, terwyl begenadiging ‘n openbare handeling behels.
- Kondonering/kwytskelding: Vergifnis is nie ekwivalent aan die kwytskelding van die verwonder se dade nie. Daar hoef nie aanvaarding of ondersteuning van die relevante daad van die verwonder te wees voordat vergifnis kan plaasvind nie.
- Versoening: Vergifnis kan plaasvind sonder dat versoening hoef plaas te vind. Vergifnis is die interne proses van een persoon. Versoening behels die bymekaarbring van twee of meer persone.

Kotze (2008:84) brei verder uit dat vergifnis die volgende aspekte uitsluit:

- Ontkenning. Pyn mag aanvanklik onderdruk word maar word deur die gebeure wel uiteindelik bevestig as 'n gegewe. Vergifnis kan volg indien die werklikheid erken word. Indien die slagoffer gebeure onderdruk en ontken, duï dit op skok en verbasing dat die onregpleger tot die onreg in staat was.
- Vergeet. Daar is 'n gesonde selfbeskermingsaspek verbondé daarvan om traumatiese gebeure te onthou.
- Swaksinnigheid. Vergifnis is 'n teken van karakter, moed en daadkrag.
- Selfblamering. Deur vergifnis aanvaar die slagoffer nie verantwoordelikheid vir die gebeure nie.

#### **4.8.3 Die proses van vergifnis**

##### **4.8.3.1 'n Definisie**

Borris (2003:11) beskryf die proses van vergifnis as die toeëiening van die pyn en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die gedagtes en oortuiginge deur die deurbreek van sielkundige verdedigingsmeganismes, sodat persepsies kan verander. Sekere sielkundige stappe moet voltooi word voordat die proses van vergifnis afgehandel kan word. Hierdie proses vind oor 'n tydperk plaas en is afhanklik van faktore soos die intensiteit en geskiedenis van die oortreding. Hierdie proses kan op verskillende fases binnegegaan word, afhangende van die omstandigheid en trauma betrokke.

##### **4.8.3.2 Die proses van vergifnis**

Enright *et al.* (1991:123-152) verskaf een van die beste konseptuele raamwerke in die sielkunde literatuur vir die fasilitering van vergifnis in enige konteks. Die verwonde word deur 'n proses geleei wat eers begin by die konfrontering van woede, geleidelik oorgaan in die gewaarwording van die oortreding, die besluit om te vergewe, en uiteindelik empatie vir die oortreder. Enright *et al.* (1998:53) verskaf 'n uitgebreide weergawe van die oorspronklike stappe en die verwysings in elke stap is prototipiese voorbeeld van die bespreking van die betrokke stap. Die sielkundige veranderlikes betrokke by die proses kan as volg opgesom word. In verfyning van sy navorsing

rakende vergifnis, verwys Enright en Reed (2007:1) na hierdie stappe as wegaanwysers:

- **Die ontblotingsfase: Identifiseer die woede**
  - Ondersoek die sielkundige verdedigingsmeganismes.
  - Konfronteer die woede ter vrystelling daarvan, sodat 'n helingsproses kan begin.
  - Erken skaamte (indien van toepassing), veral as selfvergifnis nodig is. Die belydenis van die verwonde se eie skuld aan die situasie waarin hy/sy verwond is, is 'n belangrike stap in selfvergifnis. Selfvergifnis in hierdie konteks is nodig voordat vergifnis kan plaasvind.
  - Besef dat die fokus op die wond en die situasie wat die wond veroorsaak het, emosioneel dreinerend kan wees.
  - Besef dat die situasie of daad wat die wond veroorsaak het, herhaaldelik in sy gedagtes herspeel word.
  - Die verwonde besef en erken sy eie ongelukkige staat, wat swak mag vergelyk met die relatief gemaklike posisie van die oortreder.
  - Die getraumatiserde erken en aanvaar dat die verwonder se daad kan lei tot 'n permanente en negatiewe kentering by die oortreder.
  - Die verwonde kom tot die gevolgtrekking dat die lewe nie noodwendig regverdig is nie.
  
- **Die besluitnemingsfase: Besluit om te vergewe**
  - Die verwonde besef dat die vorige konvensionele probleemoplossingstrategieë nie noodwendig werk nie.
  - Daar is bereidwilligheid by die verwonde om vergifnis as moontlike opsie te ondersoek.
  - Die verwonde besluit om die oortreder te vergewe.

- Die verwonde begin die oortreder se daad in konteks beskou, deur in dié se skoene te probeer staan.

- **Die werksfase: Werk aan vergifnis**

- Daar ontwikkel empatie vir die oortreder.
- 'n Gevoel van erbarming ontstaan teenoor die oortreder.
- Aanvaarding en absorbering van die pyn van die verwonding word teweegbring.
- 'n Soeke volg na die betekenis vir die self en andere in die lyding tydens die vergifnisproses.
- Die verdiepingsfase: Ontdek vryheid van emosionele gebondenheid.
- Die verwonde besef dat hy ander se vergifnis in die verlede nodig gehad het.
- Die verwonde besef dat mens nie alleen is nie, maar deel mag vorm van 'n interpersoonlike ondersteuningsnetwerk.
- 'n Nuwe sin vir die lewe ontwikkel en ook 'n besef dat dit ontstaan het vanuit die verwonding.
- Dit lei tot 'n gewaarwording van afnemende negatiewe affek (emosie), en moontlik voortspruitend hieruit, positiewe affek teenoor die oortreder - en indien dit gebeur, 'n gewaarwording van interne emosionele bevryding.

- **Gemeenskaplike temas van die proses van vergifnis**

Sells en Hargraves (1998:28) het 'n indiepte-literatuurstudie gedoen oor die kwessie van vergifnis en bevind dat daar die volgende gemeenskaplike temas voorkom in die meeste teorieë oor die proses van vergifnis:

- Daar is verwonding of skending met gevolglike fisiese en/of emosionele pyn.
- Hierdie skending of verwonding het 'n gefragmenteerde verhouding tot gevolg.

- Die voortsetting of verdere ontwikkeling van pyn word gestop.
- Hierna word daar - deur middel van 'n kognitiewe proses - probeer begryp wat die rede is vir die skendingsdaad, of dit word in 'n breër konteks geplaas.
- Die negatiewe aspek van die emosies en vergelding word laat vaar.
- Daar is 'n heronderhandeling van die verhouding.

McCullough en Worthington (1994:2-14) waarsku egter dat die aanname dat alle mense dieselfde vergifnisprosesmodel behoort te gebruik riskant is, en dat modelle individuele verskille in ag behoort te neem. Hulle kom ook tot die slotsom dat vergifnisproses-modelle bruikbaar is in die opvoeding van terapeute oor hoe om vergifnis te faciliteer en om kliënte daarop voor te berei dat vergifnis 'n proses is en nie 'n enkele gebeurtenis nie.

#### **4.8.4 Die terapeutiese waarde van vergifnis in terapie**

##### **4.8.4.1 Inleiding**

Vergifnis as terapeutiese hulpmiddel is 'n kontroversiële onderwerp wat vir 'n redelike tydperk nie bespreek is in gedragswetenskaplike navorsingsliteratuur nie, en waarskynlik omdat geglo was dat die konsep van vergifnis en die toepassing daarvan 'n skakeling het met godsdienst. Daar word verskeie redes hiervoor aangebied. Di Blasio en Proctor (1993:179) het bevind dat die gebruik van vergifnis in terapie heel dikwels betekenisvol korreleer met die ontvanklikheid van die terapeut vir die godsdienstige opvattings van die kliënt. Hulle kom tot die gevolg trekking dat terapeute moontlik ongemaklik is met tegnieke wat 'n fenomeen gebruik wat verband hou met godsdienst.

##### **4.8.4.2 Riglyne vir die gebruik van vergifnis in terapie**

West (2001:421) beveel die volgende riglyne aan in die lig van sy oorsig oor navorsing rakende die gebruik van vergifnis in terapie:

- Ware vergifnis hou gesondheidsvoordele in vir diegene wat vergewe (sien ook par 4.5 in hierdie verband.)

- Alhoewel vergifnis as terapeutiese hulpmiddel voordelig is, behoort dit altyd met sensitiwiteit aangewend te word, en die kliënt se behoeftes moet in ag geneem word.
- Vergifnis is 'n proses wat nie noodwendig 'n einde het nie, en wat vir sommige nooit begin nie.
- Tydigheid is belangrik in die gebruik van vergifnis in terapie, en daar mag jare verloop voor die punt bereik word waar dit as 'n oorweging geopper word, afhangende van die behoeftes van die kliënt.
- Dit mag nodig word om deur woede, haat, seer en vrees te werk voordat ware vergifnis moontlik is.
- Vergifnis is nie gelykstaande aan versoenning nie, alhoewel dit daartoe kan lei.
- Vergifnis mag empatie insluit, by die verwonde wat wel vergifnis toon.
- Die kliënt moet baat vind by die daad van vergifnis, ongeag of dit vergifnis van ander of selfvergifnis behels, en of die kliënt vergifnis soek.

#### **4.8.4.3 Die toepassing van vergifnis as terapeutiese hulpmiddel met die getraumatiseerde**

Die vraag of vergifnis 'n rol kan speel in die terapie van die getraumatiseerde, is 'n kernvraag in enige bespreking van die genesing van verwondes. Verskeie navorsers het bevind dat die vermoë om te kan vergewe 'n belangrike invloed het op simptome vanveral verwondes wat gediagnoseer is met post-traumatische stresversteuring (PTSV):

Orcutt *et al.* (2005:1020) het bevind dat 'n vergifnisrespons tot 'n traumatische gebeurtenis negatief korreleer met die mate waartoe PTSV-simptome by verwondes voorkom. Hierteenoor is gevind dat 'n respons wat die aspek van verwonding probeer vermy (fobiese vermyding) deur te weier om daaraan te dink of dit in die geheue op te roep, positief gekorreleer is met sodanige simptome. Hierdie korrelasie word ook bevestig deur Johnston (2007:37) wat gevind het dat daar minder PTSV-simptome by seksueel-getraumatiseerde verwondes voorkom indien daar bewustelike vergifnis van die oortreder is. Snyder en Heinze (2005: 436) het gevind dat vergifnis 'n invloed het

op die voorkoms van PTSV-simptome by die verwonde wat as kind seksueel misbruik is.

Vergifnis stel die verwonde vry van skuld, hartseer, skaamte, woede weens onreg, verborge haat en bitterheid. Dit voorkom die ontwikkeling van langdurige toksiese emosies wat lewensbagasie word, wat die verwonde emosioneel en fisies siek sou kon maak (Stoop & Masteller, 1991:247-252).

#### **4.8.5 Selfvergifnis**

##### **4.8.5.1 Inleiding**

Selfvergifnis is 'n konsep waaroor daar nog min besin is in die sielkundige vakliteratuur (Hall & Fincham, 2008: 174). Tog is dit 'n belangrike konsep binne die konteks van die genesing van die getraumatiseerde, en wel omdat ongesonde skuldgevoelens en beskaamdheid dikwels saamhang met die simptome van trauma wat volg na byvoorbeeld verkragting en dwelmmisbruik. Getraumatiseerde dwelmmisbruikers is tipies selfbeskuldigend. Selfvergifnis stel die verwonde in staat om die skade teenoor homself en ander te aanvaar (Schibik, 2006:239).

##### **4.8.5.2 'n Definisie van selfvergifnis**

Enright *et al.* (1996:107-127) se definisie van selfvergifnis omsluit die positiewe beweging van gevoelens en oortuigings oor die self wat volg na 'n oortreding.

Bauer *et al.* (1992:150) beskryf die konsep van selfvergifnis as 'n proses wat aanvanklik gekenmerk word deur die ervaring van 'n toenemende besef dat iets skort asook 'n gevoel van vvreemding teenoor die self en ander. Namate vergifnis geleidelik realiseer, word daar toenemend tuis gevoel met die omgewing en die self. Hierdie gevoel van gemak behels 'n verandering in eie identiteit, wat terselfdertyd nuut en bekend is, asof die self vir die eerste keer leer ken word en daar dan 'n aanvaarding volg van dit wat betreffende die self altyd vermy was. Die vermoë om woedend te wees, of ander seer te kan maak, word gevvolglik aanvaar as deel van die self (Bauer *et al.*, 1992:153).

##### **4.8.5.3 Die terapeutiese waarde van selfvergifnis in genesing van die verwonde**

Enright *et al.* (1996:107-125) argumenteer dat daar 'n wisselwerking bestaan tussen selfvergifnis, vergifnis van ander, en die ontvangs van vergifnis. Hierdie

wisselwerking is nie noodwendig 'n sekwensiële proses nie, maar kan by selfvergifnis begin, of by die vergifnis van ander, of by die ontvangs van vergifnis. Binne hierdie drieledigheid van vergifnis is selfvergifnis die mees komplekse en abstrakte proses. Volgens Coetzer (2006:40) ondervind die verwonde probleme met selfvergifnis, selfs al was die gebeure nie hul skuld nie. Die verwonde se woede en bitterheid mag lei tot selfveroordeling, selfhaat en selfverwerping. Die terapeut, in 'n poging om te genees, moet gevolglik bewus wees van hierdie wisselwerking, wat die terapeutiese proses kan aanhelp of vertraag.

## **4.9 DIE ROL VAN GEREQTIGHEID IN DIE GENESINGSPROSSES**

### **4.9.1 Vergeldende geregtigheid: Leemtes**

Gedurende die laaste paar jaar oorheers die debat rondom "herstellende geregtigheid" en die meriete daarvan Suid-Afrikaanse en internasionale navorsing oor die reg. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die Waarheids- en Versoeningskommissie 'n sprekende voorbeeld van herstellende geregtigheid. Regstelsels dwars oor die wêreld het tradisioneel gefokus op "vergeldende geregtigheid" as 'n manier om oortreders van die wet te straf sonder om die slagoffer van die oortreding in ag te neem. Daarom word die volgende opmerking tereg gemaak:

"Daar word nie altyd rekening gehou met die "wond" wat veroorsaak word deur misdaad nie. Die oortreder word na skuldigbevinding gevangenis toe gestuur, nie oor die wond wat hy die slagoffer toegedien het nie, maar omdat hy die wet oortree het." (Van der Westhuizen, 2005:345)

### **4.9.2 Herstellende geregtigheid: Doelwitte**

Gegewe die toenemende kritiek op vergeldende geregtigheid, het dit 'n prioriteit geword om die behoeftes van die slagoffer in die regsproses in ag te neem. Neser (2001:5) som die doelwitte van herstellende geregtigheid soos volg op:

- Om op 'n betekenisvolle manier aandag te gee aan die materiële, finansiële, emosionele en sosiale behoeftes van die slagoffer.
- Om oortreders die geleentheid te gee om verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar.

- Om die betrokkenheid van die gemeenskap te bewerkstellig by pogings om sodanige gemeenskap te beveilig.
- Om oortreders suksesvol te herintegreer in die gemeenskap en hiermee die sekuriteit en veiligheid van die gemeenskap te bevorder.

#### **4.9.3 Die terapeutiese waarde van herstellende geregtigheid**

Die debat rondom herstellende reg het egter nou begin uitkring na die waarde en rol van vergifnis binne hierdie konteks. Skelton en Batley (2008:38) argumenteer sterk dat die doel van herstellende reg nie vergifnis is nie, maar erken tog dat vergifnis en heling natuurlike uitvloeisels van so 'n proses sou kon wees. Volgens Plaatjies (2008:283) behoort vergifnis nooit 'n verwagting te wees vanuit die slagoffer se oogpunt nie. Spies (2009:16) bevind dat binne die konteks van die behandeling van kinders wat slagoffers is van bloedskande, herstellende geregtigheid geleenthede skep vir berou en heling.

Dit is hieruit duidelik dat insigte uit die reg kan bydra tot insigte oor 'n verbeterde praksis in die hantering en heling van die getraumatiseerde, verontregte slagoffer. Daar is ook duidelik ooreenkoms met basisteoretiese perspektiewe oor hierdie kwessie. .

#### **4.10 DIE MOONTLIKE VERBAND TUSSEN VERVREEMDING VAN GOD EN EMOSIONELE GENESING VAN DIE VERWONDE**

Daar is 'n groeiende empiriese belangstelling in die verband tussen vergifnis, geloof en genesing (Exline *et al.*, 1999:365; Kotze, 2008:150). Veral van belang vir hierdie bespreking is die sielkundige literatuur se bevindinge rakende hoe die getraumatiseerde persoon God beskou en ervaar, asook die sekulêre navorsing se beskouing van godsvervreemding, en die herstel van die verhouding tussen mens en God na trauma. Dit is veral belangrik om daarop te let dat sielkundige terapie daarop gerig is om die getraumatiseerde weer sy normale, pre-morbiede funksioneringsvlakke te laat bereik binne sy omgewingsraamwerk (par 4.5).

Die meeste mense se beeld van God is dat Hy almagtig en welwillend is (Pargament, 1997:294; Foster & Keating, 1992:368). Dit is daarom nie verbasend dat as daar by die mens verwonding plaasvind en hy terselfdertyd in 'n verhouding met God staan, sommige persone met woede, vrae en teleurstelling teenoor God reageer, en dat daar gevvolglik 'n herevaluering van hierdie verhouding volg nie. So byvoorbeeld toon Falsetti *et al.* (2003:391-398) dat 'n mens se geloofsbeskouing kan verander en selfs

uiteenskeur na 'n traumatische gebeure. Ganje-Fling en McCarthy (1996:257) argumenteer dat onderwyl die sielkundige ontwikkeling by seksueel misbruikte kinders begin stagneer tydens die ouderdom van seksuele misbruik, geestelike ontwikkeling terselfdertyd ook negatief beïnvloed word. Geestelike wantroue en vertwyfeling is algemeen by hierdie getraumatiseerde.

Exline et al. (1999 : 365-379) het empiries bevind dat:

- Die onvermoë om "God te vergewe" na 'n pynlike ondervinding lei tot angstigheid en depressie.
- Godsvervreemding en woede die meeste bydra tot die onvermoë om te vergewe.
- Die moontlikheid bestaan dat vir diegene wat in God glo, 'vergifnis van God' geassosieer kan word met 'n mindere mate van negatiewe emosies en verbeterde herstel.

Alhoewel die sekulêre dissiplines geen geestelike stappe ter genesing voorstel nie, bevestig meer onlangse sielkundige en mediese studies die verband tussen gebed enersyds en fisiese en psigiese genesing asook traumaverwante herstel andersyds. Geloofsbeoefening deur kerklidmaatskap, groepsgebed en sosiale ondersteuning binne 'n geestelike konteks word toenemend deur medici aangemoedig om spanning en angs verwant aan fisiese en emosionele trauma na afloop van mediese intervensie teë te werk. Die voordelige effek van 'n geestelike roetine en gebed word ook oor die algemeen beklemtoon binne krisisingrype en traumaberading. Die geestelike aspek word as inklusief beskou betreffende die toekoms van die suksesvolle behandeling van die getraumatiseerde. Die elemente van hoop en positiewe denke toon 'n positiewe korrelasie met geloof en geestelike hernuwing na trauma (Hillman, 2002:272; Courtois et al., 2009:214).

Kotze (2008: 195) het bevind dat trauma gepaardgaan met spesifieke verliese en dat die proses van vergifnis op weg na genesing, gekompliseer word indien die rouproses nie plaasgevind het nie. Skok en ontkenning, woede, depressie, onderhandeling, en afhandeling en aanvaarding, kenmerk hierdie proses. Hierna kan genesing begin realiseer. Verder het Kotze (2008:213) tot die gevolgtrekking gekom dat die verwonde na die rouproses (op weg na genesing) die oortreder slegs kan vergewe indien hy

besef dat God in die eerste plek reeds sy oortredinge vergewe het. God se vergifnis verskaf gevolglik die fondament en basis vir die verwonde se bereidheid om die oortreder te vergewe.

Sigmund (2003:221-229) noem dat, gegewe die geestelike komponent van die kontinuum van reaksies by die verwonde, die pasiënt beslis kan baat by 'n geestelike assessoring as deel van beplanning vir die oorhoofse ingrype ter genesing. Hierdie insig het tereg geleei tot 'n toenemende bewussyn van die geestelike aspek van fisiese gesondheid, sodat daar in die VSA veranderinge aan voorvereistes vir finalejaarstudie van mediese studente aangebring is as deel van holistiese assessoring en behandeling van die totale persoon. 'n Studie deur Falsetti *et al.* (2003:391-397) het bevind dat daar 'n positiewe korrelasie bestaan tussen veelvuldige trauma en verhoogde eksistensiële angs. Dit het daartoe geleei dat daar binne die sielkunde hulpverleningsmodel 'n beroep gedoen is tot die insluiting van die geestelike komponent van menswees in die hulpprogram ter genesing van die getraumatiseerde.

#### **4.11 GEVOLGTREKKINGE**

Gedurende die afgelope dekade is daar toenemend meer erkenning binne die studieveld van die psigologie dat trauma die fisiese, psigiese, kognitiewe en geestelike aspekte van die mens verwond, en dat terapie as sodanig op al hierdie aspekte moet fokus met die oog op algehele heling van die individu.

Volgens navorsing verg die terapeutiese begeleiding van die verwonde persoon heelwat tyd, en omvat dit oor die algemeen langtermyn terapie wat 2-3 jaar mag duur.

Vergifnis word as 'n belangrike aspek in die terapeutiese genesingsproses bevestig vanuit navorsing op die terrein van die psigologie. Dit is belangrik dat hierdie proses individu-spesifiek toegepas sal word indien en wanneer die kliënt gereed is daarvoor.

Navorsing toon 'n positiewe korrelasie tussen self-vergifnis, vergifnis en genesing, veral in geval van seksuele molestering. 'Vergifnis van God' na aanleiding van trauma en asimptomatiese funksionering toon sterk verbande. Onvergifnis en woede teenoor God na die belewenis van trauma lei weer tot die ontwikkeling van psigiatriese simptome kenmerkend van angssteurnis.

Verskeie modelle ter ingrype met die getraumatiseerde word aanbeveel, met verskillende grade van aanbevole of bewese sukses. Terapie met die verwonde toon

die beste resultate indien die individualiteit en besonderse situasie van elke persoon in ag geneem word en veralgemening beperk word. Die fase waartydens die trauma plaasgevind het, vorm die sleutel hiertoe. Neurobiologiese studies toon 'n definitiewe positiewe korrelasie tussen trauma en gewysigde, aangepaste en beskadigde breinfunksionering, wat by implikasie die suggestie van genesing via gesels-terapie insigself onlogies maak.

Kognisie, gedrag en traie genesing van trauma toon 'n sterk positiewe korrelasie. Trauma en geloofsvervreemding gekenmerk deur wraakgedagtes, woede en gebrek aan vergifnis, toon 'n sterk korrelasie tydens die ontwikkelingsfase van die getraumatiseerde addolessent, weens skadeverwante veranderinge in die brein.

In die genesing van die verwonde word drie aspekte as primêr beklemtoon: die verlening van hoop, die skep van 'n veilige, herstellende belewenis vir die verwonde ter ontwikkeling en potensialontsluiting, en die belang van 'n gesonde verhoudingsraamwerk, wat die ontwikkeling van 'n veilige, bevestigende en toepaslike verhouding tussen die terapeut en verwonde impliseer. Daar bestaan 'n sterk verband tussen die genesing van beide fisiese en psigiese trauma, vergifnis van die oortreder, en 'n herstelde toewyding aan en geloof in God.

## HOOFSTUK 5

### 'N EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 5.1 METATEORETIESE VERTREKPUNTE

Hierdie navorsing leen hom tot die metodologie van die praktiese-teologiese model wat Zerfass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het en waarin daar duidelik onderskei word tussen basisteoretiese, metateoretiese en praktykteoretiese perspektiewe.

Metateorie omvat volgens Venter (1996:89) die verstaan van:

“... 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vlakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek.”

##### 5.1.1 Metateoretiese fokus van hierdie studie

Teen die agtergrond van die model van Zerfass (1974:164) sal daar vanuit die metateoretiese perspektief gepoog word om in hierdie hoofstuk vas te stel watter vernuwendige insigte met behulp van 'n empiriese ondersoek aan die hand van gevallestudies na vore kom betreffende die bring van heil aan die verwonde geloofsvervreemde, by wyse van pastorale berading.

#### 5.2 DOELSTELLING

Wetenskaplike navorsing is die sistematiese, gekontroleerde, empiriese en kritiese ondersoek van natuurlike verskynsels, begelei deur teorie en hipoteses met betrekking tot die veronderstelde verbande tussen sodanige verskynsels (De Vos *et al.*, 2006: 41).

Die doel van hierdie empiriese studie is om op 'n wetenskaplike wyse ondersoek in te stel na die proses van pastorale begeleiding van die geloofsvervreemde tot heilservaring en genesing. Ondersoek sal ook ingestel word na die verskynsels van verwonding en geloofsvervreemding, en verder ook of daar enige verbande bestaan tussen hierdie twee toestande by die mens.

Die gevolgtrekkings na aanleiding van hierdie empiriese navorsing kan bydra tot die daarstelling van 'n praktykteoretiese model wat omvattende stappe bevat, geformuleer met die oog op pastorale begeleiding van die verwonde geloofsvervreemde op weg na volle heilservaring.

### **5.3 METODOLOGIESE VERANTWOORDING**

Wetenskaplike navorsing is gerig op die daarstel van 'n teoretiese basis vir 'n spesifieke professie. Verder is dit ook so dat teorie twee eienskappe behels. Enersyds poog teorie om spesifieke verskynsels te verduidelik of voorspel, en hierdie teorie moet ook empiries getoets kan word (De Vos *et al.*, 2006:42,39). Andersyds word 'n nuwe praktykteorie vanuit hierdie empiriese proses daargestel (Venter, 1996:89), aangesien daar primêr oor die praktyk besin word (Heyns & Pieterse, 1998:24).

#### **5.3.1 Onderhoudvoering**

In kwalitatiewe navorsing word data veral deur onderhoudvoering ingesamel, met die oog daarop om die deelnemer se beskouing van sy leefwêreld en die betekenisinhoude daarvan te ondersoek, tesame met sy geleefde ervaring daarvan, voordat wetenskaplike interpretasies daaraan geheg word (De Vos *et al.*, 2006:287; Silverman, 2001:92).

#### **5.3.2 Die gevallestudie**

'n Gevallestudie ondersoek en analyseer 'n gebonde sisteem in diepte, en mag 'n individu of groep insluit, om daaruit nuwe insigte te bekom (Babbie, 2001:284-286).

#### **5.3.3 Metodologie vir hierdie studie**

'n Kwalitatiewe empiriese studie sal deur middel van prosesse binne gevallestudies via klinies-pastorale onderhoude gedoen word aan die hand van 'n semi-gestruktureerde vraelys (sien Bylaag 1).

### **5.4 KWALITATIEWE NAVORSING**

Kwalitatiewe metodes ondersoek natuurlike gebeure in die daaglikse lewensgang. Hierdie ondersoekmetode verskaf sagte, kwalitatiewe inligting wat verbale beskrywings van emosionele gebeure en prosesse (soos byvoorbeeld drome) na vore bring (Dyer, 1995:20).

#### **5.4.1 Kwalitatiewe navorsingsmetodes**

Kwalitatiewe navorsers inkorporeer die gebruik van empiriese materiale soos gevallestudies, onderhoude, lewensverhale en historiese, interaksionele en waarneembare tekste. Dit geskied met die oog op begrip en interpretasie van natuurlike verskynsels in terme van die betekenis wat mense na die omgewing bring (Denzin & Lincoln, 2003:15).

Daar bestaan verskeie navorsingsontwerpe volgens De Vos *et al.* (2006:268-273). Elkeen van hierdie is gekoppel aan die doel van die studie, die aard van die navorsingsvraag en ook aan die bronne en vaardighede tot beskikking van die navorser. Hierdie ontwerpe sluit hoofsaaklik die volgende in: Die biografie, grondteorie, die etnografie, fenomologie en die gevallestudie.

Die gevallestudie ondersoek en ontleed 'n gebonde sisteem of 'n enkele of veelvuldige geval oor 'n tydsperiode. Deur middel van onderhoude, observasies en argiefrekords word data ingesamel. Drie tipes gevallestudies word deur De Vos *et al.* (2006:272) uitgesonder:

- Die intrinsieke gevallestudie, gerig op 'n beter begrip en beskrywing van die geval.
- Die instrumentele gevallestudie, wat uitbrei op bestaande teorie.
- Die kollektiewe gevallestudie, wat begrip van 'n groepsverskynsel wil verbreed ter bevestiging of uitbreiding van die teorie.

#### **5.4.2 Doel van kwalitatiewe navorsing binne die studie**

Kwalitatiewe navorsing het ten doel om begrip te vind vir die egtheid van die vorige en huidige ervarde leefwêreld van die respondent (Silverman, 2001:87) deur middel van ongestructureerde onderhoudvoering via oop vraagstelling (Silverman, 2001:13).

Die analise van die natuurlike situasie van die respondent is die mees betekenisvolle bydrae deur kwalitatiewe navorsing as navorsingsmetode (Steyn & Lotter, 2006:107).

Hierdie navorsingstudie poog om teen die agtergrond van die gebruik van 'n ongestructureerde vraelys en die terapeutiese verhouding, respondent se ervaringswêreld deur gevallestudies te begryp. Hul verhale word vervolgens

geïnterpreteer en gedokumenteer deur middel van beide verbale en nie-verbale gekommunikeerde emosies, terwyl hulle oor 'n tydperk klinies-pastoraal begelei word vanuit hul verwonde geloofsvervreemding. In die proses word daar dan ook gepoog om die heil in Christus aan hulle te bemiddel tot volle genesing. Na afloop van ongeveer twee jaar word die navorsing se uitkomste weer eens geëvalueer deur hul huidige geestelike en emosionele funksionering op te volg en te dokumenteer binne elkeen se studieverslag.

## **5.5 ONDERSKEID TUSSEN KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING**

Volgens Mouton en Marais (1992:166) is die kernverskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing tweeledig:

- Kwantitatiewe navorsing bevat 'n meer formele, gestruktureerde raamwerk (bv. responskategorieë in 'n vraelys), terwyl daar in kwalitatiewe navorsing toegelaat word dat die wyse waarop die verskynsel na vore tree bloot aangeteken word.
- Die kwantitatiewe navorser se waarnemingstegniek is gestandardiseerd, objektief en gestructureerd. Hier teenoor is die kwalitatiewe navorser meer betrokke by die navorsing deur middel van deelnemende waarneming.

Neuman (1997:14) toon die volgende verskille aan tussen die twee navorsingsmetodes:

- Kwantitatiewe navorsing:
  - Dit meet objektiewe feite
  - Dit fokus op veranderlikes
  - Betroubaarheid is van kernbelang
  - Hierdie metode is afhanklik van die konteks
  - Kwantitatiewe navorsing is waardevry
  - Die metode bevat baie gevallestudies
  - Die navorser staan los van die situasie

- Kwalitatiewe navorsing:
  - Die metode konstrueer kulturele betekenis
  - Dit fokus op interaktiewe gebeure
  - Getrouwheid en egtheid is van kernbelang
  - Waarde is aanwesig en eksplisiet
  - Die navorsing is situasiegebonde
  - Die metode bevat min gevallenstudies
  - Kwalitatiewe navorsing werk met 'n tematiese analise
  - Die navorsing is in diepte betrokke

## **5.6 DIE NAVORSINGSTUDIE EN -BEGRENSING**

### **5.6.1 Fokus van die navorsing**

Die fokus van hierdie navorsing sal wees op die verhaal van verwonding, die agtergrond en mate van geloofsvervreemding, en die wil tot genesing en geïntegreerde funksionering. Verbale en nie-verbale kommunikasie sal neergestip word tydens die onderhoudvoering terwyl ondersoek ook gedoen sal word na die vraag of aspekte van oordrag en teen-oordrag tussen terapeut en respondent wel die gang en ontwikkeling van die beïnvloeding en uitkomste kan bepaal. Hierdie aspek is belangrik aangesien die kwaliteit van die verhouding in die geval van psigoterapeutiese ontmoetings dikwels 'n bepalende rol speel, enersyds betreffende die genesing van trauma, of andersyds bydraend tot verdere simptome.

### **5.6.2 Navorsingsveronderstellings**

Navorsingsveronderstellings onderlê die doel van die studie, naamlik dat die verwonde geloofsvervreemde wel tot volle heil begelei kan word ter genesing van trauma. Dit voorsien die rasional vir en koers van die studie, en begrens data-insameling.

### **5.6.3 Keuse van 'n navorsingsmetode**

Die keuse van 'n toepaslike navorsingstrategie volg op die identifisering van beide die navorsingsvraag en die spesifieke eenhede wat as fokus vir die studie dien. Die navorsingsmetode en die navorsingsvraag staan in direkte verband met mekaar..

### **5.6.4 Die gevallestudiemetode**

#### **5.6.4.1 'n Definisie**

'n Gevallestudie behels direkte waarneming en sistemiese, gedetailleerde, indiepte-onderhouervoering van ongemanipuleerde gedrag (Dyer, 1995:48) na oorsaaklike faktore van 'n teenswoordige verskynsel (Strydom, 1996:182).

Vir die doel van hierdie studie is die instrumentele gevallestudie gekies vir die ondersoek na die roete en essensie van die lewensreis wat die verwonde geloofsvervreemde by 'n kruispad en op soek na genesing bring (sien par 5.4.1 vir tipes ontwerpe vir gevallestudies). Teen die agtergrond van teoretiese verbande tussen lyding en die vraag na die liefdesbetrokkenheid van God in die lewe van die mens, sal die ondersoek verder eksplorere of, en indien wel, watter verbande daar bestaan tussen verwonding en geloofsvervreemding, tesame met 'n soeke na die sleutel tot volle genesing in die begeleiding van hierdie persoon tot volle heil.

#### **5.6.4.2 Doel van die gevallestudie**

'n Gevallestudie is gerig op die evaluering of diagnose van 'n gegewe situasie (Wester, 1995:40). In die geval van 'n instrumentele studie mag teorie aangewend word om die studie met verduidelikings te lei voordat data-insameling plaasvind. Alternatiewelik mag teorie na afloop van data-insameling teen die einde van die studie gebruik word, ten einde die bevindinge met die reeds ontwikkelde teoretiese model te vergelyk. Verdere teorie word dan ontwikkel of veralgemenings word voorgehou (De Vos *et al.*, 2006:272).

#### **5.6.4.3 Keuse van gevalle vir hierdie studie**

Die doelwitte van hierdie navorsingstudie het die keuse van gevalle bepaal. Persone wat weens 'n traumatische incident verwys is, was uiteraard potensiële kandidate. Ander toepaslike gevalle het persone met onderliggende trauma ingesluit (sien par 4.3 vir tipes trauma), byvoorbeeld manifestasies van angssteurnisse soos obsessies en kompulsies, asook sosiale onttrekking, dikwels gekoppel aan verlies(e). Die trauma

self asook die bio-psigo-sosio-geestelike impak daarvan is nagespeur teen die agtergrond en binne die konteks van die pre-morbiede persoonlikheid (voor presipitasie van die huidige krisis wat tot die verwysing gelei het) en huidige funksionering (nadat die krisis gemanifesteer het in die persoon se daaglikse lewe). Intensifiëring van die krisis en verdere bio-psigo-sosio-geestelike skadeberokkening kon binne sodariege assessoringsmodel spesifiek bepaal word vir die doel van die ondersoek. (Gegewe die kombinasie van navorser se klinies-terapeutiese en teologiese opleiding en praktykondervinding van twintig jaar, kon hierdie aspekte met noukeurige vaardigheid geassesseer en bepaal word.)

Ander tersaaklike faktore wat as deel van die studiefokus en tematiese riglyne die toespitsing van gevalle bepaal het, sluit godsdienstige agtergrond, wêreldperspektief en paradigmas in, tesame met enige wysigings daaraan sedert die incidentele en/of langdurige trauma(s) ervaar is (afhangend van waar die persoon homself op hierdie kontinuum bevind het tydens die verwysing/aanmelding). Post-traumatiese en spanningsverwante geestelike worstelinge en/of groei is dus spesifiek ondersoek om onlangse empiriese bevindinge (sien par 1.2.2) met betrekking tot die rol van godsdienst in die genesingsproses van verwondes asook verbandlegging hiertussen verder te ondersoek, ter bevestiging of negering daarvan, of ter uitbreiding daarop.

*Geloofsvervreemding* sluit vir die doel van hierdie studie gelowiges in wat sedert die aangemelde problematiek ‘n geloofskrisis ervaar, kerklos, kerkvervreemd of ongelowig is (sien par 1.1.2).

In die finale analise het die seleksie van toepaslike gevallen gefokus op die geloofsvervreemde persone wat die proses van pastorale heilsbemiddeling deurloop het, aangesien hierdie aspek as ‘n duidelike leemte in die literatuur voorkom (sien par 1.2.3).

Die aanbieding van die gevallen is beperk tot vier studies ten einde nie kwantiteit bo kwaliteit te stel nie. Die eerste gevallenstudie is die breedvoerigste aangeteken in hierdie studie. Dit dien ter illustrasie van al die inhoudelike aspekte wat deel vorm van enige toereikende klinies-pastorale assessorings, evaluasie en beplanning. Dit illustreer ook breedvoerig die klinies-pastorale proses van begeleiding van die verwonde en geloofsvervreemde persoon tot heilsbemiddeling in Christus. Daarsonder word professionele insigte van diepgaande aard, hulp rakende enige persoon in krisis, asook self-insig by die betrokkene se eie lewensverhaal en die impak van die ervaringe op sy

huidige lewensparadigma ernstig gekompromiteer, en behoort verantwoordelike omgang met die tema ernstig bevraagteken te word. Dit is belangrik vir die leser om daarop te let dat in die volgende drie gevallestudies (weens gebrek aan ruimte) kategorieë waar geen trauma reflekter word nie, uitgelaat is en 'n meer verkorte weergawe van dieselfde indiepte-benadering tot hierdie betrokke gevalle aangebied word, alhoewel dieselfde indiepte-assessering en Skrif-en-gebedsterapeutiese proses gevolg is in elke geval.

#### **5.6.4.4 Etiese riglyne**

- Instemming: Respondente het ingestem tot insluiting in die studie.
- Versekering van anonimitet: Respondente is van die beskerming van hul identiteit verseker deur inligting in die studie as anoniem te hanteer.
- Kan enige tyd onttrek: Respondente mag op enige stadium van die studie onttrek.

### **5.7 DIE GEVALLESTUDIES BINNE DIE EMPIRIESE PROSES**

#### **5.7.1 Respondent 1**

##### **5.7.1.1 Pastoraal-klinies-biologiese assessering**

- **Presenterende probleem**

Respondent soek hulp teen alkohol- en dwelmafhangklikheid, ter herstel van verhoudinge met sy ma, meisie en driejarige seun.

- **Kliniese simptome en geestelike faktore**

Simptome van depressie: Onderdrukte woede.

Angstoestande: Vrees vir groter armoede, asook vervreemding van sy familie.

Simptome van trauma: Wantroue in mense. Woede-uitbarstings en wraakgedagtes jeens mans wat hy voel hom te na kom. 'n Sterk behoeft aan aanvaarding deur ouer mans.

Fobies: Geen.

Obsessieve steurnisse: Obsessieve gedagtes om iewers te behoort en gerespekteer te word. Gedagtes van gewelddadige vergelding weens ontseggings van basiese regte by die werkplek. Sy gedagtes is daagliks gefikseer op drankgebruik. Verwonge denke dat misdaad 'n goeie doel dien (die sorg van sy seun).

Kompulsies: Hy doen mee aan geweldsmisdaad. Drankmisbruik.

- **Mediese faktore**

Algemeen: Gesond.

Spesifiek: Beskadigde neuswand weens die snuif van kokaïne.

- **Geestelike faktore**

Die respondent glo nie dat daar enige Godheid bestaan nie.

- **Agtergrondsfaktore**

As minderjarige:

Die materne grootmoeder was die primêre versorger van hom en sy vier broers as seuns. Die respondent se ma was hul broodwinner en ook enkelouer. Sy streng paterne grootvader sou die respondent voortdurend slaan oor beuselagtighede. Hy (die jongste) en sy broers ken nie hul pa nie, en hul ma weier om inligting hieromtrent te deel. Sy vier ouer broers word polities betrokke terwyl hy 'n negejarige is. Nie lank nadat hul ouerhuis as stoorplek vir wapens begin dien het nie, verdwyn drie broers oornag vir opleiding. Die vierde broer, geïdealiseer deur die respondent, het die respondent egter op sy weggaan voorberei. Nadat twee van sy broers in gevegte oorsee gedood is, word 'n derde (die respondent se held) na sy tuiskoms ten aanskoue van die respondent herhaaldelik byna verdrink (die sogenaamde 'waterboarding' metode) in 'n poging om sensitiewe inligting te bekom. Twee dae later is die familie ingelig van sy dood in aanhouding.

Op skool is hy as 'n "mamma-seuntjie" uitgekryt en was gereeld in vuisgevegte betrokke. Volgens sy ouma behoort hy "sy man te kan staan". Hy probeer sy hartseer, ontnugtering en woede versteek agter 'n fassade van arrogansie en heldhaftigheid. Hy stig 'n bende ter beskerming teen diefstal van klere en geld by die skool.

Sy materne grootmoeder sterf toe die respondent twaalf jaar oud is. Hierna gaan hy 'n aantal verhoudings met meisies aan weens groepsdruk. As veertienjarige begin hy met dwelmsmokkelary by die skool. In graad 10 beleef hy sy eerste emosionele konneksie met 'n meisie in 'n verhouding. Dieselfde jaar steek hy 'n uittartende, ondermynde seun met 'n mes nadat die seun hom herhaaldelik met bottels aangerand het, waarna dié verlam is. In graad 11, op sewentienjarige ouderdom, word die respondent by gewapende motorkapings betrek, en vind sy eerste seksuele kontak met 'n een-en-twintigjarige meisie plaas. Dit word deel van seksuele opleiding binne die groep, met inisiasie deur ouer vroue.

Nadat die respondent 'n trofee wen vanweë die aantal meisies wat hy verower binne 'n gegewe tydskaal word hy as hoof in die hiërargie van die nuwe groep aangestel en met 'n berugte aanvalsgeweer beloon. Hiermee voer hy talle rooftogte uit, en word byna aangekeer deur die gereg. Hy idealiseer die karakters wat hy in Mafiafilms saam met die baas bestudeer as deel van opleiding. Hy ontvang 'n Mafianaam, en word deur die baas geroskam indien daar huiwerigheid tydens, of skuldgevoelens na afloop van rooftogte by hom opgemerk word. Dreigemente hiertydens dat die groep hom sal vermoor, trek hom dieper in hul dwelmnetwerk in.

Sy politieke opruery, gebruik van handgranate, brandstigting en wapensmokkelary in graad 11, neem hom as gemerkte vir 'n jaar ondergronds. Hy trek vroue in sy sjarmeweb in vir vrye verblyf. 'n Jaar later voltooi hy matriek.

As volwassene:

Hy neem vir die volgende tien jaar van sy lewe voltyds deel aan kapings, bankrooftogte en dwelmsmokkelary. Hy geniet die belonings van geld, motors, duur Italiaanse klere, en die bewonderende reaksie van invloedryke, loopbaangerigte vroue. Hierdie vroue word onbewustelik gebruik as sy georkestreerde alibi, veral as geslukte dwelms deur doeane geneem moet word tydens binnelandse sendings.

- **Geweld/kindermishandeling/seksuele geweld**

In die verlede: Die respondent se paterne grootvader was 'n streng dissiplineerder. Sy vrou (die respondent se grootmoeder) was die trooster. Die respondent het in woede nie gerou toe hy sterf nie.

Tans: Daar is tans geen geweldpleging teenoor die respondent nie. Geweld jeens self/andere/fantasie/plan: Daaglikse fantasieë en gedagtebeplanning rakende moorde op mans wie sy "reg op bevorderings" saboteur. Sy fantasie is sterk dat hy erkenning sal vind vir, en deur hierdie wraakgerigte dade. Hy voel ook dat sy daad 'n groter saak sal dien, naamlik die verontregte groter werksmag.

Huidige risiko: Die huidige risiko vir geweldpleging deur die respondent is baie hoog, aangesien hy toegang tot wapens het.

- **Godsdiens**

Kerkaffiliasie: Geen.

Godsdiens en die gesin: Kerkbesoeke tydens laerskooljare saam met sy ouma.

Persoonlike geloofsbeskouinge: Hy glo nie dat 'n God wel bestaan nie.

- **Mediese geskiedenis**

Goed. Gesond.

- **Terapiegeskiedenis**

Geen.

- **Substansgeskiedenis**

Alkohol: 1 Bottel whiskey per dag drie naweke per maand, om sendingsuksesse te vier met die groep.

Dwelms: 1 Teelepel suiwer kokaïne (teen R700 per teelepel) per naweek na 'n sending. Die gevvolglike euforie en gebrek aan vrese of skuldgevoelens is verslawend.

Ander:

1. Kubaanse sigare drie keer per maand, vier per dag. Die rook van sigare aktiveer sy aptyt vir suiwer whiskey.
2. Sterk koffie daagliks onderdruk sy drang na bogenoemde (sien no 1) tussen sendings.

- **Funksionering**

Pre-morbied: Hou huidige roetine sonder skuldgevoelens vol.

Tans:

Tuis: Naweke hou die dwelmsmokkelary hom voltyds besig. Sedert sy seun begin grootword, is hy weens druk op homself aangaande rolmodellering meer sinies oor verdere betrokkenheid hierby, maar die vrees vir sy lewe asook dié van sy familie hou hom vasgekeer in hierdie web.

Werkplek: Hy is stil by die werk en het geen vriende nie. Die respondent reageer met woede-uitbarstings as onskuldige grappe met hom gemaak word deur seniors.

Ondersteuningsnetwerk en familie: Geen. Kontak met familie is beperk tot een naweek per maand.

#### **5.7.1.2 Pastoraal-dinamiese formulering en evaluering**

Vaderloosheid en geweld as oplossing van krisisse staan sentraal en tematies in die respondent se lewe, tekenend van sy geloofsvervreemding (primêre trauma) en gekompliseerde trauma, tesame met moederloosheid en ouerloosheid *per se* as jongeling.

Die respondent se soeke na beskerming, aanvaarding, erkenning, mag en behoort, in die afwesigheid van geloofsonderrig en geloofsoorgawe aan God, kenmerk die res van sy lewenstema. God vorm nie deel van sy paradigma nie omdat sy vader gesigloos was, en hom in die steek gelaat het. Dit maak die prediking van 'n liefdevolle Vader leuenagtig en misleidend vir hom as jong kind. Sy primêr-verwonde toestand wat ten diepste 'n uitvloeisel is van Gen 3 laat hom hardnekkig hierin volhard.

Simptome van depressie (en verwronge denke wat kenmerkend is sedert die val van die mens) weens veelvuldige traumatische verliese (geen vader of moeder, sterftes van broers en ouma) en ontrugterings in sy vroeë lewe, word in sy latere lewe ge-eksternaliseer en na buite geprojekteer, en word geweldsmisdaad vanaf 'n vroeë ouerdom die uitlaatklep vir en ekspressie van sy woede en verwonding. As bonus werp geweld in sy lewe ook gewenste (nogtans valse) vrugte af, van mag en skynbaar suksesvolle selfbeskerming. Die respondent se vermoë tot simpatie met ander is duidelik aangetas weens die effek van trauma op die breinfunksionering, en is kennelik afwesig aangesien hy afgestomp op sy verhaalgebeure reflekteer teenoor die navorser/terapeut.

### **5.7.1.3 Beplanning en fokus/ proses van pastoraat**

Voltoo in die eerste ontmoeting 'n omvattende psigo-pastorale assessering. Begin hanteer hiertydens die veelvuldige trauma inleidend-psigoterapeuties: Die verwerping en afwesigheid van die respondent se vader en moeder, die gewelddadige verliese van sy broers, sy materne grootmoeder se dood in sy vroeë puberteit, en sy aanvaarding binne die misdaadnetwerk teen 'n lewensbedreigende prys speel almal 'n rol in sy trauma. Die terapeut ontlont hom tydsaam en teen sy eie pas, rakende sy geheue, in detail.

Versoek toestemming by die respondent tot 'n pastorale benadering van sy gekompliseerde verwonding. Verduidelik die metode en werkinge betreffende Skrifgebruik, gebed en innerlike genesing empaties aan respondent.

Die navorsingsproses se inhoud strek oor 'n tydperk van drie maande. Vyf ontmoetings van gemiddeld 140 minute elk vorm die kern van die navorsing.

Die volledige psigo-pastorale assessering word in die eerste ontmoeting voltooi, met toestemming tot pastorale werk.

Tydens die tweede ontmoeting word sy seerkry tydens sy ontwikkelingsjare aan hom gereflekteer binne die konteks van God se Vaderskap en ongesiene sorg en teenwoordigheid. Daar word vir elke verwonding, skok van vaderloosheid, moederloosheid, fisiese mishandeling deur sy oupa, weerloosheid as skoolkind, die skok van die verdwyning van en pyn oor die dood van sy broers gebid. Na elke tema word gefokus op sy emosies daarna, en verder gebid vir emosionele genesing deur die Heilige Gees met betrekking tot die betrokke area van emosionele pyn. Daarna word in gebed om die proklamasie van die vrede van God gevra. Teen die einde van die tweede ontmoeting erken die respondent in verwondering dat dit sy eerste ervaring was dat iemand vir hom en saam met hom bid, en dat hyself met God kan praat. Hy is ook in verwondering en erken herhaaldelik dat hy 'n vrede ervaar wat hy nie geweet het ervaar kon word sonder dwelms nie. Hy erken dat hy ook in sy geestesoog kon sien hoedat Jesus Christus oor hom buk as jong seun by die skool, en dat hy nooit regtig vaderloos, wees, onbeskermd en alleen was nie.

Hierna lei die respondent die derde ontmoeting in deur gemaklik, spontaan en berouvol sy aftakeling van ander kinderlewens deur die verspreiding van dwelms, gewelddadige

kapings, diefstal van eiendom van onskuldige slagoffers asook geweldsdade as jong kind tot matriek, te bely. Vanuit die Skrif word skuldbesef, vergifnis, vryspreek en heil in Christus hierna verduidelik. Hierdie sessie fokus vervolgens op die jare na skool, en word elke beplande operasie se detail herroep en bid hyself vir vergifnis daarvan. Nadat hy op eie versoek begelei is in gebed om sy lewe oor te gee aan God in Christus Jesus, straal sy oë van blydschap. Selfvergifnis word ook verduidelik: omdat Christus die mens vergewe het, moet die mens homself ook vergewe vir sondedade. Sy verwondering oor sy verligte gemoed word deur hom herhaal, en verder ook dat hy nou genees en soos 'n volledige, heel mens voel. Die navorser gee aan hom 'n Bybel omdat hy nie een besit nie en op 'n minimumloon oorleef sedert hy na ons eerste ontmoeting alle misdaadbedrywighede gestaak en aan die bende onttrek het onder leiding van die Gees. Hierna word in gebed dankbetuiging gedoen teenoor God omdat sy angs vir wraak deur sy gewese makkers verdwyn het. Hy erken teenoor die navorser dat hy tydens die voorafgaande paar naweke vir verdere misdaadoperasies genader is deur gewese makkers tydens besoeke aan sy familie. Hierdie makkers het hom dan as 'prediker' uitgejou omdat hy hul op die verkeerdheid van misdaad begin wys het. Hy bely dat hy sy finansiële swaarkry nou kan hanteer omdat hy besef God sorg wel en dat God ook sy werksituasie se ongelykhede sal verander. Hierna word sy vrae oor geestelike roetine hanteer, asook kerkbywoning en ontmoeting van dienende Christene as vriende.

Die vierde ontmoeting se inhoud behels gebed om vergifnis, bevryding en genesing, selfvergifnis en berouvolle skuldbelydenis rakende sy misbruik van vroue. Daar word vervolgens in gebed ook gefokus op sy eie verwonding asook bevryding van verdere aanvalle van die Bose op hierdie gebied. Daar word lewe in Christus en vrede oor sy lewe geproklameer, en alle leuens wat tot die leuengedrag aanleiding gegee het, word ook aan hom uitgewys en hierteen word ook gebid. Na selfvergifnis en aanvaarding van vergifnis, getuig hy van 'n groot innerlike rustigheid met betrekking tot alle vroeëre oorweldigende skuldgevoelens.

Die vyfde ontmoeting fokus op die huidige werklikheid, sy lewe nou as werksmens en gesinsman. Tydens die gebedsessie word vervolgens veral gefokus op al die gespot, verontregting en diskriminasie. By elke incident word stilgestaan, hy herroep dit en word vir spesifieke genesing gebid, totdat die 'angel' van die betrokke emosionele pyn as't ware verwyder is en hy met betrekking tot die aangewese saak innerlike vrede ervaar. Hierna kon hy daaroor reflekteer sonder intense verdere belangstelling of emosionele investering daarin. Die respondent bid vervolgens self om vergifnis van

gedagtes en fantasieë van wraak deur middel van moord op hierdie persone. Verder word gebid om seën en vordering met betrekking tot sy werkloopbaan in Jesus Christus se Naam. Daarna erken die respondent dat hy kan insien hoedat sy woede en wraakgedagtes teen seniors sy seer hart en woede oor die afwesigheid van 'n pa in sy lewe vergestalt het, en dat hy sedert die terapie begin het inderdaad onbedreigd voel onder soortgelyke druk. Sy onderhandelinge is nou meer gestructureerd en rasioneel, en sy hoop is op God gerig vir ingrype en herstel. Hyself bid ter afsluiting om God te dank vir Sy liefde en beskerming toe hy Hom nie eers geken het nie, en vir die nuwe lewe wat Hy hom in Jesus kom skenk het.

#### **5.7.1.4 Resultate**

Na die eerste ontmoeting met 'n in-diepte klinies-pastorale assessering (vgl. psigiatriese geskiedenis en geestesstatusevaluering by Kaplan & Kaplan, 2007:227-243; McArthur & Mack, 1994:173-284; Anderson *et al.*, 2000:172-188, 338, 253; McMinn & Campbell, 2007:151-174) afgehandel was, was dit reeds duidelik dat vertroue teenoor die navorsing ontwikkel het.

Dit was duidelik 'n verligting dat die respondent alles kon deel binne 'n nie-veroordelende, emosioneel nie-bedreigende en veilige omgewing. Genesing van trauma in die brein deur veranderde stimuli vanuit die omgewing op ritmiese basis kon geleidelik intree, gegewe hierdie aspek binne die terapeutiese, maar ook 'n navorsingsmilieu. Nadat alle gekompliseerde trauma deur gebed hanteer is, het die respondent asof gedring deur die Gees, spontaan en berouvol skuldbelydenis gedoen van sy sonde, en deur begeleiding die heil in Christus aanvaar. Daarna was dit asof die Heilige Gees elke tema van daaropvolgende ontmoetings bepaal het deur aanwysers vanaf die respondent (inlyn met onafgehandelde aspekte na aanleiding van die assessoringsinhoude). Die respondent het reeds na die eerste ontmoeting gehoorsaam aan en afhanklik van God begin funksioneer, selfs voordat daar 'n aktiewe losmaking van sonde en formele oorgawe aan God plaasgevind het. 'n Jaar later het die respondent se vertroue in God verder verdiep toe hy by sy werk 'n permanente aanstelling met alle byvoordele ontvang het.

Tans floreer hy binne sy verhouding met God Drie-Enig, en is hy ook ingeskakel by 'n gemeente. Hy ervaar sedertdien geen hernude simptome van trauma, depressie en angs nie. Hy beplan sy troue, en geniet verrykende verhoudinge met sy familie en gesin, en beskou homself as 'n emosioneel beskikbare pa vir sy seun.

## 5.7.2 Respondent 2

### 5.7.2.1 Pastoraal-klinies-biologiese assessering

- **Presenterende probleem**

Algemeen: Die respondent is 'n laat-twintigjarige selfverwysing met angs oor haar huwelik, en is vol selftwyfel en wantroue teenoor haar tweede man. 'n Maand gelede het hy 'n tweede *affair* in twee jaar erken. Hy weier beradingshulp.

- **Kliniese simptome en geestelike faktore**

Simptome van depressie: Slapeloosheid, onbeheerde huilbuie, swak konsentrasie, swak aptyt, geen libido.

Angstoestande: Intense maar onderdrukte vrees dat haar man haar sal verlaat, en oornag sal verdwyn.

Simptome van trauma: Herhaaldeleke terugflitse uit haar kinderjare en angsdrome van verlating deur haar man.

Obsessiewe steurnisse: Sy wonder gedurig waar haar man is.

Kompulsies: Die respondent skakel haar man elke uur as hy nie by haar op kantoor is nie.

Geestelike faktore: Kerklos. Volgens haar bied godsdiens nie oplossings of vervulling nie.

- **Agtergrondsfaktore**

As minderjarige:

Die respondent herroep haar onsekerheid as laatlam met 'n pa wat kafee toe sou ry, daarna vir drie weke sou verdwyn, en by sy tuiskoms vertel dat hy elders gewerk het (terwyl hy in 'n *affair* met iemand op 'n naburige dorp betrokke was). Later het hy 'n paar keer vir maande by 'n ander vrou ingetrek, en dan weer huis kom nesskop. Sy het vakansies by haar vyf susters en broers gaan kuier, want beide ouers het gewerk.

As volwassene:

Die respondent is tans reeds 'n dekade getroud met 'n geskeide man. Sy het as swanger 19-jarige getrou om die huis te verlaat en is na 'n jaar geskei omdat hul albei besef het hulle het te jonk en om die verkeerde redes getrou. Die vyftienjarige dogter vanuit hierdie eerste huwelik woon tans by haar en haar tweede man. 'n Negejarige dogter is uit haar tweede huwelik gebore. Die respondent erken ruiterlik dat sy om die verkeerde redes getrou het met haar tweede man, net soos wat die geval was met haar eerste huwelik. Sy het later besef dat sy agter hom as fokus en siel van die partytjie altyd haar onsekerheid as mens kon verberg. Hul is na 'n dekade steeds saam as egaal (in die teenwoordige tyd).

- **Geweld/kindermishandeling/seksuele geweld:**

In die verlede: Sy herroep vanaf driejarige ouderdom gereelde vinger-penetrasie deur 'n paterne grootvader. Tydens spel as jong kind het neefs haar rondgedra en hiertydens jare lank betas. As twaalfjarige is sy deur 'n vyftienjarige halfbroer gemolesteer vir drie jaar lank. Haar paterne oom en haar suster se man het haar ook tydens hierdie ouderdomsfase betas en seksueel gestimuleer.

Tans: Daar is wedersydse geweld in die huidige huwelik, en ook emosionele verwerping deur die respondent se man.

Huidige risiko: Die risiko is hoog weens verbale huweliksgeweld.

Geweld jeens self/andere/fantasie/plan: Daar is geen geweld teenoor die self of andere nie. Enige selfmoordfantasie word onderdruk wanneer sy slaap, sonder die behoefte om weer wakker te word.

- **Godsdienst en geloofsaspekte**

Sy glo 'n ver, onbetrokke Godheid bestaan wel, daar sy in die verlede na haarself moes omsien sonder 'n ervaring van Sy liefde of beskerming. Geen oorgawe is op enige stadium van haar lewe aan God gedoen nie.

- **Mediese geskiedenis**

Algemeen: Gesond

- **Terapiegeskiedenis**

Geen.

- **Substansgeskiedenis**

Drank: Sosiale drinker. Twee eenhede *ciders* elke tweede Saterdag.

Dwelms en ander: Geen.

- **Funksionering**

Pre-morbied:

Tuis: 2-3 dae per week berei die respondent aandete saam met haar man, en daarna ontspan hul alleen as egpaar.

Werkplek: Die respondent funksioneer gefokus, sonder kommer rakende haar man se bewegings.

Tans:

Tuis: Na werk berei sy aandete en wag twee tot drie keer per week tevergeefs dat hy vir ete opdaag. Hy daag soms eers teen vyf-uur soggens baie beskonke huis op, nadat hy syfoon afgeskakel het die vorige aand. Die kinders doen huiswerk sonder toesig, en sien na hulself om. Indien die respondent se man huis is saans, lei die egpaar se gesprekke telkens tot argumente rakende haar ontoereikende oordeel binne die besigheid, of sy onnadenkende en meesal bombastiese gedrag teenoor kliënte of werknemers. Wanneer hy na ete met betrekking tot seksualiteit sou aandring op pornografiese kykstof ter voorspel, onkonvensionele posisies, of sy observasie van haar intieme verkeer met hul troeteldier (hond) in die tuin, en sy botweg weier en haarself aan hom onttrek, verhoog dit die afstand tussen hulle verder. Weens haar koudheid tydens intimiteit, dreig hy telkens met 'n egskeiding omdat hy dan nie goed genoeg voel vir haar nie.

Werkplek: Sy beleef swak konsentrasie en gespannendheid asook druk tot perfeksionisme as persoonlike assistent van haar man. Haar angs, huilerigheid en emosionele onttrekking begin daagliks by die werk as gevolg van sy afbrekende boodskappe en onvoorspelbare gedrag teenoor haar, en ook weens haar vrees vir konfrontasie as sy inligting van hom sou benodig.

Huidige familiebetrekkinge en ondersteuningsnetwerk: Oppervlakkige verhoudinge met ouers en broers en susters weerhou haar om na hul uit te reik. Sy het geen vertrouelinge of intieme vriendin nie.

#### **5.7.2.2 Pastoraal-dinamiese formulering en evaluering**

Die respondent se vroeë trauma kenmerk huidige simptome van angs, onsekerheid, woedebuie, selftwyfel, terugflitse, skuldgevoelens en emosies van misbruik en waardeloosheid.

Die respondent se wêreldbekouing as geloofsvervleemde dat God bestaan maar nie omsien na die mens op aarde nie, vorm deel van hierdie doodloopstraat waarin sy tans ervaar dat geen benadering tot haar werklikheid enige sinvolle oplossings en harmonieuze bestaan teweeg kan bring nie. Hierdie paradigma is direk gekoppel aan haar godsdiestige sosialisering as kind deur ouerlike rolmodelle wat geen toewyding teenoor God uitgeleef of voorgehou het nie.

Die respondent se emosionele verwaelosing as ontwikkelende kind deur emosioneel afwesige ouers, het as sneller gedien vir die ontvanklikheid vir seksuele speletjies ten einde spesiaal te voel. Dit het verder as teelaarde gedien vir haar gelykstelling van seksuele aanraking enersyds met liefde en aanvaarding en andersyds van haar menswees. Aangesien die seksuele trauma nie-bedreigend deur bekende, vertrouenswaardige figure in die familie veroorsaak is, het sy dit nie as lewensbedreigende geweldsmisdade ervaar nie. Die skuldgevoelens as gevolg van die fisiese genot en emosionele beloning daaraan gekoppel, het tot onderdrukte intra-psigiese angs geleei wat op onbewustelikevlak in haar psige gestoor is.

Die seksuele temas binne haar huidige huwelik het dit as onderdrukte pyn laat manifesteer, wat sy intra-psigies deur middel van regressie (wat as preutsheid gemanifesteer het), frigiditeit en vermyding probeer hanteer het; vandaar die huwelikspanning en geweld weens opgeboude frustrasies deur beide partye. Die respondent se man se agtergrondsgeschiedenis mag sy eie temas na vore bring wat meer vrae sou kon beantwoord, en hul interpersoonlike dinamika verder belig. Die onsekerheid by die respondent weens haar man se onvoorspelbare gedrag en *affairs*, het gedurende die laaste twee jaar haar trauma as kind rakende haar vader se verdwynings en die gepaardgaande onsekerhede gesneller, en hierdie huidige krisis wat haar na terapie geleei het, gepresipiteer. Haar gebrek aan eiewaarde weens

emosioneel-gebrekkige ouerskap manifesteer as 'n lae selfbeeld, wantroue in familie en vreemdelinge, 'n behoefte aan aanvaarding, 'n gebrek aan selfgeldendheid en as skuldgevoelens en onwaardigheid teenoor God.

As uiters private introvert kon die respondent sonder enige sinvolle ondersteuningstelsel egter nie langer haar spanninge alleen hanteer nie. Dit het haar daaglikse funksionering sodanig begin raak dat sy dit nie langer agter 'n masker van toereikendheid kon verskans soos altyd tevore nie. Haar sielkundige verdedigingsmeganismes is dus verlaag tydens die krisis en is sy 'n goeie kandidaat om pastoraal begelei te word vanuit haar verwonde en geloofsvervremde toestand, tot volle heil in Christus.

#### **5.7.2.3 Beplanning en fokus/proses van pastoraat**

Begeleiding van die respondent vind klinies en pastoraal plaas met betrekking tot die volgende temas oor 12 sessies wat 6 maande oorspan:

Die emosionele ervaringe en trauma as kind in 'n onveilige, onstabiele en onvoorspelbare huweliksisteem, sonder emosionele steun deur een of beide ouers. Die terapeut ontlont die trauma van emosionele verwaarloosing en gebrek aan beskerming en ouerleiding rakende selfhandhawing en begrensing gegewe verskillende omgewingsfaktore.

Hanteer ook botsende emosies wat jare oorspan betreffende seksualiteit, skuldgevoelens en verwarring.

Hanteer ook met haar die traumatische ontnugtering toe die eerste huwelik faal. Eksplorieer die geloofsaspek in die hantering van daardie krisis, en haar selfbelewenis en ander-belewenis daarna, asook hoe sy die krisis deurgesien het (sonder uitreik na Goddelike hulp en steun).

Begelei haar ook deur die traumatische ontdekking van bedreiginge binne 'n skynbaar 'veilige' tweede huwelik. Begelei haar emosioneel omtrent die traumatische besef en bestaanskrisis dat as haar maat nie toereikend is nie, dit vir haar direk op haar tekorte reflekteer. Hanteer verder met haar die besef dat haar man nie onfeilbaar is nie. Hierdie aspek word hanteer aangesien dit haar direk met haar eie perfeksionistiese fassade en onderliggende onsekerheid en selfbeeld-problematiek konfronteer. Sy

word voorts gewys op die feit dat haar man se gefantaseerde onfeilbaarheid inderdaad vir haar as't ware soos 'n masker geword het waargter sy kan skuil in haar verhouding tot die wêreld daar buite.

Lei met Skrifgebruik die realiteit van God se liefde, teenwoordigheid, betrokkenheid en redding in Christus in hierdie pynlike leefwêreld in, die betekenis daarvan vir haar persoonlik asook haar persoonlike verantwoordelikheid om te antwoord op die heil in Christus bewerk vir alle verlore sondaars.

Begelei die respondent in gebed betreffende haar oorgawe aan Christus. Sy bely hiertydens haar sondes, aanvaar God se vergifnis en spreek vergifnis uit teenoor elke geweldpleger wat haar verwond het. Spreek in gebed die innerlike kind se seer aan, en bid om emosionele genesing en herstel.

Fokus op selfvergifnis. Die respondent sien tydens hierdie sessie in haar geestesoog hoedat sy, bevry van kettings om haar polse, in die Lig staan, met die glans van vergifnis en vryspraak op haar gelaat sigbaar.

Fokus ten laaste op hul huidige krisis in die huwelik, en begelei haar vanuit die Woord pastoraal aangaande haar rol as geestelike maat vir haar man, haar eie wandel met die Here, haar geestelike roetine, en haar getuienis na buite na bevryding en herskepping in Christus.

Begelei die respondent tot afhanklikheid van en gerigtheid op God alleen vir daaglikse vervulling (oor vyf ontmoetings heen), en haar uitleef van gereinigde en begenadigde menswees binne 'n gebroke huwelik, tot eer van God. Op hierdie stadium besef sy ook dat dat sy volhardend moet bid vir haar man se redding.

#### **5.7.2.4 Resultate**

Na gebedsgenesing het die respondent versigtig maar beslis vanuit haar nuwe geloofsraamwerk begin funksioneer, onafhanklik van menslike aanvaarding. Sy kon minder emosioneel onderdruk en meer selfgeldend (Meier & Wise, 2003:173-180) en begrens (Cloud, 1992:97-99) haarself begin handhaaf teenoor haar man, kinders, medewerkers en vriende, en mettertyd ook met familie. Sonde gepleeg in 'n woedevlaag kon deur die respondent teenoor haar man bely word. Dit het die weg geopen vir verdere oop en onbevange gesprekke wat maande later ook tot 'n groter

openheid met haar familie van oorsprong gelei het spesifieker met betrekking tot die molestering. Hierdie stap het genesing in hierdie verhoudinge meegebring. Nuwe verhoudinge gekenmerk deur spontane kontak, respek, ondersteuning en begrip is hierdeur gesmee. Misteries van ouds is onderling beantwoord aangaande onverklaarbare gesinsdinamika wat oor die jare heen verdere vervreemding meegebring het. Hul oppervlakkige verhoudinge kon hierna begin verdiep en kenmerk tans sinvolle samesyn en voortgesette groei.

Die respondent het die betekenis van die lewe in die algemeen asook haar eie lewe meer geestelik, objektief rasioneel, eerlik en akkuraat begin definieer met God as nabys en betrokke, en het duidelike insig ontwikkel met betrekking tot die konsep en betekenis van geluk wat beteken om geanker te wees in Christus. Haar selfvertroue en selfaanvaarding het merkwaardig gegroeい, met toenemende nederigheid en empatie met die lyding van ander namate sy meer na buite lewend kon begin funksioneer as geneesde mens, in dankbaarheid teenoor God vir Sy reddende genade. Haar verdraagsaamheid teenoor haar man en kinders het ook baie toegeneem.

Haar nuwe menswees asook haar daaglikse Woordstudie en stiltetyd het tot haar en haar man se gesamentlike stiltetyd soggens om vyf-uur gelei. Na sy bekering kon sy hom bystaan na sy bekentenis van sy eie molesteringspyn, verwerping en 'n stryd met pornografie.

Nadat sy by 'n kerk aangesluit het saam met haar gesin, het groter diensbaarheid as gesin gevolg. Twee jaar later gaan sy van krag tot krag in haar liefde en diens teenoor God, haar gesin en familie.

### **5.7.3 Respondent 3**

#### **5.7.3.1 Pastoraal-klinies-biologiese assessering**

##### **• Presenterende probleem**

Algemeen: Drie dae gelede het die respondent (dertien jaar oud) homself huis opgehang voordat hy sou skool toe gaan. Sy boetie het hom betyds gevind, en sy ma geroep. By die skool noem boelies hom 'n 'moffie', en sy stiefsuster het hom die betrokke oggend dieselfde genoem. Wanneer sy ouers (hulle het agt jaar saamgewoon, en is tans agt jaar getroud) gereeldstry oor die geldgebrek huis en sy pa

se vorige *affair* asook die buite-egtelike kind wat daaruit gebore is jare tevore, dreig die respondent se ma om sy pa sonder die respondent te verlaat, soos sy twee jaar tevore 'n jaar lank gedoen het, hoewel sy die twee seuns toe met haar saamgeneem het. Die respondent voel dat sy ma slegs omgee vir haar kleinkinders, 'n tweeling (3 jaar oud), wat by hul woon sedert hul ma by hul geboorte oorlede is. Sy ma se elfjarige susterskind wat sedert dié se ma se dood nege maande gelede ook by hul woon, kry ook by die respondent se ma baie liefdesaandag.

- **Kliniese simptome en geestelike faktore**

Simptome van depressie: Die respondent is ongeïnteresseerd, apaties, wantrouig en afgetrokke tydens die assessering.

Angstoestande: Daar is by hom angs weens die gespot by die skool en huis en ook angs dat sy ouers sal skei.

Fobies: Geen

Simptome van trauma: Hy leef sosiaal onttrek by die skool en huis.

Obsessiewe steurnisse: Selfbeskerming. Selfmoordbeplanning.

Kompulsies: Daar is 'n drang tot onvlugting deur selfmoord.

Geestelike faktore: Die respondent woon soms kerk by saam met sy ma, uit gewoonte.

- **Agtergrondsfaktore**

As minderjarige:

In die gesin is daar 'n gedurige twis omdat die respondent se pa se werkskaarste geldtekorte tot gevolg het. Sy pa is weens werk slegs naweke huis, en dan is hy meestal by sy broers en word alkohol misbruik. Die respondent se ma laat nie toe dat hulle as kinders by sy pa se moeder kuier nie, weens hul 'agterlike bestaan'. Die respondent het nooit ervaar dat enige van sy ouers in hom en sy skoolwerk belangstel, of hom gekoesterde aandag gee nie. Weens sy klein postuur en mediese waarskuwings teen kontaksport voor en sedert sy een nier verwyder is, het hy meer meisievriende as seuns vriende by die skool. Dit het tot die seuns se spotterig gelei dat

hy 'n 'moffie' is. Weens sy hospitalisasie sedert sy laerskoolloopbaan begin het, was hy maande lank afwesig van die skool, en het altyd vreemd gevoel daar.

- **Geweld/kindermishandeling/seksuele geweld**

In die verlede: Die afgelope agt jaar het sy ma volgehoud onredelike woede en verbale dreigemente teenoor die respondent openbaar. Dit het voortgespruit uit haar onverwerkte emosies rakende haar onbevredigende huwelik. Voorts is 'n emosioneel en fisiese afwesige vader ook deel van die respondent se realiteit.

Tans: Na sy selfmoordpoging is sy ma versigtig gekontroleerd teenoor hom. Sy pa behou 'n afstand.

Huidige risiko: Tans is die risiko hoog weens beide ouers se apatie jeens hom.

Geweld jeens self/andere/fantasie/plan: Daar is sterk daaglikse selfmoordfantasieë as enigeen die respondent verskree tuis of spot by die skool.

- **Godsdiens**

Daar is slegs sporadiese besoeke aan die NG-kerk met sy ma. Hy glo nie in God nie.

- **Terapiegeskiedenis**

Geen.

- **Substansgeskiedenis**

Geen.

- **Mediese geskiedenis**

Algemeen: Die respondent is tans gesond. Een van sy niere is verwyder vyf jaar gelede. Chroniese medikasie word vereis ten einde orgaanverwerping te verhoed.

- **Funksionering**

Pre-morbied: Stil tuis en by die skool. Hy verlang deurgaans na oopregte liefde en aanvaarding deur sy ouers, en ook na sy pa se betrokkenheid by sy leefwêreld.

Tans: Die respondent is bedags alleen tuis na skool, versorg homself, en is afgesonderd in sy kamer tussen etes, of hy speel met sy kapokhoenders (waarmee hy boer). Soms besoek hy ook 'n perd in 'n nabye stal wanneer hy hartseer voel, sodat hy

sy hart kan uitstort teenoor ‘iemand’ en sodoende tydelike verligting vir sy laste kan vind.

By die skool is hy stil in die klas, en sit hy pouses by dogters of hy is meestal alleen. Die respondent voel baie gespanne en beangs by die skool weens die boelies se bedreiginge en geweldpleging teenoor hom. Hy het in die laaste maand twee keer vir detensie na skool gebly weens ongedane huiswerk wat hy nie verstaan het nie. Almal is saans te besig om hom te help.

Ondersteuningsnetwerk en familiebetrekkinge: ‘n Perd op stal in hul erf (wat aan ‘n vriend van sy pa behoort) is sy enigste vriend.

#### **5.7.3.2 Pastoraal-dinamiese formulering en evaluering**

Daar is erge huweliksverbrokkeling en bitterheid by die ouers. Die ma rig haar woede weens ontnugterings met haar man teenoor die respondent. Laasgenoemde beleef dit as nog ‘n verwerping, aangesien hy reeds met vaderloosheid worstel as diep innerlike wond aangesien sy pa fisies en psigies afwesig is. Sy vader se optrede is duidelik weens gevoelens van minderwaardigheid teenoor sy hoogs toereikende, suksesvolle, verwytende vrou, wie reken sy kan na talle bevorderings nou na haarself omsien.

Die respondent dra die simptoom van die wanfunkционерende, oorbevolkte en toksiese gesinsisteem. Selfs nie die respondent se passiewe aggressie teenoor sy ouers met sy selfmoord-hulpkreet kon by hulle empatie teenoor hom na vore bring nie. Dit hou hom uiters kwesbaar as alleenkind (sonder enige gereelde verantwoordelike, liefdevolle ouerskap teenoor hom gedemonstreer) met betrekking tot verdere selfmoord pogings totdat hy moontlik slaag. Deur selfmoord te probeer pleeg, poog die respondent om sy ouers se verwerping van hom deur sy daad van selfverwerping finaal te seël. Hierdie emosies spruit uit sy geleefde realiteit sonder ouerlike koesterung asook gevoelens van waardeloosheid.

Geloof of godsdiens speel geen rol in hierdie gesin se lewe nie – indien wel, sou dit hoopgewing kon skep by die respondent te midde van sy trauma, angs, en ongeslaagde pogings tot selfbeskerming huis en by die skool.

### **5.7.3.3 Beplanning en fokus/proses van pastoraat**

- Temas waarby emosioneel aangesluit is tydens die terapieproses**

Huweliksverbrokkeling en bitterheid by sy ma word op die respondent geprojekteer as swartskaap in die gesin deur herhaalde verbale en nie-verbale verwerping van hom. Daar is indirekte verwerping deur sy pa (fisies en psigies afwesig) weens sy eie minderwaardigheid teenoor sy suksesvolle vrou wat hom herhaaldelik dreig met verlating. Kommunikeer en sluit emosioneel aan en omskryf die feit dat die respondent die simptoom van die wanfunksionerende, oorbevolkte, toksiese gesinsisteem dra en daarom hierdie emosionele las ervaar en uitskreeu met sy hulpkreet (selfmoordpoging) na buite. Hiertydens word sy gedrag vir hom genormaliseer en in perspektief geplaas. Sy intra-psigiese spanning word hierdeur geadresseer ten einde dit te probeer verlaag, en sy impuls-beheermeganismes te versterk. So word 'n interne lokus van kontrole by hom ontwikkel, sodat hy minder uitgelewer spontaan (en soos tans self-destructief) sal reageer op eksterne faktore. Hiermee word gepoog om sy eksterne lokus van kontrole vervang met gesonde, onafhanklike funksioneringsmeganismes

Hanteer ook sy emosies dat sy ouers se apatie ten spyte van sy selfmoord-hulpkreet, hom broos hou as alleenkind vir verdere selfmoordpogings, om hul verwerping van hom deur selfverwerping finaal te seël weens 'n gevoel van waardeloosheid.

Die hoop in Christus word dan ingelei vir hom. Hiertydens verduidelik die navorser ook aan hom (met sy ouers se toestemming, omdat hul as gesin nog nie direk met mekaar kommunikeer nie) dat daar met sy ouers gelyktydig gewerk word rakende die temas wat hom ontstel. Sy ouers se verlange na hoop op herstel in hul huwelik word ook aan hom oorgedra.

Tesame hiermee word sy ouers se besef dat hulle asook hul huwelik en gesin se enigste heil in oorgawe aan God in Christus te vind is, met hom gedeel. Nadat die respondent dit aanvaar het, word sy insidente en temas van trauma afsonderlik in gebed hanteer en word om genesing gebid en ook om die identifisering van die leuens dat hy nie van waarde is of volledig seun is nie. Daar word hierna dan ook gebid vir nuwe innerlike visie asook vrede in Jesus Christus se Naam.

Nadat daar tydens die tweede sessie vir sy aanvaarding van die heil in Christus gebid is en hy om vergifnis vir sy sonde gevra en homself vir sy eie wandade weens sondige

gedagtes vergewe het, word toepaslike Skrifgedeeltes bespreek om sy ware identiteit in Christus te ontdek. Hy vertel hierna van die vrede en liefde tuis na eerste sessie met hom en sy ouers apart, hul gesin se samesyn en uitreik na hom deur beide ouers, as mens en in sy skoolwerk.

Tydens die derde ontmoeting is sy vroe omrent geestelike groei en die wandel met God hanteer, en was hy duidelik rustig gekoester in die nuwe verhouding met Jesus Christus asook sy familie, en kon daar afgesluit word deur seën op sy hede en toekoms af te bid.

#### **5.7.3.4 Resultate**

Sestien maande later is die respondent steeds asimptomaties, vervuld en groeiend in die genade en kennis van God deur gebed, persoonlike Bybelstudie asook huisgodsdienst saam met die gesin.

Slegs die kerngesin deel deesdae die familiewoning se ruimte. Die ouers en hul twee seuns leef meer geroetineerd as gesin, in liefde en ondersteuning van mekaar, en die seuns word gekoester deur ouers in 'n nuut omskepte huwelik gevul met respek en toewyding aan God en mekaar (albei ouers het die heil in Christus onder leiding van die Heilige Gees dramaties aangegryp tydens die navorser se sessies met die egpaar-ontmoetings wat parallel met die respondent s'n geskied het). As gesin deel hulle alle aktiwiteite en bestee die respondent se pa sedertdien afsonderlik tyd aan hom en aan sy skoolwerk, take en vraagstukke.

Die respondent lei dikwels hul gedeelde stiltetyd as gesin en hy floreer op skool, sonder angs of skuheid.

Die respondent het die perd as sy beste vriend met Jesus vervang, en het deesdae meer seunsvriende op skool as ooit tevore.

## **5.7.4 Respondent 4**

### **5.7.4.1 Pastoraal-klinies-biologiese assessering**

- Presenterende probleem**

Algemeen: Die respondent meld aan met die herhaalde sny van homself die afgelope ses weke uit woede vir sy vrou se volgehoue reaksie van woede, verwerping en hartseer na sy *affair* van vier maande, 'n jaar gelede.

- Kliniese simptome en geestelike faktore**

Simptome van depressie: Daar is geagiteerdheid, geen libido, lae energievakke, en geen dryfkrag om 'n nuwe werk te vind nie.

Angstoestande: Daar is by hom intense angs dat hy sy gesin gaan verloor.

Fobies: Geen.

Simptome van trauma: Dit sluit selfskending, woede uitbarstings en die herhaalde herleef van reuke geassosieer met sy ontroouheid in.

Obsessiewe steurnisse: Daar is herhaalde gedagtes aan selfskending aanwesig.

Kompulsieve gedrag: Hy sny homself elke derde dag.

Geestelike faktore: Daar is by hom geen kerkbywoning of geloof in 'n God nie.

- Agtergrondsfaktore**

As kinderjare:

As eenjarige baba ontdek sy pa dat sy ma hom slaan. Hy vra dat die paterne grootmoeder die sorg oorneem. Hy word sonder sy broer en twee ouer susters groot, totdat hy mid-laerskool vir twee jaar by sy ouers woon (voordat hulle geskei is). Sy ma en susters maak geen verdere kontak hierna nie. Hulle as seuns het 'n naby verhouding met 'n pa wat as enigste ouer altyd daar was, totdat hul matrikuleer en moet gaan werk.

As volwassene:

Na twee verhoudinge (twee jaar elk) is hy weer alleen. Sy enigste broer pleeg selfmoord as jong volwassene. Die respondent se vader sterf vier jaar later aan 'n hartaanval. Na 'n sewejaar-lange saamwoonverhouding trou hy en sy huide vrou 'n maand voor hul seun se geboorte. Hierna leef hulle vyf maande apart weens sy werk, en in hierdie tyd begin hy met 'n kuberverhouding met 'n ander vrou. Daarna volg 'n ernstige fisiese verhouding wat as kuberseks begin het met 'n tweede vrou wat heksery bedryf.

- **Geweld/kindermishandeling/sekuele geweld**

In die verlede: Die fisiese en emosionele mishandeling as eenjarige deur sy ma kom op die lappe deurdat sy pa dit raaksien. Hierna word hy verwerp deur sy ma na sy verwydering deur sy pa en die gevvolglike plasing by sy ouma.

Geweld jeens self/andere/fantasie/plan: Daar is tans selfskending twee tot vier keer per week die afgelope ses weke. Dit begin twee jaar na sy broer se dood, en duur voort vir vier jaar. Dit hervat drie jaar later weer.

Risiko tans: Die risiko is tans hoog.

Hospitalisasie/observasie: Nee.

- **Terapeutiese geskiedenis**

Hy is vier maande vir depressie behandel weens sy selfskending, twee jaar nadat sy broer gesterf het. Hy staak die medikasie na een maand, maar gaan voort met selfskending.

- **Godsdiens**

Hy glo daar bestaan geen God nie.

- **Substansgeskiedenis**

Alkohol: Sosiaal, matig.

Dwelms: Vanaf gr 11 tot vier jaar later gebruik hy marijuana, wat sy emosionele pyn tydelik verdof.

Ander: Sigarette: Een pakkie elke twee dae.

- **Funksionering**

Pre-morbied: As senior was die respondent dikwels tot die oggendure by sy werkplek. Naweke was hy altyd moeg, en het hy geen gehaltetyd saam met sy gesin deurgebring nie. Hy het dit so verkieks ter wille van sy *affair* via die rekenaar by die werk.

Huidige: Die respondent is heeldag tuis weens sy werkloosheid. Hy probeer vertroue by sy vrou herbou te midde van haar ongekende woede teenoor hom. Hy is werkloos na sy afdanking weens lae produksievlakke as gevolg van die kuberseksaktiwiteite by die werkplek. Sy vrou se ma is sy enigste ondersteuning. Hy het geen kontak met sy susters en ma nie, en verkieks dit so.

#### **5.7.4.2 Pastoraal-psigo-dinamiese formulering en evaluering**

Hierdie respondent is 'n klassieke voorbeeld van die slagoffer van sekondêre gekompliseerde trauma as kind, wat dan die verwonder geword het as volwassene, en daardeur self verder verwond is. Terwyl sy kuberseks en *affair* sy vrou verwond het, het sy handelinge en keuses terselfdertyd sy eie verwonding en geloofsvervreemding gekommunikeer, en het hy weens hierdie pyntoediening homself begin sny uit woede jeens die daaglikse magtelose aanskoue van sy vrou se pyn en sy eie gevoel van hopeloosheid om homself te red en te genees van sy verslawende gedrag.

As seksverslaafde het hy gesublimeerd met seksuele anoreksia begin presenteer (Carnes, 2001:41,52) nadat die *affair* op die lappe gekom het, en deur middel van selfskending dit in stand probeer hou ten einde sy intra-psigiese angs via obsessiewe kompulsiwiteit te probeer reguleer. As verwonde geloofsvervreemde is hy in die duisternis verstrik en gaan gebuk onder depressie omdat hy geen hoop of uitkoms kan visualiseer, konkretiseer of bewerk vir homself, sy huwelik of gesin nie, "... left by Satan to die in costume..." (Eldredge, 2007:108).

#### **5.7.4.3 Beplanning en fokus/proses van pastoraat**

Ter aanvang fokus die navorser terapeuties op die respondent se vroegste trauma as baba. Met gebed en Skrif word by sy latere gewaarwordinge van hierdie pyn, verwerping en verwydering aangesluit en stilgestaan. Daar word spesifiek in die gebed gefokus op die leuengedadtes wat onwetend sy lewe gerig het (weens leuengedrag by sy ma dat hy nie goed genoeg was nie) en daar word gebid vir 'n nuwe lewensperspektief in Christus..

Sy herlewning van die pynlike verlies van sy ma nadat hy as baba na sy ouma geneem is, word in gebed voor die Kruis geplaas vir genade, vrede, genesing en bevryding van die juk daarvan. Ook word gebid om vergifnis vir haar dade, en kan hy haar vergewe en vryspreek. Hierna sien die respondent as't ware in sy geestesoog hoedat God self hom wegdra vanaf sy ma en as suigeling hom koester en versorg. Hierin ervaar die respondent genesing en vrede.

Skok oor sy ouers se egskeiding word hierna in gebed erken en daar word vir genesing van die wond van ontnugtering en verlies gebid. Daar word ook gebid vir emosionele genesing van die verwerping nadat nadat twee meisies hom verlaat het. Die leuen dat hy nie goed genoeg is nie wat hieruit voortgespruit het, word geïdentifiseer – in gebed word God gevra om dit met die waarheid te vervang. Vervolgens word gebid om 'n nuwe visie en passie wat die toekoms betref.

Met die volgende ontmoeting vertel hy van sy skok en vrae oor sy broer se dood. Na afloop van sy reflektering oor hul band, en nadat hy sy woede jeans sy broer kon erken en bely, word die vertraagde rouproses (DSM IV-R, 2003) geaktiveer en kan vir die verlies en sy wond gebid word, ter vertroosting en vrede asook ter genesing. Hierna kon hy meer gemaklik sy pa se dood en gemis bespreek, en daarna word ook om genesing gebid vir hierdie emosionele wond.

In die twee ontmoetings hierna word sy woede weens sy *affair* hanteer, en bely hy sy berou voor die Here in gebed. Nadat hy self skuldbelydenis doen, vergifnis vra en homself vergewe het, aanvaar hy die heil in Christus en jubel oor sy bevryding, en word God in gebed gedank vir Sy vryspraak. Daar word ook in die Naam van Jesus Christus baie spesifieker gebid teen enige demoniese aksies wat teen hulle as egpaar gerig mag wees deur die heks in die *affair*. Daar word vervolgens gebid vir 'n nuwe seisoen vir sy toekoms en huwelik.

#### **5.7.4.4 Resultate**

'n Aantal maande later het die respondent sy belydenis van geloof afgelê en is hy voor die gemeente, as getuenis hiervan, in die dood en opstanding van Jesus tot ewige lewe gedoop. Hy beskryf dit as die tweede klimaks in sy lewe, na die heilsaanvaarding in Christus en sy oorvloedige leef vanuit daardie nuut ontdekte geloofsraamwerk.

Hy het sy vrou bygestaan deur haar woede, bitterheid en vertwyfelinge aangaande hul huwelik en toekoms, en hulle is nou as geestelike maats vir mekaar tot groot seën 'n jaar later. Haar eertydse verlange na 'n huwelik met 'n gelukkige fliktema is oortref deur haar stoutste verwagtinge.

Hoewel sy tien jaar voor hom die heil in Christus aanvaar het, het die respondent die stil, sterk geestelike leier in hul huwelik geword.

Sy trauma-simptome, verslawende obsessies, kompulsies en uitsigloosheid oor sy lewe het verdwyn sedert die begeleiding sessies asook sy heilsaanvaarding in Christus. Hy leef nou as 'n nuwe, dankbare, bevryde en begenadigde mens voor Gods aangesig.

#### **5.8 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE NAVORSING**

Die respondentie was almal tydens aanmelding geloofsvervreemd en sekondêr verwond, maar onbewus van hul verlore toestand van primêre verwonding voor God. Die sagte gees, empatie en 'n liefdevolle, vertrouenswaardige gesindheid van die berader as verteenwoordiger van God Drie-Enig het die basis gevorm vir die eksplorasie van intra-psigiese pyn en latere pastorale begeleiding tot volle heil in Christus. Dit het geblyk dat die berader se rol as 'advokaat' (voorspraak) tydens gebedsterapie, tesame met die aktiewe betrokkenheid van die respondent tydens die gebedsbegeleiding ter skuldbelydenis, die vra van vergifnis asook die aanvaarding van die heil in Christus, geleid het tot standhoudende geestesgroei en ook tot verdere positiewe resultate op die lang termyn. Dit dui op die belang daarvan dat die verwonde persoon betrokke moet raak in die pastorale proses en 'n eie verantwoordelikheid vir sy lewe en keuses erken, bely en aanvaar.

*Oordrag en teenoordrag* het volgens die navorsingsresultate binne die pastoraat duidelik 'n plek. In hierdie opsig is dit van kernbelang dat die verwonde persoon onafhanklik van die pastorale berader 'n sterk, gesonde identiteit in Christus kan begin ontwikkel, en oor-identifisering of oor-idealising van die terapeut nie moet plaasvind nie. Indien die persoon volgens sy traumageskiedenis duidelik in afhanklikheid van ander gefunksioneer het of altyd wou, bestaan die gevaar dat die vakuum wat ontstaan nadat valse afgode in gebedsterapie geïdentifiseer en uitgekanselleer is, onbewustelik deur iemand anders (in hierdie geval is die pastorale terapeut die eerste figuur wat kan

presenteer as 'n nuwe ideaal) en nie God Drie-Enig self, gevul mag word. Dit verg duidelik gesonde geestelike praktyk by die berader self (sien par 3.17.1). Enige onafgehandelde bagasie by die terapeut kom op hierdie stadium van die begeleidingsproses dikwels na die oppervlak, en word dit 'n aanduiding vir verdere genesingshorisone met betrekking tot die terapeut self. In geval van alle respondenten betrokke by hierdie gevallenstudie moes die navorser/terapeut hierdie oordrag hanteer deur die self as sondaarverloste te normaliseer en hul heen te wys na God as hul enigste volmaakte rolmodel om na te volg. Realistiese selfreflektering tesame met Skrifgebruik vanuit 1 Tim 3:15, Kol 3:2, 9-10, Ef 3:14-21 was nuttig om valse distorsies kognitief gesproke en biddend te identifiseer en teë te staan, deur die werking van die Gees.

Genesing het volgens die navorsing telkens gevolg op skuldbelydenis en vergifnis van die oortreder. Hieruit het dan ook heilsaanvaarding telkens spontaan voortgevloeい deur die werking van die Heilige Gees.

Die navorsingsresultate toon 'n verband tussen vroeë trauma en die volwasse teologiese beskouing van lyding en God se karakter. Omdat simptome van verwonding 'n direkte verband met bestaansangs en geloofsvervreemding aangetoon het (en dus vorige teoretiese beskouinge bevestig het), is die klinies-pastorale terapeut in 'n sleutelposisie om die geldigheid van die persoon se gedagtes tot Skriftuurlike toetsing te begelei. Funksionele relativistiese denke kan duidelik volgens hierdie studieresultate binne 'n pastorale kognitiewe gedragsmodel geherstruktureer word. Hierin het die Heilige Gees 'n sleutelfunksie om verwronge denke wat sedert die sondeval die gees verdonker het, te vernuwe. Voorafgebed deur die terapeut is derhalwe van kardinale belang ter voorbereiding van die hart vir gehoorsaamheid aan die Gees se werking tydens die pastorale ontmoeting.

Die pastorale fases van die proses onthou slegs die mens se sieledors na heelheid deur 'n verlange na intimiteit met God self, nadat die sielkundige fases van die proses afgehandel is. Wanneer die geloofsvervreemde tydens hierdie fase van die proses sy nood aan redding deur God in Christus besef, geskied oorgawe asof spontaan. Hierdie mens besef dat sy soek na sy ware Tuiste verby is.

Dit het verder ook geblyk dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen boosheid en verwonding. Apatie teenoor slagoffers van trauma vertraag die genesingsproses by die verwonde wat ook verwond het (sien par 3.9.3.1, en respondent 4), terwyl empatie

die proses versnel (sien respondent 1). Die omskepping van die bose hart (sien par 3.5.1) in 'n berouvolle hart deur die Gees in gebed, is gevvolglik van kernbelang in heilsbemiddeling met die oog op genesing (sien par 3.9.2).

## **AFDELING C: PRAKTYKTEORIE**

# **PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSVERVREEMDE PERSOON TOT HEILSERVARING**

## **HOOFSTUK 6**

### **DIE FORMULERING VAN 'N PASTORALE MODEL**

#### **6.1 INLEIDING**

##### **6.1.1 Die doelstelling van die studie**

Die doel van hierdie studie rakende die rol van pastorale berading in die bring van heil en heilservaring aan die geloofsvervreemde, is soos volg beskryf (par 1.7):

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om aan te toon dat die geloofsvervreemde pastoraal begelei kan word tot heilservaring, en om 'n model met die oog daarop te ontwikkel.

##### **6.1.2 Die doelwitte van die studie**

Die doelwitte van die studie is soos volg geformuleer (par 1.8):

- Doelwit 1 in hoofstuk 2**

Om belangrike relevante pastoraal-teologiese vertrekpunte te ondersoek asook drie toepaslike Skrifgedeeltes eksegeties te hanteer, wat die heilsbemiddeling van die geloofsvervreemde pastoraal kan belig.

- Doelwit 2 in hoofstuk 3**

Om toepaslike pastorale perspektiewe aangaande die bring van heil en heilservaring aan die geloofsvervreemde te ondersoek.

- **Doelwit 3 in hoofstuk 4**

Om die perspektiewe van grenswetenskappe soos psigologie, psigiatrie, die mediese wetenskap, maatskaplike werk en sosiologie betreffende hierdie tema te ondersoek.

- **Doelwit 4 in hoofstuk 5**

Om deur 'n empiriese ondersoek vas te stel watter vernuwende insigte rakende hierdie tema na vore tree deur die gebruikmaking van 'n semi-gestruktureerde vraelys.

- **Doelwit 5 in hoofstuk 6**

Om 'n praktykgerigte pastorale model betreffende die bring van heil en heilservaring aan die geloofsvervremde te formuleer.

#### 6.1.3 Die onderskeie perspektiewe van die studie

**Ten eerste** vanuit 'n *basisteoretiese perspektief* (hoofstuk 2). Hierdie perspektief fokus op die daarstel van basiese vertrekpunte ter begeleiding van die geloofsvervremde persoon en dit omvat die volgende aspekte: toepaslike perspektiewe op pastorale berading, die paraklese metafoor in pastoraat, die Bybelse beskouing van die geloofsvervremde, antropologiese perspektiewe, asook belangrike theologiese perspektiewe betreffende trauma, reg en geregtigheid, vergifnis, heil en genesing.

**Ten tweede** vanuit 'n *eksegetiese perspektief*. Hierdie perspektief fokus op die formulering van basisteoretiese vertrekpunte aan die hand van 'n grammatis-historiese eksegese van Skrifgedeeltes wat spesifiek Dan 4:28-37, 2 Kon 5:1, 10-15 en Joh 4:7-18, 23-26 insluit (hoofstuk 2). Laasgenoemde Skrifgedeeltes is gekies daar elkeen narratiewelik handel oor die wyse waarop die noodlydende geloofsvervremde deur beproeing tot heil en heilservaring gekom het. Vanuit die Skrif word hierdie gedeeltes geëksegetiseer ten opsigte van aspekte wat die volgende omvat: die verwonde geloofsvervremde, sondebelydenis en vergifnis, Gods betrokkenheid in lyding, die pastorale heilsbemiddeling aan die verwonde geloofsvervremde, asook die genesing wat God in Christus bewerk.

**Ten derde** vanuit 'n *pastoriaal-teologiese perspektief* (hoofstuk 3). Belangrike pastorale perspektiewe aangaande heilsbemiddeling teenoor die geloofsvervremde wat hier aan die orde kom sluit in die rol van pastorale berading en die Skriftuurlike antropologie van die mens voor en na die sondeval en hoe dit verband hou met die

onderskeie betekenisinhoude van primêre teenoor sekondêre verwonding. Die wese van pastorale begeleiding word voorts geëksploréer, spesifiek met betrekking tot verlies, woede, geregtigheid, vergifnis, skuldbelydenis, heil, heling asook heiligmaking. Verder word onderskeie benaderings binne die pastoraat met verwysing na die geloofsvervremde aan die orde gestel. Toepaslike aspekte wat binne die proses hoort, kom ook aan die orde, soos die rol van gebed en Skrifgebruik, die rol van die Heilige Gees en die opstel van 'n gebedslys.

**Ten vierde** vanuit 'n *metateoretiese perspektief* (hoofstuk 4). Bydraes vanuit grenswetenskappe word by wyse van die metateoretiese perspektief nagespeur deur die volgende toepaslike elemente te ondersoek: die tivering van trauma, die invloed daarvan op breinfunksionering en menslike gedrag, die terapeutiese begeleidingsproses vanuit die trauma, psigologiese insigte betreffende genesing, vergifnis, selfvergifnis, asook die moontlike verband tussen Godsvervremding en die emosionele genesing van die verwonde.

**Ten vyfde** vanuit 'n *empiriese perspektief* (hoofstuk 5). Die empiriese perspektief fokus op die ontwikkeling van nuwe insigte aan die hand van gevallenstudie met geloofsvervremdes ter bring van heil en heilservaring aan sodanige persone.

#### 6.1.4 Die doelstellings van hoofstuk 6

##### 6.1.4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om vanuit die onderskeie perspektiewe vervat in 6.1.3 'n praktykgerigte model te formuleer met riglyne vir die bring van heil en heilservaring aan die geloofsvervremde deur pastorale begeleiding. Hierdie praktykteoretiese perspektief poog vervolgens om die basis- en metateoretiese perspektiewe in hierdie model te integreer ten einde 'n sinvolle en prakties uitvoerbare praktykteoretiese model aan die orde te stel.

##### 6.1.4.2 Die struktuur van hoofstuk 6

Hierdie hoofstuk sal soos volg gestruktureer word:

Ten eerste sal in die lig van die voorafgaande hoofstukke (en in besonder die basisteoretiese afdeling), Skrifgebaseerde vertrekpunte as basis vir die voorgestelde model geformuleer word.

Ten tweede sal 'n Bybelse antropologie van die mens geformuleer word vir pastorale berading ter heilsbemiddeling van die geloofsvervreemde.

Ten derde sal teen die agtergrond van nuut ontginde basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe vanuit die voorafgaande hoofstukke, 'n praktykgerigte pastorale model vir die bring van heil en heilservaring aan die die geloofsvervreemde geformuleer word.

## **6.2 SKRIFGEBASEERDE VERTREKPUNTE VIR PASTORALE BERADING MET DIE GELOOFSVERVREEMDE**

### **6.2.1 God Drie-enig staan sentraal in die pastorale berading aan die geloofsvervreemde persoon**

God se openbaring in Jesus Christus en deur die Heilige Gees is die sentrale vertrekpunt in die Praktiese Teologie (par 2.3.1.2). Die werklikheid en praksis van God is die kern en die enigste raamwerk waarbinne die pastorale ontmoeting verstaan moet word en ook interpreteer behoort te word aan die beradene. Nie alleen kan die mens homself nie help of red of genees nie maar die vertrekpunt van menslike begrip behoort te wees dat alles by God begin en dat alles deur Hom tot stand gekom het (par 2.3.1.3, Rom 11:36, Op 21:6). In hierdie ontmoetingsgebeure neem God alle inisiatief in die openbaring van Homself as die genadige en liefdevolle God (par 2.3.2). Verder word God se verbondstrou soos vervat in die heilsgebeure tydens die pastorale ontmoeting vergestalt (par 2.5).

Die drieledige karakter van die Drie-enige God omvat die Vaderlike ontferming, die Middelaarsversoening en die Pneumatologiese bystand. Sy ontferming omsluit medelye en genadebetoon soos vergestalt deur God se innige meegevoel met die mens in sonde soos geopenbaar in Christus. Die pastoraat as heilsbemiddeling vergestalt vervolgens God se Vaderlike ontferming, soos uitgedruk in Christus se lyding, as identifisering met die mens in krisis. Christus se plaasvervangende werk vir die mens in Sy kruisigung, sterwe en opstanding vorm dan ook die kern van die Middelaarsversoening. Die rol van die Parakleet, die Heilige Gees en die Trooster, kan ook met die juridiese funksie van 'n advokaat geïnterpreteer word as trooshulp tydens swaarkry en beproeing. In lewe en in sterwe het die gelowige die sekerheid dat daar hulp, troos en oorwinning is in die versoenende Middelaarswerk van Jesus Christus (par 2.6).

### **6.2.2 God en Sy Koninkryk is deur geloof die funksiebestemming van die mens**

Die eskatologie omvat God se funksiebestemming met die mens na aanleiding van Sy heilshandelinge met die mens deur die soendood in Christus. Hierdie sinhorisonne waartoe die geloofsvervreemde persoon pastoraal begelei moet word, bereik die klimaks in die ontdekking en toeëiening van die inhoud van die eskatologiese perspektief, soos vergestalt in die heilservaring (par 2.4.1). Die klem word in die pastoraat as hermeneutiese proses geplaas op die soeke na die betekenis van die mens se lewensverhaal in die lig van God se verhaal in die Evangelie van Christus. Die eskatologiese perspektief as 'n normatiewe faktor in die pastorale teologie, impliseer dat die pastoraat gerig is op die toekomstige Koninkryk van God. Daarvolgens is oorwinning oor krisisse, sonde en die dood moontlik (par 2.5.3).

Die dinamiek van die komste van die koninkryk van God bring 'n geloofsbeslissing in mense se lewens teweeg deur middel van die pastoraat. Vanuit Rom 8:18-39 kom dit aan die lig dat God enige beproeing bewerk ter verwesenliking van Sy plan vir die mens se lewe, sodat nikus die gelowige kan skei van Gods liefde in Christus nie (par 2.5.1).

### **6.2.3 Die Heilige Gees bemiddel die heil in Jesus Christus in die pastoraat**

Volgens 1 Kor 15:20 verskaf Christus se opstanding die sinsdimensie aan die mens se lewe. Die pastoraat se oogmerk is vervolgens om die mens tot geestelike volwassenheid in Christus te bring (par 2.3.3), deur die vertolking van die heil van God in Christus aan die mens (par 2.5.2).

Die Heilige Gees neem die rol as die Parakleet of Trooster in die dinamiese, dialogiese pastorale gesprek in. "Op grond van die heilswerk van Christus en langs die weg van die bemiddeling deur die Heilige Gees word die mens onherroeplik wederbaar om as nuwe skepsel in Christus verantwoordelikheid te aanvaar ter groei in geloefsvolwassenheid, ter voorbereiding vir die wederkoms van Christus en gerig op die toekomstige Ryk van God" (par 2.5.3).

Die pastorale paraklese in pastorale berading vertolk die troos in Christus. God se sorg open 'n sinhorison wat tot hoop aanleiding gee vir die persoon in nood. Hierdie hoopbenadering stel die persoon in nood daartoe in staat om tot geloefsvolwassenheid te ontwikkel. Die troos wat voortspruit vanuit God se nabyheid en empatie met die mens

se nood in Christus vorm die dinamika binne die pastoraat ten einde die verbondsmatige ontmoeting tussen God en die mens te verstaan (par 2.5).

Die Pneumatologie sluit die Persoon en die werking van die Heilige Gees in en beklemtoon geloofsgroei deur die werking van die Heilige Gees wat tot die persoon in nood spreek en nuwe insigte bewerk. Die bystand deur die Heilige Gees vorm die kern van pastorale bemiddeling. Hierdie omgee vergestalt die konkrete werklikheid van God se liefdesgenade, heil en genesing. Die Heilige Gees is dus onontbeerlik vir die theologiese ontsluitingsproses. Dit is slegs vanuit die pneumatologie dat die geloofsvervreemde persoon sy herstelde menswees deur die versoening met God op grond van die voltooide werk van Christus aan die Kruis terugvind, en voor God se aangesig kan lewe (par 2.6).

#### **6.2.4      Die Skrif het 'n sentrale posisie in die heilsbemiddelingsproses binne die pastoraat**

Die klem in teologie is in wese op die teleologie, bedoelende die “prosesmatige wat fokus op 'n spesifieke doel”, en in pastorale teologie spesifiek “... om elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus te bring” (Kol 1:28; par 2.3.3).

Die goddelike inspirasie en gesag van die Bybel (2 Tim 3:16), veral nadat die mens se totale wese geskaad is sedert die sondeval (Gen 3), plaas die Skrif as Woord van God in 'n sleutelposisie binne die heilsbemiddelingsproses betreffende die geloofsvervreemde tydens die pastorale ontmoeting. Volgens 2 Tim 3:16 is die waarde van die Skrif as geopenbaarde Woord van God gerig op die mens dus daarin geleë dat dit in die waarheid wil onderrig, dwaling bestry, verkeerdhede regstel, en 'n regte lewenswyse wil kweek (par 2.4).

Verder besit die Skrif (Rom 1:16) volgens Paulus groot waarde as instrument in die pastorale begeleidingsproses: “Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo ...” *Evangelie* verwys na die goeie nuus, met spesifieke verwysing na Jesus Christus. Die skakel tussen die evangelie as 'n *krag* van God tot *redding* van elkeen wat *glo* is daarin geleë dat hierdie krag se intrinsieke kenmerk en wese die geregtigheid van God is. “... redding van elkeen wat glo ...” omvat vergifnis van sonde asook restourasie of heelwording van alles wat deur sonde geskend is. Die Evangelie bied ten diepste 'n kwaliteit wat nêrens anders te vindé is nie. Die geloof is dus “... die weg wat God vir Homself deur Sy Woord baan in die hart van die mens in...” (par 2.4.3). Vanuit die Skrif hou die pastoraat as heilsbemiddeling

van die Evangelieboodskap as 'n gespreksmatige gebeurlikheid dus 'n bepaalde pastorale belofte van hoop in vir die geloofsvervreemde persoon in nood en vervul sodanig 'n sleutelposisie.

### 6.2.5 Samevatting

Pastorale berading ter heilsbemiddeling van die geloofsvervreemde onderlê spesifieke bakens wat die proses kenmerk. Hierdie bakens vorm die grondslag waarop die geloofsvervreemde persoon tot heil en heilervaring in Christus begelei kan word ter lewenssin en genesing van pyn.

Ten eerste staan **God Drie-enig** sentraal in die pastorale ontmoetingsgebeure met die geloofsvervreemde persoon. Die realiteit van God en die inklusiwiteit van al die dimensies van Sy Goddelike Karakter vorm die kern van die pastorale gesprek. God reik in genade uit na die geloofsvervreemde sondaar in nood en wil vergifnis van sonde, genesing van wonde, verlossing en lewenssin aanbied deur die heil en heilervaring in Jesus Christus, ter versoening en 'n herstelde verhouding met God.

Ten tweede is **God en Sy Koninkryk** deur geloof die funksiebestemming van die mens. Deur die aanvaarding van die heil in Christus en deur die aanneming in die geloof, ontdek die voorheen geloofsvervreemde dat die komende Koninkryk van God sy erfenis is om toegeëien te word vir tyd en ewigheid. Hierin ontdek die gelowige dat sy lewenssin gesetel is in en vervleg is met God se verhaal in die Evangelie van Jesus Christus. Die gelowige het hieruit die belofte dat hy kan triomfeer oor pyn, sonde en die dood en inderdaad die lewenspad op aarde kan voltooi in die krag en beskermende nabyheid van 'n liefdevolle en genadige God.

Ten derde bemiddel **die Heilige Gees** die heil in Jesus Christus in die pastorale gesprek. Die bystand deur die Heilige Gees vorm die kern van pastorale bemiddeling. Hierdie omgee vergestalt die konkrete werklikheid van God se liefdesgenade, heil en genesing. As Trooster bring die Heilige Gees hoop aan die mens in nood. Die troos wat God se nabyheid en meelewings met die mens se pyn en beproewings in Christus vergestalt, bring lewenssin en hoop vir die gelowige in nood. Dit versterk die noodlydende om te volhard in die geloof omdat die reis sin en betekenis inhoud en 'n eindpunt sal hê – daar wag ook 'n ryke erfenis aan die einde van die lewensweg, die ewige lewe in die finale Ryk van God, by God.

Ten vierde vervul **die Skrif** 'n sentrale posisie in die heilsbemiddelingsproses deur middel van die pastoraat aan die geloofsvervreemde persoon. Die krag van die Skrif kenmerk die wese van die geregtigheid van God. Vanuit die Skrif kan die beradene begelei word tot die aanneming van die heil in Christus, genesing van ongeregtigheid en 'n nuwe lewenswandel met God Drie-Enig.

Geloof in God, hoop op die ewige lewe, vertroosting deur die Heilige Gees, besinning uit die Woord van God en gebed tot God deur Jesus Christus as Middelaar ter versoening vir sonde, bind uiteindelik die pastorale beradingsproses byeen in die bemiddeling van heil en heilervaring aan die geloofsvervreemde persoon.

### **6.3 'N BYBELSE ANTROPOLOGIE VIR DIE PASTORAAT**

#### **6.3.1 Inleiding**

Binne die Praktiese Teologie het die daarstel van 'n teologiese antropologie betrekking op geloof in God en op die mens se soeke na lewenssin op aarde. 'n Bybels-antropologiese perspektief fokus op die bestudering van 'n Skriftuurlike mensbeskouing. Die konstruksie van 'n Skrifgefundeerde mensbeeld vanuit die Sistematiese en Praktiese Teologie is gevvolglik noodsaaklik as vertrekpunt vir die heilsbemiddeling teenoor die geloofsvervreemde (par 2.8.1).

#### **6.3.2 Kernaspekte van 'n Skriftuurlike mensbeskouing ter bemiddeling van die heil en heilervaring teenoor die geloofsvervreemde persoon in pastorale berading**

Slegs binne 'n Bybels-antropologiese gegewe bereik die pastoraat sy doelwit. Kennis van God plaas die sondige toestand en selfgerigtheid van die mens in die regte perspektief (par 2.8.1).

Die volgende drie aspekte vanuit die teologie en die Skrif vorm 'n integrale deel van die pastorale besinning oor die verband tussen God en die mens:

- Die **essensie van die mens** as mens van God: Die mens se geskapanheid na die beeld en gelykenis van God (Gen 1:27) en as 'n lewende siel (Gen 2:7), duï daarop dat die mens in die gelykenis van God heers oor Sy skepping. Voor die sondeval (Gen 3) toon hierdie geskapanheid van die mens op 'n volmaakte wyse 'trekke' van God. Die mens leef in 'n volmaakte

verhouding met God en medemens, en dien beide God en medemens op 'n volmaakte wyse. Na die sondeval word hierdie geskopenheid verduister deur sondigheid (par 2.8.2)

- **Kwaliteite** wat die mens se **menswaardigheid** definieer: Die mens se geskopenheid impliseer 'n **liggaamlike dimensie**: 'n liggaam wat aan die Here behoort (1 Kor 6:13), waarin die Heilige Gees woon (1 Kor 6:19), en wat weens die sondeval eenmaal sal sterf en opgewek word by die Wederkoms van Christus en die finale oordeel (1 Kor 15:42-49). Ook impliseer die mens se geskopenheid voor die sondeval 'n harmonieuze **aardverbondenheid** wat na die sondeval (Gen 3) gepaardgaan met kontraste van harde arbeid en swaarkry, genot en pyn asook sterflikheid. Struktureel reflekteer die mens voor die sondeval God se sin vir **geregtigheid, genadebetoon** aan andere, en 'n **behoefte aan verhoudinge** met die medemens. Na die sondeval is hierdie kwaliteite deur die sonde besoedeld en verdraaid (par 2.8.3). Relasioneel verbeeld die mens voor die sondeval God se verhouding met die drie Persone van die Godheid in sy geskape harmonieuze verbondenheid as man en vrou. Hierdie relasionele aspek bevat in essensie die verhouding met mekaar asook die mens se volmaakte verhouding van geestesgemeenskap in die aanbidding van God. Laasgenoemde reflekteer die **geestelike dimensie** van die mens, wat ook die mens se gewete asook sy vermoë tot onderskeid tussen reg en verkeerd kenmerk (par 2.8.4). Die **psigiese aspek** van die mens wat verweef is met die liggaamlike dimensie, kenmerk gedragshandelinge wat wilsbesluite, keuses en innerlike belewenisse omvat. Die mens se psigiese dimensie kenmerk voor die sondeval suiwere Goddelike kennis, harmonieuze emosies en die begeerte om God te eer deur willekeurige reaksies. Na die sondeval word die mens se psigiese waarde-oordele verdonker en sy lewenssin bedreig weens verdraaide gedagtes en behoeftes gerig op mag en plesier, dikwels uitgedruk deur geweld en immoraliteit (par 2.8.5).
- Die doel, koers en **betekenis van** die mens se **bestaan**: Die mens word geskape deur **God** om Hom te **dien** en te eer. Die mens word tydens die skepping in 'n verbondsverhouding en harmonieuze eenheid met God geplaas, afhanklik van God, met 'n doelmatige bestaan as beeld van God voor Sy aangesig (Rom 1:23). Die mens se bestaansbestemming moet

interpretter word vanuit sy **verhouding met God**. Die mens se liggaam en siel word **deur Christus verlos** om soos Sy verheerlikeerde liggaam te word (Fil 3:19). Na die sondeval sterf hierdie liggaam en word uiteindelik as 'geestelike liggaam' opgewek (1 Kor 15:42-49).

### 6.3.3 Samevatting

Vanuit die Bybels-antropologiese gegewe word dit duidelik dat die heilsbemiddeling aan die geloofsvervreemde tydens die pastorale beradingsontmoeting die volgende aspekte van menswees teenoor Godheid omvat:

- Die mens se oorspronklike Godgeskappenheid voor die sondeval. Hierdie toestand omvat geloof in God, vrees vir God, gehoorsaamheid aan God, dank teenoor God, vryheid voor God en verantwoordelikheid teenoor God (par 2.8.4).
- Die mens se wanbeeld van God na die sondeval. Die mens vrees swaarkry, lyding en God se straf weens sonde en ongehoorsaamheid teenoor God, en geweld teenoor die medemens. Die mens hunker na 'n god, en dien afgode in 'n geloofsvervreemde staat weg van die aangesig van God uit vrye keuse (par 2.8.5).
- Die mens se herstelde beeld van God deur die heil in Christus. In Christus verlos God uit liefdevolle genade die mens vanuit sy sondetoestand en gee aan hom vrede op aarde te midde van lyding en nood (par 2.8.4). Die Heilige Gees woon in die gees van die mens en bewerk die hoop in die gelowige ter volharding in die geloof (par 2.8.6 en par 2.8.3). Geloof in en vrees vir God is na heilervaring herstel, tesame met dank teenoor God, vryheid voor God en verantwoordelikheid teenoor God (par 2.8.4).
- Die mens se verheerlikeerde beeld van God na die wederkoms van Christus. Hierdie mens verstaan dat die skepping van die mens die hoogtepunt van die skepping was, maar dat God die middelpunt van die skepping is, die Alfa en die Omega (Heb 2:10, Op 4:11, par 2.8.2).

## **6.4 TERME EN BETEKENISINHOODE TOEPASLIK VIR 'N PRAKTYKGERIGTE MODEL IN DIE KOMMUNIKASIE VAN HEIL EN HEILSERVARING AAN DIE GELOOFSVERVREEMDE**

### **6.4.1 Inleiding**

Vanuit die aanvanklike literatuurstudie betreffende die aard en wese van die mens se geloofsvervreemding van God het dit duidelik geword dat die geloofsvervreemde dikwels êrens tydens sy lewensweg deur trauma geraak is. Navorsing het selfs bevind dat die impak van trauma of verwonding mag intensifieer indien daar 'n verlies van die godsdiensige verwysingsraamwerk plaasvind. Die beskouing het verder selfs posgevat dat Post-Traumatische Stressindroom (PTSV) as 'n geestelike wond benader sou kon word. Heel dikwels was dit onder andere deel van die aanleidende oorsake waarom die geloofsvervreemde van die geloof, die kerk en godsdiens vervreemd geraak het, of die rede waarom dit vir die persoon moeilik was om op enige wyse tot God te nader (par 1.2.2).

Dit het algaande gedurende hierdie studie duidelik geword dat verwonding by die mens as 'n wesenlik ononderhandelbare element of onderdeel tuishoort in die pastorale gespreksonmoeting met die geloofsvervreemde. Hierdie slotsom is bereik veral in die lig van die feit dat die mens reeds by die sondeval volgens Gen 3 primêr verwond is en primêr met bestaansangs worstel aangesien 'n lewe weg van God se aangesig en Sy teenwoordigheid op sigself traumatis is (par 3.4). Dit is traumatis huis aangesien dit teen die geskape orde in is soos wat dit aanvanklik deur God daargestel is (par 3.6.1.1). Verder is die afleiding uit vorige studies gemaak dat die mens se reaksie op swaarkry direk verband hou met sy teologie, geloofsformule en aanbidding van God (par 3.6.2). Daar is ook bevind dat hierdie swaarkry ten doel mag hê dat die mens sy heil in God alleen terugvind deur bekering (par 3.7).

Twee menslike wilsbesluite het sedert die sondeval meegewerp tot lyding. Eerstens is dit so dat die sondige mens se beskouing van God sedertdien funksioneer vanuit 'n wanbeeld van Sy nabyheid en liefdesorg. Tweedens is die sondige mens se aangesig van God weggedraai en gerig op 'n afgod, waaraan valse sekuriteit, geluk en voorspoed geheg word op aarde (par 2.9). Hierdie wilsbesluite en keuses word uiteindelik 'n lewenspatroon wat gekenmerk word deur obsessiewe gedagtes en kompulsiewe gedragshandelinge. Op hierdie wyse manifesteer die fantasie in distorsies van sondige gedagtes (kommer oor en onsuksesvolle pogings tot

veronderstelde bestaansbeveiliging en selfsorg) met die oog op hoogstens kort-termyn, tydelike angsverligting. As sogenaamde angssteurnis, net soos in die geval van PTSV, teken hierdie gedrag wat psigiatrie as obsessieve-kompulsieve steurnis diagnoseer, die sondige mens as tragiese "glorious ruines" van die eens Godgeskape refleksie van die Skepper (par 3.3.1.2).

Konfrontasie en blootstelling aan trauma skep uiteraard dus in talle gevalle 'n unieke geleentheid vir die geloofsvervreemde om deur die bemiddeling van heil tot volle genesing te kom. In hierdie verband is dit ook so dat die pastorale ontmoeting enersyds God se onvoorwaardelike genade vergestalt, en andersyds die mens oproep tot verantwoordelikheid en gehoorsaamheid (par 2.5). In 6.3 hierbo word die belang bevestig van die insluiting van verwonding of trauma as belangrike komponent binne die ontwerp van 'n pastorale model ter heilsbemiddeling van die geloofsvervreemde. Trauma as relevante term word vir die doeleindes van hierdie studie in 6.4.2 gedefinieer.

#### **6.4.2 Toepaslike terme betreffende die bemiddeling van heil aan die geloofsvervreemde**

##### **6.4.2.1 Pastorale berading**

Die persoon in nood het fokus, perspektief, stabilisasie en hoop nodig. Pastorale berading bied hierdie elemente van uitreik na die persoon in nood op 'n unieke wyse. Die essensie van die pastorale ontmoeting is tweeledig: eerstens, die kommunikering van die Woord van God aan die mens, en tweedens die begeleiding van hierdie persoon tot die vestiging van 'n verhouding met God. In wese is die pastoraat as heilsbemiddeling dus God se uitreik na die mens ten einde die toekoms vir hierdie persoon te ontsluit (par 1.3 en par 2.5).

##### **6.4.2.2 Geloofsvervreemde**

Pastoraat het die besondere geleentheid om perspektief op die realiteit en implikasies van geloofsvervreemding aan die noodlydende te skenk ter singewing van sy beproeing, met die keuse tot sinneming deur die heilsaanvaarding in Christus. Vanuit Rom 3:23 is die mensdom in Adam afgodsdienars - al Adam se nakomelinge is sy beelddraers omdat almal in 'n toestand van vervreemding van geloof in God gebore is, met die ingeboude geneigdheid om die skepping eerder as die Skepper te dien. Volgens Paulus kan hierdie staat van vervreemding slegs tot die dood lei, in die mees

omvattende sin van die woord (Rom 6:23). Binne die konteks van hierdie studie word die begrip ‘geloofsvervreemde’ toegepas op diegene wat kerklos, kerkvervreemd of totaal ongelowig is (par 1.1.2).

#### 6.4.2.3 Trauma (verwonding)

Daar bestaan verskillende tipes trauma binne die holistiese benadering tot die mens.

- Die mens se oorspronklike of **primêre trauma** word gekenmerk deur ‘n verwydering van God sedert konsepsie asook ‘n gebrek aan heelheid in Christus. Dit is die mens se natuurlike liggaamlike, geestelike en psigiese toestand sedert die sondeval in Gen 3. Dit manifesteer in gedagtes, besluitnemings, dade en verhoudinge op alle lewensterreine en kenmerk wantroue in God asook ‘n rustelose soeke na die diepste bevrediging van ‘n onnoembare sielsbehoefte wat alleen deur God gevul kan word. Die manifestasie en vrug daarvan op die oppervlak kom na vore deur die natuurlike skep van afgode om tydelike behoeftebevrediging te skenk in ‘n soeke na sekuriteit, vrede en geluk (par 3.6.1.1).
- **Sekondêre trauma** word gekenmerk deur die toediening van pyn, lyding en geestelike, emosionele en/of liggaamlike verliese weens ‘n eenmalige of langdurige oortreding van die mens se grense deur fisiese, emosionele of seksuele misbruik deur ‘n medemens, of byvoorbeeld weens ‘n katastrofale natuurrampe. Wanneer die grense wat God deur middel van Sy wet neerlê vir menslike verhoudinge ter beskerming en seën van Sy skepsel oortree word, is die gevolg altyd holisties gesproke sekondêre verwonding (par 3.6.1.2). ‘n Spektrum van toestande wat wissel van Akute Stressindroom en Post-Traumatische Stresversteuring (PTSV) tot kroniese of gekompliseerde trauma kenmerk sekondêre verwonding (par 4.3).

Afgesien van natuurrampe word beide primêre en sekondêre trauma gekenmerk deur afgodediens weens sondige keuses (par 3.6.2).

#### 6.4.2.4 Reg en geregtigheid teenoor die verwonde

Vergeldende geregtigheid wat op aarde die slagoffer in ag neem by die straf van wetsoortreders, word in herstellende geregtigheid getransformeer deurdat die slagoffer

se tydelike behoeftes weens die misdaad aandag geniet, en die teelaarde skep vir berou en genesing by die verwonde (par 4.9.3).

God se geregtigheid is gefokus op die mens se welstand. God veroordeel onreg maar betoon genade teenoor die oortreder wat berouvol om vergifnis vra (par 3.9.3.1). Euforie by die verwonde is kortstondig en weeg nie op teen die vertroosting en vrede wat oorgawe aan en innige gemeenskap met God bied nie. Op aarde is 'n soeke na ware reg futiel. Volkome geregtigheid staan in die teken van die eskatologiese perspektief deurdat hoopvol gewag word op die Nuwe Jerusalem waar ware geregtigheid finaal sal heers. Slegs God kan dit teweeg bring (par 3.9.4.2). Dit vertroos die verwonde aan wie die heil in Christus bemiddel is.

#### **6.4.2.5 Heil**

Heil, verlossing en geestelike genesing word in die Nuwe Testament as sinoniem beskou met God se voltooide, afgehandelde redding van die mens vanuit sy sondige toestand deur die soendood van Jesus Christus. Hand 13:26 verwys na heil as 'n proses. Heil bevat ook 'n prominente aspek van eskatologiese geregtigheid daar Op 12:10 heil en die Koninkryk van God feitlik gelykstel (par 2.13.2). Genesing en die heilsdade bereik by die wederkoms van Christus 'n klimaks wanneer die genesing volkome sal wees en verwonding finaal sal eindig (par 2.13.2).

God se heil omvat in die Ou Testament Sy magtige reddingsdade met die eksodus van Sy volk uit Egipte en later uit ballingskap, asook die noodlydende (par 2.13.1, Job 5:15). Die aanneming van hierdie heil bring geestelike genesing vir die mens se oorspronklike, primêre verwonding en herstel die geboë posisie van die mens voor God (par 2.14.2).

### **6.5 'N PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR DIE BRING VAN HEIL EN HEILSERVARING AAN DIE GELOOFSVERVREEMDE**

#### **6.5.1 Inleiding**

In pastoraat rus die klem op die soeke na die betekenis van die mens se verhaal in die lig van God se verhaal in die Evangelie van God. Die dinamiek van die komst van die Koninkryk van God bring 'n geloofsbeslissing in menselewens deur middel van die pastoraat (par 6.2.2).

Die onderhawige praktykgerigte model bied onder ander riglyne vir die pastorale begeleiding van alle onverwerkte trauma en emosionele pyn by die geloofsvervreemde – aspekte wat geestelike vordering en emosionele genesing in die breë geblokkeer het. Die onderskeie stappe in die voorgestelde model word inleidend telkens begrond deur enersys gebed (par 3.16.4) en andersyds Skriftuurlike fundering (par 3.16.3). Tydens die verdere verloop van die beradingsproses speel gebed ook 'n belangrike rol, soos wat in die verdere bespreking uitgespel sal word.

Ten einde dit alles te kan bereik, sal die voorgestelde model enersyds berus op die resultate van die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie; andersyds sal hierdie resultate vergelyk word met momente vanuit die volgende drie pastorale modelle:

- Die model wat reeds die afgelope dertig jaar gevolg word in die Meier klinieke in die VSA en soos veral beskryf deur Hemfelt *et al.*, in hul boek, *Love is a choice* (1989).
- Die beradingsmodel wat gevolg word in die sewentig House of Hope instellings vir emosioneel verwonde kinders in die VSA. Sara Trollinger is die stigter van hierdie organisasie en die model word beskryf in haar boek, *Advanced triage counseling* (2007).
- Die model wat gevolg word deur die New Life Clinics by talle klinieke in die VSA. Die stigter van hierdie groep is Stephen Arterburn en in sy boek, *Healing is a choice* (2005), gee hy 'n uiteensetting van die benadering wat gevolg word.

Daar sal egter slegs momente vanuit bovenmelde drie modelle geneem word wat aansluit by die beginsels en riglyne soos reeds begrond en beredeneer in die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie.

### **6.5.2 Fase 1: Geestelike assessering**

Oorhoofse doelwit: Singewing in die krisis en die bring van hoop

Sekondêre doelwit: Identifiseer bydraende faktore tot geloofsvervreemding

Terapeutiese fokus: Heilsaanvaarding en vergifnis

#### 6.5.2.1 Motivering vir die geestelike assessering as invalshoek

Matsakis en Herman beskou vanuit 'n sielkundige oogpunt die terapeutiese resultate na afloop van kliniese assessering, evaluering en terapeutiese begeleiding tot genesing as die **laaste fase** in die genesingsproses van die getraumatiseerde, en wel as die bemagtigingsfase (par 4.6.2.4), waartydens 'n oorlewingsmentaliteit en identiteit ontwikkel word. Hierdie benaderings strook met die algemene sielkundige vertrekpunt waar die mens basies die kern is binne die terapeutiese ontmoetingsproses. Die klem word op genesing van die self en verdere self-aktualisering geplaas. Die gevaaar is egter dat benaderings soos hierdie nie noodwendig die mens se primêre trauma hanteer nie (wat heel dikwels gekoppel is aan die geestelike dimensie) en dit kan die persoon broos laat met die veronderstelling dat hy steeds weerloos is in 'n stukkende wêrld, blootgestel aan verdere trauma sonder beskutting in 'n dieper sin.

Daar die pastoraat as onderafdeling van Praktiese Teologie met God Drie-Enig en die Skrifopenbaring as vertrekpunt werk (par 6.2.4), is hierdie bemagtigings- en toerustingsfase eerder die **vertrekpunt** van hierdie model. Vanuit hierdie nuwe perspektief ontdek die beradene dat hy nie 'n slagoffer is nie. Dit geskied namate hy 'n herstelde identiteit in God deur Christus ontdek tydens die begeleidingsproses, alhoewel daar moontlik nog skok en rou emosie teenwoordig mag wees. Die troos in Christus te midde van trauma word orimiddelik deur die Heilige Gees en die sagkense uitdrukking van God se sorg deur die berader aan die verwonde gefasiliteer. Deurdat Jesus Christus hierdie gesindheid teenoor die Samaritaanse vrou in haar nood openbaar het, wou sy dadelik meer weet omtrent hierdie heil en dorslessende water (par 2.15.3.3). Hiertydens word die verwonde dadelik bewus dat daar 'n groter behoeftte aan genesing is wat op 'n onderdrukte en onontdektevlak onder die oppervlak verskuil is, weens 'n sekere gevoelloosheid gekoppel aan pogings tot hantering van die pyn ter oorlewing te midde van die trauma en verwonding.

Ter herstel van perspektief aangaande die self as Godgeskape wese asook mens binne sy milieu, het die pastorale ontmoeting eerstens as doelwit singewing aan die verwonde geloofsvervreemde in sy krisismoment. Hierdie persoon se aanmelding of verwysing geskied dikwels na aanleiding van 'n gepresipiteerde krisis of traumagebeure. Sinvolle perspektief en uiteindelike genesing deur heilsbemiddeling is slegs moontlik binne 'n herstelde kontak met God, en die self, deur begeleiding tot 'n terugkeer na die persoon se skeppingsdoel en 'n erkenning van God as enigste God. Die aanvanklike toestand van angs maak dan algaande plek vir 'n sekerheid by die

verwonde betreffende sy rol, doel en die sinsdimensie te midde van lyding op sy lewensreis (par 3.13, par 6.2.1, par 6.2.2).

Daar is tydens die empiriese navorsing gevind dat die semi-gestrukteerde vraelys (sien bylaag 1, 2 en 3) meegehelp het tydens 'n poging tot geestelike eksplorasie, insig-ontwikkeling en die spesifieke beantwoording van geestelike vraagstukke ter klarheid by die beradene in reaksie op en interpretasie van die trauma. Direktiewe vrae is tydens die empiriese navorsing as van kernbelang gevind ter bevordering van insig-ontwikkeling by die beradene en duidelikheid betreffende sy eie geestelike toestand, roeping en verantwoordelikheid voor God (par 3.10). Blaam en projeksie word hierdeur dadelik ondervang, sodat dinamika vir sinneming van die heil reeds vroeg in die terapeutiese milieu opgestel word. Hiervan is die ontmoeting tussen Jesus en die Samaritaanse vrou by die put 'n sprekende voorbeeld (par 2.15.3.3).

#### **6.5.2.2   Stap 1: Die berader evalueer die toepaslikheid van hierdie fase as eerste stap in die pastorale proses**

Hierdie fase sou met Fase 3 gekombineer kon word tydens die beplanning van die berading prosedure afhangende die tydstip van aanmelding. Evaluering van die erns van die krisisaspekte van die traumatische gebeure en gevolglike presenterende simptome tydens aanmelding bepaal die eerste linie van optrede vir die berader. In geval van aanmelding 12-72 uur na die krisisgebeure, mag fase 1 en 3 gekombineer word as die eerste fase van ingrype ter stabilisasie van die simptomatiese gedrag. Fase 2 volg dan uiteraard daarna, voordat kroniese trauma in Fase 4 terapeuties belig en die genesingsproses daarmee afgehandel word betreffende die langtermyn.

#### **6.5.2.3   Stap 2: Assesseer optimale geloofsfunksionering**

##### **•      Bekendstelling en voorbereiding**

Ter inleiding van die eerste sessie vind kontraksluiting plaas aangaande vertroulikheid, en eties gesproke toestemming tot, asook aanvaarding van die pastorale aard van die terapeutiese proses. Dit omsluit erkenning van die teenwoordigheid van die Heilige Gees asook toepaslike gebed en Skrifgebruik as deel van die emosionele en geestelike oopstelling vir innerlike genesing (par 3.16.3 tot 3.16.5).

- **Assessering van huidige geestelike welstand:**
  - Hierdie betrokke assessoringsfokus is veral noodsaaklik as daar nie 'n persoonlike verhouding met God in Jesus Christus aanwesig is nie (par 3.3.1.2; Rom 11:36).
  - **Taak:** Ter inleiding tot hierdie assessoringsgesprek word die semi-gestruktureerde vraelys (sien bylaag 1) aangebied as riglyn waارlangs huidige geestelike welstand geëksplorieer kan word.
- **Doelwitte:**
  - Die verwonde geloofsvervreemde kry die geleentheid om eerlik homself en sy lewensperspektief te ontgin en te verbaliseer.
  - Response aan die hand van die vraelys lei die pastorale gesprek rakende moontlike redes en betekenisinhoude aangaande insigte, sienings en evaluerings met betrekking tot die beradene se huidige lewensopvattinge (par 3.18.2).

Die semi-gestruktureerde vraelys (sien bylaag 1 en 2) dien ook as inleidende hulpmiddel vir beide die beradene sowel as die terapeut ter eksplorasie van die breë traumageskiedenis sodat 'n volledige tydlyn geteken kan word en 'n gebedslys (par 3.16.5) vir innerlike genesing (par 3.16.2) opgestel kan word.

- **Die proses en terapeutiese take van hierdie stap**
  - Bid ter inleiding vir die Gees se werking om herinneringe aangaande belangrike traumatische en kritiese momente uit die verlede na vore te bring ten einde die tydlyn so volledig moontlik te kan formuleer.
  - Struktureer die sessie en lei die gebruikmaking van die semi-gestruktureerde vraelys (sien bylaag 2) as hulpmiddel en inleiding tot die gesprek verduidelikend in.
  - Stipuleer al die incidente, gebeure, en redes wat herroep kan word vir geloofsvervreemding in die verwonde se totale lewe. Fokus tydsam op die fase van sy vroegste geheue voorskools. Eksplorieer daarna die pynvolle incidente (indien enige) tydens laerskool- en hoërskooljare en

daarna, tot op hede. Tydens hierdie proses word 'n terapeutiese vertrouensverhouding opgebou en 'n intieme betrokkenheid, meelewing en omgee as draer van die beeld en karakter van God, aan die beradene gekommunikeer (par 3.17.1, par 3.17.2). Hierdie aspek op sigself het groot terapeutiese waarde, veral daar Herman huis die stelling maak dat die verwonde se geestelike funksionering en basiese vertroue in mense dikwels as gevolg van die trauma aangetas is en gevolglik die herbouing van sy lewe bemoeilik (par 4.3:2.1). Volgens Sweeney word doelwitte van hoopverlening asook 'n veilige, herstellende ervaring vir die verwonde deur so 'n benadering gevestig (par 4.6.2.3). Hierdie proses, tesame met die teenwoordigheid en genesingswerk deur die werking van die Gees as derde Persoon (par 6.2.3) tydens die pastorale gespreksontmoeting, dien ter genesing van die beskadigde self van die verwonde.

- Begin om belangrike punte vir die gebedslys te identifiseer met die oog op die gebedsterapie in Fase 3. Alle verliese gely asook name van persone wat vergewe moet word, word gevulglik gelys. Enige wilsbesluite, selfverwyte en gedrag wat met hierdie verwonding gepaard gegaan het en waarvoor selfvergiffenis nodig is, word ook aangeteken. Verder word teleurstellings, woede en wraakgedagtes aangaande hierdie skokkende gebeure geïdentifiseer en ook neergestip.
- **Belang van hierdie proses**
  - Tydens hierdie proses vind daar alreeds inleidend 'n groot mate van grondleggingswerk plaas betreffende die proses van emosionele genesing van al die verwonding wat plaasgevind het (Fase 3). Traumatische belewenisse en geloofsvervreemdingsaspekte word ook alreeds grootliks hierdeur ondervang.

#### **6.5.2.4 Stap 3: Neem 'n volledige geestelike geskiedenis (bylaag 2 en 3)**

- **Hierdie opname sluit in-diepte eksplorasie van die volgende in:**
  - Geestelike tuis-opvoeding van jongs af, en in watter vorm (indien enige).
  - Betrokkenheid van die gesin by 'n kerk (indien enige).

- Geestelike mentors se rol (indien enige) insluitend teleurstellings met betrokke mentors, vroegste konsepte gevorm aangaande God en lewenssin daaruit gekonseptualiseer.
  - Die uitleef van hierdie waardes voorgehou deur volwassenes/opvoeders tydens die kinderjare.
  - Die impak op die beradene se lewensparadigma tydens laerskool, hoërskool en tersiêre onderrig – so ook met betrekking tot lewensdefinierende besluite aangaande 'n loopbaan, seksuele orientasie, langtermyn familie verbondenheid asook 'n huweliksmaat.
- **Die proses en terapeutiese take van hierdie stap:**
    - Stipuleer al die incidente, gebeure, en redes wat herroep kan word vir geloofsvervreemding in die verwonde se totale lewe. Identifiseer veral enige leuens wat mettertyd kognitief diep gevestig geraak het.
    - Indien inligting beskikbaar is betreffende enige traumatisiese ervarings wat die moeder kon beleef het tydens swangerskap met die beradene verdien dit ook aandag.
    - Fokus tydsaam op die fase van sy vroegste geheue voorskools.
    - Eksplorieer daarna die pynvolle incidente (indien enige) tydens laerskooljare
    - Eksplorieer daarna enige traumatisiese incidente tydens hoërskooljare.
    - Ondersoek daarna enige pynvolle ervaringe en ontrugterings tydens die tersiêre lewensfase.

Tydens hierdie proses word die terapeutiese vertrouensverhouding opgebou en die intieme betrokkerheid, meelewing en omgee as draer van die beeld en karakter van God aan die beradene gekommunikeer (par 3.17.1, par 3.17.2).

Gaan voort met die opstel van **tersaaklike aspekte vir die gebedslys** wat tydens die gebedsterapie aandag sal geniet in Fase 3. Dit omvat die volgende:

- Verliese gely en persone wat vergewe moet word.

- Enige kognitiewe leuens wat geïdentifiseer is.
  - Elke wilsbesluit, selfverwyt en leuengedrag wat selfvergifnis noodsaak.
  - Elke onverwerkte teleurstelling, woede uiting en wraakgedagte word geïdentifiseer en neergestip. Die ontdekking en erkenning van geestelike naaktheid spruit oor die algemeen voort vanuit hierdie proses.
  - Alle afgode en patronen wat in plek van God gestel is, word ook geïdentifiseer. Daar word afstand gedoen van alle afgode deur skuldbelydenis, vergifnis en die aanvaarding van die heil in Christus as deel van die genesingsproses.
- **Belang van hierdie proses**
    - Hierdeur word die beradene pastoraal begelei tot die evaluering van geestelike leemtes, kwellinge, nood en 'n soeke na lewenssin.
    - Indien daar kontak met die okkulte in enige vorm was dan word dit ook reeds op hierdie stadium geïdentifiseer ten einde later te kan hanteer.
    - Daar die restourasie ter veranderde perspektief (par 2.14.1) en heilsbemiddeling 'n proses is (Hand 13:26) en God self die Outeur van die genesingsroete is (par 2.14.1), mag hierdie assessering en geestelike eksplorasie 'n aantal (2-4) sessies duur.

Die beradene bepaal die pas waarteen gevorder word en dit alles geskied onder die leiding en onderrig van die Heilige Gees wat die waarheid sagkens, vertroostend verstaanbaar maak (par 3.14).

Tydens hierdie fase begin die berader reeds 'n breë algemene oorsig vorm van die agtergrondsgeskiedenis wat later meer volledig geneem en in diepte hanteer sal word tydens Fase 3 en 4.

### **6.5.3 Fase 2: Aktiewe toewyding tot die genesingsproses**

#### **6.5.3.1 Interpretasie van hierdie toewydingsfase aan die beradene**

Die keuse tot genesing impliseer 'n aktiewe wilsbesluit (par 3.13), in wese 'n radikale terugkeer vanuit afgodediens na die oorspronklike onderdanige posisie voor God, as 'n

geïntegreerde wese. Dieselfde wilsbesluit word gedemonstreer in Nebukadneser se finale aanvaarding van die heil en bekering tot toewyding aan God asook 'n erkenning van sy eie onmag teenoor die krag en almag van God (par 2.15.3.2). 'n Verdere verbintenis soortgelyk aan die proses van bekering, oorgawe en heilsaanvaarding in Christus (fase 1) word gekenmerk deur die verwonde se persoonlike toewyding tot genesing en herstel (par 6.5.2). Die terapeutiese voorbereiding op spesifieke aspekte van die pad en proses van genesing vorentoe is noodsaaklik. Na heilsaanvaarding in Fase 1 (par 6.5.2) vorm hierdie stappe in Fase 2 alreeds deel van die proses van heiligmaking (alhoewel die gevolge van die trauma nog verwerk moet word) aangesien hierdie toewyding 'n oorgawe impliseer aan die daaglikse vormingswerk van God, ter transformasie na die oorspronklike skeppingsdoel, naamlik 'n intieme dans in intieme gemeenskap met die Drie-Eenheid, ter heiligmaking en voortgesette geestelike verdieping (par 3.14).

#### **6.5.3.2 Persoonlike verbintenis aan die genesingsproses (par 3.13.4)**

Die pastorale proses sal bevorder word indien die beradene biddend en met die bystand van die Heilige Gees deur elk van die volgende stappe begelei word. Die betekenisinhoude van elke stap word hiertydens afsonderlik belig en emosionele hindernisse gesamentlik en onder leiding van die Gees geïdentifiseer, ondersoek en pastoraal-terapeuties deur Skrifgebruik en gebed hanteer.

- Stap 1: Verbind jou lewe opnuut (Gal 6:2, Ef 5:21, Rom 12:5).

Omskep isolasie in kontak met God en mense. Die beradene se moontlike weerstand en rigiditeit in hoe hy die oplossing van sy lewenskwessies hanteer wil sien, word gekonfronteer en hy word begelei na 'n punt waar hy in oorgawe aanvaar dat God dikwels 'n ander plan of roete vir genesing en restourasie het. Naäman se genesing het gekom nadat God in tyd deur sy trotse skanse en fantasieë rondom genesing kon dring by wyse van sy onderdane (par 2.15.3.2, 2 Kon 5:14). Daar word verder onderneem om mure af te breek in interpersoonlike verhoudings wat daargestel is weens vrees en seer.

- Stap 2: Ervaar jou lewe in al sy dimensies, hoe seer ookal (Matt 6:25, Fil 4:6).

Beleef jou situasie in sy diepste wese, ook die minder aangename. Die onderdrukking van die pyn en woede gee slegs tydelike en kunsmatige vrede ter selfbeskerming. Vertrou op God se troos in die Gees, want die wond se genesing hang saam met 'n

ondersoek van die aard en impak daarvan op jou menswees. Ware vrede volg slegs daarna (Fil 4:6-7, Joh 14:27).

- Stap 3: Ondersoek jou lewe op soek na waarheid (Kla 3:40).

Hierdie onderneming is uiterst bevrydend in die toewyding tot hartgrondige pastorale berading. Daar moet 'n openheid wees betreffende die feit dat in pastorale terapie herhalende patronen ontdek mag word wat onderliggende pyn bedek. Waarheid is self-konfronterend, bring ongemak en inisieer dikwels 'n vlug meganisme as 'n outomatiese patroon-gevormde ritme oor jare heen.

- Stap 4: Fokus op genesing wat die toekoms betref (Ps 119:28, Jes 53:3).

Die toewyding tot die genesing van pyn en wonde van die verlede, genees ook die beradene se toekoms. Die verbintenis tot die rouproses oor verliese is 'n aktiewe, alreeds bevrydende wilsbesluit en nie soseer 'n emosie nie - so ook vergifnis van 'n oortreder. Onvervulde drome word hierna nuut ontsluit en dit word die energiemeganisme vir 'n nuwe lewensingesteldheid en 'n groter lewensraam.

- Stap 5: Vind lewenshulp (Jer 6:14, Heb 13:17).

Geen mens kan sy eie problematiek op sy eie oplos en homself daaruit bevry nie. Vind wyse raadgewing, en aanvaar dit as 'n bate en voorreg tot herstelde lewe.

- Stap 6: Omhels en neem eienaarskap van jou lewe (Luk 9:23-25).

Ontkenning van realiteit kompliseer gewoonlik die herstelproses. Erken dat daar chaotiese aspekte is wat hanteer moet word, op weg na heelwording en 'n vol lewe. Dit verg dikwels radikale aanpassings aangaande sekere verwagtinge. So 'n besluit omvat dikwels die omhelsing van mense wat jou karakter bou en jou nader aan Christus lei (1 Sam 17:37, 50; Dan 4:34). Hierdie besluit mag ook lei tot heilsaanvaarding aangesien dit ook aanvaarding van eie verantwoordelikheid as geskapene meebring.

- Stap 7: Besluit om te vergewe (Mat 6:14-15, Mat 5:23-24, Gen 50:20).

Selfs al verdien die oortreder(s) dit nie kan die onvergetlike vergewe word omdat dit 'n rasionele keuse en wilsbesluit is (par 4.8). 'n Besluit hier teen hou selfs fisiese gevolge in weens die toksiese aard van bitterheid, wrok en haat (par 4.8).

- Stap 8: Wees bereid om jou lewe te waag, pyn ten spyte (1 Joh 4:18).

Die pad van genesing kronkel deur rousmart, vergifnis en die omhelsing van jou totale lewe. Neem 'n keuse teen selfbeskerming en aanvaar die uitdaging hier toe. Die pad is

nie ongekaart of sonder 'n Gids nie aangesien die Heilige Gees as Trooster teenwoordig is om jou by te staan in jou swakheid op hierdie reis (Heb 13:5, 2 Tim 1:7, 1 Pet 5:7).

- Stap 9: Kies om God te dien en dien ook ander in nood (Rig 6:11-16; 2 Kor 1:3-4).

Midde-in die beproeing, te midde van emosionele swakheid, word die perspektief op jou situasie verhelder deur diens aan ander. Ontdek jou gawes hierin (1 Kor 12, Rom 15:2).

- Stap 10: Kies om te volhard (Joh 6:66, Heb 10:36).

Vanuit 'n eskatologiese perspektief (2 Kor 4:17) moet daar erken word dat daar hoop is om die anderkant van lyding te bereik (Rom 8:28, Joh 16:20). Skat jouself en jou lewe na waarde (Ps 139:14), en aanvaar dat genesing 'n tydsame proses is, in dieselfde mate dat heil en losmaking vanuit ou patronen 'n proses is wat tyd en volharding noedsaak. Die wandel met God op weg maak hierdie lewensreis sinvol (1 Kor 1:26-29) en die siel oorvloedig met blydskap (John 10:10).

Die voorafgaande fase sou na 1-2 sessies voltooi kon wees.

#### **6.5.4 Fase 3: Assessering en behandeling van aanmeldingsprobleem: akute stressindroom of post-traumatische stresversteuring (tipe 1 trauma)**

Nadat die verwonde in Fase 1 gestabiliseer is, en daar in Fase 2 voorbereidingswerk vir die genesingsfase plaasgevind het, word in Fase 3 gefokus op wonde wat primêre behandeling en begeleiding noedsaak, gewoonlik die mees onlangse verwonding (par 4.3). Terapie met die oog op innerlike genesing kenmerk ook hierdie stap, wat oor 3-4 sessies mag strek (Trollinger, Advanced Triage Counseling, 2007: Stap 2).

- **Stap 1: Gebed**

Gebed ter inleiding van elke sessie berei die weg vir die Heilige Gees om die berader sowel as die beradene te begelei – dit fasilitateer ook vertroosting tydens die eksplorering en moontlike herbelewenis van emosionele verwonding en traumatische herinneringe. **Assesseeer** bio-psigo-sosio-geestelik (holisties) die volgende met behulp van die volledige lys ontwerpte riglyne vir hierdie studie (sien hoofstuk 5 se

gevallestudies asook Bylaag 1, 3 en 4 vir 'n volledige formaat van 'n gevalle-assessering vir beide tipe 1 en 2 trauma):

- Die **aard** van die presenterende trauma.
- Die **graad** in effek op die pasiënt **fisies, kognitief, emosioneel en gedragsverwant** (par 4.3) by wyse van die Geestes Status Evaluering (MSE) (hoofstuk 5) wat internasionaal as psigiatries toepaslike evaluieringsraamwerk aanvaar word om diagnostiese gevolgtrekkings rakende PTSV te maak. Wees bedag op verdere **geestelike data** wat versamel mag word as deel van hierdie assessering.

Evalueer (as deel van die MSE) en verwys vir '**n mediese ondersoek** indien fisiese simptome aanwesig is (par 4.4 en par 4.5). Hiermee word medies oorsaaklike faktore wat behandeling noodsaak, uitgeskakel of behandeling in werking gestel, wat parallel met die res van die genesingsingrype kan geskied.

- **Stap 2: Pastorale bemiddeling**

Hier val die klem op pastorale bemiddeling van die heil teenoor die verwonde met PTSV.

Met behulp van die volgende riglyne, wat onder ander stappe 6-10 in die verbintenisproses (par 6.5.3.2) hierbo insluit, word die proses van genesing, heilsbemiddeling en distansiëring van geloofsvervreemding asook die verwonding, as volg hanteer:

Bring ter innerlike genesing in gebed elk van die trauma incident(e) en gepaardgaande emosies van skok, woede, hartseer en/of haat na God in Christus. Bid in detail vir die spesifieke aanraking en genesing daarvan in Jesus Christus se Naam. Spreek vergifnis uit teenoor die oortreder, en aanvaar die bevryding in Jesus as gevolg van hierdie skuldbelydenis.

Bid vir elke verlies gely weens die onreg. Vra vir genesing en herstel vir die noodlydende. Aanvaar en eien dit toe as 'n geskenk uit genade. Bid vir vergifnis en bely elke sondige besluit weens die verwonding: verslawings, verskillende 'spoke' wat plek gegee is in die persoon se lewe, afgodediens weens soeke na sielevrede en vervulling. Bid vir bevryding, genesing en beskerming asook begrensing van verdere

oortredinge. Laat finale geregtigheid aan God oor en wees onderworpe aan die heerskappy van God alleen. Dank God vir die redding in Christus.

#### **6.5.5 Fase 4: Assessering en genesing van tipe 2 trauma of gekompliseerde trauma**

- Stap 1: Assesseer die familiegeskiedenis soos volg:**

Gebed ter aanvang berei die weg vir die Heilige Gees om die berader en verwonde te begelei en die verwonde te vertroos tydens die ontdekkingfasie van addisionele verwonding.

Gebruik die gekombineerde psigiatriese Geestes Status Evaluering (MSE) (hoofstuk 5) (sien bylaag 4 vir die volledige stel vrae) asook die geloofsevaluasie in die gevallenstudies van hoofstuk 5 (sien bylaag 1, 2 en 3 vir riglyne) as voorbeeld – dit bied 'n volledige formaat van 'n gevallen-assessering vir beide tipe 1 en 2 trauma.

Wees bedag op verdere **geestelike data** wat na vore mag kom as deel van hierdie assessorering.

Her-evalueer bestaande mediese inligting aangeteken in Fases 1 en 3 indien fisiese simptome as familiale patronen tydens hierdie assessorering figureer (par 4.4 en par 4.5). Hiertydens word medies oorsaaklike faktore wat behandeling noodsaak bykomend evalueer en word potensieël ontoepaslike behandelingsingrype geëlimineer. Alternatiewelik word farmakologiese behandeling in werking gestel weens die kroniese aard van die simptome en/of chirurgiese behandeling na aanleiding van 'n mediese verwysing en/of aanbeveling. Dit mag parallel met die res van die genesingsingrype geskied en behoort in pastoraat deurlopend gemonitor en her-evalueer te word - veral die farmakologiese aspek teen die agtergrond van familiale en/of persoonlike verslawingspatrone by die betrokke verwonde.

- Stap 2: In-diepte ondersoek, finalisering van gebedslys en voorbereiding op gebedsterapie**

Kombineer bovermelde assessoringsriglyne met die volgende evaluatingsaspekte:

**Eksplorieer** en fokus biddend op die aard van die jarelange of vroeë mishandeling (emosioneel/fisies/seksueel), asook faktore wat tot emosionele deprivasie gelei het. Bied pastoraal aan die verwonde tyd en ruimte en 'n emosioneel veilige omgewing om

beide die voorkoms en aard van die mishandeling deur ouers en mentors te identifiseer. Begelei verder die beradene om vorige verwonding erkentelik te verbaliseer, beide die subtile, verskuilde, passiewe verwonding asook die ooglopende, aktiewe mishandeling en trauma. Lys hierdie wonde en trauma vir gebed later.

**Begelei die verwonde om te erken** dat dit wel gebeur het. Hierdie stap impliseer die aftakeling van soms jare se ontkenning en is die eerste stap onderweg na heelwording. In terapie word hierdie bevindings *interpreteer en nuut en verklarend fraseer* ter insigontwikkeling en selfbegrip. Dat die verwonde se onvervulde emosionele behoeftes tydens hierdie ontwikkelingsfase(s) tot 'n onblusbare liefdeshonger gelei het, word hiertydens interpreteer. Ook word hierdie passiewe verwonding identifiseer, daar dit tot gemaskeerde patroonvormende en soekende gedrag kon aanleiding gee. Die aspek van moontlike distorsies in denke en gedragshandelinge in die lig van die gebeure van Gen 3 se impak op die mens, vorm deel van die verklarende skakels wat gebou word ter kognitiewe rekonstruksie van breinpatrone en assosiasies wat toekomstige (verlede tyd) keusegedrag sou kon inisieer.

**Identifiseer** en lys alle verliese gely weens die verwonding. Ondersoek en evaluateer biddend die moontlike betekenis en die emosies wat die ontdekking mag wek by die verwonde persoon. Hanteer sodanige reaksies en emosies in gebed en met toepaslike Skrif (Ps 31:24, Kol 1:27, Rom 8:26-27, Joh 16:33).

Na die eksplorasie van die eie lewe, volg 'n **bestek-opname van toksiese (ongesonde) verhoudinge in die verlede**, asook moontlike huidige invloed en gevolge van negatiewe herhalende gedragspatrone betreffende verhoudinge, by die werkplek, met die gesin van oorsprong en die huidige gesin. Lys hierdie patronen en ondersoek en interpreteer hierdie gedrag en impak op verhoudinge in diepte. Doen dit pastoraal biddend en met Skrifgebruik as klankbord vir moontlike teregwysing asook ter heilsbemiddelende perspektief. Lys persone wat biddend vergifnis moet ontvang. Lys ook met die oog op gebedsterapie later die geïdentifiseerde toksiese emosies soos bitterheid en haat asook fantasieë van vergelding.

Eksploreer en **identifiseer** saam met die beradene die **verband tussen enersyds onvervulde behoeftes** as kind asook toksiese (ongesonde) verhoudinge binne die gesin van oorsprong, en andersyds **huidige** kompulsies via **verslawende gedrag**, (van watter aard ookal). Identifiseer die moontlike skakel tussen die soeke na

emosionele opvulling van die innerlike emosionele vakuum en die huidige gedragsrepitisies wat begin verslaaf het daar dit wel tydelike vervulling skenk. Begelei pastoraal die verwonde ter identifisering van die pyn grondliggend hiertoe. Vertoef in gebed indien nodig by hierdie krisismoment, sodat die beradene vertroosting en skuiling in God se liefdesnabyheid kan ervaar. Emosionele volwassewording en groei asook geestelike groei as deel van die proses van heil, vind oor die algemeen tydens hierdie aha-momente terapeuties plaas. Interpreteer hierdie momente en verloop pastoraal sodat singewing en heilsbemiddeling tydens hierdie kruispad-moment deur die vertroostende werk van die Gees die verwonde opnuut met die heil in Christus bedien.

Begelei die verwonde persoon om **kognitief** te begryp dat die ‘**spoke**’ uit die verlede op uitnodiging tans nog in sy lewe ’n **rol** speel, en **huidige verhoudinge en gedrag** dikteer. Addresseer en identifiseer en lys die ‘**spoke**’ asook die skakel met die hede. Laat die beradene toe om ’n eerlike inventaris van die resultate/impak van die verslawing weens die ‘**spoke**’ op te stel - dit breek ontkenning af en bring die koste en skade van die verslawing aan die lig. Lys vervolgens item vir item waарoor gerou moet word en stel riglyne saam vir grense binne verhoudinge teen verdere misbruik.

Dit is vervolgens belangrik om ook simbolies afskeid te neem van ongesonde verknogtheid aan ouers – aspekte wat eie volwassewording kon blokkeer. Daarna is die verwonde gewoonlik in staat om God op ’n dieper vlak te leer ken en verdere pastorale begeleiding is dan ook nodig in hierdie verband.

- **Stap 3: Rou oor verliese**

Vervolgens moet die beradene aan die hand van Skriftuurlike beginsels asook gebed begelei word deur die rouproses wat nodig mag wees betreffende spesifieke aangeleenthede wat reeds in die voorafgaande fases en stappe geïdentifiseer is. Die volgende riglyne kan in hierdie verband in gedagte gehou word:

- Breek deur skanse van skok en ontkenning na die realiteit van die verlies.
- Die woede moet uitfiltrer ten einde te verhoed dat depressie uiteindelik ontwikkel.
- Onderdrukte woede asook depressie moet gevolglik deur fasilitering na die oppervlakte gebring word.

- Enige ‘onderhandeling’ met God wat grootliks neerkom op ontkenning of onvlugting moet geïdentifiseer en uitgewys word.
- Begelei die beradene deur die fases van intense hartseer, veral wanneer die volle besef van die ware realiteit deurbreek.
- Begelei die beradene uiteindelik tot vergifnis en tot berusting en aanvaarding van die verlies.

- **Stap 4: Besef die waarde van ‘n unieke Godgeskape mens en leef daaruit**

Gryp biddend die nuwe self in Christus aan, met Bylaag 5 as hulpmiddel.

Begelei vervolgens biddend vanuit die Skrif die beradene in die neem van nuwe besluite omtrent die self, betreffende gesonde begrensing asook ‘n ondersteuningsnetwerk binne ‘n kerkgemeenskap.

Hierdie stappe sal instandhouding asook voortgesette groei en herstel bevorder.

- **Stap 5: Kies nuwe ouerskap**

Die keuse tot emosionele en geestelike onafhanklikheid van ouers vind hierna plaas.

Wanneer eie verantwoordelikheid vir die persoon se lewe aanvaar word, volg dit dat die persoon in ‘n gesonder verhouding met sy ouers tree, wat nuwe patronen ter begrensing van self en familie van oorsprong mag impliseer. Kenmerkend van die vestiging van nuwe patronen is respek teenoor, maar onafhanklike funksionering van die familie van oorsprong. Emosionele en/of finansiële mede-afhanklikheid of afhanklikheid word met onafhanklikheid vervang. ‘n Daadwerklike afskeidsritueel mag deel vorm van hierdie stap indien nodig.

Dit is ook aan te beveel dat **‘n sterk geestelike mentor** wat met God wandel op hierdie stadium betrek word as deel van die beradene se nuwe geestelike reis op weg na groter geestelike groei en heiligmaking in Christus. Verder word die beradene in ‘n sekere sin voortaan ook **sy eie ouer** – dit impliseer ‘n nuwe innerlike stem ter teregwysing indien nodig, asook ‘n ingesteldheid teenoor die werking van die Heilige Gees ter begeleiding op hierdie nuwe weg.

Die derde nuwe ouer in die beradene se lewe is **God as Vader** by uitstek. Vanaf hierdie platform ontwikkel die toewyding tot ‘n nuwe geestelike roetine om vanuit God se genoegsaamheid, daagliks in afhanklikheid van Hom te leef, deur innige gebed en

liefdesgemeenskap asook die gereelde lees en bestudering van Sy liefdesbrief aan Sy kinders, naamlik Sy Woord.

- **Stap 6: Stel rentmeesterskap aangaande verhoudinge op**

As deel van die herstelproses en ter volharding tot volkome genesing van die kroniese gevolge van verwonding, moet daar 'n verbintenis wees aan iemand wat in 'n sekere sin as 'rentmeester' kan optree – dit sal impliseer dat nuwe probleme vroeg reeds geïdentifiseer word en die nodige berading en begeleiding dan plaasvind. Hierdie nuwe probleme wat op die oppervlak verskyn moet dadelik begrens word. Die beradene se simptomatiese denke en gedrag word hiertydens gestabiliseer. Die geleentheid moet ook deur die rentmeester benut word vir die hernude interpretasie van die oorspronklike neerlegging van riglyne wat op waterdigte keuses vir ononderhandelbare, ondubbelssinnige norme en waardes by die beradene neerkom.

- **Stap 7: Instandhouding**

Vanuit die nuwe verhouding van geborgenheid in God word voortaan geleef, alle dinge beoordeel aan die Skrif wat daagliks bestudeer word, daagliks gebed en wilsbesluite geneem, alles tot eer van God.

- Self-evaluering vind deurlopend plaas as verantwoordelike wese voor God se aangesig. Verder word grense gehandhaaf en daar word geleef vanuit die heil in Christus tot beskerming teen terugkeer na vorige ongesonde patronen.
- Betrokkenheid binne 'n gemeente vir geestelike voedsel ter groei asook vir geestesgemeenskap met mede-gelowiges.
- Inskakeling by en deelname binne 'n kleingroep vir Bybelstudie en gebed saam met ander gelowiges ter geestelike ondersteuning en groei tot verdere vorming na Gods beeld, ter heiligmaking.
- Uitreik na andere en getuienislewering van die hoop in God vir ander verwonde geloofsvervreemdes.

In die proses moet God se beloftes aangegryp word en daar moet gegroeい word tot 'n sterk seder in Hom, onderwyl Sy liefdesopdrag teenoor andere uitgevoer en gehandhaaf word binne die gemeenskap van gelowiges.

## 6.6 SAMEVATTING

Die pastorale proses van heilsbemiddeling en heilservaring teenoor die verwonde geloofsvervremde word onderlê en gerig deur spesifieke Skrifgebaseerde vertrekpunte. Hierdie vertrekpunte sluit in dat God Drie-Enig sentraal staan, dat God en Sy Koninkryk deur geloof die funksiebestemming van die mens is, dat die Heilige Gees die heil in Christus bemiddel en dat die Skrif 'n sentrale posisie beklee in hierdie heilsbemiddelingsproses.

Die Bybelse antropologie vir pastoraat ter heilsbemiddeling teenoor die geloofsvervremde besin oor die verband tussen God en die mens vanuit 'n geloofsperspektief. Dit bevat twee aspekte: enersyds 'n godsdienstige grondmotief, en andersyds die hart van die mens as kern van godsdienstige funksionering. As aardverbonde Godgeskape tempel van God wat bestaan uit gees, siel en liggaam, kan die mens se bestaansbestemming slegs geïnterpreteer word vanuit sy verhouding met God. Dit omvat die mens se oorspronklike Godgeskapanheid voor die sondeval, sy wanbeeld van God na die sondeval, sy herstelde beeld van God deur die heil in Christus, en die verheerlikeerde beeld van God na die wederkoms van Christus.

Dit blyk duidelik dat die heilsbemiddeling aan die geloofsvervremde sy verwonding tydens die sondeval asook belewenis van sekondêre trauma op aarde in ag moet neem, en dat hierdie verwonding deur gebed onder leiding van die Heilige Gees ter genesing hanteer moet word op weg na 'n herstelde verhouding met God. Hierdie verwonding blyk dikwels geloofsgroei te blokkeer en in 'n poging om van pyn te ontflug, soms dan ook te lei tot afgodediens. Hantering van die reg van God is primêr deel van die heilsbemiddelingsproses - vanuit die eskatologiese perspektief skep die feit dat finale Reg alleen by God is, hoop en verwagting by die verwonde geloofsvervremde.

Pastorale begeleiding van die geloofsvervremde vanuit sy verwonding tot genesing en heilsaanvaarding in Christus bring hoop en sin aan die persoon se lewe op aarde. Deur die konfrontasie van die hartseer, woede, verliese, gevoelens van onreg, teleurstelling en haat, word 'n genesingsproses geïnisieer wat lei tot enersyds emosionele en geestelike vernuwing van die beradene, en andersyds vergifnis en vrysspraak van die oortreder. Vanuit hierdie proses kan die beradene se redding uit sonde en hopeloosheid as mens, uiteindelik gestalte verkry in sinneming, die geboorte van 'n nuwe identiteit in Christus, asook emosionele stabiliteit. Hierdie persoon is

vervolgens daartoe in staat om vanuit 'n innige verhouding met God begrens, genees, verantwoordelik en vry te leef voor Gods aangesig, met reikhalsende verlange na die ewige lewe by God tot in ewigheid.

## **AFDELING D: SAMEVATTING**

### **HOOFSTUK 7**

#### **FINALE SAMEVATTING EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING**

Die doel van hierdie studie was om aan te toon hoedat die geloofsvervreemde pastoraal begelei kan word vanuit verwonding, wat heel dikwels geloofsvervreemding in die hand werk, tot heilservaring vanuit die Skrif asook deur berading en gebedsgenesing.

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gebied van die resultate van die onderskeie voorafgaande afdelings asook 'n finale konklusie.

#### **7.1 AFDELING A: BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE**

##### **7.1.1 Praktiese-Theologiese vertrekpunte**

Die fokus in hierdie gedeelte was op die Praktiese Teologie wat as theologiese wetenskap gerig is op die openbaring van God in Christus deur die werking van die Heilige Gees, aan die geloofsvervreemde. As theologiese wetenskap is Praktiese Teologie gefokus op die ontwikkeling van 'n praktykteorie ter bemiddeling van die Evangelieboodskap sodat die verwonde mens tot heilservaring en aanbidding van God as genadige en liefdevolle Vader kan kom.

Die Woord van God beklee die sentrale posisie in die Bybelse beradingsproses aan die geloofsvervreemde omdat dit gesag het, betroubaar is, genoegsaam en duidelik is ten einde elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus te bring. Die Bybel het gesag omdat dit van God af kom.

Pastorale berading verbeeld in hierdie studie God se liefdesuitreik na die noodlydende mens ter bemiddeling van die heil en heilervaring in Christus, ter versoening met God en tot herstel van sy oorspronklike Godgeskape menswees in verhouding tot God. God bewerk die versoening deur die kruisdood van Sy Seun en die triomfantlike opstand van Christus.

Pastoraal gesien word lyding in hierdie studie die intreevlak vir die bemiddeling van die heilsgebeure in Christus teenoor die geloofsvervreemde tot singewing en sinneming. By wyse van die paraklese metafoor word God se persoonlike, troosvolle nabyheid, sorg en betrokkenheid teenoor die noodydende geloofsvervreemde in die pastorale proses gekommunikeer. Vertroosting van die getraumatiserde geloofsvervreemde is in wese pastoraal heilsbemiddelend.

'n Bybels-pastorale antropologie onderlê Bybelse pastoraat. Teen die Skriftuurlike agtergrond van die mens as geskape, liggaamlike, geestelike, emosionele en sondige wese, word die verwonde as soekende mens benader. Die direkte skakel tussen die mens se toestand van geloofsvervreemding en sy ervaring van 'n verwonde staat weens die gevolge van die sondeval, voorsien die pastoraat van die unieke geleentheid om die mens as brose wese in 'n sondige wêreld te herinner aan sy oorspronklike skeppingsdoel en die terugkeer na God deur die heil in Christus te bemiddel. Nood en beproewing konfronter die mens met sy eie geestelike nood asook sy naakte broosheid tekenend van die leemtes sigbaar in 'n lewensbeslissing teen God weens die mens se verwerping van en vervreemding teenoor God.

God se geregtigheid staan in die Ou Testament geteken as regverdigheid. God se geregtigheid sluit beide straf en genadebetoon in, en kommunikeer Sy verlossende liefde en genade ter herstel van Sy oorspronklike orde. In die Nuwe Testament word God se redding en versoening in Christus verkry deur skuldbelydenis, vergifnis en vryspraak van sonde. Die uiteindelike vermoë om andere te kan vergewe vir pyn as gevolg van hul oortredinge, spruit uit God se vergifnis voort.

### 7.1.2 Eksegetiese insigte

Genesing impliseer die herstel van liggaam en gees, versoening met God en 'n herskepte perspektief op die lewe. Hierin neem God die inisiatief, deur die werking van Sy Gees wat die versoening in en deur Christus heilsbemiddelend aan die noodydende fasiliteer. Gebed beklee 'n belangrike plek in hierdie hele proses.

Geloof het 'n belangrike rol in die fasilitering van genesing, soos in die geval van die Samaritaanse vrou. Vanuit God se handeling met Naäman blyk egter dat die aanvanklike aanwesigheid van geloof nie 'n voorwaarde is vir volkome genesing nie. Die aanvaarding van die heil in Christus word deur die bewussyn van sonde en berouvolle skuldbelydenis bewerk, selfs na afloop van fisiese genesing deur God.

Die Heilige Gees bewerk hierdie berou van sonde, en lei die mens tot skuldbelydenis teenoor God (soos in die geval van Nebukadneser) en die vergifnis van onregplegers (soos die Samaritaanse vrou). Geloofsvolharding en vertroue te midde van verwonding is slegs moontlik indien die ewige lewe by God in eskatologiese perspektief behou word tot die einde van die pad op aarde.

### **7.1.3      Teologies-pastoraal      relevante      beradingsvertrekpunte      vir heilsbemiddeling**

Die mens is ten eerste volgens Gen 3 primêr verwond deur sonde en deurdat hy weens sonde sy natuurlike veilige tuiste by God verloor het. Enige vorm van verwonding op aarde is post-sondeval op sekondêrevlak geleë. Sodanige fisiese en/of psigiese skok kan gevvolglik slegs dien ter versterking van aanvanklike bestaansangs, teweeggebring weens die oorspronklike, primêre verwonding. Sekondêre verwonding op aarde bevestig slegs die mens se innerlike wroeging en twyfel aangaande God se sorg en teenwoordigheid.

Pastoraat ter heilsbemiddeling van die verwonde geloofsvervreemde noodsak gevvolglik die hantering van beide primêre en sekondêre verwonding. Die genade van God teenoor die sondaar word daarin betuig dat Hy uitreik na die noodlydende, en sy genesing bewerk deur die soendood van Christus, en so vertroue in God herstel as Opperheer en Vader. Nuwe geloofshorisonne word sodoende geopen vir die verwonde beradene tot redding vanuit sy sonde, opstand en wraak deur middel van gebedsgenesing. Dit geskied by wyse van die aanvaarding van die finale reg van God teenoor alle ongeredde sondaars, vergifnis van die oortreder en die skuldbelydenis van persoonlike sonde.

Die kern van genesing van die verwonde is gesetel in die genesende aanraking en teenwoordigheid van die Heilige Gees, asook die bediening en vertolking van relevante Skrifwaarhede aan die verwonde. Tydens hierdie proses word sinsbelewenis ontsluit by die geloofsvervreemde, wat maar slegs hierdie heil uit genade kan aangryp, ter transformasie van sy ganse bestaan.

## 7.2 AFDELING B: META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

### 7.2.1 Insigte vanuit die grenswetenskappe

Die studieveld van die psigologie het gedurende die laaste tien jaar toenemend bevestig dat trauma inderdaad die mens fisies, psigies en kognitiewelik verwond, maar terselfdertyd ook 'n geestelike wond toedien en daardeur die persoon in 'n bestaanskrisis dompel. Derhalwe is die aanbeveling tot 'n holistiese benadering in terapie ter volkome genesing herhaaldelik gemaak, sodat die persoon weer sin in sy bestaan kan ontdek, binne die ondersteuningsraamwerk van 'n kerkgemeenskap. Die suksesse na aanleiding van die implementering van verskillende praktykmodelle het die verbinding tussen liggaam en gees bevestig. Daar is grotendeels ooreenstemming dat die genesingsproses van veral gekompliseerde trauma in terapie tyd verg, dikwels 2-3 jaar.

Die belangrike element van vergifnis word as 'n sleutel komponent in die terapeutiese genesingsproses bevestig vanuit navorsing op die terrein van die psigologie. Dit is egter belangrik dat hierdie proses individu-spesifiek toegepas word indien en wanneer die kliënt gereed is daarvoor.

Aangaande genesing bestaan daar 'n positiewe korrelasie tussen vergifnis, self-vergifnis en volkome uiteindelike heling, veral ook met betrekking tot seksuele molestering. Afgesien van die vergifnis van die oortreder blyk dit dat die 'vergifnis van God' (belydenis van eie gebrekkige insig en opstandigheid) na verwonding ook grootliks bydraend kan wees tot genesing.

Goeie resultate vir sielkundige traumaberading hang ten nouste saam met individuele assesseringskapasiteit tot die uitsluiting van veralgemenings. Neurobiologiese studies bevestig die verband tussen trauma en beskadigde breinfunksionering. Trauma-verwante veranderinge in die brein van die adolescent toon sterk ooreenkoms met aspekte wat geloofsvervreemding kenmerk, soos byvoorbeeld wraakgedagtes weens woede asook 'n gebrek aan vergifnis.

Die genesing van die verwonde behels drie ononderhandelbare faktore: hoopgewing, 'n beskutte ervaring, en die opbou van 'n kerngesonde verhoudingstruktuur. Laasgenoemde aspek word veral bevorder deur die terapeutiese milieus se sekuriteit, stabiliteit, voorspelbaarheid en onvoorwaardelike aanvaarding van gebroke menswees.

'n Sterk korrelasie bestaan tussen die genesing van psigiese en fisiese trauma, vergifnis van die oortreder, en 'n hernude geloofsverbintenis teenoor God.

### **7.2.2      Insigte vanuit die empiriese studie**

Die respondentie is as geloofsvervreemd en sekondêr verwond geëvalueer, hoewel onbewus betreffende hul werklike toestand van primêre verwonding voor God.

#### **7.2.2.1    Aktiewe betrokkenes in die sessie**

Die Heilige Gees, die berader en die beradene vorm 'n eenheid tydens die pastorale gespreksgebeure. Die Heilige Gees se troosryke teenwoordigheid na gebedsintrede ter aanvang van sulke pastorale ontmoetings is die basis waarop elke gesprek berus. As hulp kommunikeer die sagte gees, empatie en liefdevolle, vertrouenswaardige gesindheid van die pastorale berader deur sy verteenwoordigende steunrol, die betrokkenheid en nabyheid van God Drie-Enig. Faktore soos die voorafgaande blyk van deurslaggewende belang te wees met betrekking tot die eksplorasie van intra-psigiese pyn weens beide primêre en sekondêre trauma, en ook die begeleiding tot heling en genesing in Christus.

Die kombinasie van die oortuiging van sonde deur die Gees, die rol van die berader as 'advokaat' (voorspraak), die respondent se aktiewe skuldbelydenis, vergifnis, asook die aanvaarding van die heil in Christus tydens gebedsterapie, het geblyk standhoudende geestesgroei op die lang termyn te inisieer.

Die gevolgtrekking kan hieruit gemaak word dat die verwonde persoon aktief betrokke moet raak in die pastorale proses en 'n eie verantwoordelikheid vir sy lewe en keuses erken, bely en aanvaar. Met hierdie groter aktiewe betrokkenheid neem die verwonde eienaarskap van beide sy wilsbesluite in die verlede asook verantwoordelikheid vir sy toekomstige lewe.

#### **7.2.2.2    Die hantering van oordrag en teenoordrag**

In die pastorale proses het *oordrag* en *teenoordrag* duidelik 'n plek, gegee die navorsingsresultate. Die verwonde het nodig om onafhanklik van die pastorale berader 'n gesonde identiteit in Christus te ontwikkel (sien bylaag 5). Die bekwame berader se ingesteldheid en kennis betreffende hierdie dinamika sal begrensing van oor-identifisering of oor-idealiserings van die terapeut meebring. Dit is veral belangrik indien die traumageschiedenis duidelike indikators van afhanklike persoonlikheidsdinamika

aantoon. Gesonde geestelike praktyk by die berader self is hier die wagwoord. Verdere potensiële genesingshorisonne vir die terapeut self mag in teenoordrag na vore tree. Deur normalisering van die berader se sondaarverloste status en heenwysing na God as enigste volmaakte Rolmodel, kon oordrag tydens die empiriese studie ondervang en die genesingsproses op koers gehou word. Realistiese self-reflektering tesame met toepaslike Skrifgebruik (byvoorbeeld 1Tim 3:15, Kol 3:2, 9-10, Ef 3:14-21) is tydens die navorsing as nuttig bevind om kognitiewe distorsies te identifiseer en teen te staan deur die werking van die Gees.

Net soos heil is genesing 'n proses. Dit omvat die toenemende ontdekking van nuwe insigte betreffende God en self, ter verdere geloofsgroei en geestelike transformasie op weg na heiligmaking. Deur die werking van die Heilige Gees vloeи heilsaanvaarding spontaan voort. Nadat prim re verwonding heilsbermidelend hanteer is binne pastoraat, word die langtermyn genesingsproses betreffende sekond re trauma asof spontaan ontsluit.

Daar bestaan 'n verband tussen vroe  sekond re trauma en die volwasse teologiese perspektief op lyding asook die karakter en wese van God. Hierdie bevinding is gemaak na aanleiding van die navorsingsresultate. Simptome van verwonding toon dikwels 'n direkte verband met bestaansangs en geloofsvervreemding. Vorige teoretiese beskouinge bevestig dit. Die pastorale berader het 'n belangrike rol om die Skrifgeldigheid van die persoon se gedagtes Skriftuurlik te toets ter begeleiding tot sinvolle begrip en kognitiewe verstaan in praktykverband. Funksionele relativistiese denke kan duidelik volgens hierdie studieresultate binne 'n pastorale kognitiewe gedragsmodel herstruktureer word. Die Heilige Gees se leidende rol hierin is om sonde-deurdrenkte, gevalle denke te vernuwe. Inleidende gebed ter voorbereiding van die hart vir gehoorsaamheid aan die Gees se werking tydens die pastorale ontmoeting is dan ook die berader se basiese vertrekpunt.

Die mens se sieledors na genesing en herstelde intimiteit met God word tydens die pastorale fases van die proses ontbloot. Oorgawe en aanneming van 'n lewe in Christus volg wanneer die geloofsvervreemde tydens hierdie fase van die proses die hartsverlange na God begin verstaan as 'n jarelange soek na sy ware tuiste.

Dit het vanuit die navorsing ook aan die lig gekom dat daar by geleentheid 'n korrelasie kan wees tussen verwonding en boosheid. Vir die verwonde wat ook later in sy lewe weer eens verwond is, is daar 'n vertraging in die proses van heling indien die

betrokke helpers apadies reageer teenoor hom as getraumatiserde slagoffer (sien respondent 4). Empatie versnel egter die proses aansienlik (sien respondent 1). Die Gees se omskepping van die bose hart deur gebed tydens pastoraat, in 'n berouvolle hart, is gevvolglik van kardinale belang in genesing en heilsaanvaarding as klimaks van die voortgaande proses ter heiligmaking (sien par 3.10).

### **7.3 AFDELING C:PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE**

Heilsbemiddeling en heilervaring as pastorale proses teenoor die getraumatiserde geloofsvervremde word gerig deur toepaslike Skrifgefundeerde merkers. Dit impliseer die volgende: God Drie-Enig staan sentraal; God en Sy Koninkryk is deur geloof die funksiebestemming van die mens; die Heilige Gees bemiddel die heil in Christus; en die Skrif beklee 'n sentrale posisie in die heilsbemiddelingsproses.

Twee aspekte het geblyk belangrik te wees betreffende 'n Bybelse antropologie vir die Pastoraat ter heilsbemiddeling teenoor die geloofsvervremde. Eerstens: Met die fokus op die verband tussen God en die mens vanuit 'n geloofsperspektief is die godsdiestige grondmotief en die hart van die mens as kern van godsdiestige funksionering 'n gegewe. Tweedens: Die mens as Godgeskape wese kan slegs vanuit sy relasie met God sy bestaansbestemming begryp. Hierdie verhouding word belig vanuit sy Godgeskapenheid voor die sondeval, sy verwronge beeld van God na die sondeval, die mens se herstelde beeld van God deur Christus se heil, asook God se verheerlikte beeld na die wederkoms van Christus.

Vir heling en herstel in sy verhouding met God moet die Pastoraat uiteraard heilsbemiddelend die mens se trauma tydens die sondeval asook sekondêre trauma op aarde terapeuties interpreterend by wyse van gebed onder die leiding van die Gees hanteer. Hierdie sekondêre trauma mag wel geloofsgroei in die verlede geïnhibreer het en aanleiding gegee het tot verslawings as onderdrukking van beide geestelike en psigiese pyn. Pastorale perspektief op die geregtigheid van God teenoor die slagoffer en die oortreder as kern onderdeel van die heilsbemiddelingsproses, bring egter 'n hoop element ter verwagting van 'n beter toekoms vir die getraumatiserde geloofsvervremde.

Die pastorale proses van heilsbemiddeling teenoor die geloofsvervremde ter emosionele genesing en innige geloofswandel met God in Christus, open nuwe verrassende sinshorisonne vir sy bestaan op aarde en in die hiernamaals. Tydens

hierdie begeleidingsproses word die verwonde onder leiding van die Heilige Gees begelei tot die identifisering van die aard van sy sondige toestand wat skeiding maak tussen hom en God. By wyse van konfrontasie met en erkenning van dikwels vergete skok en onderdrukte hartseer, verliese, ontnugtering, woede weens emosies van verontregting, onvergewens-gesindheid, en 'n gesublimeerde soeke na God in alternatiewe verslawende verbintenis, word die geloofsvervreemde algaande van sy bestaanskrisis en onvermoe tot sy eie redding bewus. Hierdie pastorale proses inisieer die geboorte van 'n nuwe identiteit in Jesus voortvloeiend uit genesing en heilsaanvaarding in Christus vanuit 'n hopeloze sondige bestaan tot Godsvrug en heiligmaking. 'n Pastorale proses gekenmerk deur skuldbelydenis, vergifnis en bevryding deur God asook vergifnis van ander, vorm die kern van heilsbemiddeling en heilsaanvaarding by die voorheen geloofsvervreemde. Hierdie geestelike en innerlik geneesde, emosioneel stabiele skepsel is vervolgens oor die algemeen in staat tot verantwoordelikheidsin vir sy keusebesluite en begrensing binne verhoudinge terwyl hy in die proses 'n diep innerlike stabiliteit en geborgenheid ervaar in 'n intieme wandel met God.

#### **7.4 FINALE KONKLUSIE**

Die mens is primêr verwond weens die sondeval en sedertdien nie van nature in staat om werklik met God te wandel nie. Sedert die sondeval (primêre trauma) kan die mens gevvolglik met reg beskryf word as 'n verwonde geloofsvervreemde. Dit laat hierdie persoon met inherente bestaansangs omdat hy buiten sy natuurlike oorspronklike en volmaakte harmonieuse verhouding met God homself weerloos en onbeskut op aarde bevind. Wanneer hierdie mens sekondêre trauma aan die hand van 'n lewensramp of medemens ervaar, verdiep sy twyfel aan en bevraagtekening van die persoon en bestaan van God op aarde. Ten einde genesing, versoening en herstel in die verhouding met God asook medemens te bewerkstellig, kan die Pastoraat heilsbemiddelend fasiliteer deur die verwonde se trauma tydens die sondeval asook sekondêre trauma op aarde gebedsterapeuties te interpreteer onder leiding van die Heilige Gees. Dit skep dan die moontlikheid tot heling en vryheid asook die ontsluiting van hierdie persoon se gawes, talente en potensiaal tot eer van God en die vestiging van Sy Ryk op aarde.

## **7.5 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING**

In Braakveld vir verdere navorsing is die intensiteit of die graad van die impak van trauma op die persoon wat voor die traumatische gebeure tot geloof gekom en reeds op 'n weg van heiligmaking deur die Gees was. Die volgende voorgestelde vrae mag tot toepaslike navorsingsbevindinge lei: Kan die persoon op weg na heiligmaking wel na aanleiding van die sekondêre trauma wel heeltemal geloofsvervreemd raak? Of is dit nie geestelik terugwerkend moontlik nie? Indien wel, was primêre verwonding voor, tydens, of na bekering hermeneuties of pastoraal deur die beradene hanteer en begryp?

'n Aspek wat verdere aandag verdien by wyse van 'n groter steekproef, is die impak van geloofsrypheid op hoe die persoon trauma hanteer.

Daar word voorgestel dat 'n longitudinale studie gedoen word by wyse van langtermyn pastorale begeleiding ter implementering van hierdie voorgestelde praktykmodel vir verdere insigte betreffende verfyning en toepaslike aanwending daarvan.

### **SLEUTELTERME**

Pastorale berading

Geloofsvervreemde

Verwonding (trauma)

Heil

Heilservaring

### **KEY TERMS**

Pastoral counseling

Faith-estranged

Woundedness (trauma)

## BIBLIOGRAFIE

ACHTEMEIER, E. 1999. Victimization and healing. (*In* Lampman, L.S. & Shattuck, M.D. eds. God and the victim. Theological reflections on evil, victimization, justice and forgiveness. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company. p 89-106)

ADAMS, J.E. 1979. A theology of christian counseling. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

ADAMS, J.E. 1980. Competent to counsel. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

ADAMS, J.E. 1994. From forgiven to forgiving. Learning to forgive one another God's way. Merrick, New York: Calvary Press.

ALDEN, R.L. 1993. Job. The new American commentary. Vol. 11. USA: Broadman & Holman.

AL-MABUK, R.H., ENRIGHT, R. D., & CARDIS, P.A. 1995. Forgiveness education with parentally love-deprived late adolescents. *Journal of Moral Education*, 24 (4):427-444.

ALLENDER, D.B. 1999. The mark of evil. (*In* Lampman, L.S. & Shattuck, M.D. ed. God and the victim. Theological reflections on evil, victimization, justice and forgiveness. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company. p.36-60)

ALLENDER, D.B. 2005. To be told. God invites you to coauthor your future. Colorado Springs, Colorado, USA: Waterbrook Press.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 1994. Diagnostic and statistical manual of mental disorders, (DSM-IV), 4th ed. Washington, New DC: American Psychiatric Association. (In teks aangedui as DSM-IV). .)

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 2004. Diagnostic and statistical manual of mental disorders, (DSM-IV), 4th ed. Washington, New DC: American Psychiatric Association.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 2004. Practice guideline for the treatment of patients with acute stress disorder and posttraumatic stress disorder. Arlington, VA: American Psychiatric Association.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 2007. Diagnostic and statistical manual of mental disorders, (DSM-IV-TR), 4th ed. Arlington, VA: American Psychiatric Association.

ANDERSON, N.T., ZUEHLKE, T.E. & ZUEHLKE, J.S. 2000. Christ centered therapy: the practical integration of Theology and Psychology. Grand Rapids, Mich.: Zondervan Publishing House.

ANDERSON, R.A. 1984. Daniel. Signs and wonders. Grand Rapids, Mich.: William B. Eerdmans Publishing Company.

ANDERSON, R.S. 2004. Introduction to the practical theology method. Lesing gelewer te Azusa Pacific University op 15 September 2004.

ARTERBURN, S. & STOOP, D. 1998. Seven Keys To Spiritual Renewal. Wheaton, Ill Tyndale House Publishers.

ARTERBURN, S. 2005. Healing is a choice. Ten decisions that will transform your life and ten lies that can prevent you from making them. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson, Inc.

ASTEN, M.C., LAWRENCE, K.J. & FOY, D.W. 1993. Posttraumatic stress disorder among battered women: Risk and resiliency factors. *Violence and Victims*, 8:17-28.

BACKUS, W. 1996. The healing power of a Christian mind. Minneapolis: Bethany House.

BAKER, J.P., EDMUNDS, V., SCORER, C.G., KELSEY, M.T., MacNUTT, F., MADDOCKS, M., PEDDIE, J.C., TRAPNELL, D., WARFIELD, B.B. & WILKINSON, J. 1988. Healing. (*In* New dictionary of theology. Leicester, England: IVP. p 287-288)

BARKLEY, W., BENNETT, G., BOTTING, M., BROWNE, S.G., CANSDALE, G.S., CLARK, R.E.D., COLE, R.A., EDMUNDS, V. & SCORER, C.G., GELDENHUYSEN, N., KEE, H.C., McEwen, J.S., MacNutt, F., MORSE, D., PALMER, B., PEDDIE, J.C., STOTT, J.R.W., SUSSMAN, M., BROTHWELL, D. & SANDISON, A.T., WARFIELD, B.B., GRABER, F., MULLER, D. 1996. Health, disease and healing. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. p 448-456)

BAUER, L., DUFFY, J., FOUNTAIN, E., HALLING, S., HOLZER, M., JONES, E., LEIFER, M. & ROWE, J.O. 1992. Exploring Self-Forgiveness. *Journal of Religion and Health*, 32:149–60.

BESTE, J. 2005. Recovery from sexual violence and socially mediated dimensions of God's grace: Implications for Christian communities. *Studies in Christian Ethics*, 18 (2): 89-112.

BILLHEIMER, P.E. 1975. Destined for the throne. Minneapolis, Minnesota: Bethany House Publishers.

BLACK, D., NEWMAN, M., HARRIS-HENDRIKS, J. & MEZCY, G. eds. 1997. Psychological trauma: A developmental approach. London: Gaskell.

BORRIS, E.R. 2003. The Healing Power of Forgiveness: Occasional Paper Number 10, The Institute for Multi-Track Diplomacy, Washington D.C. <http://imtd.org/imtd/OP10.pdf>. Datum van gebruik: 26 Julie 2009.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis Books.

BOTHA, J. E. 1991. Jesus and the Samaritan woman. A speech act reading of John 4:1-42. Leiden, The Netherlands: E.J. Brill

BRIERE, J.N. & SCOTT, C. 2006. Principles of Trauma Therapy: A guide to symptoms, evaluation, and treatment. Thousand Oaks: Sage

BROWN, R & YODER, D. 1995. Unbroken curses. Hidden sources of trouble in the Christian's life. New Kensington, PA: Whitaker House.

BURGER, C. 1991. Praktiese teologie in Suid Afrika. Pretoria: RGN Uitgewers.

BYBEL IN PRAKTYK. .2007. Vosloo, W.& Janse van Rensburg, F. CUM:Vereeniging.

BYL, J. & VISKER,T. eds. 1999. Physical education, sport, and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux City, Ia: Dordt College Press.

CALVIJN, J. 1984 & 1988. Institusie van die Christelike godsdiens (dele 1 & 3). Potchefstroom, CJBF.

CALVYN, J. 1852. Commentaries on the book of the prophet Daniel. Vol 1. Translated by Thomas Myers. Edinburgh: T. Constable, printer to Her Majesty.

CARLIER, I.V.E., VOERMAN, B.E. & GERSON, B.P.R. 2000. Intrusive traumatic recollections and comorbid posttraumatic stress reaction in depressed patients. *Psychosomatic Medicine*, 62(1):26-32, January/February.

CARROLL, E. M. & FOY, D.W. 1992. Assessment and treatment of combat-related post-traumatic stress disorder in a medical center setting. (*In* Foy, D.W. ed. Treating PTSD: Cognitive-behavioral strategies. New York: The Guilford Press.p.39-68)

CARSON, D.A., FRANCE, R.T., MOTYER, J.A. & WENHAM, G.J. eds. 1994. New Bible commentary. 21st ed. Downers Grove, Ill.: Intervarsity Press.

CARSON, D.A. & WOODBRIDGE, J.D. eds. 1983. Scripture and Truth. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

- CHAMBLESS, D. L., BAKER, M. J., BAUCOM, D. H., BEUTLER, L. E., CALHOUN, K. S., CHRISTOPH, P. 1998. Update on empirically validated therapies II. *The Clinical Psychologist*, 51(1): 3-16.
- CHEUNG, V. 2003. Biblical healing. Reformation Ministries. Boston, Ma. <http://www.rmiweb.org>. Datum van gebruik: 29 Augustus 2007.
- CLOUD, H. 1992. Changes that heal. Grand Rapids, Mi.: Zondervan.
- CLOUD, H., & TOWNSEND, J. 1992. Boundaries. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en die wetenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 15-30.)
- COETZER, W. 2006. Trauma berading. Lesings aangebied deur Prof Wentzel Coetzer te Potchefstroom.
- COETZER, W. 2007. Die noue wisselwerking tussen die geestelike, emosionele en fisiese dimensies. Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.
- COETZER, W. 2009. Verwerping. Ongepubliseerde studiegids. Potchefstroom.
- COLLINS, G.R. 1988. Christian counseling. A comprehensive guide. Waco, Texas: Word Publishing Group.
- CONZELMANN, H., EICHRODT, W., EPSZTEIN, L., JEREMIAS, J., LADD, G.E., PAYNE, J.B., QUELL, G & SCHRENK, G., REVENTLOW, H.G., ZIESLER, J.A., SEEBASS, H., BROWN, C. 1996. Justice. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. p 634-636)
- COTTINGHAM, J. 2003. On the meaning of life. London/New York: Routledge.

- COURTOIS, C.A., FORD, J.D., HERMAN, J.L., VAN DER KOLK, B. 2009. Treating complex traumatic stress disorders: an evidence-based guide. New York, N.Y.: Guilford Press.
- CRABB, L. 1977. Effective biblical counseling. Grand Rapids, Mi.: Zondervan.
- CRABB, L. 1987. Understanding people. Grand Rapids, Mi.: Zondervan.
- CRABB, L. 1990. Inside out. Amersham-on-the-Hill, England: Scripture Press.
- CRABB, L. 2003. Soultalk. The language God longs for us to speak. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson.
- CRABB, L. & ALLENDER, D.B. 1996. Hope when you're hurting. Grand Rapids: Mi.: Zondervan.
- CROSS, D. 2006. Soul-ties. Lancaster, England: Sovereign World.
- DAY, J. 1996. Psalms. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- DECKER, L. 1993. Beliefs, posttraumatic stress disorder, and mysticism. *Journal of Humanistic Psychology*, 33:15-32.
- DEIST, F. E. 1992. Ou-Testamentiese literatuur. (*In* Cloete, T.T., red. Literêre terme en teorieë. Pretoria: HAUM-Literêr. p357-359.)
- DE KLERK, J.J. 1978. Herderkunde. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.
- DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking. Toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25.
- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2006. Research at grass roots. For the social sciences and human professions. Third edition. Pretoria: Van Schaik.

DEN HEYER, C.J. & SCHELLING, P. 2001. Symbolen in de bijbel. Woorden en hun betekenis. Zoetermeer: Meinema.

DENNEY, J., BRUNNER, E., BARTH, K., STEWART, J.S., MORRIS, L., HENGEL, M., STOTT, J., LETHAM, R., KNOX, J., PACKER, J.I. 1996. Atonement. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. ed. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. p 102-104)

DENTON , R. T. & MARTIN, M. W. 1998. Defining forgiveness: An empirical exploration of process and role. *The American Journal of Family Therapy*, 26 (7): 281-292.

DENZIN, N.K., & LINCOLN, Y.S. eds. 2003. Collecting and interpreting qualitative materials. Thousand Oaks: Sage Publishers Inc.

DI BLASIO, F.A. & PROCTOR, J.H. 1993. Therapists and the Clinical Use of Forgiveness. *The American Journal of Family Therapy* ,21: 175–184.

DONAHUE, M.J. 1985. Intrinsic religiousness: Review and meta-analysis. *Journal of Personality and Social Psychology*, 48: 400-419.

DREYER, J.S. 1991. Navorsingsmetodologie, (*In* Pieterse, H.J.C., Hestenes, M. Heyns, L.M., De Jongh Van Arkel, J.I., Theron, J.P.J. & Dreyer, J.S. (samests), *Praktiese Teologie: Enigste Studiegids vir PTA 100-T.*, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. p. 225-274)

DYER, C. 1995. Beginning research in psychology. Massachusetts: Blackwell Publishers.

EARL, L.A. 1999. The spiritual problem of crime: A pastor's call. (*In* Lampman, L.S. & Shattuck, M.D. ed. God and the victim. Theological reflections on evil, victimization, justice, and forgiveness. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK: Eerdmans. p. 235-249)

ELDREDGE, J. 2004. Epic. The story God is telling and the role that is ours to play. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson.

ELDREDGE, J. 2007. Desire. The journey we must take to find the life God offers. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson.

ELDREDGE, J. & CURTIS, B. 2007. The Sacred Romance. Finding your heart's true desire. Cape Town, South Africa: Struik.

ENRIGHT, R.D., & The Human Development Study Group. 1991. The moral development of forgiveness. (*In* Kurtines, W. & Gewirtz, J. eds. Handbook of moral behavior and development. Hillsdale, New Jersey: Erlbaum. p.123-150)

ENRIGHT, R. D. & The Human Development Study Group. 1996. Counseling within the forgiveness triad: On forgiving, receiving forgiveness, and self-forgiveness. *Counseling and Values*, 40:107-125.

ENRIGHT, R.D., FREEDMAN, S. & RIQUE, J. 1998. The psychology of interpersonal forgiveness. (*In* Enright, R.D. & North, J. eds. Exploring forgiveness. Madison, WI: The University of Wisconsin Press. p. 46-62)

ENRIGHT, R.D. & REED, G. 2007. Process model. [www.forgiving.org](http://www.forgiving.org). Datum van gebruik: 3 November 2009.

EXLINE, J.J., YALI, A.M. & LOBEL, M. 1999. When God disappoints: Difficulty forgiving God and its role in negative emotion. *Journal of Health Psychology*, 4: 365-379.

FALSETTI, S.A., RESICK, P.A. & DAVIS, J.L. 2003. Changes in religious beliefs following trauma. *Journal of Traumatic Stress*, 16 (4): 391-398.

FARRAR, F.W. 1981. The second book of Kings. Minneapolis, Minnesota: Klock & Klock Christian Publishers, Inc.

FERCH, S.R. 1998. Intentional forgiving as a counseling intervention. *Journal of Counseling and Development*, 76(3): 261-270.

FIRET, J. 1974. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: Kok.

FIRET, J. 1975. Op weg naar theologische existentie. *Praktische Theologie*, 2: 378-386.

FIRET, J. 1977. Pluraliteit in de kerk. Kampen: Kok.

FIRET, J. 1980. De plaats van de praktische theologie binnen de theologische faculteit. (*In* Van Andel, C.P., Geense A., Hoedemaker, L.A. reds. *Praktische Theologie's*. Gravenhage: Boekencentrum. p. 9-27)

FIRET, J. 1987. Spreken als een leerling. Praktisch-theologische opstellen. Kampen: Kok.

FOA, E.B., & ROTHBAUM, B.O. 1998. Treating the trauma of rape: Cognitive-behavioral therapy for PTSD. New York: Guilford Press.

FOA, E.B., KEANE, T.M. & FRIEDMAN, M.J. 2000. Effective treatments for PTSD: Practice guidelines of the International Society for Traumatic Stress Studies. New York: Guilford Press.

FOA, E.B., CHRESTMAN, K.R. & GILBOA-SCHECHTMAN, E. 2008. Prolonged Exposure Therapy for Adolescents with PTSD Emotional Processing of Traumatic Experiences, Therapist Guide. New York: Oxford University Press.

FOERSTER, W., FOHRER, G., GREEN, M., WAGNER, G., BLACK, M., YAMAUCHI, E., STOTT, J.R.W., WELLS, D.F., McDONALD, H.D. 1996. Salvation. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. p 1046-1050)

FORD, D.F. & HIGTON, M. reds. 2002. Jesus. Oxford: Oxford University Press.

FORTNA, R. T. 2004. The Fourth Gospel and its Predecessor. From narrative source to present Gospel. New York: T & T Clark International.

FOSTER, R. A., & KEATING, J. P. 1992. Measuring androcentrism in the western God concept. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 31:366–375.

FRANKL, V.E. 1959. Man's search for meaning: An introduction to logotherapy. New York: Simon & Schuster.

FRANKL, V.E. 2007. Waarom lewe ek? Hulde aan die hoop. Nuut bygewerkte teks deur Daniël J. Louw. Tygervallei, Kaapstad: Naledi.

FREEDMAN, D.N., MEYERS, A.C. & BECK, A.B. 2000. Eerdmans dictionary of the Bible. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

GANJE-FLING, M.A. & MCCARTHY, P. 1996. Impact of Childhood Sexual Abuse on Client Spiritual Development: Counseling Implications. *Journal of Counseling and Development*, 74(3): 253-258.

GARLAND, D.E. 1999. The new American commentary. Vol 29 – 2 Corinthians. Nashville: Broadman & Holmes Publishers.

GARLINGTON, D.B. 1993. The obedience of faith in the letter to the Romans. *Westminster Theological Journal*, 55: 87-112.

GERKIN, C. 1997. An introduction to pastoral care. Nashville: Abingdon Press.

GIGLIO, L. 2005. I am not but I know I AM. Sisters, Oregon: Multnomah Publishers, Inc.

GILBERT, M.G. & BROCK, R.T. eds. 1985. The Holy Spirit and counseling. Vol.1: Theology and theory. Massachusetts: Hendrikson Publishers.

GIST, R. & DEVILLY, G. J. 2002. Post-trauma debriefing: The road too frequently travelled. *Lancet*, 360: 741-742.

GUNTON, C. 1989. The actuality of Atonement. Grand Rapids, Michigan.: William B. Eerdmans Publishing Company.

GUTHRIE, D. 1983. The pastoral epistles. The Tyndale New Testament commentaries. Grand Rapids, Mi: Eerdmans.

- HALL, J. H. & FINCHAM, F. D. 2008. Self-forgiveness: The stepchild of forgiveness research. *Journal of Social and Clinical Psychology*, 27(2):174-202.
- HARRISON, E.F. 1980. Romans. (*In* Gaebelein, F.E. ed. The expositor's Bible commentary. Vol. 10. Grand Rapids, Mi: Zondervan. p.3-171)
- HATTER, M. 2007. EMDR: A Portrait of the mind-body connection. Lesing gelewer op 14.9.07 tydens Internasionale Konferensie van die AACC, Nashville, Tennessee, VSA.
- HEITINK, G. 1984. Pastoraat als hulpverlening. Kampen: Kok.
- HEITINK, G. 1992. Pastoraat als hulpverlening; inleiding in de pastorale theologie en psychologie. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H.Kok.
- HEITINK, G. 1998. Pastorale Zorg: Theologie – differentiatie – praktijk. Kampen: Uitgeverij Kok.
- HEITINK, G. 1999. Practical theology. History. Theory. Action domains. Grand Rapids, Mi.: Eerdmans.
- HELBERG, J.L. 1994. Die boek Daniel. Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- HEMFELT, R., MINIRTH, F., MEIER, P. 1989. Love is a choice. The definitive book on letting go of unhealthy relationships. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers.
- HENRY, C.F.H. 1999. Responsibility toward victims' rights. (*In* Lampman, L.S. & Shattuck, M.D. eds. God and the victim. Theological reflections on evil, victimization, justice and forgiveness. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company. p.61-69)
- HERMAN, J.L. 1997. Trauma and recovery. New York: Basic Books.
- HERMAN, J.L. 2001. Trauma and recovery from domestic abuse to political terror. Cornwall, London: Pandora.

HERON, A.I.C. 1983. The Holy Spirit. Philadelphia, Pa.: The Westminister Press.

HEYNS, J.A. 1974. Die mens. Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge. Bloemfontein: Sacum.

HEYNS, J.A. 1981. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis Boeke.

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die Corpus Pualinium met die oog op die kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th D.)

HICKS, R. 1993. Failure to scream. Nashville, TN: Thomas Nelson.

HILLMAN, J.L. 2002. Crisis Intervention and trauma. New approaches to evidence-based practice. New York, N.Y.: Plenum Publishers.

HOPKINS, H.E., SCHARBERT, J. & SCHIMDT, J., BOWKER, J., GARTNER, B., KAISER, W.C., CARSON, D.A., GERSTENBERGER, E.S. & SCHRAGE, W., BEKER, J.C., FRETHEIM, T.E. 1996. Suffering. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. p 1136-1137)

JANTZ, G.L. 2004. Healing the scars of emotional abuse. Grand Rapids, Michigan: Revell, a division of Baker Book House Company.

JOHNSTON, S.K. 2007. The affects of forgiveness on the symptoms of posttraumatic stress disorder as a result of sexual trauma. Unpublished Masters dissertation, The University of Wisconsin-Whitewater. <http://minds.wisconsin.edu/handle/1793/11631>.  
Datum van gebruik: 13 September 2009

JONES, L.G. 1999. Behold, I make all things new. (*In* Lampman, L.S. & Shattuck, M.D. eds. God and the victim. Theological reflections on evil, victimization, justice and forgiveness. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company. p.160-182)

JONKER, W.D. 1968. Theologie en praktijk. Een peiling van het theologisch karakter van de diaconiologische vakke. Kampen: Kok.

JONKER, W.D. 1981. In die diens van die Woord. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

JONKER, W.D. 1983. Die brief aan die Romeine. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

JOUBERT, P. 2004. Trichotomous therapy: a practical pastoral paradigm. (Lesing gelewer by byeenkoms van M en D studente te Potchefstroom op 29 Januarie 2004).

KAISER Jr, W.C. 1979. The theology of the Old Testament. (In Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. The expositor's Bible commentary. Volume 1. Grand Rapids: Zondervan Publishing House. p 289, 298-299)

KAPLAN, B.J. & KAPLAN, V.A. 2007. Kaplan & Sadock's Synopsis of Psychiatry. Behavioral Sciences/Clinical Psychiatry, 10th ed. Philadelphia, PA: Lippincott Williams and Wilkins.

KESSLER, R., SONNEGA, A., HUHGES, M. & NELSON, C. 1995. Posttraumatic stress disorder in the national comorbidity survey. *Arch Gen Psychiatry*, 52(1995):1048-1060.

KINNIBURGH, K., BLAUSTEIN, M., SPINNAZOLA, J. & VAN DER KOLK, B. 2005. Attachment, self-regulation and competency: a comprehensive intervention framework for children with complex trauma. *Psychiatric Annals*, 35 (5): 424-430.

KÖNIG, A. 1991. Bondgenoot en beeld. Halfway House: N.G.Kerkboekhandel.

KOTZE, H. P. 2008. Die belangrikheid van die stappe van rou en vergifnis in die herstelproses van die emosioneel verwonde persoon – 'n pastorale studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefschrift – Ph D.)

KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid. Vol.3 . Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H.Kok.

LAMPMAN, L.B. & SHATTUCK, M.D. 1999. God and the victim. Theological reflections on evil, victimization, justice, and forgiveness. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company.

LAWRENCE, BROTHER. 1982. The practice of the presence of God. Springdale, PA.: Whitaker House.

LEICHSENRING, F., SALZER, S., JAEGER, U., KÄCHELE, H., KREISCHE, R., LEWEKE, F., RÜGER, U., WINKELBACH, C., LEIBING, E. 2009. Shortterm psychodynamic psychotherapy and cognitive-behavioral therapy in generalized anxiety disorder: a randomized, controlled trial. *American Journal of Psychiatry*, 166: 875–881.

LEVBERG, K. 2005. The spiritual costs of being in combat. The military chaplain's role in PTSD-work. *Pacem*, 1:1-12.

LEWIS, C.S. 1940. The problem of pain. London: Harper Collins Publishers.

LEWIS, C.S. 2002. Mere Christianity. London: Harper Collins Publishers.

LEWIS, S.J. 2003. Do one-shot preventive interventions for PTSD work? A systematic research synthesis of psychological debriefings. *Aggression and Violent Behavior*, 8(3): 329-343

LINDEQUE, R. C. 2006. Die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Ph D.)

LINDSELL, H. 1976. The Battle for the Bible. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

LOTTER, G.A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korinthis. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th D.)

LOTTER, G.A. 2005. Die werk van die Heilige Gees volgens 2 Korintiërs en die moontlike pastorale implikasies daarvan. *In die Skriflig*, 39(3) 2005:487-504.

- LOUW, D.J. 1981. Hóóp-volle perspektiewe vir die pastoraat aan die lydende vanuit die boek Job. (*In* Odendaal, D.H., Müller, B.A. & Combrink, H.J.B., *reds.* Die Ou Testament vandag. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers.)
- LOUW, D.J. 1984. Pastoraat in eskatologiese perspektief. Stellenbosch: N.G. Kerk Uitgewers.
- LOUW, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Kaapstad: Lux Verbi.
- LOUW, D.J. 1999a. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Nuwe hersiene uitgawe. Wellington: Lux Verbi.BM
- LOUW, D.J. 1999b. A mature faith. Leuven: Peeters Press.
- LOUW, D.J. 2006. Hoekom? Hoekom nié? Hersiene druk. Paarl: Lux Verbi. BM.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1993. Greek-English Lexicon of the New Testament. Cape Town, South Africa: Bible Society of South Africa.
- LUC, A. 1997. *xvn.* (*In* Vangemeren, W.A. *ed.* New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Vol 2. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House. p 86-88.)
- LUCAS, E.C. 2002. Daniel. Downers Grove, Ill: IVP.
- LUXENBERG, T., SPINAZZOLA, J. & VAN DER KOLK, B. 2001. Complex trauma and disorders of extreme stress (DESNOS) diagnosis, Part one: Assessment. *Directions in Psychiatry*, 21(2001):373-393, November.
- LYNCH, J.J. 1985. The broken heart. The medical consequences of loneliness. New York: Basic Books, Inc., Publishers.
- MACK, W. A. 1998. The Sufficiency of Scripture in Counseling. *The Master's Seminary Journal*, 9(1):63-84.

MATSAKIS, A. 1996. I can't get over it. A handbook for trauma survivors. 2nd ed. Oakland , CA: New Harbinger.

MacARTHUR, J. 1991. Volkome in Christus. Kaapstad: Struik.

MacARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas: Word Publishing.

MACK, W.A. 1994. Developing a helping relationship with counselees. (*In* Introduction to biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas: Word Publishing. p 173-188.)

MacGUIRE, D.G. 1993. The moral core of Judaism and Christianity: Reclaiming the revolution. Minneapolis: Fortress.

MARSHALL, C. D. 2001. Beyond retribution. A New Testament vision for justice, crime, and punishment. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company.)

MATTHEWS, J.A. & CHU, J.A. 1997. Psychodynamic therapy for patients with early childhood trauma. (*In* Trauma and Memory: Clinical and Legal Controversies. Appelbaum, P.S., Uyehara, L.A. & Elin, M.R. eds. New York: Oxford University Press. p.316-343)

McMINN, M.R. 1996. Psychology, theology and spirituality in Christian Counseling. Wheaton, Ill: Tyndale.

McMINN, M.R. & CAMPBELL, C.D. 2007. Integrative Psychotherapy. Towards a comprehensive Christian approach. Downers Grove, Illinois: IVP Press.

MCINTOSH, D.N., SILVER, R.C. & WORTMAN, CB. 1993. Religious role in adjustment to a negative life event. *Journal Of Personality and Social Psychology*, 65:812-821.

MCCULLOUGH, M. & WORTHINGTON, E. 1994. Models of interpersonal forgiveness and their applications to counseling: review and critique. *Counseling Values*, 39:2-14.

MEICHENBAUM, D. 1977. Cognitive-behavior modification: an integrative approach. New York: Plenum Press.

MEIER, P. & WISE, R. L. 2003. Crazymakers. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson, Inc.

MEIER, P. & CLEMENTS, T. 2005. Blue Genes. Breaking free from the chemical imbalances that affect your moods, your mind, your life, and your loved ones. Carol Stream, Illinois: Tyndale.

METTE, N. 1978. Theorie der Praxis: Wissenschaftsgeschichtliche und methodologische Untersuchungen zur Theorie-Praxis-Problematik innerhalb der praktischen Theologie. Dusseldorf.

MINNIE, F.G. 2003. Bybelse berading aan die persoon geaffekteer deur MIV/VIGS. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Verhandeling – Ph.D.)

MONSON, C.M., FRIEDMAN, M.J. 2006. Back to the future of understanding trauma: Implications for cognitive behavioral therapies for trauma. (*In* Follette, V.M. & Ruzek, J.I. eds. Cognitive behavioral therapies for trauma. New York: The Guilford Press. p. 1-13)

MOORE, T. 1992. Care of the soul. Cambridge, Mass.: HarperCollins.

MORRIS, L., MARTIN, R.P., STUCHLMACHER, P., LINK, H.G. 1996. Reconciliation. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. p 1002-1003)

MOUNCE, R.H. 1995. Romans. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. NIV text. Nashville, Tennessee: Broadman & Holman (The New American Commentary, volume 27.)

MOUNCE, W.D. 2000. Pastoral epistles. Word Biblical Commentary. Vol 46. Nashville, TN: Thomas Nelson Publishers.

MULLINS, M. 2003. The Gospel of John. Dublin, Ireland: Columba Press.

MURRAY, J. 1979. Redemption accomplished and applied. Grand Rapids, Mi.: Wm. B Eerdmans Publishing Co.

MURRAY, R.J. 2002. The therapeutic use of forgiveness in healing intergenerational pain. *Counseling and Values*, 46:188–198.

NEL, M. 1991. Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 6(1):22-37.

NESER, J.J. 2001. Restorative justice as reaction to crime: Development and Conceptualisation. *Crime Research in South Africa*, 2 (1): 9.

ORCUTT, H.K., PICKETT, S.M., POPE, E.B. 2005. Experiential avoidance and forgiveness as mediators in the relation between traumatic interpersonal events and posttraumatic stress disorder symptoms. *Journal of Social and Clinical Psychology*, 24:1003-1029.

PACKER, J.I. 1979: Voorwoord in: Does inerrancy matter? J. Montgomery Boice. Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.

PACKER, J.I. Growing in Christ. 1994. Wheaton, Illinois: Crossway Books.

PARGAMENT, K. I. 1997. The psychology of religion and coping: Theory, research, practice. New York: Guilford.

PATTISON, S. 1988. A critique of pastoral care. London: SCM Press.

PATTON, J. 1993. Pastoral care in context. An introduction to pastoral care. Louisville, Kentucky: John Knox Press.

PAWSON, D. 2007. Unlocking the Bible. London:HarperCollins.

PAYNE, L. 2005. The healing presence. Curing the soul through union with Christ. Grand Rapids, Mi.: Hamewith Books, Baker Publishing Group

PAYNE, L. 2006. Restoring the Christian Soul. Grand Rapids, Mi., USA: Hamewith Books, Baker Publishing Group.

PERRY, B. 2006. Applying principles of neurodevelopment to clinical work with maltreated and traumatized children. (*In* Webb, N.B. ed. Working with traumatized youth in child welfare. New York: The Guilford Press. p.27-52)

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN.

PIPER, J. 1998. The pleasures of God. Meditations on God's delight in being God. Ross-shire, Great Britain: Christian Focus Publications.

PIPER, J. 2007. Don't waste your life. Wheaton, Ill.: Crossway Books.

PLAATJIES, M.F. 2008. The application of restorative justice in the South African Correctional system. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika. (Verhandeling DLITT ET PHIL.)

PLUMER, W.S. 1978. Psalms. The Geneva series of commetaries. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

POLING, J.N. & MILLER, D.N. 1985. Foundations for a practical theology of ministry. Nashville: Abingdon.

POWLISON. D. 1994. Biblical counseling in the twentieth century. (*In* MacArthur, J.F. & Mack. W. Introduction to Biblical counseling: a basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas :Word Publishing. p.44-60 )

PRINSLOO, T. 2004. Is God se optrede logies? Vereeniging: CUM.

PROVAN, I.W. 1999. New International Biblical commentary. 1 and 2 Kings. Massachusetts, USA: Hendrickson Publications.

QUELL, G. & SCHRENK, G., NYGREN, A., BURTON, E.D., BUCHANAN, J. HODGE, C., TAYLOR, V., MORRIS, L., BARTH, K., RICHARDSON, A., MURRAY, J., ZIESLER, J.A., SEEBASS, H., BROWN, C., KASEMANN, E., WRIGHT, N.T. 1996.

Justification. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. 636-640)

REBEL, J. J. 1981. Pastoraat in pneumatologisch perspektief. Een theologische verantwoording vanuit het denken van A.A. van Ruler. Kampen: J.H.Kok.

RETIEF, Y. 2004. Genesing vir trauma in die Suid-Afrikaanse konteks. Kaapstad: Struik.

REVENTLOW, H.G. 1992. Righteousness as order of the world: Some remarks towards a programme. (*In* Reventlow, H.G. & Hoffman, Y. eds. Justice and righteousness: Biblical themes and their influence. Sheffield: Sheffield Academic Press. p. 163-172)

ROBINSON, L.R. 2006. Trauma rehabilitation. Philadelphia: Lippincott Williams & Wilkins.

SA FEDERATION FOR MENTAL HEALTH. 2006. What is mental health? <http://www.safmh.org.za/mentalwell.htm>. Datum van gebruik: 13 September 2009.

SCHIBIK, J.M. 2006. Forgiveness therapy in psychological trauma and chemical abuse treatment. (*In* Carruth, B. ed. Psychological trauma and addiction Treatment. Binghamton, NY: Haworth Press.p. 227-251).

SCHNEIDERS, S.M. 1999. The Revelatory text, Interpreting the New Testament as sacred Scripture. Collegeville: Michael Glazier/ Liturgical Press.

SCHORE, A. 2003. Affect regulation and the repair of the self. New York: McGraw-Hill.

SCHOEMAN, O. 2005. "Failure": a pastoral study. Potchefstroom: North-West University (Ph.D-Thesis).

SCOTT, M.J. & STRADLING, S.G. 2006. Counselling for Post-traumatic Stress Disorder (third ed.), London :Sage.

SCHWARTZ, R.M. 1997. The curse of Cain: The violent legacy of monotheism. Chicago: University of Chicago Press.

- SEAMANDS, D.A. 1995. Healing of memories. Colorado: Chariot Victor Publishing.
- SEAMANDS, D.A. 2004. Healing for damaged emotions. Colorado Springs, Co.: Life Journey.
- SELLS, J.N. & HARGRAVE, T.D. 1998. Forgiveness: A review of the theoretical and empirical literature. *Journal of Family Therapy*, 20: 21-36.
- SHAPIRO, F. 1989. Efficacy of the eye movement desensitization procedure in the treatment of traumatic memories. *Journal of Traumatic Stress*, 2 :199-223.
- SIGMUND, J.A. 2003. Spirituality and Trauma: The role of clergy in the treatment of posttraumatic stress disorder. *Journal of Religion and Health*, 42(3): 221-229.
- SKELETON, A. & BATLEY, M. 2008. Restorative justice: a contemporary South African review. *Acta Criminologica*, 21(3): 37-51.
- SMITH, E. 2007. Theophostic Prayer. Lesing gelewer op 15.9.07 tydens Internasionale Konferensie van die AACC, Nashville, Tennessee, VSA.
- SNYDER, C. R. & HEINZE, L. S. 2005. Forgiveness as a mediator of the relationship between PTSD and hostility in survivors of childhood abuse. *Cognition and Emotion*, 19(3): 413–431.
- SPANGENBERG, I.J.J. 1996. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die boek Jona en religieuse pluralisme. Jaarlikse Kongres van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika, Stellenbosch, Suid-Afrika. <http://wwwdev.unisa.ac.za>. Datum van gebruik: 22 Julie 2006.
- SPIES, G.M. 2009. Restorative justice: a way to support the healing process of a child exposed to incest. *Acta Criminologica*, 22(1): 15-24.
- STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika: Practical theology in South Africa*, 21(1):104-120.

- STONE. H.W. 1988. The Word of God and pastoral care. Nashville: Abingdon Press.
- STOOP, D. & MASTELLER. J. 1991. Forgiving our parents forgiving ourselves. Ann Arbor, Michigan: Servant Publications.
- STOOP, D. 2005. Forgiving the unforgivable. California, USA: Regal Books.
- STRAUB, J. 2007. Standing strong in times of darkness: Developing a theology of suffering for crisis responders. Lesing gelewer op 12.9.07 tydens Internasionale Konferensie van die AACC, Nashville, Tennessee, VSA.
- STRYDOM, H. 1996. Gevallestudie in maatskaplikewerk-navorsing. *Die Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn / The Social Work Practitioner Researcher*. 9(3):181-190.
- STUHLMILLER, C. & DUNNING, C. 2000. Concerns about debriefing: Challenging the mainstream. (*In* Raphael, B., & Wilson, J.P. eds. Psychological Debriefing: Theory, Practice And Evidence. Cambridge, UK: Cambridge University Press. p. 305-320)
- SWEENEY, D.S. (1). 2007. Neurobiological effects of trauma and related treatment considerations. Lesing gelewer op 14.9.07 tydens Internasionale Konferensie van die AACC, Nashville, Tennessee, VSA.
- SWEENEY, M.A. (2). 2007. 1 & 2 Kings. Louisville, Kentucky: Westminister John Knox Press.
- TACKE, H. 1975. Glaubenshilfe als Lebenshilfen. Neukirchen – Vluyn: Neukirchen Verlag.
- TAYLOR, V., MACKINTOSH, H.R., VORLANDER, H., & HENGEL, M. 1996. Forgiveness. (*In* Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I., Wiseman, D.J. eds. New Bible dictionary. Third edition. Leicester, England: IVP. p 381-382)
- THURNEYSEN, E. 1963. A theology of pastoral care. Virginia: John Knox Press.

THOMPSON, L.Y., SNYDER, C.R., HOFFMAN, L., MICHAEL, S.T., RASMUSSEN, H.N., BILLINGS, L.S., HEINZE, L., NEUFELD, J.E., SHOREY, H.S., ROBERTS, J.C. & ROBERTS, D.E. 2005. Dispositional forgiveness of self, others, and situations. *Journal of Personality*, 73(2):313-359.

TROLLINGER, S. 2007. Advanced Triage Counseling. Counseling that heals teenagers and parents. Oviedo, Florida: HigherLife Press.

VAN DER KOLK, B. 2005. Developmental Trauma Disorder: Towards a rational diagnosis for children with complex trauma histories. *Psychiatric Annals*, 33(5), 401-408.

VAN DER KOLK, B. 1987. Psychological Trauma. Washington, DC: American Psychiatric Press.

VAN DER VEN, J.A. 1993. Practical Theology: An empirical approach. Kampen:Kok.

VAN DER WALT, B.J. 1990. Om mens te wees. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VAN DER WESTHUIZEN, B.M. 2005. Die uitwerking van oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenis op die rehabiliterasie van oortreders. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika. (Verhandeling DLITT ET PHIL).

VAN EMMERIK, A. A., KAMPHUIS, J.H., HULSBOSCH, A.M. & EMMELKAMP, P.M. 2002. Single session debriefing after psychological trauma: A meta-analysis. *Lancet*, 360:766-771.

VAN GEMEREN, W.A. ed. 1997. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. (5 vols.)

VAN PELT, J.W. 1999. Pastoraat inn trinitarisch perspektief. Heerenveen: Uitgeverij Groen.

VAN RENSBURG, F.J. 1993. Romeine. (*In* Vosloo, W., & Van Rensburg, F.J. reds. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.)

VAN WYK, J.H. 2001. Etiel en eksistensie in koninkryksperspektief. Noordbrug: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VELTKAMP, H.J. 1988. Pastoraat als gelijkenis. Kampen:Kok.

VENTER, C.J.H. 1988. Praktiese riglyne uit die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 5:29-38.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2): 247-260.

VENTER, C. 1996. Uitkringende Liefdesbetoon. Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria: RGN.

VENTER, H.E. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n Praktiese-teologiese benadering. Potchefstroom: PU vir CHO. ( Skripsie – M.Th.).

VERWYSINGSBYBEL. 1983-vertaling. 1998. Vosloo, W.& Janse van Rensburg.*eds.* Bybel Genootskap van Suid Afrika:Roggebaai, Kaapstad.

VOLF, M. 1999. Original crime, primal care. (*In Lampman, L.S. & Shattuck, M.D. eds. God and the victim. Theological reflections on evil, victimization, justice, and forgiveness.* Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK: Eerdmans. p. 17-35).

VOSLOO, W. 1993. Genesis. (*In Vosloo, W., & Van Rensburg, F.J. *eds.* Die Bybel in Praktyk. Nuwe Vertaling. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.*)

VOUGHT, J. 2000. Physical, Emotional and Sexual abuse. (*In Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S. *eds.* Christ centered therapy.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.)

WALLACE, R.S. 2004. The gospel of John. Chapters 1-21. Pastoral and theological studies. Edinburgh, Scotland: Rutherford House.

WEATHERHEAD, L.D. 1943. Why do men suffer. London:Student Christian Movement Press.

WEATHERHEAD, L.D. 1952. Psychology, religion and healing. Bungay, Suffolk: Hodder and Stoughton Limited.

WEAVER, A.J., FLANNELLY, L.T., GARBARINO J., FIGLEY C.R. & FLANNELLY K.J. 2003. A systematic review of research on religion and spirituality in the Journal of Traumatic Stress: 1990-1999. *Mental Health, Religion & Culture*, 6(3):215-228.

WEST, W. 2001. Issues relating to the use of forgiveness in counselling and psychotherapy . *British Journal of Guidance & Counselling*, 29(4): 415-423.

WELCH, E.T. 1991. Counselor's guide to the brain and its disorders. Knowing the difference between disease and sin. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

WETHINGTON, H.R., HAHN, R.A., FUQUA-WHITLEY, D.S., SIPE, T.A., CROSBY, A.E., JOHNSON, R.L., LIBERMAN, A.M., MOŚCICKI, E., PRICE, L.N., TUMA, F.K., KALRA, G., CHATTOPADHYAY, S.K. and Task Force on Community Preventive Services. (2008). The effectiveness of interventions to reduce psychological harm from traumatic events among children and adolescents: A systematic review. *American Journal of Preventive Medicine*, 35(3): 287-313.

WILLIAMS, M.B. & SOMMER, J.F., Jr. eds. 2002. Simple and complex PTSD. Strategies for comprehensive treatment in clinical practice. Binghamton, N.Y.: The Haworth Press.

WILLIAMSON, M. 1957. Have we no rights. A frank discussion of Christian rights. Chicago: Moody Press.

WILSON, J.P., FRIEDMAN, M.J., LINDLY, J.D. 2001. Treating psychological trauma and PTSD. New York, N.Y.: Guilford Press.

WISMER, L.S. 2000. Grief and loss. (*In* Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S. eds. Christ centered therapy. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House. p. 243-249.)

WOLTERSTORFF, N. 1999. The contours of justice: An ancient call for shalom. (*In* Lampman, L.S. & Shattuck, M.D. ed. God and the victim. Theological reflections on

evil, victimization, justice, and forgiveness. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK: Eerdmans. p.107-130)

WOODBRIDGE, J.D. 1983. Scripture and truth. Leicester, England: IVP.

WORLD HEALTH ORGANIZATION. 2007. What is mental health? <http://www.who.int/features/qa/62/en/index.html>. Datum van gebruik: 13 September 2009.

WORTHINGTON, E.L., Jr. 2005. Helping people forgive: Getting to the heart of the matter. (*In* Clinton, T., Hart, A. & Ohlschlager, G. eds. Caring for people God's way. A new guide for Christian counselors. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson, Inc. p. 121-144.)

WRIGHT, H.N. 2003. The new guide to crisis and trauma counselling. Ventura, Ca.: Regal.

WRIGHT, H.N. 2004. It's okay to cry. Colorado Springs, Colorado: Waterbrook Press.

WRIGHT, H.N. 2006. Recovering from the losses in life. Grand Rapids, Michigan: Revell, a division of Baker Book House Company.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. eds. Praktische Theologie Heute. München: Kaiser. p. 164-177.)

## **BYLAAG 1: HUIDIGE GEESTELIKE FUNKSIONERING**

1. Glo jy dat God jou liefhet en na jou omsien?
2. Is God vir jou onpersoonlik en afwesig in jou daaglikse lewe?
3. Is die lewe vir jou 'n positiewe ervaring?
4. Voel jy vervuld en tevrede met jou lewe oor die algemeen?
5. Is jy bekommern oor jou toekoms?
6. Put jy krag uit private gebed met God?
7. Voel jy dat jy nie genoeg ondersteuning en krag ontvang vanaf God nie?
8. Glo jy dat God besorgd is oor jou probleme?
9. Kan jy met vertroue bevestig dat jy seker is wie jy is?
10. Is jy vol vertroue oor jou toekoms?
11. Is jou lewe volgens jou mening gevul met ongelukkigheid en konflik?
12. Vertrou jy mense onomwonde?
13. Vertrou jy God wat jou huidige situasie betref sowel as jou toekoms?
14. Help jou verhouding met God jou om eensaamheid teë te werk?
15. Reken jy dat jy 'n persoonlik bevredigende verhouding met God het?
16. Watter tipe verhouding of aktiwiteit bied aan jou groot lewensvervulling?
17. Is jy van mening dat jou verhouding met God bydra tot jou welstand in die breë?

## BYLAAG 2: GEESTELIKE AGTERGRONDSGESKIEDENIS/ TRAUMA GESKIEDENIS

1. Wat is jou vroeugste geheue van pyn en skok as kind en/of volwassene?
2. Hoe onthou jy jou voorskoolse jare? Wie het jou versorg, opgepas? Hoe het jy die persoon/persone beleef? Hoe het hul hantering en versorging van jou jou oor jouself laat voel?
3. Beskryf jou laerskool jare. Was daar swaarkry, pyn, vernederings, ontnugterings? Waar? Tuis, by die skool, in die kerk, in die buurt of gemeenskap, tydens besoeke aan familie of maats? Wie het jou seergemaak? Hoe? Hoe het dit jou laat voel? Hoe het jy daarop reageer? Wat het gedurende daardie jare gebeur wat jou kwaad gemaak het? Het jy soms die drang gehad om enigiemand seer te maak tydens laerskool jare? Hoekom? Lys elke incident en elke persoon betrokke by die trauma. Stipuleer die verwonde se hantering daarvan. Soek na die begin van patronen in die hantering van trauma.
4. Hoe onthou jy jou hoëskooljare? Was daar hartseer, teleurstellings of skokervaringe gedurende hierdie fase - huis, in die kerk, by die skool asook in die gemeenskap en samelewing? Wie? Hoe het elke gebeure jou laat voel? Hoe het jy daarop gereageer? Lys elke incident van trauma. Identifiseer elke oortreder. Identifiseer patroonvormende gedrag weens trauma, en bou skakels met nr 3 hierbo.
5. Herroep enige/alle pynvolle insidente tydens jou tersiêre jare of werkplek ondervindinge na die voltooiing van skool. Lys elke incident. Identifiseer elke oortreder. Hoe het dit jou laat voel? Hoe het jy daarop gereageer? Waarom dink jy het jy so daarop gereageer?
6. Huidiglik, hoe voel jy het al die trauma jou lewe beïnvloed, jou lewenskeuses, ens. Eksplorieer keuses wat insluit die vermoë om te droom, seksualiteit, loopbaanbesluite, besluite oor 'n huweliksmaat te besluite betreffende die toekoms. Lys elke belangrike aspek.
7. Indien jy vyf oortredinge teen jou menswees kan identifiseer waardeur jou persoonlikheid, menswees, selfbeeld en identiteit op een of ander wyse gevorm is, watter sal jy uitsonder? Indien daar aspekte hier na vore kom wat nie reeds op jou lys is nie, eksplorieer dan die agtergrond en omstandighede daarvan verder: hoe

het dit jou laat voel? Wat het jy daarna gedoen? Hoe het jy daarop reageer? Lys elke herinnering aan pyn. Identifiseer elke oortreder.

8. Kan jy vier persone uitsonder wat jou menswees en lewensperspektief positief gevorm het? Hoekom? Identifiseer en lys elkeen. Eksplloreer nuwe inligting, indien nodig. Waarom elkeen van hierdie persone? Hoe het jy al die jare teenoor elk van hierdie persone gevoel? (individualiseer elkeen). Hoekom? Hoe voel jy vandag teenoor elkeen? (die lys mag ook name bevat van persone wat reeds oorlede is).
9. Voltooi die gebedslys na aanleiding van 1-8 se informasie saam met die beradene..

### BYLAAG 3: GEESTELIKE VORMINGSGESKIEDENIS

Eksplorieer aangaande wortels vir geloofsvervreemding die volgende:

1. Geestelike tuisopvoeding en gereelde huisgodsdiens, insluitend leidende figure, vorm, plek, rituele (bedtyd, ens.), roetine.
2. Geskiedenis rondom doop of inseëning. Wat is aan die beradene vertel? Deur wie? Foto's?
3. Kerkbetrokkenheid: bywoning, betrokkenheid by kalender aktiwiteite, bidure, aksies rondom fondsinsameling?
4. Die bywoning van Sondagskool/kategese, en die belewenis daarvan? Hoekom?
5. Belydenis aflegging tot lidmaat van 'n kerk (of enige ander soortgelyke kerklike inlywingsrite). Het dit plaasgevind? Indien wel, hoe het die persoon dit beleef? Wat was sy konsep van God daarna?
6. Vergelyk die ervaring in nr 5 hierbo met huidige teologiese perspektiewe. Bespreek dit teen die agtergrond van die inhoud van Bylae 1 en 2.
7. Bou skakels tussen afdelings B en C se informasie, reflekterend en verklarend. Help kliënt om insig te ontwikkel en kognitief die patronen te identifiseer wat konseptualisering, self-belewenis, ander-belewenisse en gedrag begin dikteer het gedurende sy volwasse lewe.
8. Identifiseer hierna (in aansluiting by nr 7 hierbo) wat sy geloofsvervreemding meegebring het. Was dit 'n gebrek aan geestelike tuisopvoeding tydens jeugjare en gevolglike apatie teenoor God weens primêre trauma (erfsonde)? Of was dit weens beide erfsonde en persoonlike sonde gepleeg na aanleiding van sekondêre trauma? Identifiseer en lys ook saam met die kliënt hierdie aspekte. Daar mag reeds voorgeboortelike verwerping of selfs intergeneratiewe trauma gewees het - eksplorieer en identifiseer elkeen. Hanteer deurgaans skok en emosies van woede of hartseer by die verwonde persoon weens hierdie eksplorasie en ontdekkinge. Beweeg deurgaans teen 'n pas waarmee die verwonde kan of wil beweeg, gegee die inhoud en inligting wat na vore kom tydens die sessies.

9. Lys elke aspek wat in nrs 1-8 geïdentifiseer is op die gebedslys saam met die emosioneel verwonde persoon. Identifiseer elke leuen wat hy geglo het. Lys alle leuengedrag in reaksie op die aannames. Lys ook elke verlies wat gely is.

## **BYLAAG 4: PASTORAAL-PSIGO-SOSIO-BIOLOGIESE ASSESSERING**

### **A. INLEIDING**

1. Presenterende probleem
2. Kliniese simptome:
  - Depressie
  - Angs
  - Trauma
  - Fobies
  - Obsessies
  - Kompulsies
3. Mediese faktore
  - Algemeen
  - Spesifiek
4. Geestelike faktore (sien Bylaag 1)
  - Geloofsperspektief
  - Geloofsroetine

### **B. AGTERGRONDSGESKIEDENIS**

1. Agtergrondsfaktore (sien Bylaag 2)
  - As minderjarige
  - As volwassene
2. Geweld/kindermishandeling/seksuele geweld (sien Bylaag 2)
  - Verlede
  - Tans/Hede
3. Godsdiens (verlede en hede) ( Bylaag 2 en 3)
  - Kerk
  - Godsdiens en die gesin
  - Persoonlike geloofsbeskouinge
4. Terapie geskiedenis
5. Substans geskiedenis
  - Alkohol
  - Dwelms
  - Ander

### **C. HUIDIGE FUNKSIONERING**

- Tuis
- Werkplek
- Ondersteuningsnetwerk

### **D. Pastoraal-dinamiese formulering en evaluering**

Heg die skakels van die verlede, alle pyn, diepte en omvang van geloofsvervreemding en huidige gedrag (enige leuengedrag, verslawings, afgodediens, ens.) as legkaart aan mekaar. Identifiseer saam met die beradene die areas waarop in gebed konsentreer behoort te word volledig en finaliseer die beplanning vir die gebedsgenesing as span saam met die Heilige Gees, biddend.

### **E. Beplanning en fokus**

Hersien noukeurig die gebedslys se aspekte saam met die beradene, en lys addisionele aspekte vir gebed, indien nodig.

### **F. Proses van Pastoraat**

Pastoraal-terapeutiese begeleiding aan die hand van die gebedslys.

### **G. Evaluering van resultate van die proses en faktore vir begeleiding rakende die langtermyn nasorg**

Doen dit saam met die beradene.

## BYLAAG 5: MY WARE IDENTITEIT: WIE IS EK IN CHRISTUS

### **Ek is aanvaar in Christus**

- Ek is God se kind (Joh 1:12)
- Daar is vrede tussen my en God (Rom 5:1)
- Ek is Christus se vriend (Joh 15:15)
- Ek is 'n uitverkorene van God (1Pet 1:1)
- Ek is 'n geliefde van God (1 Joh 2:7)
- Ek is vrygespreek (Rom 5:1)
- Ek is een met die Here (1 Kor 6:17)
- Ek is duur gekoop en behoort aan God (1 Kor 6:20)
- Ek is deel van die Liggaam van Christus (1 Kor 12:27)
- Die Heilige Gees woon in my (Rom 8:9)
- Ek is heilig (Ef 1:1)
- Ek is aangeneem as kind van God (Ef 1:5)
- Ek het direkte toegang tot God (Ef 2:18; Heb 10:19)
- Ek is verlos en vergewe van my sonde (Kol 1:14)
- Ek is volkome in Christus (Kol 2:10)

### **Ek is veilig in Christus**

- Ek is waarlik vry
- Ek is vry van die oordeel en van alle aanklagte teen my (Rom 8:1-2;33-34)
- Ek kan nie van die liefde van God geskei word nie (Rom 8:35)
- Ek is bevestig, gesalf en beseël deur God in Christus (2 Kor 1:21)
- Ek is met Christus in God geborge (Kol 3:3)
- Niemand kan my uit God se hand ruk nie (Joh 10:28-29)
- Die goeie werk wat God in my begin het, sal voltooi word (Fil 1:6)
- Ek is 'n burger van die hemel (Fil 3:20)
- Ek lewe vir ewig (Joh 11:26)
- Ek het 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing, nie van vrees nie (2 Tim 1:7)
- Ek ontvang barmhartigheid en genade wanneer ek dit nodig het (Hebr 4:16)
- Ek is uit God gebore en die duiwel het geen houvas op my nie (1 Joh 5:18)
- Hy wat in my woon is groter as hy wat in die wereld woon (1 Joh 4:4)
- Alles werk vir my ten goede mee (Rom 8:28)

### **Ek is belangrik in Christus**

- Ek is die sout van die aarde en die lig vir die wêreld (Mat 5:13,14)
- Ek is 'n loot van die ware wynstok, waardeur Sy lewe vloeи (Joh 15:1,5)
- Ek is uitverkies en aangestel om vrugte te dra (Joh 15:16)
- Ek is 'n persoonlike getuie van Christus (Hand 1:13)
- Ek is God se tempel (1 Kor 3:16)
- Ek is 'n bedienaar van versoening (2 Kor 5:18-19)
- Ek is God se medewerker (2 Kor 6:1)
- Ek heers saam met Christus in die hemele (Ef 2:6)
- Ek is God se skepsel, sy vakmanskap (Ef 2:10)
- Ek mag God met vrymoedigheid nader (Ef 3:12)
- Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil 4:13)

(Vgl Coetzer, 2009:106-107)